


Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Spesiale tema:

Universiteite: Is die kantelpunt bereik?

Gasredakteur: André Duvenhage



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 56 | Volume 56 | DESEMBER 2016
Nommer 4-1 | Number 4-1 | DECEMBER 2016



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van
die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4-1

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Desember/December 2016

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

CS (Fanie) de Beer – Filosofie, Inligtingkunde/Philosophy, Information Science

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

DS (Dave) Lubbe – Rekeningkunde/Accountancy

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyen/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic
Citizenship Education

Internasionaal/International

James Athanasou – Psigometrie/Psychometrics (University of Technology, Sydney, Australia)

Reuven Bar-On – Emosionele Intelligenzie/Emotional Intelligence (University of Texas, Medical Branch
USA)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam,
Nederland)

Sebastian Kortmann – Regswetenskap/Law (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Paul T Robarge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit
Leuven, België)

Belle Wallace – Onderwys vir begaafde leerders/Education for gifted learners (Oxford, UK)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2016 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2016 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R285,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R250,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R95,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa.

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 4-1, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-1, December 2016

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): SPESIALE TEMA: UNIVERSITEITE: IS DIE KANTELPUNT BEREIK?

ANDRÉ DUVENHAGE Woord vooraf	885
FLIP SMIT Die aard, wese en rol van die Suid-Afrikaanse universiteite in 'n ontwikkelende land / <i>The nature, essence and role of the South African universities in a developing country</i>	887
ANDRÉ DUVENHAGE Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: Enkele strategiese perspektiewe / <i>The South African political environment: Strategic perspectives</i>	905
WYNAND GREFFRATH Radikale postkolonialisme en die Suid-Afrikaanse universiteitswese / <i>Radical post-colonialism and universities in South Africa</i>	928
FRANCOIS VENTER Transformasie en die universiteitswese / <i>Transformation and the University Sector</i>	946
MICHAEL HEYNES Vryheid en idee: Beurtsang vir die universiteit / <i>Freedom and Idea: Antiphon for the university</i>	961
DANIE GOOSEN Wat is die universiteit? Gedagtes oor die gemeenskapsuniversiteit / <i>What is the university? Reflections on the community-based university</i>	980
HENNIE VAN COLLER Perspektiewe op Afrikaans as 'n taal vir universiteite / <i>Perspectives on Afrikaans as a university language</i>	998
HANNES VAN DER WALT & CHARL WOLHUTER Eerste taal as onderrigmedium in hoër onderwys: 'n Internasionale perspektief / <i>First Language as Medium of Instruction in Higher Education: An International Perspective</i>	1016
HANNES VAN DER WALT EN HENNIE STEYN Afrikaans as taal van onderrig en leer in skole en ander onderwysinstansies: "Ou" wyn in nuwe sakke / <i>Afrikaans as language of teaching and learning in schools: A "new" approach to an "old" problem</i>	1034
THEO DU PLESSIS Taalbeleidshersiening aan die Universiteit van die Vrystaat, 2003–2015 / <i>The revision of language policy at the University of the Free State, 2003–2015</i>	1048

SEAN McCALLAGHAN EN MARITA HEYN	
Die verhouding tussen vertroue en diversiteitsklimaat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit / <i>Investigating the relationship between trust and the diversity climate of a South</i> <i>African tertiary institution</i>	1071
Inhoudsopgawe: Jaargang 56 Nommer 4-2, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-2, December 2016	1089

Woord vooraf

Op Woensdag 17 Februarie 2016 het 'n Spitsberaad aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns plaasgevind, met as fokus studente-onluste en die implikasies vir Afrikaanse hoër onderwys. Hierdie Spitsberaad het plaasgevind teen die agtergrond van *#FeesMustFall* wat die wese van universiteite geraak het en 'n uiters onsekere toekoms vir hierdie instellings ingelui het. Leidende akademici en gemeenskapsleiers het aan die Spitsberaad deelgeneem en verskeie bydraes gelewer. Met die Spitsberaad as vertrekpunt, is versoek dat sommige referate (aangevul deur versoeke aan ander spesialiste) omskep moet word in 'n spesiale temanommer vir die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* met as fokus bogenoemde vraagstuk. Die uitkoms hiervan is *elf akademiese artikels* wat in die algemeen fokus op 'n snel veranderende politieke, ekonomiese en sosiale omgewing en die implikasies hiervan vir universiteite; kritiese vrae en perspektiewe ten opsigte van die grondslag en wese van die universiteitswese en dit wat tans in Suid-Afrika besig is om te realiseer; asook die posisie van Afrikaans as taal vir hoër onderwys in Suid-Afrika.

Die kontekstuele omgewing: Brandpunte wat hier aangeraak is, sluit in die aard, wese en rol van 'n universiteit in 'n ontwikkelende land; die politieke omgewing waarbinne die universiteitswese homself tans bevind; die invloed van radikale postkolonialisme op die universiteitswese in Suid-Afrika; asook die impak en potensiële invloed van die leidende en dominante politieke ideologie van transformasie op die universiteitsomgewing. Met *#FeesMustFall(2)* tans in volle swang is dit duidelik dat hierdie omgewing vorentoe nog groter uitdagings aan universiteitsomgewings gaan stel. Dus, hef aan lê nog voor.

Die Universiteitswese: In 'n omgewing van radikale verandering word kritiese vrae gevra oor die aard van die universiteitswese, sy plek en rol in die groter samelewing en wat van universiteite verwag kan word in hierdie tyd. In die gees van *#FeesMustFall* is finansiële volhoubaarheid (en wie hiervoor verantwoordelik is) uiteraard 'n kern besprekingspunt. Hiermee saam gaan die risiko's vir gehalte akademiese onderrig teen die agtergrond van die aandrang op oop toegang ("open access") vir almal binne die raamwerk van 'n radikale en postkoloniale sosio-politiese tydsgees. Is daar nog plek en ruimte vir universiteite soos hul histories binne 'n Westerse konteks tot stand gekom het? Is dit die einde van universiteite soos wat ons hul histories leer ken het? Wat hou die toekoms vir universiteite in Suid-Afrika in?

Die Afrikaanse Universiteit: Dit is duidelik dat die bogenoemde kwessies verreikende implikasies inhou vir Afrikaans as taal van hoër onderwys in die algemeen en meer spesifiek vir die toekoms van dit wat oorgebly het van die Afrikaanse Universiteit in Suid-Afrika. Die meerderheid akademiese bydraes het dan ook as fokus die Afrikaanse taal en hoër onderwys met toespitsing op talle aspekte wat tersaaklik is vir taal en die universiteitswese in Suid-Afrika.

Met die finalisering van hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is dit duidelik dat die onstabilitet aan universiteite 'n nuwe fase betree en dat meer geweld en ontwigting van universiteite tans aan die orde van die dag is. Dit hang myns insiens saam met die patronen van politieke onstabilitet wat tans uitspeel binne die groter politieke, ekonomiese en sosiale omgewings. Wat duidelik is, is dat moeilike tye voor die deur lê en dat nie net universiteite voor groot uitdagings te staan gekom het nie. Die uitspeel hiervan mag egter lotsbepalend wees vir die land en al sy mense. Dit is 'n tyd om aktief en konstruktief by jou eie toekoms betrokke te raak deur te bou en nie te vernietig nie. Die geskiedenis mag bewys lewer dat 2015/6 die jare is waar die akademiese leiers aan universiteite die land gefaal het deur nie genoegsaam en sterk genoeg op te getree nie.

My dank aan alle kollegas en medewerkers wat bygedra het om hierdie spesiale temanommer te verwesenlik. In besonder die bydraes van Dionē Prinsloo, Ina Wolfaardt-Gräbe, Hennie de Wet, Wynand Greffrath en Christine Knoetze vir hul deurlopende bydraes en ondersteuning waarsonder hierdie spesiale temanommer nie moontlik sou gewees het nie.

ANDRÉ DUVENHAGE

Gasredakteur

Augustus 2016

Die aard, wese en rol van die Suid-Afrikaanse universiteite in 'n ontwikkelende land

The nature, essence and role of the South African universities in a developing country

FLIP SMIT

E-pos: flipsmit@telkomsa.net



Flip Smit

PHILIPPUS (FLIP) SMIT het aan die Universiteit Stellenbosch en Unisa studeer en ook daar gewerk. Hy was verbonde aan die Universiteit van die Noorde (nou bekend as die Universiteit van Limpopo), die Universiteit van Pretoria, die Afrika Instituut en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Hy het navorsing aan die *London School of Economics*, die *School for African and Oriental Studies*, die Wêreldbank en die *Council for Higher Education in Washington* gedoen, en as gasprofessor by verskeie buitelandse universiteite opgetree. Hy was lid van verskeie kommissies, soos die Ondersoek na Onderwys (De Lange-kommissie), die Makro-ondersoek na Universiteitswese, die Nasionale Sportondersoek, die Kommissie vir die skepping en afbakening van die grense van die nege provinsies, en die Ondersoek na Grensnywerhede in Suid-Afrika (die Ontwikkelingsbank). Sy werk het erkenning ontvang van Naspers met die Recht Malan-prys, en van die Claude Leon/Percy Fox Foundation en die *South African Geographical Society*. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het hom met 'n Stals-prys, die NP van Wyk Louw-medalje en erelidmaatskap vereer. Tydens die 100-jarige feesviering van die Universiteit van Pretoria in 2008 is hy as een van die 100 denkleiers oor 100 jaar aangewys.

PHILIPPUS (FLIP) SMIT studied and worked at Stellenbosch University as well as at Unisa. He also served on the staff of the University of the North (now the University of Limpopo), the University of Pretoria, the Africa Institute and the Human Sciences Research Council (HSRC). He undertook research at the London School of Economics, the School for African and Oriental Studies, The World Bank as well as the Council for Higher Education in Washington. As visiting professor, he lectured at various universities abroad. He has served on several commissions, such as the Investigation into Education (De Lange Commission), the Macro Investigation into the University System, the National Sport Investigation, the Commission for the Creation and Demarcation of the borders of the nine provinces, and an Investigation into Border Industries in South Africa (Development Bank). Smit's extensive research over many years was acknowledged by Naspers with the Recht Malan Prize. He also received recognition from the Claude Leon/Percy Fox Foundation and the South African Geographical Society. He was awarded the Stals Prize and the NP van Wyk Louw Medal and granted honorary membership of the South African Academy for Science and Arts. In 2008, when the University of Pretoria celebrated its centenary, he was recognised as one of 100 leading minds over the past 100 years.

ABSTRACT

The nature, essence and role of the South African universities in a developing country
 Student protests, which originated with the Rhodes Must Fall campaign (#RhodesMustFall), spread to Fees Must Fall (#FeesMustFall) and free tertiary education. It highlighted the deficiencies in the current educational system, shaking it at its very foundations. This has altered the institutions forever. Authorities at universities complied with most of the demands in an attempt to halt the vandalism and disruptions, and vice-chancellors made promises of transformation. The required increase of over 10% in tuition fees for the 2016 academic year was "nullified" to 0% by President Zuma, with the undertaking that the government would be accountable for the increase. This promise was not upheld and universities had to contribute R395 million from their trust funds. Another matter – that of insourcing of contract workers – will add an additional burden of several million rand to their remuneration expense. Technically speaking, some of the universities are already bankrupt.

As a consequence, a presidential commission was appointed to investigate the financing of universities and the feasibility of free tertiary education. It is possible that tuition fees may never again be increased. Mass higher education is a global phenomenon and universities are struggling to accommodate larger numbers of students with less financial support. The worldwide economic collapse after 2008 forced governments drastically to curtail their financial contributions to higher education. Consequently, universities had to restructure. Realising that universities could not be everything to everyone, the focus need to shift to areas of excellence within a specific region or country. In South Africa mass higher education hit the country like a tsunami: in less than 20 years the student numbers have doubled. The racial composition of student numbers has also changed drastically. The proportion of white students has decreased from 90% in 1960 to 17% at present, whereas the proportion of black students has risen to more than 70%. Because government's funding has not kept up with the rapid growth in student numbers, it necessitated the drastic increase in tuition fees, which now account for 33% of universities' budgets. Sustained pressure is being exerted to accommodate even more students, especially black students.

The nature and essence of universities have been seriously affected. Of the South African universities, a number aspire to higher positions on the world ranking; however, high student-lecturer ratios are preventing them from reaching higher scores. In terms of education and research, the focus in developing countries should be primarily on solving local problems. With sustained pressure to admit more students, to operate with less government funding and to comply with transformation demands, universities are facing a very uncertain future. Academics, exercising their right to academic freedom, are encouraged to adopt a scientific approach to resist these destructive processes.

KEYWORDS: Universities, student protests, mass higher education, tuition fees, autonomy, transformation, subsidy, teaching, research, ranking, academic freedom

TREFWOOORDE: Universiteite, studenteproteste, massa hoër onderwys, klasgeld, outonomie, transformasie, subsidie, onderrig, navorsing, rangorde, akademiese vryheid

OPSOMMING

Die studenteproteste aan die begin van 2015 en met die aanvang van die 2016-akademiese jaar het die universiteite tot in hul fondamente geskud. Die outonomie van universiteite is 'n

nekslag toegedien toe die voorgestelde klasgeldverhogings tot 0%-verhoging wegonderhandel is. Daar is 'n volgehoue aandrang dat universiteite meer studente en veral meer swart studente moet toelaat. Die staatsbydrae het egter nie met die toename in studentegroei tred gehou nie. Klasgelde moes noodwendig verhoog word. Daar is egter twyfel of klasgelde in die toekoms verhoog sal word. Die universiteite betree dus 'n onsekere toekoms. Sonder drastiese herstrukturering en meer realistiese toelating van studente sal meer geld nie die probleme oplos nie. Die aandrang op transformasie bring groot onsekerheid by personeel en standarde is ook in gevaar. Akademici moet akademiese vryheid aangryp en hierdie selfvernietigende proses op wetenskaplike wyses teenstaan.

1. INLEIDING

Die jaar 2015 sal waarskynlik as "die jaar van die student" bekend staan.

Die studenteproteste wat met #RhodesMustFall begin het, het na #FeesMustFall en gratis tersi re opleiding uitgekrag. Baie studente beskou standbeelde as 'n versinnebeelding van Westerse oorheersing en onderdrukking, en meen daarom dat die Universiteit van Kaapstad se "argitektuur en kultuur Westers is en vernietig moet word". Skilderye is derhalwe verbrand. Daar is ook aandrang dat die leerplanne en die totale strukture verafrikaniseer word.

Die herlewning van die Swart Bewussynsbeweging se slagspreuk is "Afrika-oplossings vir Afrika-probleme". Alles moet vernietig word; daar moet van voor af begin word. Die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) het reeds 'n groot naambord aangebring: University of (sic) Africa.

Voorafgaande het onwillekeurig die studenteproteste in 1968 in Parys (Frankryk) en in 1989 by die Tiananmen-plein in Beijing in herinnering geroep.

Volgehoue druk om steeds groter getalle studente toe te laat en op alle vlakke te transformeer, terwyl staatsubsidies verminder, moes noodwendig die stelsel laat knak. Nogtans is die universiteite onkant betrap en is daar aan feitlik al die eise van die studente toegegee. Met di  suksesse op hulle kerfstok het die proteste na die 2016-akademiese jaar oorgespoel.

Die gesag van die universiteitsbesture is uitgedaag en ondermy. Teenstrydige verklarings, petisies en deelname van dosente aan betogings het spanning by personeel en studente veroorsaak. Prof. Kenneth Hughes (2016) van die Universiteit van Kaapstad het die onwilligheid om teen studente op te tree, so gestel: "... [the offence principle] – of protecting students against possible offence – is not abandoning its true calling and abdicating its responsibility to provide proper education to its students."

Die verhouding tussen wit en swart studente het skade gely. Afrikaans as onderrigtaal is opnuut in die spervuur geplaas. Baie personeel en veral hoofbestuurslede is oorwerk, ontgogel en gedemotiveer.

Die outonomie van universiteite is 'n nekslag toegedien toe die klasgeldverhogings van meer as 10% vir die 2016-akademiese jaar, wat die universiteitsbesture opgestel het en deur rade goedgekeur is, vinnig deur president Zuma "wegonderhandel" is.

Die belofte om die klasgeldverhogings uit die staatskas goed te maak, is nie ten volle nagekom nie. Die universiteite moet uit eie fondse R395 miljoen bydra; saam met die salarisne van nuut ingekontrakteerde dienswerkers moet sommige universiteite meer as R100 miljoen uit trustfondse opdiep. Die leningskuld van studente aan universiteite bedra reeds R5 miljard, terwyl R6,4 miljard deur 247 913 studente aan die Nasionale Finansi le Hulpskema vir Studente (NSFAS) geskuld word. Sedert 1991 is 2,6 miljoen studente ondersteun en is R51 miljard aan die skema spandeer.

Sal klasgelde, wat gemiddeld 33% van universiteitsbegrotings uitmaak, ooit weer verhoog kan word? Alhoewel R68,7 miljard vir hoër onderwys begroot is vir die boekjaar 2016–2017, het die voorlopige ramings van die Departement Hoër Onderwys en Opleiding aangedui dat 'n bykomende R56 miljard benodig word om agterstande uit te wis. Met die swak ekonomiese groeikoers (0,7%) lyk dit moeilik realiseerbaar.

Universiteite betree derhalwe 'n tydperk van groot onsekerheid wat verskeie netelige kwessies insluit. Daar is hangende hofsake en tugverhore oor skade van R459 miljoen, waartoe die staat slegs R40,5 miljoen sal bydra. Die aanbevelings van die presidensiële kommissie oor die finansiering van universiteite en die moontlikheid van gratis hoër onderwys sal beslis nie sonder slag of stoot aanvaar word nie. Die verslag sal nie vóór Julie 2017 voltooi wees nie. Studente sal nie die belofte van gratis tersiêre onderwys, wat president Zuma in 2007 by Polokwane gemaak het, vergeet nie. Universiteite sal dus 'n gistende massa bly.

Die Wysigingswetsontwerp oor Hoër Onderwys (9 November 2015), wat die magte van die minister aansienlik uitbrei, hang soos 'n swaard oor universiteite se koppe. Hiermee word strukture geskep wat die vordering met transformasie moniteer en gereelde rapportering vereis.

Voorafgaande het die aard, wese en rol van universiteite tot in hulle fondamente geskud en dit sal nooit weer dieselfde wees nie. Daar is wêreldwyd 'n stryd om die siel van die tradisionele universiteit. Die meeste universiteite het nog nie aangepas om 'n massa studente met minder staatsgeld te akkommodeer nie. Suid-Afrika is derhalwe nie uniek nie.

In sekere opsigte is die Suid-Afrikaanse universiteite tog anders. In die eerste plek was die toename en verandering in die samestelling van die studentebevolking ongeëwenaard in die wêreld. Tweedens is daar geweldige groot verskille in standarde; die kwalifikasies van personeel; navorsingsuitsette; die toelating van studente en afhanklikheid van staatsbefondsing tussen die ouer, tradisionele universiteite en dié wat om politieke en ideologiese redes deur die apartheidregering in die lewe geroep is. In die laaste plek word die situasie by baie universiteite verder gekompliseer deur drukgroepe van buite en politieke partye.

In die lig van voorafgaande word die volgende ontleed:

- Die aard, wese en rol van 'n universiteit wat wêreldwyd die grondslae bied waarvolgens universiteite funksioneer.
- 'n Wêreldperspektief van massa hoër onderwys en hoe dit saam met inligting- en kommunikasietegnologie die aard en wese van universiteite beïnvloed.
- Die verandering in groei en samestelling van die studentebevolking in Suid-Afrika, met 'n kort verwysing na finansiering wat nie tred hou met studentegroei nie en akademiese standarde in gevaar stel.
- Hoe presteer die universiteite ten opsigte van graduering en navorsingsuitsette?
- Wat word met *transformasie* bedoel en watter vordering word gemaak?
- Die strewe na 'n plek op wêreldranglyste kan veroorsaak dat navorsing ten koste van onderrig gestimuleer word.
- Watter lesse is daar in die wêreld te leer ten einde die getalledruk teen te werk?

2. DIE AARD, WESE EN ROL VAN 'N UNIVERSITEIT

2.1 Kontekstualisering van 'n universiteit

Dit word wêreldwyd aanvaar dat kennis mag is, en dat wetenskap en tegnologie sentraal in 'n kennigsdrewre ekonomie is om welvaart te skep. Mouton (2014:3) verduidelik dat: "... Increasingly, the progress of societies, the quality of life of their citizens and the success of

their economies are considered dependent on their ability ... for the production, distribution and application of knowledge.” Niteenstaande die voorafgaande, stel Collini (2012:7) dit in sy gedagteryke boek *What are universities for?* dat “never before in human history have universities been so numerous or so important, yet never before have they suffered from so much a disabling lack of confidence and lack of identity”. Universiteite se aard, wese en status is verwring en verwater as plekke van aansien, integriteit, kritiese denke, verdraagsaamheid en toewyding – al die eienskappe wat by opgevoede mense aanwesig behoort te wees.

Hoe word fundamentele en kritiese denke, wat eie aan ’n tradisionele universiteit is, met kitsklaar vaardighedsvereistes van die werkplek versoen? Hoe word toegepaste navorsing met avontuurlike ontdekking op die grense van die onbekende gebalanseer?

2.2 Sommige universiteite behou hul aard, wese en karakter

Hoewel hierdie debatte al vir meer as ’n eeu voortduur, is universiteite die enigste instellings wat basies hulle aard en funksies bly behou het. Hoër onderwys is ’n Westerse konsep wat inslag gevind het sedert die stigting van die Universiteit van Bologna (1088), die Universiteit van Parys (Frankryk) en die Universiteit van Oxford in die middel van die 12de eeu. ’n Nuwe model is met die stigting van die Universiteit van Berlyn in 1810 gevestig. Dié model is na Europa, die VSA en koloniale gebiede in Afrika oorgedra. Dit bly die grondslag van uitnemende onderrig en navorsing.

Die benaming “universiteit” het wêreldwyd ’n bepaalde karakter, betekenis en status verwerf. In die meeste lande is dit ’n simbool van trots. Die woord is afgelei van die Latynse term *Universitas magistrorum et scholarium* – ’n gemeenskap van geleerde en studente.

Die wêreldbekende Philip Altbach maak die stelling dat selfs in ’n tydperk van die internet ’n effektiewe universiteit ’n akademiese gemeenskap nodig het: “What is an academic community? It includes a sense of generally shared academic values along with a commitment to a university, to colleagues and to students” (Altbach 2013:83). Hieraan kan toegevoeg word dat ’n bepaalde karakter, etos, trots en “a sense of belonging” met tyd by ’n universiteit geskep word. Wanneer dié karakter vinnig verander, verloor die universiteit gewoonlik sy begaafde personeel en studente.

Op eie bodem wys Rossouw (Rossouw & Van Niekerk 1993:38-39) daarop dat ’n universiteit ’n universele karakter het maar genoodsaak is om die een of ander vorm van aansluiting te soek by die kenmerkende sosiale en kulturele waardes van sy besondere ondersteuningsgemeenskap. Hy stel dit dan soos volg: “Die gees wat binne ’n universiteit heers, die kodes wat daarin geld en die wyse waarop sake gereël word, sal dan ook altyd iets van hierdie waardes weerspieël.”

Sonder ’n bepaalde ruimte (kampus) floreer akademiese gemeenskappe moeilik. Altbach (2013:20) is van mening dat “... a neglected requirement is space – an actual physical space – where teaching staff and students meet to work and communicate”. Dit impliseer nie dat daar nie ruimte is vir die aanwending van inligting- en kommunikasietegnologie inveral afstandonderrig nie. Daar word egter op die beperkinge gewys en dat die aanwending van tegnologie tot groter effektiwiteit reeds die laaghangende vrugte gepluk het (Smit 2010). In ’n ontwikkelende land soos Suid-Afrika met ’n swak skoolstelsel is leerders nie met die nodige kognitiwiese en taalvaardighede toegerus om die voordele van die tegnologie ten volle te benut nie. Die deurvloei van Graad 1 tot aan die einde van Graad 12 is minder as 40%.

Massive Open Online Courses (MOOCs) is gratis aanlynkursusse wat sedert 2008 ontwikkel is en wonderlike geleenthede bied, veral vir afstandonderrig. Dié kursusse, van

meer as 140 universiteite, is egter vanweë die massa nie kredietdraend nie. Kundiges soos Zemski (2014:243) en Altbach (2013:22) is skepties oor die waarde van die kursusse, en meer dat hulle hul piek bereik het en nie baie sukses behaal het nie. Die jaar 2013 is wel deur *The New York Times* as die jaar van die MOOCs verklaar. Van hierdie kursusse word deur die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Witwatersrand aangebied.

Massa hoër onderwys het die status en karakter van veral die tradisionele residensiële universiteite baie nadelig beïnvloed. In die Suid-Afrikaanse konteks is die status van die universiteit geskaad toe technikons oornag universiteite van tegnologie geword het. In sekere gevalle het minder as een-derde van die instellings se personeellede 'n doktorsgraad gehad. Die status van die rang van professor is erg verwater toe professorate aan personeel "toegeken" is sonder eweknie-evaluasie. Dit gebeur steeds by universiteite, veral as persone in bestuursposte aangestel word.

Daar sal later aangetoon word hoe transformasie en die aanstelling en bevordering van personeel die aard en wese van universiteite ondermynt.

2.3 Die outonomie word aangetas

Outonomie is nog 'n aspek wat eie aan die aard en wese van 'n universiteit is. Institusionele outonomie beteken om alleenseggenskap uit te oefen oor die kwalifikasievereistes, die aanstelling van personeel, die toelating van studente, die ontwerp en samestelling van kurrikula, die keuse van navorsingsrigtings en die besteding van eie fondse (Rossouw & Van Niekerk 1993:44-45). Hierdie outonomie – wat dikwels kortlik gestel word as wie onderrig; wat word onderrig; en aan wie – was huis die gom wat oor eeue heen uitnemendheid gewaarborg het. Die Nobelprys-winner J.M. Coetzee vra tereg: "Is 'n universiteit nog 'n universiteit wanneer hy sy outonomie verloor?"

Universiteite word met staatsfondse gesubsidieer en is daarom toerekenbaar aan die belastingbetalers. Die probleem in Suid-Afrika is egter dat baie van die universiteite feitlik totaal van staatssubsides afhanglik is, terwyl van die ouer, tradisionele universiteite slegs ongeveer een-derde van hul begrotings as subsidie van die staat ontvang. Wanbestuur en korruksie het daartoe gelei dat sommige instellings al onder administrasie geplaas is; gevvolglik word al die universiteite nou met 'n ystergreep deur die staat beheer.

Die outonomie van universiteite is oor tyd – selfs in die apartheidsera – geleidelik deur die staat ingeperk. Soos reeds genoem, het die ingryping van president Zuma met die 0%-verhoging van klasgeld vir 2016 die outonomie van universiteite tot in hul fondamente geskud. Die proporsie van die direk toegewese subsidie vir spesifieke doeleindes neem jaarliks toe. Daar moet met die Departement Hoër Onderwys en Opleiding onderhandel word oor onderrigprogramme, en hul minister besluit – sonder behoorlike navorsing oor vaardigheidsbehoeftes – wat die land se tekorte is.

Subsidies en verpligte studentegroei word in toenemende mate gekoppel aan die eis dat die personeel- en studentesamestelling die demografie van die land (80% swart, 9% wit, 9% bruin en 2% Asiër) moet verteenwoordig. Staatssubsidie word al hoe meer as stuurmeganisme gebruik om bepaalde politieke en ideologiese oogmerke te bereik.

Grové (2016) som die toenemende rol van die staat op deur aan te toon dat daar oor tyd 'n verskuiwing was van deelnemende bestuur in 1997, na staatsbestuur en ingryping in 2011, en uiteindelik staatsbeheer en gerigte bestuur, soos verwoord in die Wysigingswetsontwerp oor Hoër Onderwys van 9 November 2015.

3. MASSA HOËR ONDERWYS: 'N WÊRELDPERSPEKTIEF

3.1 Elitistiese instellings

Eue lank het ouers en studente self vir opleiding betaal. Universiteite was elitistiese instellings waar slegs mense met die nodige intellektuele en finansiële vermoë kon studeer. Dosente enveral professore was begaafde intellektueles. Rossouw (in Rossouw & Van Niekerk 1993:39) noem dit tereg "elitisme van talent" – 'n keurkorps van bevoorregtes.

Elitisme en meritokrasie of presteerdeheerskappy is nie gewild in 'n demokratiese tyd waar die klem op toelating en gelyke geleenthede val nie. Altbach en Salmi (2011:15) merk in hierdie verband op: "A research university is elite and meritocratic in such areas as hiring and admission policies, promotion standards and degree requirements for staff members and students." Daar word selfs gepraat van "maximum unfairness" as eie personeel en selfs dié binne die landsgrense oor die hoof gesien word om die beste in die wêreld te werf.

Die opbloei van demokrasie en humanistiese ideologie in Europa het regerings al hoe meer by universiteitopleiding betrokke gemaak. Toenemende welvaart ná die Tweede Wêreldoorlog het tot gratis hoër onderwys gelei. Dit was egter nie suksesvol nie en die toetreding van regerings het die autonomie van universiteite ondergrawe.

3.2 Wie moet vir universiteitopleiding betaal?

Die wêreldwye ekonomiese insinking ná 2008 het opnuut die vraag na vore gebring wie vir universiteitopleiding moet betaal. Regerings het die besteding aan hoër onderwys ingekort. Die feit dat die individu by hoër onderwys baat en 'n hoër salaris kan verdien, het die argument versterk dat studente self'n al hoe groter bydrae tot hul opleiding moet maak. Aan die ander kant vind die staat baat by 'n geskoold werkmag wat hoër ekonomiese groei en belasting verseker.

Die uitdaging is derhalwe om 'n gesonde balans tussen die bydraes van die staat en dié van die individu te vind. Die vermindering van staatsbydraes moes noodwendig tot die verhoging van klasgeld lei. Dit, tesame met die ontploffing van inligting- en kommunikasietegnologie, het die deure vir private onderwys geopen.

3.3 Vinnige groei in studentegetalle

Die aantal studente in hoër onderwys het van 28,6 miljoen in 1970 tot die huidige ongeveer 180 miljoen toegeneem. In Sub-Sahara-Afrika is die groeikoers tussen 10% en 15% per jaar.

Die swaartepunt van studentegetalle het van Wes-Europa na Oos-Asië verskuif, waar geweldige toenames veral in China ondervind word. Noord-Amerika en Wes-Europa het die laagste groei ondervind omdat dié wêrelddele reeds hoë deelnamekoerse het.

Die groei in studentegetalle lei tot hoër deelnamekoerse, met die aantal studente as persentasie van die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar. Voor die Tweede Wêreldoorlog was die deelnamekoerse minder as 3% in Europa, terwyl dit tans in Wes-Europa meer as 70% is en in die VSA meer as 80%. Nienteenstaande die vinnige toename in studente in Sub-Sahara-Afrika en Suid-Afrika, veroorsaak vinnige bevolkingsgroei dat die deelnamekoerse nog onderskeidelik 10% en 19% is (Smit 2010).

Die drastiese staatsbesnoeiings aan hoër onderwys, wat ná die wêreldwye ekonomiese insinking in 2008 ingetree het, het die universiteitswese wêreldyd in 'n krisis gedompel. Die World Conference on Higher Education wat in 2009 in Parys (Frankryk) plaasgevind het, het

dit duidelik gestel dat "... higher education is entering a period of crisis unprecedented since World War II" (UNESCO 2009). Kommer is uitgespreek dat akademiese standarde kan daal en dat die aansien van universiteite skade kan ly.

Massa hoër onderwys, die benutting van inligting- en kommunikasietegnologie soos die internet, globalisering of internasionalisering van onderrig en navorsing, en die geweldige opbloei van private hoër onderwys is derhalwe besig om die aard en wese van universiteite wêreldwyd drasties te verander. Grootsaalse herstrukturering het ná die ekonomiese insinking van 2008 plaasgevind. Die fokus in Suid-Afrika was so sterk op toelating van studente en regstellende stappe dat baie universiteite ten opsigte van herstrukturering agter geraak het.

Vinnige studentegroei en finansiële beperkinge noodsak herbesinning en herstrukturering. In baie vereenvoudigde terme word dit gestel dat universiteite nie meer alles vir almal kan wees nie. In Nederland word dit "focus, massa, selective excellentie, professionalisering en profilering" genoem. 'n Amerikaanse deskundige noem dit "growth by substitution".

3.3 Differensiasie

In die herstruktureringsproses word daar gewoonlik op twee wyses na die identiteit van 'n universiteit gekyk. Die tradisionele manier is om uit te gaan van die "idee van 'n universiteit" en dié betrokke universiteit te beskou as die realisering van die idee. Die klem val dan op die ooreenkoms met ander universiteite, hulle vergelykbaarheid en strewe na 'n plek op die wêreldranglys. Navorsingsprestasies neem 'n sentrale plek in. Dit word ook "academic creep" genoem.

Die moderne manier is om 'n universiteit te analiseer ingevolge die doel en funksionaliteit in 'n bepaalde konteks. Die hooffunksie is kennisbedryf binne 'n bepaalde streek en land, en hoe spesifieke behoeftes bevredig word (Chatterton & Goddard 2000:475-496). Die aansien en status word nie internasionaal bepaal nie. Navorsing word nie oor die hele spektrum bedryf nie en die fokus is op doeltreffende onderrig en leer – "fit for purpose".

Voorafgaande kan in een woord opgesom word: differensiasie. In Japan is daar in 2015 besluit om net 'n paar universiteite met die beste kundigheid in die wêreld tot vlagskip-universiteite uit te bou en 1 500 internasionale leiernavorsers te lok. So word "education hubs" ontwikkel en felle mededinging ontstaan tussen verskillende lande om sodanige "spilpunte" te vestig (soos Silicon Valley in Kalifornië).

Daar sal later aangetoon word dat baie universiteite in Suid-Afrika daarna streef om 'n plek op die wêreldranglys te kry. Dit geskied dikwels in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika ten koste van onderrig, terwyl plaaslike navorsingsprobleme oor die hoof gesien word.

4. DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

4.1 Studentegetalle

Die wêreldwye vinnige verandering van hoër onderwys vir 'n relatief klein elitegroep tot dié vir die massa, het Suid-Afrika soos 'n tsoenami getref. Soos reeds genoem, word die verandering in groei en samestelling van die studentebevolking uit 'n demografiese oogpunt as van die vinnigste veranderinge in die wêreld beskou.

Die studentegetalle het van 472 000 in 1993 tot 1 020 000 in 2015 toegeneem – meer as 'n verdubbeling in 20 jaar teen 'n gemiddelde groeikoers van 4,5% per jaar. Baie universiteite in die wêreld het bewys dat 'n groeikoers van meer as 2% per jaar moeilik volhoubaar is.

Die rassesamestelling van die studentebevolking het ook dramaties verander. In 1960 het wit studente nog 90% van die studentebevolking uitgemaak. Dié proporsie het tot 17,5% in 2013 verminder, terwyl die proporsie swart studente van 40% tot 70% toegeneem het. Bruin studente is, met 6% van die totale studentebevolking, steeds onderverteenwoordig. Hulle deelnamekoers is slegs 15% teenoor 17% van swart en 55% van wit mense onderskeidelik (verwerk uit BINEB 2016 en CHE 2015). Die proporsie wit studente neem af en daar is ook 'n daling in absolute getalle. Van die huidige 172 000 wit studente is 51% Afrikaanstaliges.

Die getalledruk vir universiteitstoelating word al hoe groter. In die tydperk 2008 tot 2015 het die studentegetalle met 28% toegeneem. In dieselfde tydperk het die kandidate met vrystelling vir baccalaureus-graadstudie egter bykans verdubbel en met 56% toegeneem.

Daar is politieke druk om die matrikulasielaagsyfer (Nasionale Senior Sertifikaat) van 70,79% in 2015 tot 80% en die deelnamekoers tot 30% te verhoog. Dit moet in gedagte gehou word dat 57% van die jeug in die ouderdomsgroep 15 tot 34 jaar werkloos is (Statistics SA 2016). Dit laat jong mense met min ander keuses as om op verdere opleiding aan te dring.

Soos later aangetoon sal word, het die vinnige groei in studentegetalle die mikpunte van toelating en billikheid bereik, maar hoë uitvalsfyfers en lae gradueringskoerse bly 'n kenmerk van die stelsel.

4.2 Befondsing verminder

Universiteite is duur instellings. Vir die boekjaar 2016–2017 is R68,7 miljard vir hoër onderwys begroot. Die Departement Hoër Onderwys en Opleiding beraam dat 'n bykomende R56 miljard nodig sal wees om agterstande uit te wis. Baie wetenskaplike toerusting, boeke, ens. moet uit die buiteland ingevoer word en die verswakkung van die Suid-Afrikaanse rand teenoor ander geldeenheide verhoog die koste nog meer.

Die begrotings van universiteite bestaan uit drie geldstrome: staatsubsidie dra gemiddeld 40% by, maar by baie tradisionele universiteite het die syfer tot ongeveer 33% afgeneem; klasgelde dra gemiddeld 33% by, terwyl die sogenaamde derde geldstroom (donasies, kontraknavorsing, ens.) 27% bydra.

Die finansiering van universiteite as persentasie van die staatsbesteding van 2,4% en 0,75% van die bruto nasionale produk (BNP) het sedert 2008 feitlik konstant gebly. Dié syfers is heelwat laer as selfs in sommige Afrikalande, soos Botswana. Besteding per student in reële terme het in sekere tydperke met tot 20% verminder en oor 20 jaar met minstens 10% gedaal (verwerk uit BINEB 2016 en CHE2015). Die kernbegroting het dus konstant gedaal, terwyl studentegetalle vinnig toegeneem het.

Dit is duidelik dat klasgelde jaarliks verhoog moet word. Sommige universiteite het uitstekend presteer om donasies te werf en eie inkomste aan te vul. Die tradisionele swart universiteite egter nie oor dié vermoë nie en tekorte moet gereeld uit die staatskas aangevul word. Volgens Universiteite Suid-Afrika (tot onlangs bekend as Hoër Onderwys Suid-Afrika) is 19 van die 26 plaaslike universiteite in 'n finansiële verknorsing.

Soos reeds gestel, is daar benewens die afname in reële waarde van die staatsbydrae, 'n geleidelike toename in die geoormerkte fondse wat aan spesifieke projekte bestee moet word. Universiteite het derhalwe al hoe minder seggenskap oor die besteding van fondse wat van die staat ontvang word.

5. HOE PRESTEER DIE UNIVERSITEITE?

5.1 Uitstekende prestasie

Daar word tereg gevra wat die rendement is vir die begrote uitgawe van R168 miljard vir die boekjaar 2016–2017. Tans studeer net meer as een miljoen studente aan die 26 universiteite in Suid-Afrika. Jaarliks word bykans 200 000 sertifikate, diplomas en grade verwerf, wat 'n groot toevoeging tot skaars vaardighede is.

Enersyds het die Suid-Afrikaanse universiteite uitnemend presteer. By sommige universiteite is daar sentra van uitnemendheid wat van wêreldgehalte is. Die land se tien ontvangers¹ van die Nobelprys, van wie ses vir letterkunde, mediese en natuurwetenskappe, het almal hul basiese opleiding hier plaaslik ontvang.

Die hoëronderwysstelsel lewer ongeveer 90% van die wetenskaplike publikasies van die land. Hiervan word ongeveer 65% deur vyf universiteite geproduseer. Mouton (2015:19) bevestig hierdie prestasie:

South Africa's production of research publications over the recent past has been impressive ... The overall number of scientific journal articles ... increased from 2 973 in 1980 to approximately 13 000 in recent years. This has translated in an increase of South Africa's share of world publications from 0,4% in 1980 to 0,65% in 2013.

Die inwerkingstelling van die nuwe Befondsingsraamwerk in 2005, waarvolgens navorsingsuitsette goed befonds word, het daartoe bygedra dat die per capita-uitsette van die individuele navorsers baie verbeter het. Mouton (2015:34) wys egter ook daarop dat "when we benchmark South Africa's performance on a select number of indicators we do not compare well. On every one of the indicators we fall short when we compare ourselves with the developed countries and leading countries in Europe and North America". Volgens die mededdingsindeks van die Wêreld-Economiese Forum (WEF) beklee Suid-Afrika se onderwys- en opleidingstelsel die 140ste plek uit 144 lande. Die WEF verklaar dat "... the greatest impediment to doing business in South Africa was an inadequately skilled workforce" (Cloete, Mouton & Sheppard 2015:15).

Tenoor die Universiteit van Bologna (1088) en die Universiteit van Cambridge (1209) het die Suid-Afrikaanse universiteite 'n kort geskiedenis. In sekere opsigte het die universiteite besonder goed presteer en groot bydraes tot die land se ontwikkeling gemaak (kyk onder meer Royal Society of South Africa). Die boek *Science in South Africa: A handboek and review* (Flint & Gilchrist 1905) is in 1905 gepubliseer. Hierin word die verstommende bydraes van wetenskaplikes aan instellings wat nog nie eers universiteitstatus gehad het nie, aangetoon. Wetenskaplikes is opgelewer wat uraan kon verryk tot kern bomme; Pratley Putty is ontwikkel as gom wat in ruimetetue gebruik word, terwyl baanbrekerswerk met onder meer hart- en penisoorplantings gedoen is.

Suid-Afrika is 'n leier op die gebied van paleontologie en astronomie. Die Southern African Large Telescope (SALT) en die Square Kilometre Array (SKA) lok internasionale beleggings en bied navorsingsgeleenthede. Dit is waarskynlik nog te vroeg om die impak daarvan op die

¹ Sydney Brenner; J.M. Coetzee; Alan M. Cormack; F.W. de Klerk; Nadine Gordimer; Aaron Klug; Albert Luthuli; Nelson Mandela; Max Theiler en Desmond Tutu.

land se ontwikkeling te bepaal. Wetenskaplikes van naam bevraagteken dié prioriteite en beleggings in 'n ontwikkelende land met groot armoede en werkloosheid. Groot dele van die Karoo word baie nadelig deur die SKA beïnvloed, omdat alle kommunikasie in die gedrang gebring word.

5.2 Die teenpool van goeie prestasies

Daar is egter ook 'n ander kant ten opsigte van die uitsette van universiteite. Die aandrang op toelating van al hoe groter getalle studente en die gebruik van die staatsubsidie as stuur-meganisme om die demografie van die land op alle vlakke te reflekteer, bedreig die handhawing van standarde. Enkele aspekte word soos volg aangestip:

- Nienteenstaande onvoldoende kognitiewe vermoë en taalvaardigheid mik studente na universiteite met bewese akademiese status. Klopper (2016) toon aan dat net ongeveer een-derde van universiteitstudente oor die intellektuele, kognitiewe en taalvermoë beskik om suksesvol aan 'n universiteit te studeer.
- Die student-dosent-verhouding het van 38 in 1994 tot die huidige 55 verhoog. Dit plaas groot druk op die navorsing- en publikasievermoë van dosente. Spesiale klasse moet dikwels aangebied word om studente met agterstande te help. Du Plessis (2016) haal die bevindinge van die South African Child Gauge Institute van die Universiteit van Kaapstad aan, wat toon dat Engels die tweede of selfs die derde taal van swart leerders is en dat hulle teen die einde van die sekondêre skoolfase "... minstens vyf jaar agter hulle bevoorregte eweknieë is".
- Ongeveer 60% van eerstejaarstudente druip, terwyl 55% van alle studente en 45% van diegene aan residensiële universiteite die universiteit ná vier of vyf jaar se studie verlaat sonder dat hulle 'n graad behaal het. Klopper (2016) wys op die "regressive proportions in Bachelor's completion rates among Blacks". Die persentasie wit en Asiérstudente wat B-grade voltooi het, het tussen 1970 en 2010 onderskeidelik van 18% tot 29% en van 17% tot 20% gestyg; terwyl swart studente se voltooiingsyfer in dié tydperk van 11% tot 9% gedaal het. Die bruin studente se syfer het van 10% in 1970 tot 6% in 2010 afgeneem.
- In die lig van die hoë uitvalsfyfers en lae gradueringskoerse het 'n taakspan van die Raad op Hoër Onderwys in Augustus 2013 aanbeveel dat die driejaargraadkursusse met een jaar verleng word. Tot dusver is daar geen reaksie op die aanbevelings nie (CHE 2013).
- Die kwotastelsel en die aandrang om meer swart studente te akkommodeer, lei daartoe dat wit leerders met ses onderskeidings byvoorbeeld nie keuring kry vir mediese studies nie en gevölglik in die buiteland moet studeer.
- Die groter befondsing van studierigtigs in die ingenieurswese en natuurwetenskappe lei daartoe dat die geesteswetenskappe, soos in die res van die wêreld, vinnig kwyn (ASSAf 2011).

By sommige universiteite is die standarde van onderrig en navorsing onder verdenking, en sekere kwalifikasies word nie meer in die buiteland erken nie.

6. WAT WORD MET TRANSFORMASIE BEDOEL?

6.1 *Transformasie* is 'n vae begrip

Die woord *transformasie* het 'n cliché by universiteite geword, sonder dat daar gedefinieer word wat presies daarmee bedoel word. Die skrywer Breytenbach verwys daarna as “n holrug geryde en holle cliché”. Die eerste simposium oor transformasie in hoër onderwys het in 1991 by die destydse Universiteit van Durban-Westville plaasgevind. Die Nasionale Kommissie oor Hoër Onderwys (NKHO) se verslag, “NCHE Report: A Framework for Transformation, 1996”, het gevolg. Dit is in 1997 opgevolg met 'n witskrif “Education White Paper 3: A Programme for the Transformation of Higher Education”.

Cloete (2015) maak die gevolgtrekking dat “... the term transformation has become a code word for race”. Hy vervolg dan so:

... most of the public transformation debate is about equity, but equity is increasingly defined as Africans from South Africa; the term ‘black’ is used less frequently, and the Rhodes Must Fall movement focused specifically on African, not Indian and coloured staff.

Cloete voel so sterk oor die gebruik en misbruik van die woord *transformasie* dat die Centre for Higher Education and Transformation (CHET) die naam na die Centre for Higher Education Trust verander het. Dit is gedoen omdat “... the term had become, in the Marxian sense, so overloaded with ‘surplus’ politics that it obscures, rather than clarifies research and debate”.

Die wêreldbekende Immanuel Castells het ná 'n besoek aan Suid-Afrika opgemerk: “Transformation is a word that South Africans use when they stop thinking and start making social conversation over a glass of wine” (in Cloete 2015).

6.2 Vier terreine van transformasie

Natuurlik moet 'n universiteit voortdurend vernuwe om by die eise van die tyd aan te pas. In die lig van die voorafgaande vae begrip word vier terreine van transformasie onderskei:

- *Werf groter getalle swart studente.* Die poel is egter beperk. Die gemiddelde resultate van die matriekslaagsyfer in 2015 was byvoorbeeld soos volg: wiskunde 26,8%; wiskundige geletterdheid 28%; fisiese wetenskappe 31,6%; Afrikaans HG 53,6% en Engels HG 52,8% (Klopper 2016). Slegs 32 000 kandidate het in 2015 wiskunde met meer as 60% geslaag. Vir fisiese wetenskappe was die syfer 25 000. Soos reeds aangetoon, is daar 'n daling in die sukseskoers van swart en bruin studente wat B-grade verwerf. Sedert 2012 is daar 'n algehele daling in slaagsyfers (CHE 2015). Dit lyk dus of groter getalle tot 'n afname in slaagsyfers lei. 'n Onlangse publikasie van die Raad op Hoër Onderwys (CHE 2016) wys daarop dat die onproduktiewe subsidie met 50% sal toeneem as die mikpunte van 1,6 miljoen studente teen 2030 bereik moet word.

Sommige universiteite ontvang tussen vyf en nege keer méér aansoeke as waarvoor daar plek is. Baie universiteite maak reeds, addisioneel tot skoolprestasies, van die National Benchmark Test (NBT) gebruik om studente vir sekere studierigtings te keur. Die Universiteit van Pretoria het in 2016 meer as 10 000 nuweling-eerstejaars toegelaat, die Universiteit van Johannesburg 10 500 en die Universiteit Stellenbosch 5 000.

Maar hoe word 5 000 tot meer as 10 000 nuweling-eerstejaars effektiel geakkom-

modeer? 'n Student laat nie sy agtergrond huis wanneer 'n universiteitskampus betree word nie. Baie studente van alle rassegroepes is eerstegeslagstudente, en ervaar fisiese en emosionele probleme om veral by grootstad-universiteite aan te pas. Hoe word hulle byvoorbeeld gehelp om inligtingstechnologie en die biblioteek te gebruik, suksesvol te studeer en sosiaal aan te pas?

Geen wonder nie dat swart studente kla dat hulle met beurse gelok, maar daarna aan hulle eie lot oorgelaat word. Prof. Adam Habib, visekanselier van die Universiteit van die Witwatersrand (Wits), noem dat 75% van die studente swart is – maar waarom voel hulle steeds onwelkom op die kampus?

- 'n Tweede terrein van transformasie is die *personeelsamestelling*. Die minister van Hoër onderwys en Opleiding sê dat dit onaanvaarbaar is dat “83% van die professors wit is”. Hy het hierdie stelling tydens sy 2016-begrotingsdebat herhaal en gesê transformasie is 'n prioriteit.

Van die permanente akademiese personeel van 17 838 teen 2013 was 32% swart, 5% bruin, 51% wit en 8% Asiér. Die senior bestuur is soos volg saamgestel: swart 27%, bruin 12%, wit 53% en Asiér 7%. Net vier visekanseliers uit 26 universiteite is wit.

Vier tendense is duidelik: swart personeel neem geleidelik toe; wit personeel se getalle en proporsies daal; die aantal akademiese personeel neem veel stadiger toe as studentegetalle; gevvolglik verswak die student-dosent-verhouding, en die personeel verouder vinnig. In laasgenoemde lê die grootste gevaar vir die handhawing van standarde. Daar is briljante opkomende jong swart, bruin en Asiérdosente en -navorsers, maar hulle kort ervaring. Baie universiteite neem deel aan die Volgende Generasie Akademici-program, waarvolgens talentvolle jong akademici besondere steun ontvang. Die minister van Hoër Onderwys en Opleiding het egter in Julie 2016 aangekondig dat die R800 miljoen wat vir dié program geoormerk is, gebruik word om die 0%-klasgeldverhoging te finansier.

Soos in die res van die wêreld, val die klem ook sterk op die opleiding van doktorale kandidate. In die Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) is voorgestel dat die aantal doktorale graduandi van 1 876 in 2012 tot 5 000 teen 2030 verhoog moet word. In 2012 is 821 doktorsgrade aan swart studente toegeken, waarvan die meerderheid (496) uit Afrika afkomstig was (Cloete, Mouton & Sheppard 2015:2-28). Swart akademici uit Afrika word nie by al die Suid-Afrikaanse universiteite as transformasiekandidate gereken nie.

Die salarisne by universiteite is nie mededingend nie. Volgens prof. Kenneth Hughes (2016) van die Universiteit van Kaapstad oorweeg baie akademici aan die universiteit vroeë aftrede of soek hulle 'n ander heenkome. Daar is in Junie 2016 aangekondig dat skeidingspakkette by hierdie universiteit beskikbaar is.

'n Universiteit is by uitstek 'n instelling waar leierskap deur voorbeeld van ervaring, kwalifikasies en navorsingsuitsette gekenmerk word. 'n Goeie voorbeeld is hoe Linus Pauling, wenner van twee Nobelpryse, soms teen sy eie kollegas gediskrimineer het om net die bestes na die California Institute of Technology (CAITEC) te lok en die instelling tot wêreldgehalte uit te bou (Hager 1995). Dit is 'n voorbeeld van die toepassing van “maximum unfairness” wanneer daar na akademiese uitnemendheid gestreef word.

In die lig van die letsels van apartheid is transformasie ten opsigte van die toelating van studente en die werwing en bevordering van personeel, baie noodsaaklik. Oorhaastigheid hou egter groot gevare in. Rossouw (Rossouw & Van Niekerk

1993:34) vra tereg: "Kan 'n universiteit sy identiteit gestand doen sonder om 'n elitistiese instelling te bly?"

- Die derde terrein van transformasie is die *verandering van kurrikula*. Wetenskaplike kennis is universeel. Studente eis verafrikanisering en "Afrika-oplossings vir Afrika-probleme". Groter Afrika-gerigtheid is wel noodsaaklik; die gebrek aan leerstof is egter 'n groot beperking.
- Die laaste terrein, naamlik *transformasie van die institusionele kultuur*, is van die moeilikste op kampusse. Ontgroening, geverfde gesigte en verkragtingsvoorvalle het die kompleksiteit en emosies van verandering duidelik in die kollig geplaas.

7. DIE STREWE NA 'N PLEK OP DIE WÊRELDRANGLYSTE

Universiteite in Suid-Afrika ding mee om personeel, studente, navorsingsfondse en donasies. Daar is ook 'n koorsagtige strewe na plekke op die wêreldranglyste. Visekanseliers haal egter selektief aan hoe goed hulle universiteite op sekere "terreine" presteer.

Daar is ook aansprake dat universiteite van wêreldgehalte is. Daar is wel sentra van uitnemendheid by 'n aantal universiteite, maar 'n algehele aanspraak is vergesog. Salmi (in Altbach & Salmi 2011:323) haal die gerespekteerde Philip Altbach aan: "... the paradox of the world-class university is that everyone wants one, no one knows what it is and no one knows how to get one".

Nadat die wetenskaplike boikot opgehef is, het universiteite internasionalisering omhels. Dit geskied dikwels ten koste van onderrig, terwyl navorsingsprobleme plaaslik verwaarloos word. Tegnologie, soos die internet, het veral navorsing bevoordeel en akademici publiseer suksesvol saam met internasionale kundiges.

Die strewe na 'n plek op wêreldranglyste skep mededinging, wat baie gesond is. Daar is egter ook groot vraagtekens. Collini (2012:33) praat van die "Champions League syndrome" en vervolg dan so: "Vice-chancellors now keep a nervous eye on league tables as do football managers and placings are frequently involved to legitimate a preferred policy shift". Laasgenoemde is al as argument gebruik dat onderrig in Engels 'n staanplek op wêreldranglyste sal bevorder.

Daar is verskeie instellings wat jaarliks inligting verwerk om die ranglyste saam te stel, soos die Times Higher Education World University Rankings, Academic Ranking of World Universities (ook genoem Shanghai Ranking) en die QS World University Rankings. Sonder om in detail te tree, kan dit gestel word dat kriteria soos die aantal ontvangers van die Nobelprys; student-dosent-verhoudings; navorsingsuitsette (mede-outeurskap saam met internasionale kundiges); aantal internasionale dosente, navorsers en studente; reputasie, ens. aansienlike gewig dra. Toegepas op Suid-Afrika moet besef word dat – gegee die ontwikkelingskarakter, ligging en geskiedenis van die universiteite – hoë posisies op die wêreldranglyste 'n veraf lugspieëling bly. Volgens die 2016-ranglyste van die Center for World University Rankings (CWUR) het die Universiteit van die Witwatersrand (Wits), wat Suid-Afrika se topuniversiteit op die lys is, die afgelope jaar van die 149ste plek na die 179ste plek geval. So ook het die Universiteit van Kaapstad van 248ste na 265ste geval; die Universiteit Stellenbosch van 306de na 329ste en die Universiteit van Pretoria van 678ste na 697ste.

Voorafgaande beteken nie dat universiteite nie na uitnemendheid moet streef nie. In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is die eerste plig om na die behoeftes van die bepaalde streek waarin die universiteit geleë is, om te sien. Daarna word na die land se behoeftes gekyk. Clark Kerr (2001:53) merk tereg op dat selfs vir 'n navorsingsuniversiteit soos Berkeley, die

grense in die eerste plek dié van die deelstaat Kalifornië (lees “provinsie”) is. ’n Universiteit kan aansien verwerf in fokusgebiede soos regsgelerheid, ingenieurswese, ens.

8. MOONTLIKE OORWEGINGS

Daar word geensins beweer dat daar eenvoudige oplossings vir baie komplekse probleme bestaan nie. Daar is egter ’n aantal internasionale lesse wat oorweging verdien:

8.1 Ongebreidelde groei

Die kernprobleem is die ongebreidelde groei in studentegetalle van gemiddeld 4,5% per jaar oor die afgelope 20 jaar. Toelating is makliker as die handhawing van standarde. Die samestelling van die studentebevolking reflekter reeds in ’n groot mate die nasionale demografie, terwyl die aantal swart akademici voortdurend toeneem. Die ongelykhede van die verlede en die swak skoolstelsel wat deur ’n vakbond in ’n wurggreep gehou word, gaan nie oornag reggestel word nie. Die Raad op Hoër Onderwys verwys na hoër onderwys in Suid-Afrika as ’n “low-participation and high-attrition system” (CHE 2013:16). Indien akademiese standarde daal, sal talentvolle swart studente waarskynlik die meeste daaronder ly. Universiteite en die staat sal wys wees as hulle gesamentlik besluit op studentegroei van nie méér as 2% per jaar nie. Diskriminasie teen talentvolle wit studente wat ná 1994 gebore is, is onverdedigbaar.

8.2 Differensiasie

Die krag van die hoëronderysystelsel in die VSA lê in die diverse stelsel van gemeenskap-kolleges, gewone universiteite tot die vlagskip-universiteite soos Harvard en Stanford. Hoe is dit moontlik dat 17 van die 26 Suid-Afrikaanse universiteite kursusse van baccalaureus- tot doktorale grade kan aanbied en staatsubsidie ontvang om navorsingskapasiteit te bou? Die noodsaaklikheid van groter differensiasie is telkens uitgespel, maar dit het in die stof gebyt, omdat die voormalige “boskolleges” nou heilige koeie geword het. In teenstelling met die res van die wêreld, streef Suid-Afrikaanse universiteite na eenvormigheid.

Gesien in die lig van die huidige finansiële posisie van universiteite, is drastiese her-strukturering nodig. ’n Hele aantal universiteite moet slegs toegelaat word om voorgraads op te lei. Selfs die tradisionele universiteite behoort in streeksverband te rasionaliseer ten opsigte van gespesialiseerde rigtings soos byvoorbeeld ingenieurswese, geneeskunde, ens. Nederland is ’n goeie voorbeeld van ’n land waar hierdie beleid toegepas word.

8.3 Private hoër onderwys

Private hoër onderwys is sedert die 1990’s wêrelwyd van die vinnigste groeiende sektore in die onderwys. In Suid-Amerika en veral in Brasilië akkommodeer private instellings meer as 70% van die naskoolse opleiding. Private onderwys is ook besonder sterk in Japan. Mount Kenia is die grootste private universiteit in Oos-Afrika. (Verwys onder meer na Private Education Conference, San Francisco 2015.)

Sedert 1994 was daar baie belangstelling van private instansies en buitelandse universiteite om in hoër onderwys in Suid-Afrika te belê. Die afname in studentegetalle by swart universiteite en die vrees vir mededinging met openbare universiteite het daar toe geleid dat die staat ’n

moratorium op private instellings geplaas het. Die Wysigingswet op Hoër Onderwys No. 55 van 1999 het aan die minister drakoniese magte ten opsigte van private onderwys gegee. Gevolglik het buitelandse en binnelandse belangstelling gekwyn (Fehnel 2002:227-243).

Daar is tans meer as 100 geregistreerde en 26 voorlopig geregistreerde private onderwysinstellings, met ongeveer 140 000 studente. Van besondere betekenis is Monash Universiteit van Australië, met 28 kampusse in die wêreld, asook 'n satellietkampus in Johannesburg. Akademia is 'n universiteit in wording in Gauteng en bied reeds baccalaureus-grade en diplomas aan.

Private hoër onderwys kan, soos in die res van die wêreld, in samewerking met bestaande universiteite grootliks daartoe bydra om toelating te verbreed en die druk op openbare universiteite te verlig.

8.4 Satellietkampusse

Satellietkampusse van vooraanstaande universiteite in die VSA, Europa en Australië word in baie lande van die wêreld gevestig. So byvoorbeeld lok die Verenigde Arabiese Emirate, Katar, Maleisië, Suid-Korea en China van hierdie universiteite om kampusse in dié lande te vestig. Waarom gebeur dieselfde nie in Suid-Afrika nie?

8.5 Verkeerde persepsie

Die persepsie bestaan by baie ouers en studente dat universiteitsopleiding dié enigste roete vir 'n suksesvolle toekoms is. 'n Gekoördineerde veldtog wat uitspel watter vaardighedsbehoeftes daar bestaan en hoe dit by ander instellings as universiteite verwerf kan word, is nodig. Die 50 kolleges vir onderwys en opleiding met 700 000 studente moet kragtig bemark en uitgebou word.

9. SAMEVATTING

Die studenteproteste aan die einde van 2015 het die universiteite onverhoeds betrapp en die implikasies daarvan sal verreikend wees. Daar word tereg opgemerk dat, wat die finansiering van klasgeld betref, studente méér in tien dae vermag het as visekanseliers in tien jaar. Gepaardgaande met klasgeldverhogings is eise gestel vir vinniger transformasie, die verafrikanisering van leerplanne en die wegdoen met Westerse simbole.

Massa hoër onderwys, saam met die veranderinge op die gebied van inligting- en kommunikasietegnologie, het reeds en sal ook in die toekoms die aard, wese en karakter van Suid-Afrikaanse universiteite ingrypend verander. Die groei in studentegetalle het tot 'n groot mate die mikpunte van toelating en billikhed bereik, maar die Raad op Hoër Onderwys verwoord sy gevolgtrekking soos volg:

The conclusions are that the output of higher education is not meeting the country's needs, that the system has low internal efficiency in utilising human and material resources ... and that the scale of the failure and dropout occurring ... points to substantial systemic problems that require systemic responses (CHE 2013:16).

Graduering inveral ingenieurswese en tegnologie bly besonder laag – dit is juis vaardighede wat noodsaaklik is vir ontwikkeling.

Indien die regering voortgaan om universiteite te verplig om steeds groter getalle studente toe te laat sonder die nodige befondsing moet dit noodwendig lei tot óf 'n verdere daling in

standaarde óf groter getalle studente wat druip. Meer fondse sal egter die probleme net tydelik verlig want die gebrek aan ruimte en veral 'n tekort aan dosente met die nodige kwalifikasies en ondervinding gaan die stelsel vir baie jare kniehalter. Dit word wyd aanvaar dat studente se onvoorbereidheid en veral gebrekkige taalvaardigheid die oorheersende leerverbandhou-dende oorsaak van swak prestasies is. Selfs die voorstel van die taakspan van die Raad op Hoër Onderwys, soos vervat in die verslag *A proposal for undergraduate curriculum reform in South Africa. The case for a flexible curriculum structure* (CHE 2013), asook die verlenging van driejaargraadkursusse met een jaar, het talle finansiële en ander implikasies.

Die hoëronderwysstelsel het sistemiese probleme en drastiese herstrukturering is nood-saaklik ten einde groter differensiasie te bewerkstellig. Die huidige stelsel stuur op verlaging van standaarde en moontlik ook selfvernietiging af.

Besture, rade en akademici van universiteite is dikwels polities so korrek dat 'n gesonde akademiese debat nie gevoer kan word nie. Ander buig agteroor om politieke en ideologiese beleidsrigtings te verdedig. Die debat word veel sterker by Engelstalige universiteite gevoer. Uitnemende prestasies moet ook uitgelig en aan die breër publiek bekend gestel word.

John Kane-Berman (2015) maak tereg die stelling dat akademiese vryheid nie die alleenreg van akademici is nie, maar ook die reg van studente en die breë gemeenskap.

Die intellektuele vermoë en akademiese vryheid moet ingespan word om idees te propageer wat in lyn is met wêreltdense en fundamenteel verskillend is van heersende ideologiese beleidsrigtings wat die kernwaardes van universiteite kan vernietig. Dié debat moet op die hoogste intellektuele en beskawingsmondige wyse gevoer word.

BIBLIOGRAFIE

- Academy of Science of South Africa (ASSAf). 2011. *Consensus study on the state of the humanities in South Africa: Status, prospects and strategies*. Pretoria: ASSAf.
- Addison, G. (ed.). 2004. *Science and Technology in South Africa: Progress and achievements in the first decade of democracy, 1994-2004*. Pretoria: Department of Science and Technology.
- Altbach, P.G. 2013. Don't take too much notice of rankings. *University World News*, Issue no. 264, 23 March.
- Altbach, P. G. & Salmi, J. (eds). 2011. *The road to academic excellence: the making of world-class research universities*. Washington, D.C.: The World Bank.
- Buro vir Institutionele Navorsing en Beplanning (BINEB). 2016. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Chatterton, P. & Goddard, J. 2000. The response of higher education institutions to regional needs. *European Journal of Education*, 35(4):475-496.
- Cloete, N. 2015. The PhD and the ideology of 'no transformation'. *University World News*, Issue no. 379, 28 August.
- Cloete, N., Mouton, J. & Sheppard, C. 2015. *Doctoral education in South Africa. Policy, Discourse and Data*. Somerset West: African Minds.
- Collini, S. 2012. *What are universities for?* London: Penguin Books.
- Council on Higher Education (CHE), South Africa. 2013. *A proposal for undergraduate curriculum reform in South Africa. The case for a flexible curriculum structure*. Pretoria: Council on Higher Education.
- Council on Higher Education (CHE), South Africa. 2015. *Vital Stats: Public Higher Education, 2013*. Pretoria: Council on Higher Education.
- Council on Higher Education (CHE), South Africa. 2016. *South African Higher Education Reviewed. Two decades of democracy*. Pretoria: Council on Higher Education, p. 24.
- Du Plessis, T. 2016. Engels is g'n wonderkuur. *Beeld*, 17 Maart.
- Fehnel, R. 2002. Private higher education. In *Transformation in Higher Education. Global pressures and local realities in South Africa*. Pretoria: Centre for Higher Education Transformation (CHET), pp. 227-243.

- Flint, W. & Gilchrist, J.D.F. 1905. *Science in South Africa: a handbook and review*. Prepared under the auspices of the South African Government. Cape Town, Pretoria, Bulawayo: T. Maskew Miller.
- Grové, N. 2016. Die verskuiwing van deelnemende bestuur (1997) na staatsbestuur en ingryping (2011) in uiteindelike staatsbeheer en gerigte bestuur (ongepubliseerde voordrag). Spitsberaad: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 17 Februarie.
- Hager, T. 1995. *Force of nature: The life of Linus Pauling* (e-book edition).
- Hughes, K. 2016. Letter to the Editor: Appeasing the UCT Taliban. *Daily Maverick*, 22 April. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-22-letter-to-the-editor-appeasing-the-uct-taliban/> [1 September 2016].
- Kane-Berman, J. 2015. Academic Freedom: Threatened from without and within. *Politicsweb*, 28 November. <http://irr.org.za/reports-and-publications/articles-authored-by-the-institute/academic-freedom-threatened-from-without-and-within-2013-politicsweb-28-november-2015> [1 September 2016].
- Kerr, C. 2001. *The uses of the university*. Cambridge: Harvard University Press.
- Klopper, C. 2016. Studente-onluste. Universiteite en die plek van Afrikaanse universiteite (ongepubliseerde voordrag). Spitsberaad: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 17 Februarie.
- Mouton, J. 2014. Foreword. *2014 Annual activity report*. Stellenbosch: DST–NRF Centre of Excellence in Scientometrics and STI Policy.
- Mouton, J. 2015. A research and innovation performance framework. Stellenbosch: DST – NRF Centre.
- Rossouw, H.W.& Van Niekerk, A.A. 1993. *Universiteit, wetenskap en kultuur: opstelle oor die krisis, uitdagings en geleenthede van die moderne universiteit*. Kaapstad: Tafelberg.
- Royal Society of South Africa. <http://www.royalsocietysa.org.za> [31 Augustus 2016].
- Smit, P. 2010. Demografiese tendense en die betekenis daarvan in die onderwys in Suid-Afrika. Toespraak gelewer: Konvokasie, Universiteit Stellenbosch. 11 November.
- Statistics SA. 2016. Vulnerable groups Series I: The social profile of youth, 2009–2014, 18 April.
- UNESCO. 2009. *Final Report: World Conference on Higher Education 2009*. 5–8 July, Paris.
- Zemski, R. 2014. With a MOOC MOOC here and a MOOC MOOC there, here a MOOC, there a MOOC, everywhere a MOOC MOOC. *Journal of General Education*, 63(4):237–243.

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: Enkele strategiese perspektiewe

The South African political environment: Strategic perspectives

ANDRÉ DUVENHAGE

Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Andre.Duvenhage@nwu.ac.za



André Duvenhage

ANDRÉ DUVENHAGE is tans die Navorsingsdirekteur: Navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie aan Noordwes-Universiteit en professor in Politieke Wetenskap. Sy akademiese spesialisareas sluit in Politieke Teorie, Politieke Transformasie, Regeerkunde en scenario-onledings. Duvenhage het tot dusver 38 bydraes in Nasionale en Internasionale vaktydskrifte gelewer, en sowat 150 Nasionale en Internasionale akademiese referate en/of hoë profilaanbiedings gedoen. Hy is 'n gewilde politieke kommentator, en word gereeld deur die media aangehaal. Hy voer gereeld onderhoude met meer as 20 verskillende mediahuise. Hy het ook die "North-West University Spokesperson of the Year"-toekenning verskeie kere ingepalm. Gedurende 2006 was hy 'n besoekende dosent aan die Universiteit van Saskatchewan in Kanada waar hy 'n akademiese kursus oor die Suid-Afrikaanse politiek aangebied het.

ANDRÉ DUVENHAGE is currently the Research Director: Research Focus Area Social Transformation at the North-West University and professor of Political Science. His academic specialist areas include Political Theory, Political Transformation, Government Science and scenario analyses. To date Duvenhage has published 38 articles in national and international subject magazines; in addition, he has delivered about 150 national and International academic papers and/or high profile presentations. He is a popular political analyst and is frequently interviewed by the media, regularly conducting interviews with more than 20 different media houses. He has received the award of "North-West University Spokesperson of the Year" several times. During 2006 he was a visiting lecturer at the University of Saskatchewan in Canada where he presented an academic course on South African politics.

ABSTRACT

The South African political environment: Strategic perspectives

This article is concerned with reconstructing and interpreting the South African political environment in 2016 and the strategic implications thereof. There is currently widespread consensus that the South African political environment is becoming increasingly unstable. Some have even labelled the current political situation "a perfect storm". The resulting outcomes of this state of affairs include patterns of political and social instability, the securocratisation of the state, and a postcolonial dynamic manifesting in anti-colonial and

anti-Western sentiments. The manner in which the aforementioned factors interact with each other creates a politically unstable environment with far reaching consequences for public institutions in general, and universities in particular. Until recently, universities were relatively insulated from the dynamic and disruptive political forces in society. This situation changed irrevocably after 2015 with the advent of the #RhodesMustFall and #FeesMustFall campaigns and demands for rapid transformation of the higher education sector. At the time of finalising this paper, a second wave of #FeesMustFall has commenced with revolutionary violence affecting virtually all university campuses across South Africa. Prominent political, economic and social drivers of change currently define a scenario of punctuated equilibrium in the political environment. These drivers, and their possible outcomes, are analysed with specific reference to South African universities.

KEY WORDS: Political instability, punctuated equilibrium, securocratisation, South African politics, universities

TREFWOORDE: Politieke onstabiliteit, onderbroke ekwilibrium, sekurokratisering, Suid-Afrikaanse politiek, Universiteite

OPSOMMING

Hierdie artikel het as fokus die rekonstruksie en interpretasie van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing in 2016 en die strategiese implikasies hiervan. Daar is konsensus vanuit talle oorde dat die politieke omgewing in Suid-Afrika tans besig is om meer onstabiel te raak. Daar word selfs van 'n "perfekte storm" gepraat. Uitkomstes van hierdie politieke trajek sluit in patronne van politieke en sosiale onstabiliteit, die sekurokratisering van die staat en 'n postkoloniale dinamika wat homself laat geld met as fokus 'n sterk anti-koloniale en anti-westerste sentiment. Kombinasies van hierdie faktore skep tans 'n omgewing van groot politieke onstabiliteit en onsekerheid met verreikende implikasies vir alle sosiale instellings met inbegrip van hoëronderwysinstellings in die algemeen en universiteite in besonder. Tot onlangs was universiteite slegs op 'n beperkte en soms indirekte wyse blootgestel aan die dinamiese kragte wat hulself in die politieke omgewing begin vestig het. Dit het egter onherroeplik tydens 2015 verander met die #RhodesMustFall en #FeesMustFall veldtogte in samehang met die aandrang op die radikale transformasie van die universiteitsomgewing. Met die finalisering van hierdie artikel het #FeesMustFall 2 begin en is patronne van rewolusionêre geweld besig om drasties te eskaleer en word bykans alle universiteite direk of indirek hierdeur geraak. Verreikende politieke, ekonomiese en sosiale drywers van verandering is tans prominent met as uitkoms 'n patroon van dinamiese ekwilibrium ("punctuated equilibrium"). Hierdie artikel analiseer die bogenoemde drywers van verandering en die moontlike uitkomstes hiervan. Die implikasies hiervan vir Universiteite word ten slotte toegelig.

1. INLEIDING

Twintig jaar vir 'n nuwe bewind (lees veral bevrydingsbewegings binne 'n postkoloniale konteks) word telkens geassosieer met die moontlikheid van groter makro politieke verandering binne die onderskeie politieke en staatkundige kontekste van state. Nuwe bewinde (bevrydingsbewegings) begin hul glans verloor as gevolg van eiesoortige redes wat soms verband hou met 'n onvermoë om politieke beloftes suksesvol uit te voer, nuwe belangegroepe wat in die politiek gemobiliseer word, faksiegevegte, etno-kulturele en sektariese belange/geweld en ander patronne

van politieke onstabiliteit. Nuwe oorlewingstrategieë moet dan geformuleer word om die bewind(regime), die politieke elite en gepaardgaande leierskap se belang te beskerm. Soms manifesteer bogenoemde in vorme van niedemokratiese politieke verandering en selfs patronne van sekurokratisering en “praetoriaanse politiek”. Praetoriaanse politiek (in navolging van die denke van SP Huntington) beklemtoon ’n omgewing van politieke onstabiliteit waarin die rol van veiligheidsinstellings meer prominent word en selfs tot ’n vorm van regering deur sekurokrate aanleiding kan gee.¹ Aspekte van bogenoemde het na vore gekom in postkoloniale kontekste in state soos Zimbabwe, Zambië, Burundi, Nigerië en Kenia. Sedert Jacob Zuma die politieke bewind in Suid-Afrika oorgeneem het, het bogenoemde perspektief ook groter betekenis begin ontwikkel binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing en was die uitspeel hiervan aanvoelbaar op elke terrein van die groter samelewing met inbegrip van Universiteite.

Politici, akademici, kommentators en denkers is dit eens dat die politieke omgewing in Suid-Afrika tans besig is om drasties te versleg. In sommige kringe word daar selfs gepraat van en bespiegel oor die moontlikheid van ’n “perfekte storm” (Zibi 2016:2-5). Hiervan getuig sake soos staatkundige en institusionele verval, konflikte en gevegte binne die regerende alliansie, ’n onderpresterende ekonomiese, eskalerende sosiale uitdagings waaronder armoede, werkloosheid en ongelykheid, korruksie en nepotisme en hoë misdaadvlake – om enkele sake te beklemtoon. Uitkomstes hiervan sluit in patronne van politieke onstabiliteit (diensleweringssproteste, arbeidsonstabiliteit), sosiale onstabiliteit (xenofobie en vigilantisme, ras- en etniese konflikte), die sekurokratisering van die staat en ’n postkoloniale dinamika wat homself laat geld met as fokus ’n sterk anti-koloniale en anti-westerse sentiment. ’n Einde van ’n politieke fase (die reënboogfase) is betree – een wat na my oordeel baie negatiewe elemente en “onopgeloste kwessies” na die oppervlak gaan bring en waarvan die huidige onstabiliteit slegs die begin is.

Vir byna twintig jaar was universiteite slegs op ’n beperkte en soms indirekte wyse blootgestel aan die dinamiese kragte wat hulself in die politieke omgewing begin vestig het. Hierdie toedrag van sake het egter drasties tydens 2015 verander met die *#RhodesMustFall / #FeesMustFall*-kampanjes in samehang met die aandrang op die radikale transformasie van die universiteitsomgewing met besondere verwysing na veral die voormalige Afrikaans-sprekende Universiteite. Hoewel universiteite nooit heeltemal los gestaan het van die groter politieke omgewing nie, het die gebeure van 2015 die universiteitsomgewing ’n sentrale politieke fokus gemaak en het dit myns insiens ook ’n einde gebring aan ’n bepaalde fase in die geskiedenis van universiteite in Suid-Afrika. Hierdie tendens staan in die teken van die einde van die reënboognasie in Suid-Afrika en ’n bedeling waarin staatsintervensie, op ander terreine van die samelewing, meer prominent gaan wees. Wat duidelik is, is dat universiteite toenemend die politieke, ekonomiese en sosiale werklikhede van die groter samelewing gaan reflektere met ’n sterker ontwikkelingsoriëntasie as eis. Die verstaan van ’n komplekse politieke dinamika is daarom van kernbelang vir enige toekomsbeplanning van universiteite aangesien die oorlewing van universiteite (ten minste hoe dit histories beslag gekry het en ontwikkel het) myns insiens hier ter sprake is.

Binne die raamwerk van die groter spesiale tema van hierdie tydskrif wat konsentreer op studente-onluste en die implikasies vir Afrikaans aan hoëronderwysinstellings fokus hierdie aanbieding op ’n rekonstruksie en interpretasie van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing (2016) en wat dit impliseer vir universiteite in die algemeen en in besonder vir Afrikaanse

¹ Vergelyk Duvenhage (2016b:112-137) vir besonderhede oor praetorianisme binne die Suid-Afrikaanse konteks.

universiteite.² Aangesien tale aanbiedings fokus op laasgenoemde aspek (universiteite), val die soeklig in hierdie aanbieding op die verstaan van die Suid-Afrikaanse politieke konteks soos wat dit tans daar uitsien.³ Die metodologiese benadering is 'n makro-verkenning van die politieke omgewing en die soms moeilik voorspelbare dinamika wat hier aanwesig is. Dit sal wel as 'n konklusie herlei word na die betrokke universiteitsomgewing met perspektiewe vir Afrikaanse Universiteite.

Fokuspunte van die navorsing sluit in:

- Teoretiese vertrekpunte en analitiese raamwerk.
- Die drywers van politieke verandering.
- Die uitkomstes van politieke verandering.
- Perspektiewe vir Universiteite.

Die Suid-Afrikaanse politiek betree tans 'n fase wat as gebroke ekwilibrium ("punctuated equilibrium") aldus Human (1998:9-13) beskryf kan word. Ooreenkomsdig hierdie perspektief word lang periodes van relatiewe politieke stabiliteit (met verwysing na 'n gevëstigde en legitieme status quo, polities gesproke 'n *regime*) vervang met korter, dinamiese en soms epogmakende momente waarin die bestaande orde plek maak vir iets nuuts of iets anders. In die woorde van Human (1998:14): "Punctuations are unpredictable. They constitute unexpected breaks in the pattern; deviations from the norm. Punctuations are, by nature, abnormal events in history". Hierdie oorgange ("punctuations") gaan dikwels gepaard met 'n akademies-kritiese (her)besinning oor die status quo (lees ook die politieke regime), die waardes waarvolgens dit funksioneer en/of die beleidsmatige toepassing hiervan. Hierdie diskfers is daagliks aan die orde en is deesdae ook baie prominent binne die media. (Die verpolitisering van die SAUK in die aanloop tot die 2016-plaaslike verkiesing is tans hoog op die agenda en baie kontroversieel.) In samehang met die openbare diskfers is hier ook duidelike vorme van 'n politieke herskikking aan die orde wat die stabiliteit van die huidige stelsel ondermy.


Hierdie verandering kan verreikende implikasies hê vir bestaande politieke waardesisteme en die interpretasie hiervan, die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele, die plek en rol van politieke elites in die groter samelewning en dit kan selfs 'n vorm van "regime verandering" impliseer. Die uitspeel van die Arabiese Lente in state soos Egipte en Tunisië, politieke hervorming in Suid-Afrika (1985–1993) en patronen van rewolusionêre verandering wêreldwyd, is voorbeeld in hierdie verband (Greffrath & Duvenhage 2013:378-397; 2014:28-29). Dit is 'n periode waarin strategiese leierskap van kardinale belang is en waarin besluite geneem word wat die toekoms op 'n langer termyn drasties kan beïnvloed. In bepaalde omstandighede van rewolusionêre hervorming of selfs radikale ewolusionêre hervorming kan regimeverandering (politieke stelselverandering) ook in die visier wees. 'n Regime verwys in hierdie oopsig na 'n "system of rule" verantwoordelik vir die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele (aldus David Easton) en kan slegs plaasvind deur middel van eksterne militêre intervensies, radikale politieke hervorming (transformasie) of rewolusionêre verandering (vergelyk Heywood 2013:266). Die veranderingsproses waarna hier verwys word,

² Dit was ook die fokus van my referaat by die Spitsberaad op 17 Februarie 2016 met as tema, *Studente-onluste en die implikasies vir Afrikaans aan hoëronderwysinstellings*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

³ Die fokus is dus nie primêr hoér onderwys en Afrikaans as taal van hoér onderrig nie, maar 'n ontleding van die politieke speelveld wat 'n invloed op eersgenoemde het en vorentoe sal hê.

is heelwat meer kompleks as bloot 'n regeringsverandering wat te weeg gebring is deur byvoorbeeld 'n demokratiese verkiesing of selfs 'n staatsgreep. Bogenoemde argumentasie impliseer regimeverandering of aspekte in hierdie verband wat heelwat meer omvangryk is as bloot 'n regeringsverandering.

Die Suid-Afrikaanse politiek is tans vasgevang in 'n greep van ingrypende verandering (in vorm van gebroke ekwilibrium) wat vooruitskouend al beskryf is in terme van 'n *tweede transformasie*; die noodsaak en behoefté aan 'n opvolgskikking, 'n Tunisië-moment; "[A] ticking time bomb waiting to explode" (vergelyk Duvenhage 2016a:1-2; vergelyk ook Habib 2013). Die uitspeel van hierdie veranderingsproses is tans onseker en rigtinggewende besluite is aan die orde of gaan pragmatis deur 'n stel omstandighede afgeloseer word. Besluite wat tans hangend is, is die posisie van Jacob Zuma as president terwyl die toepassing van wetgewende besluite soos die toepassing van die onteieningswet en versnelde grondhervorming ook in die visier is – om net na enkele kontroversiële sake te verwys. Die groot veranderlikes en die uitspeel hiervan kan diagrammaties soos volg voorgestel word:



Figuur 1: Drywers van politieke verandering

(Eie diagram/rekonstruksie)

Die uitspeel hiervan in die ekstreem gesien, kan wees *demokratiese konsolidasie* (die beste saak-scenario) of 'n *korrupte staat* (die slegte saak-scenario). Verskeie vorme van niedemokratiese bewinde met inbegrip van praetoriaanse politiek kan ook nie uitgesluit word nie.⁴ Hierdie toekomsperspektief kan beter toegelig word deur te konsentreer op die groot drywers (klusters) van politieke verandering.

Die drywers van politieke verandering

Die groot drywers van politieke verandering kan in 4 kategorieë (klusters) verdeel word. Aan elkeen van hierdie kategorieë word vervolgens kortlik aandag gegee.

2. SOSIALE DINAMIKA

Dit is bekend dat die politiek en staatkundige dinamika nie los gesien kan word van sosiale omstandighede binne die betrokke staat/samelewing nie. Die Suid-Afrikaanse samelewing kan op 'n makrovlak voorgehou word as 'n diep verdeelde samelewing met diepliggende ras, etniese en klasverskille. Dit verskaf 'n grondslag vir die daarstelling van patronen van konflik met as voorbeeld rasinsidente, etnies-kulturele konflikte, klassestryd, taxigeweld, politieke sluipmoorde, plaasmoorde ens. Kortom, met bogenoemde as vertrekpunt is dit nie verbasend nie dat die Suid-Afrikaanse samelewing as een van die mees gewelddadige ter wêreld gereken word.

In samehang met bogenoemde konflikpotensiaal kan die Suid-Afrikaanse samelewing ook as 'n "oorgangssamelewing" beskryf word. Volgens Palmer (1989:79-151) kan 'n oorgangssamelewing voorgehou word as 'n samelewing met konflikterende waardestelsels (tradisioneel versus modern) en reflekterend dit demografiese-, groeps-, ekonomiese (rykdom, prestige en klas) asook ander diskontinuïteite. Op 'n makrovlak impliseer hierdie toedrag van sake 'n konflik tussen kultuur en struktuur met onstabilitet en onewigtingheid as uitkoms. Dit bring 'n dimensie van permanensie in onstabilitet wat vroeër as dinamiese ekwilibrium beskryf is.

Met die aanvaarding van die nuwe grondwet (1994–1996) het die Suid-Afrikaanse samelewing net minder as 40 miljoen mense gehad – sowat 23 063 910 miljoen stemgeregtigdes. Tydens die 2009-verkiesing was die getal stemgeregtigdes reeds 31 673 238 (Statistics South Africa 2015:1). Ten opsigte van die 2015-bevolkingsyfers wys dit dat 30,2% jonger as 15 jaar is en net 8% (4,42 miljoen) sestig jaar en ouer is (Statistics South Africa 2015:1). Waar 56,9% van die bevolking tydens 2000 verstedelik was, staan dit tans op 64,3% (South African Survey 2016:30). Uit die voorafgaande syfers is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse demografie sedert 1994 drasties verander het – 'n verandering met implikasies vir elke terrein van die groter samelewing.

'n Veranderende demografie beteken 'n dinamiese politieke omgewing waarin die organisasie en mobilisasie van nuwe belang en eise op 'n deurlopende basis geakkommodeer en soms herakkommodeer moet word. Gemobiliseerde politieke eise vanuit die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) en die NUMSA-groepe kan binne hierdie verband geplaas word. Veranderende demografiese patronen binne die raamwerk van diep verdeeldheid (ras, klas en kultuurverskille) is meestal sinoniem met konflik en geweld – veral waar die amptelike beleid

⁴ Talle Afrikastate het gefluktueer van nuwe demokrasieë (waarna soms verwys is as verkiesings-demokrasieë) na vorme van niedemokratiese bedeling en telkens praetoriaanse (veiligheids) bewinde. Tussen 1970 en 1985 was daar byvoorbeeld suksesvolle staatsgrepe in Uganda, Ghana, Rwanda, Niger, Burkina Faso, Nigerië, Burundi, die Seychelles en Benin (Palmer 1989:233-235).

van transformatiewe verandering primêr funksioneer op basis van demografiese verteenwoordigendheid wat soms boonop selektief toegepas word (Duvenhage 2007:377-403).

Die Suid-Afrikaanse samelewing word dikwels voorgehou as een van die mees gewelddadige in die wêreld met patronne van etniese-, raskundige-, xenofobiese- en vigilante geweld as voorbeeld. Die onlange vlaag van studenteproteste en die gepaardgaande #FeesMustFall / #RhodesMustFall moet teen die agtergrond van 'n gevestigde kultuur van protes, konflik en geweld beoordeel word. Die gewelddadige kant van die Suid-Afrikaanse samelewing word duidelik gereflekteer in misdaadsyfers (meestal vîr bokant die wêreldnorm), xenofobiese geweld, vigilante optredes en diensleweringssproteste. In die periode 2001/2–2013/14 was daar sowat 7 096 plaasaanvalle waarin 790 mense gedood is (South African Survey 2016:776).

Sosiale onstabiliteit, konflik en geweld as eskalerende fenomeen kan goed geïllustreer word met die toename van private sekuriteitsinstellings die afgelope meer as 'n dekade. Tydens 1997 was daar 4 437 sodanige instellings wat werk aan 115 331 mense gegee het met 'n ratio van 1 veiligheidswag tot 351 mense. In 2014 het die getal firmas gegroeи tot 8 144 en het werk vir 487 058 mense teen 'n ratio van 1:222 verskaf (South African Survey 2016:843). Kortom, die Suid-Afrikaanse samelewing reflekter al die kenmerke en eienskappe van 'n gewelddadige oorgangsamelewing wat in 'n meer permanente vorm van gebroke ekwilibrium (soos vroeër teoreties beskryf) verkeer. Sowat 450 politieke sluipmoorde in Suid-Afrika sedert 1994 ('n produk van intra- en interparty konflik in veral KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Gauteng, Noordwes en ander) is stille getuenis van die gewelddadige Hobbesiaanse aard van die Suid-Afrikaanse samelewing (Wikipedia 2016:1-5). In die aanloop tot die 2016-plaaslike verkiesing het die getal sluipmoorde in veral KwaZulu-Natal boonop drasties toegeneem.

Die verstaan van sosiale dinamika en die impak daarvan op die politiek van die dag sal onvolledig wees as die ontwikkelende aard hiervan nie ook in oënskou geneem word nie. Hoë vlakke van armoede en werkloosheid lei daartoe dat groot dele van die bevolking afhanklik is van onder meer sosiale toelae. Die toekenning van sosiale toelaes as persentasie van die nasionale bevolking het van 6% in 1996 tot 31% tydens 2015/16 toegeneem. In begrotingsterme beteken dit 'n toename van R32 miljoen (2001/2) tot R147 miljoen (2015/16) (South African Survey 2016:624-625). Dit word bereken dat tussen 16 en 17 miljoen mense maandeliks sosiale toelaes ontvang waarsonder hul letterlik nie sou kon oorleef nie. Hierdie toedrag van sake word beklemtoon deur die feit dat tydens 2013 bevind is dat sowat 50% van die kinderbevolking in armoede lewe en dat daar bykans 3 miljoen weeskinder en 7.34 miljoen kinders met enkelouers is. Boonop is 11% van die bevolking MIV-positief (South African Survey 2016:633). Hierdie omstandighede (soos statisties beskryf) beklemtoon die afhanklikheid van groot dele van die bevolking van die staat en ondersteuning van die staat om letterlik fisies te kan oorleef. Polities gesproke definieer hierdie toedrag van sake egter die bestaan van patroonmaatskapverhoudings ("patron-clientrelationship" aldus Bratton & van de Walle 1998:61-89) wat polities manipuleerbaar is, maar inherent ontstabiel kan raak met verrekende politieke implikasies. (Polities gemobiliseerde verwagtinge wat nie vervul word nie, lê dikwels aan die hart van patronne van politieke onstabiliteit.) Hiervolgens word maatskaplike toelaes toegeken op grond van die veronderstelling dat die begunstigdes politieke steun aan die regerende politieke party (veral tydens verkiesings) moet gee. 'n Onvermoë van die kant van die staat om die sosiale sekuriteit van kwesbare dele van die bevolking te waarborg, het egter die inherente potensiaal van patronne van politieke onstabiliteit en selfs rewolusie. Die uitbreek van rewolusionêre en gewelddadige protes op die oomblik in Zimbabwe kan ook Suid-Afrika se voorland wees indien vorme van sosiale sekuriteit (toelaes, gesondheid, munisipale dienslewering ens.) nie

volhoubaar gehandhaaf kan word nie. Gebrekkige voedselsekerheid (tans ook 'n probleem in Suid-Afrika en Suider-Afrika) was bepalend vir patronie van politieke onstabilitet in state waar die Arabiese Lente voorgekom het (vergelyk Greffrath & Duvenhage 2014:27-33).

Uit die voorafgaande ontleding is dit duidelik dat die groter samelewingsdinamika en verbandhoudende vraagstukke 'n bepaalde tipe politiek definieer waarin gebroke ekwilibrium en politieke onstabilitet 'n belangrike kenmerk is. 'n Behoefte aan sosiale- en maatskaplike kohesie is van die groot uitdagings waarmee tans op sosiale vlak geworsteel word. Dit skep ook 'n scenario waarbinne studentegeweld verstaan moet word en vestig 'n belangrike grondslag waarvolgens Universiteite hul toekoms sal moet beplan.

3. DIE ANC DINAMIKA

Die African National Congress (ANC), Afrika se oudste bevrydingsbeweging, is tans vasgevang in sy grootste uitdaging sedert die organisasie se ontstaan in 1913. Na meer as 20 jaar aan bewind begin die organisasie sy politieke glans te verloor en is weerstand teen die organisasie besig om toe te neem. Die krisis hou verband met konflik en die disintegrasie van strukture, leierskapskonflikte, uiteenlopende ideologiese oriëntasies, verlaagde steunvlakke en politieke uitdagings op 'n staatkundige vlak (die ANC as regering).⁵ Organisatoriese vernuwing, met as eis transformasie van 'n bevrydingsbeweging na 'n volwaardige politieke party binne die raamwerk van 'n konstitusionele demokrasie, is die makro-eis wat tans aangespreek moet word. Dit blyk tans dat die party polities gesproke op 'n ander trajek gelei word wat nie die konsep van 'n konstitusionele demokrasie as grondliggende vertrekpunt het nie. Enkele aspekte word toegelig om die nuwe trajek van die ANC aan te dui en die implikasies hiervan vir 'n toekomstige staatkundige bedeling te beklemtoon.

3.1 Die disintegrasie van die "Breë Kerk"

Die "Breë Kerk" (Broad Church) bestaan primêr uit die ANC; die Jeugliga en Vroueliga, Congress of South African Trade Unions (COSATU), die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en die South African Civics Organisation (SANCO).⁶ Die herkoms van die konsep (verwysing) dateer uit die tyd voor die stryd ("struggle") toe verskeie politieke-, arbeids-, kerk- en instellings vanuit die burgerlike samelewing hande gevat het in die stryd teen apartheid. Die struktuur van die "Breë Kerk" as politiek koherente instelling (met die ANC as Voorhoede Party) is tans onder geweldige druk en as politieke verwysing (die institusionele konteks) is die instelling in 'n fase van disintegrasie. Reeds tydens die Mbeki-bewind was daar ernstige verdeeldheid binne die Drieledige Alliansie ten opsigte van Growth, Employment, and Redistribution: A Macro Economic Strategy (GEAR) en later Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa (ASGISA) rakende die uitvoering van transformasie. (Dit het onder meer bygedra tot die ontseteling van Mbeki as president van die ANC en Suid-Afrika.) Verwydering tussen die ANC, SAKP en COSATU was ook aan die orde van die dag in die aanloop en afloop van die Polokwane Konferensie waarin Zuma tot president verkies is. Onder die Zuma-bewind was die wittebrood van samewerking teen Mbeki van korte duur en het die disintegrasie van die "Breë Kerk" versnel. Verwydering tussen die ANC, SAKP en COSATU

⁵ Laasgenoemde aspek word meer volledig toegelig wanneer die staatkundige konteks hanteer word.

⁶ Ander organisasies waaronder organisasies vanuit die burgerlike samelewing (soos die SARK) maar ook staats- en semi-staatsinstellings en aanstellings (kaders) is soms invloedryk binne die "Breë Kerk".

was aan die orde van dag en was instrumenteel tot die stigting van die Economic Freedom Fighters (EFF) en die sogenaamde National Union of Metal Workers of South Africa (NUMSA)-moment waaruit 'n Werkersparty links van die sentrum tot stand kan kom. 'n Politieke en ideologiese breuk binne COSATU, nuwe konkurrente waaronder COPE, die EFF en NUMSA (Werkersparty/United Front), leierskapstryde en konflikte op talevlakke, die Zulufikasie (soms Zuma-fikasie) van die ANC; en die Zuma-dinamika as leier het effektiel 'n einde gebring aan makro strategiese vennootskappe (voorgehou as die Breë Kerk van die ANC). Tans is hierdie struktuur slegs 'n skadu van wat dit vroeër as "politieke impakspeler" was.

Die groter staatkundige dinamika waaronder patronen van politieke onstabilitet (byvoorbeeld diensleweringsproteste), die opvolgstryd ten opsigte van 'n nuwe staatspresident, ekonomiese en finansiële uitdagings en die opbou na die 2016-plaaslike verkiesings is 'n omgewing wat die krisis binne die ANC vergroot en waarvan die onlangse Tshwane-geweld 'n sprekende voorbeeld is. Selfs die konflikte en magstryde wat tans woed binne die South African Broadcasting Corporation (SABC) is simptomaties van ernstige verdeeldheid binne die ANC-familie.

Vir die eerste maal sedert 1994 het die ANC 'n verkiesing betree waarin daar nie gereken kon word op die gekonsolideerde steun van sy vennote en ondersteuners binne die groter familie van instellings nie. Met groter politieke onsekerheid en risiko's val die ANC deesdae sterker terug op sy tradisie as 'n bevrydingsbeweging en word daar meer kovert en sekurokraties opgetree. Toenemend word daar afgewyk van die norm van 'n sosiaal demokratiese party wat funksioneer binne die raamwerk van 'n grondwetlike demokrasie.

3.2 Leierskapstryle

Die finalisering van wykskandidate en partylyste vir die plaaslike verkiesing op 3 Augustus 2016 is oor die algemeen begroet met groot ontevredenheid, konflik en selfs geweld in talle provinsies en ook plaaslike distrikte. Die aanwysing van Thoko Didiza as burgermeesterskandidaat vir Tshwane het geleei tot konflik, geweld, chaos en plundery in die hoofstad. Soortgelyke konflikte, hoewel van 'n minder ernstige aard, was ook aan die orde in die Vrystaat, Noordwes en die Oos-Kaap. In reaksie op die aanwysing van kandidate en die finalisering van partylyste het die meeste onafhanklike kandidate in die geskiedenis van plaaslike regeringsverkiesings hulself verkiesbaar gestel – simptomaties van ontevredenheid met plaaslike regering in die algemeen, maar veral konflik binne die ANC self asook die geledinge van die ANC (Jeugliga; Vroueliga ens.).

Die opvolgstryd (wie moet Jacob Zuma as ANC-president asook staatspresident vervang?) woed tans fel binne die ANC en sal verskerp in die aanloop tot die 2017 Nasionale Konferensie van eersgenoemde. Die Zuma-groepering, met Nkosozana Dlamini-Zuma as voorkeurkandidaat, staan in direkte konflik met die anti-Zumagroepering waar Cyril Ramaphosa en Gwede Mantashe as kroonprinse beskou word. Buiteperde waaronder Kgalema Motlanthe en Baleka Mbete maak die magstryd nog meer kompleks. Met eiesoortige mags- en steunbasisse binne die "Breë Kerk" enersyds en die groter politieke regime andersyds word een van die heftigste leierskapstryde in die kontemporäre geskiedenis van die ANC in die vooruitsig gestel.⁷ Die

⁷ Die Zuma-groepering se belangrikste magsbasisse sluit in meerderheidsteun binne die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC, die sogenaamde Premiersliga (KwaZulu-Natal, Mpumalanga, die Vrystaat en Noordwesprovinsie), die Sekuriteitskluster (Intelligensiedienste, Polisie, Weermag en Korrektiewe Dienste); asook kaders in strategiese posisies binne die groter regime. Die anti-Zumagroepering word gesteun vanuit Luthuli Huis (Gwede Mantashe); die Oos-

uitkoms hiervan (na alle waarskynlikheid) gaan 'n meer verdeelde ANC wees met verdere breuke wat nie uitgesluit kan word nie. 'n Verdere faktor wat bydra tot verdeeldheid is diepliggende ideologiese verskille.

3.3 Ideologiese verskille

Met die Nasionaal Demokratiese Rewolusie-idee⁸ as grondliggende ideologiese raamwerk en vertrekpunt is verskeie transformasieplanne soos die Heropbou en Ontwikkelingsplan, GEAR, ASGISA en tans die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) van stapel gestuur. Transformasie beteken in hierdie verband die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele verandering van die samelewing, voortspruitend uit 'n onaanvaarbare verlede wat onder die leiding van 'n politieke hegemonie (die Voorhoede Party) ten uitvoer gebring word (vergelyk Duvenhage 2007:377-403).

Met die eerste fase van die "rewolusie" (lees politieke oorgang ("transition") afgehandel, is die fokus nou op die tweede fase, te wete ekonomiese en sosiale transformasie (Strategy and Tactics 2012:13). Sake soos armoedeverligting, werkskepping, sosiale sekuriteit, onderwys, gesondheid en grondhervorming word nou tot strategiese prioriteite verhef met as vertrekpunt gelykheid en gelyke geleentheid/toegang. 'n Ontwikkelingsgerigte staat moet die uitkoms wees en beteken "an activist state that intervenes decisively in the economy with a general progressive agenda" (Strategy and Tactics 2012:68).

Ideologie en beleidstoepassing was 'n ernstige bron van konflik binne die ANC en die sogenoemde "1996 Class Project" en die raakpunte met die GEAR en ASGISA-programme is geassosieer met 'n "pseudo revolutionary style" (en) "neo- capitalist relations" en was bydraend tot die val van Mbeki as president van die ANC en later ook as staatspresident. Die Polokwane Konferensie en die oornname van Jacob Zuma was nie net 'n waterskeidingsmoment vir die ANC nie, maar het ook 'n meer radikale en populistiese fase ingelei. Die fokus word nou 'n "comprehensive anti-poverty and social security strategy" bestuur vanuit die staat en verantwoordelik aan die party (Duvenhage 2013:3-6).


In die opbou tot die Mangaung Konferensie het die "korrekte interpretasie" van die NDR egter weer sterk ter sprake gekom. Die NOP as strategiese raamwerk vir transformasie is vir COSATU, die SAKP en linkse groeperinge binne die ANC onaanvaarbaar. 'n Meer radikale benadering word bypeleit en Jacob Zuma en sy groepering word toenemend die slagoffer van kritiek teen die NOP. Die uitkoms hiervan is ideologiese en beleidsonsekerheid; interne konflik en onstabilitet; asook verdere olie op die vure wat woed in terme van leierskapstryde en veral die opvolgstryd. Aanduidings van verlaagde steunbasisse (histories en toekomstig) kompliseer die posisie van die ANC as regering, bring onsekerheid en bevorder patronen van konflik en geweld.

Kaap, Limpopo en Gauteng met ondersteuning vanuit die geledings van COSATU, die SAKP en ander ontevredenes vanuit die "Bree Kerk". Dit is interessant dat die Zumagroepering sterker appelleer op tradisionele steunbasisse, terwyl die anti-Zumagroepering weer groter steun geniet in die stedelike omgewings.

⁸ Volgens die ANC se Strategy and Tactics-dokument (2012:70) kan die NDR voorgehou word as "...a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people."

3.4 Steunbasisse

Die afgelope nasionale, provinsiale en plaaslike verkiesings beklemtoon die werklikheid van dalende steun vir die regerende ANC. Hierdie dalende steun manifesteer op twee vlakke, te wete laer reële steun (stemme vir die ANC tydens verkiesings), maar ook verhoogde vlakke van politieke apatie (potensiële kiesers) andersyds. Die volgende grafiek beklemtoon die dalende steun van die ANC tydens nasionale en provinsiale verkiesings. Die vergelyking ten opsigte van die DA as amptelike opposisie beklemtoon die tendens:



Figuur 2: Nasionale en provinsiale verkiesingsuitslae vergelyking DA en ANC

(OVK 2016. Eie rekonstruksie)

Selfs meer kommerwekkend as bogenoemde is die verhoogde vlakke van politieke apatie soos wat die volgende syfers duidelik aandui:

Totale bevolking	40 436 000	42 424 823	42 768 678	49 052 489
Totale getal potensiële kiesers	23 063 910	24 411 573	27 944 712	31 673 238
Geregistreerde kiesers	22 709 152	18 177 000	20 674 926	23 181 997
Totale uitgebragte stemme	19 726 610	16 228 462	18 863 554	17 919 966
Persentasie (geregistreerde kiesers)	86.87%	89.28%	91.24%	77.30%
Persentasie (potensiële kiesers)	85.53%	66.48%	67.50%	56.57%
Wegblystem	3 337 300	8 183 111	9 081 158	13 752 272

Figuur 3: Nasionale en Provinsiale verkiesingstatistieke

(OVK 2016)

Op plaaslike regeringsvlak is die vlakke van apatie selfs nog meer kommerwekkend hoog. Van die 33.7 miljoen potensiële kiesers (2011-verkiesing) het 23.6 geregistreer en slegs 13.6 miljoen kiesers gestem. Dit verteenwoordig slegs 40.5% van die potensiële stemgerigtes wat wel gestem het (South African Survey 2016:865).


In die opbou na die 2016-plaaslike verkiesings was daar sterk aanduidings dat die steunvlakte van die ANC onder verdere druk kan kom. Dit is veral in die Tshwane, Johannesburg en Nelson Mandela metropole (die swart middelklas) waar die ANC merkbare steunverliese ervaar soos reeds geïdentifiseer in meningspeilings.⁹ Die redes vir die steunverliese hou verband met komplekse redes wat insluit faksiegevegte en leierskapstryde op alle vlakke van die organisasie, die Jacob Zuma-profiel en kontroversie, 'n politieke skuif na links,¹⁰ nuwe politieke konkurrente links van die sentrum, swak dienslewering op alle vlakke en ideologiese en beleidskonflikte. In samehang met bogenoemde is die konflikterende identiteite van die ANC as leier van die "Breeë Kerk" 'n bevrydingsbeweging, politieke party binne 'n konstitusionele demokrasie, party in regering en verteenwoordigers van die massa 'n groot uitdaging wanneer dit kom by die suksesvolle organisasie en mobilisasie van steun. Die verswakkende ekonomie (dit word later breedweg bespreek) en die impak wat dit het op lewenstandaard en gehalte asook die breeë kultuur van konflik en geweld en die uitspeel hiervan op die groter samelewing, reflekter negatief op die ANC, sy beleid en leierskap. Hierdie konflikte manifesteer tans ook binne die groter regime en impliseer instellings soos die South African Broadcasting Corporation (SABC), Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL), Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA), die Openbare Beskermer, die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Electrical Supply Commission ESKOM, die Menseregtekommisie en Petro-SA op 'n direkte of indirekte wyse (Johnson 2015:146-149).

Bogenoemde voorspellings en die onderliggende redes hiervoor was verantwoordelik vir drastiese steunverliese vir die ANC tydens die 2016 plaaslike verkiesings waar steunvlakte in die groot metropole selfs tot onder 50% gedaal het.

⁹ Die IPSOS-Markinorpeilings van Junie-Julie 2016 het gewys op dalende steunvlakte vir die ANC en selfs beduidende agterstande teen die DA in die genoemde metropole. Dit is bevestig met die 2016-verkiesings. Die ANC se steunvlakte het in die plaaslike verkiesing van 3 Augustus 2016 van 62.44% (2011) tot 53.9% gedaal. In 27 munisipaliteite ontbreek absolute meerderhede (50% +1) met inbegrip van 4 metropole, Tshwane, Ekhurhuleni, Johannesburg en Nelson Mandela Baai. (Vergelyk Rooi 2016:4; OVK 2016).

¹⁰ Vergelyk Greffrath & Duvenhage (2014:196-220) vir besonderhede oor die politieke skuif na links. (*Contemporary History*, 39(2):196-224).

Skematises kan hierdie uitslae soos volg voorgestel word:



Figuur 4: Plaaslike verkiesingsuitslae DA versus ANC (2000–2016)

(OVK 2016. Eie rekonstruksie)

Die 2016-plaaslike verkiesing kan as 'n waterskeidingsmoment vir die ANC-regering, maar ook opposisiepartye vertolk word. Die politieke landskap het letterlik oornag verander en nuwe spelreëls van koalisiepolitiek het oornag hul weg gevind in sowat 27 munisipaliteite waar geen party 'n absolute meerderheid kon behaal nie (Rooi 2016:4).

Universiteite staan ook nie los van die dinamika afkomstig vanuit hierdie omgewing nie. Kampusanstabiliteit kan ten minste gedeeltelik verstaan word vanuit die dinamika afkomstig vanuit die ANC en die "Breë Kerk". Die impak van die staatkundige konteks definieer 'n verbandhoudende, maar ander, dimensie van die politieke omgewing wat ook 'n direkte invloed op universiteite uitoefen.

4. DIE STAATKUNDIGE KONTEKS


Verskeie indekse met inbegrip van die Failed State Index, Rainbow Index en Mo Ibrahim Index (met spesifieke regeerkunde kriteria) beklemtoon die oorhoofse tendens van staatkundige verswakking in Suid-Afrika (Greffrath 2015:29-30). Met staatsverswakking word bedoel 'n verswakkende vermoë om grondwetlike pligte en verantwoordelikhede (uitgebou in terme van wetgewings) suksesvol uit te voer. 'n Swak staatdinamika dui op 'n beperkte vermoë om politieke spelreëls af te dwing en daardie instelling te wees wat soewerein is soos gemeen in terme daarvan om waardes en skaars middele suksesvol toe te wys (vergelyk Migdal 1988:4; Duvenhage 2006:17-19 en Geldenhuys 1999:37-56).¹¹

¹¹ Staatsverswakking kan in terme van kategorieë uitgedruk word:

- Sagte State (verdraagsaam ten opsigte van korruptie, nepotisme en grensbeheer).
- Swak State (kompeteer en konflikte onder magsbasisse ten opsigte van die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele).

'n Tendens van institusionele en politieke verval binne die groter institusionele raamwerk van die staat (die regime) raak toenemend endemies, manifesteer op alle vlakke van die stelsel met inbegrip van semi-staatsinstellings (vergelyk Greffrath 2015:333-364; Johnson 2015:238). Die toestand van plaaslike regering in die algemeen, maar veral in die Noordwes, Limpopo en die Oos-Kaap bereik reeds krisisafmetings. Hoewel ouditverslae van plaaslike regerings 'n verbetering as tendens in sommige omgewings aandui, kon slegs 54 van die 278 munisipaliteite wat geaudit is skoon oudits behaal. Hierdie 54 munisipaliteite bestuur sowat 39% van die totale begroting vir alle plaaslike regerings wat beteken dat sowat 61% van die begrotingspanderings in 'n mindere of meerder mate problematies is (Auditor General of South Africa 2016:22-24). Ernstige bestuursprobleme en finansiële uitdagings staan ook die SAL, die Poskantoor, Transnet, Eskom en Petro-SA in die gesig (vergelyk Johnson 2015:146-149 vir besonderhede oor uitdagings in hierdie onderskeie sektore).

Binne die groter raamwerk van politieke en institusionele verval is 'n aantal uitkomstes belangrik om te vermeld, waaronder korruksie¹² (veral tenderkorruksie en die sogenaamde tenderpreneurs), nepotisme in terme van kaderontplooiings, eskalerende diensleweringsproteste, 'n toename in buitelandse immigrante as gevolg van swak grensbeheer en swak ekonomiese prestasie – om die belangrikste sake te beklemtoon. Die onderstaande grafiek ten opsigte van diensleweringsproteste vertel boonop 'n verhaal in eie reg:



Figuur 5: Diensleweringsproteste 2004–2014

(South African Survey 2016:874)

- Ingeploffde State (verloor verder ook beheer van die staatsteritorium as gevolg van burgeroorloë, krygsbeheer ens.)

(Duvenhage 2006:17-19; Geldenhuys 1999:37-56.)

¹² Johnson (2015:169) verwys selfs na die "criminalization of the state" as die uiterste waartoe korruksie en nepotisme reeds ontwikkel het.

'n Kommerwekkende staatkundige tendens is wat genoem kan word die sekurokratisering van die staat (van den Berg 2014; Duncan 2014:3-11). 'n Tendens waarvolgens veiligheidsinstellings, veral die veiligheidskluster (Polisie, Weermag, Intelligensiedienste, Justisie en Korrekiewe Dienste) optree as die beskermer van die belang van die "sterk man" tree al hoe sterker na vore soos onder meer geïllustreer deur die Nkandla-skandaal, die Spioenasiebandesaga en wat as Guptagate beskryf is. Na hierdie tendens word verwys as "neo patrimoniale praetorianisme"¹³ en bevestig patronen van politieke en institusionele verval (Duvenhage 2016b:112-134).

Binne 'n omgewing van eskalerende konflik is daar tans groot druk op die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) om 'n vrye en regverdige verkiesing te waarborg met niegeverifieerde kieserslyste as een van die groot uitdagings. Hierdie verkiesingsdinamiek plaas tans groot druk op die stelsel van die OVK, en laat vrea oor of die Suid-Afrikaanse demokrasie besig is om te konsolideer en of daar onvermydelik beweeg word in die rigting van praetoriaanse politiek en selfs 'n korrupte staat.¹⁴ Hierdie makro-tendens, hoe dit ook al uitspeel, gaan bepalend wees vir hoe ook universiteite vorentoe bestuur gaan word.

Die politieke ekonomie van Suid-Afrika is tans 'n bepalende faktor vir die politieke omgewing in die algemeen en universiteite in besonder. Hierdie drywer van verandering word ten slotte hanteer.

5. DIE POLITIEKE EKONOMIE

'n Suksesverhaal van die post-1994 bedeling was hoë vlakke van ekonomiese groei en groter toegang tot basiese dienste. In die periode 2004–2007 het die ekonomie byvoorbeeld met 'n gemiddeld van sowat 5% per jaar gegroei. Dienslewering was bydraend tot verhoogde lewenstandaarde en kan so voorgestel word:

KRITERIUM (TOEGANG)	1996	2014
Formele huisvesting	64%	79.4%
Toegang tot "pyp"-water	79.8%	90%
Kosmaak met elektrisiteit	47.1%	81%
KRITERIUM (TOEGANG)	1998/99	2015
Sosiale toelae	3.5 miljoen	16.7 miljoen

Figuur 6: Sosiale sekuriteit: statistieke

(South African Survey 2016:620,648-649)

¹³ Vergelyk Duvenhage (2016b:112-134) vir besonderhede oor die sekurokratisering van die Suid-Afrikaanse staat en spesifiek die konseptualisering van "neo-patrimoniale praetorianisme". (*LitNet*, 13(1):112-137).

¹⁴ Die tema van politieke en institusionele verval enersyds en demokratiese konsolidasie andersyds is groot temas waarna slegs verwys word (Duvenhage 2014:1-30).

Inderdaad kan hier van 'n "goeie storie" gepraat word. Hierdie omstandighede het egter die terrein voorberei wat Cronje (2014:1) as "the crisis of rising expectations" beskryf.¹⁵ Sedert 2008/9 het die prentjie egter drasties verander en is ekonomiese groei bykans konstant afwaarts aangepas en het die IMF sy groeivoorskating onlangs op 0.1% gestel (Joubert 2016:13). Dit is heelwat laer as hul vooruitskating van 1.3% (Oktober 2015) en 0.6% (April 2016) vir die jaar 2016. Volgens die IMF is die risiko's vir die Suid-Afrikaanse ekonomie geleë in die koppeling met die Sjinese ekonomie wat tans druk ervaar, internasionale wisselvalligheid, Brexit, die aard van plaaslike politiek en beleidsonsekerheid. Die IMF is oortuig dat staats- en semi-staatsinstellings hervorm moet word en dat meer gedoen moet word om die ekonomie te laat groei (Joubert 2016:13). Kortom, die ekonomie onderpresteer tans op so 'n vlak dat net die handhawing van die status quo reeds 'n reuse uitdaging geword het – om nie eens te praat van 'n ekonomie wat werk kan skep en eskalerende verwagtinge kan akkommodeer nie.

Ekonomiese en finansiële uitdagings manifesteer op verskillende terreine waaronder eskalerende staatskuld, die inploffing van die mynbedryf en gepaardgaande werksverliese, arbeidsonstabilitet en stakings wat 'n demper plaas op goeie vooruitsigte en werkskepping, 'n verslegtende wisselkoers, die krisis binne die vervaardigingsektor en die swak bestuur en niefinansiële volhoubaarheid van semi-staatsinstellings soos vroeër aangedui (Vergelyk Johnson 2015:146-174 vir besonderhede oor hierdie betrokke uitdagings). Indien die droogte van die afgelope aantal jare in berekening gebring word en die implikasies hiervan vir voedselproduksie en watervoorsiening van kwesbare gemeenskappe verder in ag geneem word, voltooi dit 'n ongunstige politiek-ekonomiese scenario. Johnson (2015:151-152) se makro-perspektief op die politieke ekonomie van die land is soos volg:


The story of South Africa's economy since 1994 is one of decline towards lower growth, lower investment and higher unemployment. The problem which will thus have to be faced before long is whether the ANC's tolerance of capitalism will stretch to being willing to take the tough, even harsh measures required to restore health to the system.

Universiteite is tans met die #FeesMustFall-kampanjes onder geweldige druk as verreken word dat tussen 1994 en 2016 studentegetalle van 'n half miljoen tot een miljoen toegeneem het – 'n verhoging in deelnamekoers van 12% – 20%. Dit opgeweeg teen die agtergrond van 'n begroting wat vêr onder norm is en met die huidige ekonomiese en finansiële werklikhede nie maklik verhoog sal kan word nie (Shay 2016:1-2).¹⁶

'n Onderpresterende ekonomie enersyds en eskalerende politieke verwagtinge andersyds is 'n resep vir patronne van politieke onstabilitet veral binne die raamwerk van 'n verswakkende staat. Hierbenewens word die huidige bedeling verder gekonfronteer met die swakste verkiesingsuitslae vir die ANC-regering sedert 1994 soos vroeër beklemtoon. Inderdaad 'n politieke ekonomie wat onstabiel is met die vooruitsig van verdere onstabilitet. In eie reg dra die studenteprotes en die #FeesMustFall-initiatief (wat in die oorblywende maande van 2016 tot verdere hoogtes gevoer gaan word) by tot die reeds bestaande patronne van onstabilitet met reuse implikasies vir die voortbestaan van universiteite in Suid-Afrika. Skematies kan die makro-prentjie so voorgestel word:

¹⁵ Veral aan die linkerkant van die politieke spektrum waar radikale swart magsgroepe en vakbonde gepositioneer is, is daar tans geen plafon vir verwagtinge nie.

¹⁶ Studieskuld het binne twee jaar bykans verdubbel van R3.6 miljard (2012) tot 5.3 mijard (2014) staatsfinansiering het in reële terme oor die afgelope 11 jaar (as gevolg van inflasie) met 3.4% per student afgeneem. Die aard van die huidige ekonomiese en finansiële omstandighede in die staat maak verhoogde staatsubsidies hoogs onwaarskynlik (Swanepoel 2016:6).



Figuur 7: Drywers van politieke verandering

(Eie diagram/rekonfigurasie)

5.1 Die uitkomstes van politieke verandering

Die voorafgaande ontleding beklemtoon die aard en kompleksiteit van dit wat vroeër as "gebroke ekwilibrium" beskryf is en die manifestering hiervan binne die Suid-Afrikaanse konteks. Enkele belangrike uitkomstes van hierdie dinamika kan so geformuleer word:

- Sosiale, ekonomiese en politieke dryfvere (en/of omstandighede) lê ten grondslag van patronen van onstabilitet met die vooruitsig dat hierdie patroonmatigheid vorentoe kan vererger of versleg.
- Die endemiese aard van sosiale, ekonomiese en politieke geweld is besig om binne die groter politieke kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing te institusionaliseer. (Politiek word bedryf deur middel van geweld!)
- Breë samelewingsgeweld (via onder meer die "Breë Kerk") vind sy weg na die regering en die groter politieke regime en is in eie reg vir onstabilitet en onbestendigheid verantwoordelik. Huntington (1965:416) se beskrywing van 'n "praetoriaanse samelewing" is tiperend van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing wat hy soos volg formuleer:

A society which lacks law, authority and discipline and consensus, where private interests dominate public ones, where there is an absence of civic duty, where in short political institutions are weak and social forces strong.

- In reaksie op patronen van politieke onstabilitéit is die regime besig om toenemend te sekuroratiseer en beslag te gee aan vorme van praetoriaanse politiek.
- Nie net word die vorm van regering (demokraties sowel as nie-demokraties) bedreig nie, maar in die ekstremen en op die langer termyn ook die staat as staat – dit wil sê die graad van regering (Vergelyk Huntington 1968:1-8 vir die onderskeiding tussen “graad” en “vorm” van regering).
- Tendense binne die huidige omgewing is verantwoordelik vir patronen van politieke en institusionele verval.
- Die ANC as bevrydingsbeweging sal toenemend vorentoe by die stembus getoets word en dat 'n demokratiese nederlaag in wese sal konflikteer met die “DNA” van die organisasie. (Kortom, 'n demokratiese nederlaag sal gepaardgaan met patronen van politieke onstabilitéit.) Die swak vertoning van die ANC tydens die 2016-plaaslike verkiesing in veral die groot metro's en die wyses hoe dit vorentoe bestuur gaan word, asook die potensiële impak hiervan op die leierskapskonflikte binne die “Breeë Kerk”, beklemtoon groter onsekerheid wat die bestaan en potensiaal vir verdere patronen van onstabilitéit raak.

In wat gesien kan word as “doemprofesieë” ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politieke toekoms redeneer RW Johnson (2015:240,242-243) dat:

The country is set up for a huge and obvious failure...Indeed, everything suggests that South Africa under the ANC is fast slipping backward and that even the survival of South Africa as a unitary state cannot be taken for granted. The fundamental reason why the question of regime change has to be posed is that it is now clear that South Africa can either choose to have an ANC government or it can have a modern industrial economy. It cannot have both.¹⁷

Hoewel 'n ekstreme beskouing, beklemtoon hierdie ontleding ten minste dat Suid-Afrika tans met groot uitdagings te make het.

Ongeag optimisme, of pessimisme is dit duidelik dat Suid-Afrika in die nabije toekoms groot uitdagings sal moet trotseer. Soos gemeld, gaan hierdie oorgange telkens gepaard met 'n akademies kritiese (her)besinning oor die status quo (lees die groter regime), die waardes waarvolgens dit funksioneer en/of die beleidsmatige toepassing hiervan. Hierdie proses is tans in volle gang en kan uitloop op 'n groter politieke, ekonomiese en sosiale herskikking – soms voorgehou as 'n opvolgskikking.

Die teenvoeter vir eskalerende konflik en geweld (die Johnson-projeksie) is geleë in 'n inklusiewe proses van onderhandelinge en skikkings vergelykbaar met die aanloop tot die totstandbrenging van die nuwe grondwetlike bedeling van 1994 – 'n vorm van 'n “opvolgskikking”. Binne die raamwerk van die “Breeë Kerk” is daar tans ook 'n indringende besinning en herbesinning aan die gang waarin intellektueles, vakbondleiers, kerkleiers, politici en ander die afgelope tyd insette gelewer het. (Frank Chikane se dokument *Saving the soul of the ANC* is 'n voorbeeld in hierdie verband.) Dit is egter ook duidelik dat verskeie kwessies staatkundig van aard (eerder as party polities) ontwikkel. Oplossings moet hier op 'n staatkundigevlak gesoek word vir sake soos transformasies en die beleidsmatige toepassing hiervan; sosio-ekonomiese kwessies waaronder armoedevertigting, werkskepping, sosiale

¹⁷ In sy werk “Time Traveller’s Guide to our next ten years” (2014) is Frans Cronjé ook negatief oor die politieke vooruitsigte vir Suid-Afrika vorentoe.

sekerheid, landelike ontwikkeling en grondhervorming; arbeidsverhoudinge en die regulering (deregulering) hiervan; demokratiese konsolidasie; politieke institusionalisering; waardesisteme en moreel-etiese kwessies; asook die regte en kultuur van minderheidsgroepe. Binne hierdie konteks (eerder as die bestaande trajek) met die betrek van alle rolspelers moet daar ook na antwoorde vir die universiteitsomgewings gesoek word.

Met die voorafgaande politieke omgewingsverkenning as vertrekpunt kan die volgende op universiteitswese in die algemeen en Afrikaanse Universiteite in besonder van toepassing gemaak word:

- Die politieke omgewing word toenemend onstabiel en universiteite is en sal vorentoe meer en meer die slagoffer word van patronen van politieke onstabilitet en 'n ontwrigte staatkundige bedeling.
- Eise ten opsigte van vermelde politieke transformasie (met as fokus ekwiteit, toegang, nuwe leerplanne ens) gaan meer doelgerig toegepas en versnel word. Afrikaanse Universiteite in die besonder sal as teikens uitgesonder word.
- 'n Sterker ontwikkelingsgerigte benadering is van toepassing op universiteite met as fokus die aansprek van ontwikkelingsgerigte vraagstukke soos armoedeeverligting, werkloosheid ens.
- Algemene ekonomiese omstandighede (met spesifieke verwysing na finansiële beperkinge) kan in eie reg die voortbestaan van universiteite (en selfs die universiteitswese) in gevaar stel.
- Die kombinasie van bogenoemde is nie net verreikend vir universiteite nie, maar bedreig die universiteitswese in Suid-Afrika soos wat instellings histories tot stand gekom het.

6. UNIVERSITEITE – QUO VADIS

Universiteite is samelewingsinstellings en word gerig en bepaal deur toestande in die groter samelewing en uiteraard ook hul verhoudings met ander instellings en in besonder die staat. Binne die raamwerk van die staat is dit veral die politieke stelsel (regime) waarin ideologie en finansies belangrik is, wat rigtinggewend kan inwerk op die toekoms van universiteite. Kortom, universiteite staan nie los van die ekonomiese en sosiale omstandighede binne die groter samelewing nie, terwyl die polities-staatkundige konteks in eie reg die toekoms van hierdie instellings kan bepaal. Met bogenoemde as vertrekpunt ervar Suid-Afrikaanse Universiteite diverse vorme van sosiale, ekonomiese en politieke konflikte, die ergste onstabilitet sedert 1994, 'n duidelike geformuleerde en gedetailleerde politieke ideologie in toepassing (transformasie in terme van verteenwoordigendheid soos afdwingbaar in terme van taal, ekwiteit, sillabusse ens) en boonop ernstige finansiële druk wat die voortbestaan van selfs toonaangewende universiteite in gevaar stel. Dit is interessant (selfs ironies) dat Nic Grové (registerateur van die Universiteit van Pretoria)¹⁸ beklemtoon dat

Our universities are required to provide much more than teaching and research – they must create a one-stop socio-economic solution for all the needs of students [...] The current funding crisis in Higher Education is brutal. #FeesmustFall 2 is probably on its way [...] The current SA model of residential universities is no longer sustainable.

¹⁸ Referaat gelewer met die titel "Reg tot protes versus kampusveiligheid" by die PUK-Forum (Skool vir Filosofie, Fakulteit Lettere) te Potchefstroom op 18 Julie 2016.

Die makro-beleidsraamwerk en sy toepassing van 'n getransformeerde universiteit kan soos volg saamgevat word:

- Reflektereer sosiale demografie op alle vlakke van die groter samelewing.
- Is bemagtigend en ondersteunend ten opsigte van die groter samelewing.
- Staatsgedefinieerde hoër onderwys. (Tans het die regering 'n kommissie van ondersoek geloods na die moontlike afskaffing van klasgelde en moet binne enkele maande verslag doen.)
- Eentalig Engels met min of geen ruimte vir ander tale nie.
- Toegang en ondersteuning vir veral die voorheen benadeelde kategorieë van die samelewing. (Vergelyk Grové 2016; Duvenhage 2015:22-26)

Uitgaande van bogenoemde vertrekpunte moet die universiteit funksioneer binne 'n bevryde omgewing waarin 'n nuwe stel waardes, norme en prioriteite vooropgestel word, 'n nuwe kliënte-korps gediens word, onderrig moet gerig word deur nuwe leermeesters en navorsings-uitsette moet die onmiddellike belang van die groter samelewing vooropstel (Duvenhage 2015:22-26, 2016a:6-7). 'n Postkoloniale konteks met 'n sterk Afrikagerigte akademiese benadering word beklemtoon, wat moet afsien van koloniale praktyke, filosofieë en teorieë.

Universiteite en ander instellings van hoër onderwys wat nie aan bogenoemde norme voldoen nie (en wat soms met die ou bedeling verbind word) moet op 'n interventionistiese wyse gedwing word om sodoende aan bogenoemde gestelde eise te voldoen. Werkswyses in dié verband is divers en sluit in sake soos nuwe wetgewing waarvolgens universiteite sentraal bestuur moet word (vergelyk die voorgestelde sentrale werwing en toewysing van studente aan kampusse), asook vorme van staats- en politieke intervensies deur politieke partye, studente-organisasies, kommissies van ondersoek en finansiële beperkinge of dreigemente in hierdie verband. In die woorde van Nic Grove (2016):

From State Capture to the Capturing State: Universities are the last of the major public activities funded by the State that are not directly controlled by the State [...] We will start seeing a progressive decline in the autonomy universities enjoy.

Die groter politieke omgewing, die normatiewe en beleidskonteks met die gepaardgaande strategieë vir die transformasie van hoër instellings het groot implikasies vir die outonomie van universiteite, hul finansiële volhoubaarheid, akademiese gehalte en op volhoubare veertalige hoër onderwys.

Met universiteite wat steeds mank gaan aan die #FeesMustFall I (2015) word 'n selfs meer gekoördineerde #FeesMustFall II (2016) in die vooruitsig gestel, met verrekende implikasies nie net vir spesifieke universiteite nie, maar ook vir die universiteitswese in die algemeen. Binne hierdie verband is die universiteit van die toekoms een met groot getalle ("massification"), 'n negatiewe dosent-student verhouding, lae klasgelde, swak kwaliteit en baie beperkte navorsing (vergelyk Grove 2016). Die bestuursmodel soos onder meer tans in wetgewing voorberei word, is vergelykbaar met dié van semi-staatsinstellings soos SAL, die Poskantoor, Transnet en ander. Die bestuursuitkomstes, soos gemeet aan die groter patroonmatigheid, is voorspelbaar.

Dus, die Suid-Afrikaanse universiteit van môre (soos gedikteer vanuit die sosiale, ekonomiese en staatkundige omgewings) is getransformeerd, postkoloniaal in sy oriëntasie en bestuursmatig soortgelyk aan 'n semi-staatsinstelling. Die norm en praktyk is 'n Afrika-universiteit (nie 'n Universiteit van Afrika nie) en nie 'n toppresterende universiteit met 'n hoë gradering in 'n wêreldkonteks nie. In 'n neutedop kan universiteite óf'n funksionele en legitieme

kennisinstelling wees óf'n politieke instelling waar ideologie die kernbesigheid definieer. Dit kan ongelukkig nie beide wees nie.

In 'n omgewing van toenemende politieke onstabiliteit (tans prominent in Suid-Afrika en ook kenmerkend van talle Afrika-state) word universiteite verder ook al hoe meer aangewese daarop om hul eie veiligheid en sekuriteit te verseker. Politieke onstabiliteit met as voorbeeld diensleweringsproteste, politieke sluipmoorde, studenteproteste en arbeidsonstabiliteit dwing universiteite toenemend om meer sekurokraties op te tree. In 'n praetoriaanse omgewing waar "...the wealthy bribe; students riot; workers strike; mobs demonstrate; and the military coup" (aldus Huntington 1968:196) het universiteite nie veel van 'n keuse anders as om te sekurokratiseer nie – al gaan dit teen die wese van universiteitswees. Die rol van sosiale media ("virtual gangs on social media" – aldus Grove 2016) kan binne hierdie konteks ook nie onderskat word nie en word 'n faktor wat die universiteitsomgewing ernstig kan destabiliseer. Toenemend word beslag gegee aan 'n "praetoriaanse universiteit" – sekurokraties beveilig en afgesper met doringdraad, "firewalls", politieke intelligensie en heinings van huis die samelewing wat ondersteun en bemagtig moet word. Dit is ironies dat in die tye waarin universiteite hulself vandag in Suid-Afrika bevind die praetoriaanse universiteit (waar die beveiliging van kampusse, mense en eiendom 'n universiteitsprioriteit geword het in belang van die universiteit en sy waardes) huis noodsaaklik is vir akademiese vryheid en die beveiliging van die stryd om idees. Hierdie is maar een van talle paradokse wat tans bestuur moet word en ook versoen moet word in die voorgestelde postkoloniale Afrika-konteks. Tereg kan die vraag gevra word: Wat van die Afrikaanse Universiteite?

6.1 "Afrikaanse Universiteite"

Die voorafgaande politieke omgewingsverkenning en die uitspeel hiervan ten opsigte van die universiteite is tans lotsbepalend vir hierdie instellings. "Afrikaanse Universiteite" (tot die mate dat dit steeds 'n praktiese konsep in toepassing is) verteenwoordig 'n omgekeerde simboliek wat ooreenkomsdig bepaalde ideologiese opvattinge uitgedien is en selfs uit die samelewing "verwyder" moet word. Die huidige politieke omgewing enersyds, en sosiale en finansiële werklikhede andersyds, definieer tans van die grootste uitdagings vir die universiteitswese in Suid-Afrika – in hul relatief kort geskiedenis. Wanneer dit by hoër onderwys in Afrikaans kom, is dit uitdagings voortspruitend uit sosio-ekonomiese omstandighede, finansiële beperkinge en, selfs meer belangrik, ongunstige politieke sentemente selfs heelwat groter as ander universiteitsbedelings wat die toekoms tans baie duister laat lyk. Die fokus van die debat het die afgelope tyd ook verskuif van die oorlewing van "Afrikaanse Universiteite" na die oorlewing van Afrikaans as taal vir hoër onderwys en in die ekstreem selfs die oorlewing hiervan as basiese akademiese taal.

Die oorlewing van Afrikaans as akademiese taal (en die uitkoms hiervan in terme van instellings van hoër onderwys) is eventueel in die hande van die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika. 'n Perspektief vanuit die denke van Karl Marx kan hier van toepassing wees naamlik: "The philosophers have only interpreted the world in various ways. The point however is to change it". Die tyd van akademiese debat en diskouers oor "Afrikaanse Universiteite" en Afrikaans as taal vir hoër onderwys is myns insiens verby (of tans dalk van mindere belang) en die Afrikaanse gemeenskap (indien die saak belangrik genoeg is) sal daadwerklik moet handel as uitkoms vir al die diskouerse van die afgelope aantal jare. Is die Afrikaanse gemeenskap gereed en bereid om die uitdaging te aanvaar en te volvoer? Die volgende kan die sukses hiervan (al dan nie) bepaal:

- Die vermoë om substantiewe politieke steun oor rassegrense heen te organiseer en te mobiliseer in belang van Afrikaans en Afrikaanse instellings.
- Die huidige dinamiese ekwilibrium (en die geleenthede wat dit bied) te gebruik tot die voordeel van Afrikaans as taal van hoër onderwys.
- Ten tyde van 'n herskikking (soos wat vorentoe waarskynlik sal plaasvind) die saak van Afrikaans as taal van hoër onderwys en meer spesifiek 'n "Afrikaanse Universiteit" sterker te beding.
- Hofsake om die saak van veeltaligheid (soos in die Grondwet vervat) nog verder te voer. (Sukses is onlangs hiermee behaal ten opsigte van Afriforum se saak teen die Universiteit van die Vrystaat.)
- Demografiese profiele (en dienierigiede toepassing hiervan) te gebruik om 'n saak uit te maak vir meer as een eksklusieve "Afrikaanse Universiteit".
- Maak die groter Afrikaanse gemeenskap en selfs die breë samelewing 'n strategiese vennoot in die beskerming van Afrikaans as onderrigtaal en die instellings wat dit moet waarborg.

Uiteindelik sal die "politieke wil" van Afrikaanssprekendes eerder as die akademiese diskouers deurslaggewend wees om in die onstuimige tye van 2016 en vorentoe die lot van Afrikaans as taal vir hoër onderwys te bepaal. Dit is die uitdaging vir vandag en môre. Die maklikste weg is waarskynlik die aanvaarding van eentalige onderrig en berusting in die lot van dit wat "nie verander kan word nie" of selfs emigrasie na die buiteland.

BIBLIOGRAFIE

- Auditor General of South Africa (AGSA) 2016. Consolidated general report on the audit outcomes of Local Government 2014-15. http://www.agsa.co.za/Documents/Auditreports/MFMA2014_2015.aspx. [20 Julie 2016].
- Anon. 2016. South Africa unemployment is worse than at the end of apartheid. <http://businesstech.co.za/news/government/95983> [17 Augustus 2016].
- Bratton, M. & van de Walle, N. 1997. *Democratic experiments in Africa: Regime transitions in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cronjé, F. 2014. *A time traveller's guide to our next ten years*. Kaapstad: NB.
- Duncan, J. 2014. *The rise of the Securocrats: The case of South Africa*. Johannesburg: Jacana.
- Duvenhage, A. 1994. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye: 'n Rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van S.P. Huntington se teoretiese bydrae. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: UOVS.
- Duvenhage, A. 2005. Political transformation – A conceptual orientation and South African application. *Journal for Contemporary History*, 29(3):19-41.
- Duvenhage, A. 2007. Politieke transformasie as 'n ideologiese denkraamwerk: 'n beleidsdinamiese analise en perspektief. *Koers*, 72(3):377-403.
- Duvenhage, A. 2013. Die Nasionaal Demokratiese Rewolusie vandag: Strategiese perspektiewe en grondwetlike implikasies. Ongepubliseerde referaat voorberei vir die Afrikanerbond.
- Duvenhage, A. 2014. Die postverkiesingsomgewing: 'n Perspektief vir die Afrikaner en die Afrikanerbond. Ongepubliseerde referaat voorberei vir die Afrikanerbond.
- Duvenhage, A. 2015. Transformasie in die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika. *Woord en Daad*, 54(427):22-6.
- Duvenhage, A. 2016a. 'n Strategiese ontleding van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing en die implikasies vir universiteite in Suid-Afrika. *LitNet*. <http://www.litnet.co.za/n-strategiese-ontleding-van-die-suid-afrkaanse> [23 September 2016].
- Duvenhage, A. 2016b. Die sekurokratisering van die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel – 'n tendensbepaling. *LitNet*, 13(1):112-137.

- Geldenhuys, D. 1999. Staatverval. *Politeia*, 18(2):37-56.
- Greffrath, W.N. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. Ongepubliseerde proefskerif. NWU: Potchefstroom.
- Greffrath, W.N. & Duvenhage, A. 2013. The Arab spring: Societal and institutional insights for the South African context. *Botswana Journal of African Studies*, 27(2):378-97.
- Greffrath, W.N. & Duvenhage, A. 2014. South Africa and the 2014 National Elections: A shift to the left. *Journal for Contemporary History*, 39(2):196-224.
- Grove, N. 2016. Akademiese vryheid: Die reg tot protes versus kampusveiligheid. Referaat gelewer by die PUK-Forum aangebied deur die Skool vir Filosofie. NWU: Potchefstroom.
- Habib, A. 2013. *South Africa's suspended revolution: Hopes and prospects*. Johannesburg: Wits University Press.
- Heywood, A. 2013. *Politics*. New York, NY: Palgrave Macmillan.
- Human, P. 1998. *Yenza: A blueprint for transformation*. Oxford: Oxford University Press.
- Huntington, S.P. 1965. Political development and political decay. *World Politics*, 17(2):386-430.
- Huntington, S.P. 1968. *Political order in changing societies*. Londen: Yale University Press.
- Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive: The looming crisis*. Kaapstad: Jonathan Ball.
- Joubert, N. 2016. IMF sien swarigheid vir SA. *Sake Beeld*, 8 Julie 2016. Bl.13.
- Migdal, J.S. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the Third World*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Onafhanklike Verskiesingskomissie (OVK). 2016. Municipal Elections Results. <http://www.elections.org.za/content/Elections/Municipal-elections-results>[12 Augustus 2016].
- Palmer, M. 1989. *Dilemmas of political development*. Itasca, IL: Peacock.
- Rooi, J. 2016. DA het nog baie werk met sy koalisies. *Rapport*, 14 Augustus 2016. Bl.4.
- Shay, S. 2016. Higher education in South Africa hangs in the balance: Here are four scenarios. *The Conversation*.<http://theconversation.com/higher-education-in-south-africa-hangs-in-the-balance-here-are-four-scenarios-63233> [23 September 2016].
- South Africa Survey. 2016. *South Africa Survey 2016*. Johannesburg: Institute of Race Relations.
- Statistics South Africa. 2015. Mid-year population estimates. www.statssa.gov.za [12 Augustus 2016].
- Strategy and Tactics. 2012. Strategy and tactics of the ANC. <http://www.anc.org.za/docs/pol/2013/strategyp.pdf> [12 Augustus 2016].
- Swanepoel, E. 2016. Selfs studente wat kan, wil nou nie betaal. *Rapport*, 14 Augustus 2016. Bl.6.
- The Economist. 2012. Cry the beloved country/Over the rainbow. 20 Oktober 2012 Bl.22-24.
- Van den Berg, M.A. 2014. The intelligence regime in South Africa (1994-2014): An analytical perspective. Ongepubliseerde MA verhandeling. Potchefstroom: NWU.
- Wikipedia. 2016. Political assassinations in post-apartheid South Africa. https://en.wikipedia.org/wiki/Political_assassinations_in_post-apartheid_South_Africa[20 Augustus 2016].
- Zibi, N. 2016. Unembargoed: A perfect storm. *Business Day*, 18 Januarie 2016. Bl.1-3.

Radikale postkolonialisme en die Suid-Afrikaanse universiteitswese

Radical post-colonialism and universities in South Africa

WYNAND GREFFRATH

Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Wynand.Greffrath@nwu.ac.za



Wynand Greffrath

WYNAND GREFFRATH is 'n navorser verbonde aan die Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie op die Potchefstroomkampus van Noordwes-Universiteit. Sy navorsingsfokus en belangstellingsveldel sluit in politieke instellings, institusionalisering, die staat in die ontwikkelende en postkoloniale wêreld asook staatsverval.

WYNAND GREFFRATH is a researcher in the Research Focus Area: Social Transformation at the Potchefstroom Campus of the North-West University. His research interests include political institutions and institutionalisation, the state in developing and postcolonial contexts, and state dysfunction.

ABSTRACT

Radical post-colonialism and universities in South Africa

This article concerns the wave of student protests that swept across South African universities during 2015 and 2016. The phenomenon of student protest at universities is approached and analysed against the backdrop of several macro-political trends that are currently emerging in the South African context. It is argued that the most pronounced of these emergent trends is the radicalisation of South African politics and society. Widespread dissatisfaction with service delivery and the rendering of public goods by government have intensified calls for quicker and more radical political solutions to perceived socio-economic hardships. In this regard, the culture of service delivery protest stands out as a significant barometer of social dissatisfaction, despite the strides that have been made since 1994 in the improvement of basic quality of life in South Africa. Furthermore, and related to the aforementioned trend of radicalisation, there has occurred a clear burgeoning of the political left in South African politics. As social dissatisfaction has escalated over the last three to four years, new progressive and radical political actors have emerged in the landscape of institutionalised politics in order to capitalise on the prevalent alienation among citizens. Concurrently, established political parties have also adopted more progressive, and in some cases radical, policy and ideological positions. Together, these developments point towards a political playing field that is "shifting to the left",

as it were. Furthermore, the aforementioned developments have taken place during an epochal change in the South African psyche, namely the expiration of the period known as “post-apartheid”. The guiding values of tolerance, reconciliation and “rainbow nationalism” that characterised the post-apartheid period and political engagement are now conspicuously absent in South African politics. Instead, racial and economic class tensions have re-emerged and the political climate has become more confrontational and militant. Whereas the post-apartheid period was premised on forgiving the transgressions of apartheid and adopting a prospective orientation of future consolidation, South African society is now engaged in a retrospective re-interrogation of its colonialist past. Because of the confluence of these trends and circumstances, this article argues that it is possible to speak of the emergence of a post-colonial epoch in South Africa’s historical trajectory. The notion of post-colonial South Africa is premised on numerous aspects which exist in a dialectical relationship with the history of the state and society. Among the most significant manifestations of this dialectic is the manner in which the post-colonial society engages critically with its institutions in an attempt to change and transform. Thus, as universities have become increasingly subject to such critical engagement by society, but specifically by students, instability and conflict have arisen in the process of change and transformation. Various possible outcomes of such instability and change are considered in the article as universities, and formerly Afrikaans universities in particular, are faced with the challenges of responding to the demands of post-colonial politics and society. These demands include that universities become activist institutions that promote social justice, Africanisation and indigenisation, and the decolonisation of knowledge. In the process, it appears that the utility and value of Afrikaans as a medium of instruction and institutional language is disparaged with the purpose of annihilation, and furthermore that universities may increasingly become domains of ideological, and not intellectual, contestation. The article concludes by positing that the future of the university in a post-colonial local context will require a commensurate reconceptualisation of the role and functions of a university.

KEYWORDS: #FeesMustFall; Post-apartheid; Post-colonialism; radical politics; student protest; South African universities

TREFWOORDE: #FeesMustFall; Postapartheid; Postkolonialisme; Radikale politiek; Studenteprotes; Suid-Afrikaanse universiteite

OPSOMMING

In hierdie artikel word onlangse studenteprotes gekontekstualiseer teen die agtergrond van politieke tendense in die Suid-Afrikaanse staat en samelewing. Die verstryking van die postapartheidstydperk word oorweeg, tesame met die gelyktydige ontluiking van ’n radikale en postkoloniale sosiopolitiese tydsgees. Laasgenoemde word as vertrekpunt gebruik vir ’n evaluasie van studenteprotes en die eise wat aan hoër onderwys en universiteite in Suid-Afrika gestel word. Gevolglik word die universiteit se funksie en verhouding teenoor staat en samelewing oorweeg en word daar gedemonstreer hoe hierdie verhoudings moontlik sal verander in ’n postkoloniale milieu. Die plek en rol van Afrikaans by universiteite word ook spesifiek bespreek.

1. INLEIDING

Dit is reeds meer as ’n jaar gelede dat die standbeeld van Cecil John Rhodes onder skoot gekom het op sy staanplek by die Universiteit Kaapstad. Dié standbeeld is tydens protes bestook met menslike ontlasting deur ’n student, wat daar mee gepoog het om die kultuur van “koloniale

dominasie” op die kampus aan die kaak te stel. In die loop van 2015 het die #RhodesMustFall-veldtog genoegsame steun verwerf om die Rhodes-beeld permanent van die kampus te verwijder. Hierdie geskiedkundige oomblik sou egter oorskadu word deur die uitkragende momentum van die breër #FeesMustFall-beweging regoor die land se universiteitskampusse, wat in November van daardie jaar ’n hoogtepunt bereik het buite die Parlement in Kaapstad. Toe die 0%-studiegeldverhogings vir 2016 uiteindelik deur minister Nzimande aan studente toegestaan is, was dit reeds duidelik dat die beweging se doelwitte beide verder en wyer gestrek het as bloot studentegelde. Bykomende maatskaplike kwessies soos studentebehuising en die uitkontraktering van personeel is op verskeie kampusse uitgewys as verdere doelwitte vir transformasie.

Bogenoemde onluste op universiteitskampusse het tegelykertyd plaasgevind teen die agtergrond van breër politieke onstuimigheid, waarvan baie voorvalle nou al as alledaags beskou word. Hierby word ingesluit diensleweringssproteste, arbeidsonrus en stakings, politieke korruksie en skandale (waaronder die Nkandla- en Gupta-sagas prominent figureer), ekonomiese onsekerheid en spesifieke skok-afdanking van minister Nhlanhla Nene in Desember 2015.

Die doel van hierdie artikel is om op ’n verkennende wyse ’n perspektief te verskaf op die huidige Suid-Afrikaanse politieke tydsgewrig, asook hoe verbandhoudende sosiopolitiese tendense die Suid-Afrikaanse universiteitswese kan beïnvloed. Ten einde hierdie doel te verwesenlik, sal daar aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- Die sosiopolitiese radikalisering van die Suid-Afrikaanse samelewing
- Die verstryking van die postapartheidsbegrip en -tydperk
- Die ontluiking van ’n postkoloniale tydsgees
- Die invloed van die radikale en postkoloniale neigings in die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel en universiteitswese.

2. DIE SOSIOPOLITIESE RADIKALISERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Die Suid-Afrikaanse politieke landskap word grootliks in progressiewe terme gedefinieer. Die term “progressief” word hier gebruik in ’n politieke sin, waarin dit ’n vooruitbeweging veronderstel vanaf ’n onvoldoende huidige werklikheid in die strewe na ’n geïdealiseerde, beter toekoms (Scruton 1982:380). Hierdie progressiewe agenda word polities vergestalt deur die ANC, as die historiese “nasionale bevrydingsbeweging” wat gekant was teen apartheid, en wat gevvolglik die dominante politieke dryfkrag in die demokratiese era geword het. Die ANC se Marxistiese ideologiese karakter, wat dig verweef is in die beweging se identiteit, verseker ook dat ’n progressiewe impetus ’n onontbeerlike eienskap van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing sal wees vir die voorsienbare toekoms.

Sentraal tot die identiteit van dié party staan die begrip van ’n Nasional Demokratiese Rewolusie (NDR), wat die ideologiese middel is tot die uiteindelike doel van ’n Nasional Demokratiese Samelewing – wesenlik die teenoorgestelde samelewingsbeeld as dié van ’n apartheidbestel. Die ANC (2007) beskryf die NDR soos volg:

A process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one, and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people.

Hierdie beskouing verklap die ANC se sterk progressiewe en sosialistiese karakter, terwyl dit selfdertyd die transformasiebegrip voorstel as ’n middel tot verandering. Die ANC se

eiesoortige en grootliks rasgedrewe beskouing van transformasie is op sigself 'n gekontesteerde konstruk (sien Duvenhage 2007; Van der Merwe 2010; Hermann 2013) maar is ook een wat die Suid-Afrikaanse staatsbestel sedert die negentigerjare ingrypend deur middel van regstel-lende aksie verander het.


Die konstruktiewe maatskaplike uitwerking van die ANC se progressiewe oriëntering is sedert 1994 te bespeur in die ongekende ontwikkeling en materiële vooruitgang van die meeste Suid-Afrikaanse burgers, wat voorheen gemarginaliseerd was as gevolg van apartheid. Toegang tot behuising, die uitbreiding van basiese dienste soos lopende water en elektrifikasie en die daarstelling van 'n omvattende welvaartstaat verteenwoordig die vrugte van die ANC se progressiewe missie, gegrond in die NDR.

TABEL 1: Toegang tot basiese dienste, 1996 vs. 2013 (SAIRR 2014:619-664)

	1996	2013	% verskil
Toegang tot water (pyptoevoer)	7 234 023	13 574 000	87.6%
Toegang tot water in huis (pyptoevoer)	3 976 853	6 845 000	72.1%
Elektrisiteit vir beligting	5 220 826	13 432 000	157.3%
Formele huisvesting	5 794 399	11 741 000	102.6%

Hierdie tasbare uitkomste, tesame met die oorgeblewe legitimiteit van die ANC as bevrydingsbeweging, het genoegsame politieke momentum opgewek vir die party (en opeenvolgende regerings) om heerskappy te verseker. Hierdie feit word weerspieël in kiesersteun vir die party wat nog nooit onder 60% in 'n nasionale verkiesing gedaal het nie. Dit het die ANC se selfbeskouing as die gesaghebbende vertolker van progressiewe waardes in Suid-Afrika gesteun, tesame met die NDR as die volkome bron van hierdie waardes (sien ANC 2000).

TABEL 2: ANC-steun in nasionale verkiesings, 1994–2014 (IEC-webtuiste)



Hierdie patroon van volgehoue kiesersteun is vir die eerste keer tydens die 2016 plaaslike regeringsverkiesing onderbreek, waartydens die ANC net minder as 54% van landswye steun verwerf het (vergeleke met 61.9% tydens die 2011 plaaslike verkiesing). Dié drastiese steunverliese was hoofsaaklik afkomstig uit stedelike gebiede, met die gevolg dat die ANC politieke beheer oor ten minste 15 stadsrade regoor Suid-Afrika verloor het.

Dit is dus ironies dat die relatiewe suksesse van die ANC na 1994 die saadjie bevat van die party se moontlike verlies aan politieke dominansie en selfs politieke mag, as die 2016 plaaslike verkiesing enigsins 'n aanduiding is. Hierdie prognose is gegronde op die politieke dinamika van eskalerende verwagtinge, wat deur Davies (1962) se teorie van rewolusie geïllustreer word. Kortlik behels dit dat vlakke van ontevredenheid met sosio-ekonomiese omstandighede en politieke frustrasie na aanvanklike behoeftebevrediging, eerder *toeneem* as afneem. Vir dié wat blootstelling gehad het aan verhoogde materiële welvaart en die uitbreiding van sosio-ekonomiese vooruitgang, is die verwagtinge aangaande soortgelyke toekomstige voordele daarom veel hoër as vir dié wat nie daaraan blootgestel is nie. Hierdie skynbare teenstrydigheid is reeds op die vooraand van die Franse rewolusie uitgelig deur de Tocqueville (1982:229):

It is a singular fact that this steadily increasing prosperity, far from tranquilizing the population, everywhere promoted a spirit of unrest. The general public became more and more hostile to every ancient institution, more and more discontented.

'n Meer onlangse bevestiging van hierdie wetmatigheid in die Suid-Afrikaanse konteks word deur Turok (2012) verskaf as hy in *New Agenda* skryf dat:

It is possible to demonstrate that South Africa has achieved more in improving the lives of its people than many within the country admit. So why do we have the opposite impression from press reports, especially concerning service delivery protests? [The] answer accords with academic writing on revolution: people are stimulated to struggle when there seems to be a turn of the tide of misery. When the masses sense the opening of new possibilities, they gain in confidence and resort to mass action.

Hierdie "wet van eskalerende verwagtinge" verklaar hoekom ANC-ondersteuners en landsburgers wat blootgestel is aan die vrugte van progressiewe regeringsbeleid en 'n welvaartstaat nou vinniger en meer omvattende verandering eis, in teenstelling met die konvensionele wysheid dat behoeftevoldoening permanente bevrediging bring. Vandaar die toename in gewelddadige diensleweringsproteste, uitgebreide en voortslepende arbeidsonrus, asook die ontluiking van nuwe progressiewe en (toenemend) radikale politieke akteurs.

3. DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK SE SKUIF NA LINKS

Die ontwaking van 'n nuwe radikale bewussyn in die Suid-Afrikaanse politiek is die noodwendige uitkoms van 'n politieke omgewing waar progressiewe (in plaas van sentristiese) waardes die ideologiese status quo verteenwoordig, en waar die sosio-ekonomiese verwagtinge vinniger ontstaan as wat dit bevredig kan word (Greffrath & Duvenhage 2014). Te midde van so 'n dinamiese en plofbare politieke klimaat word politieke akteurs en partye voor 'n eenvoudige keuse geplaa – herposisioneer ideologies en beleidmatig na links, of kwyn. As gevolg van hierdie realiteit was die nasionale verkiesing in 2014 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse politiek. 'n Daadwerklike "skuf na links" wat geantsipeer is in die aanloop tot die verkiesing, is bevestig deur die finale uitslae. Waar die ANC (as leidende lid van die drieledige alliansie

saam met die SAKP en COSATU) vantevore die enigste noemenswaardige rolspeler in die progressiewe en soms radikale linkervleuel van die Suid-Afrikaanse politiek was, het die Demokratiese Alliansie ook voor die verkiesing takties beleidmatig en simbolies herposisioneer as 'n sosiaal-demokratiese party. Hierdie skuif is voltrek ten koste van die party se klassieke liberale karakter, wat bloot net nie dieselfde aantrekkingskrag en charisma kan opwek in die huidige politieke tydsgewrig nie (sien Van Onselen 2013). Die uitslae het dit bevestig, en die DA se stempersentasie het gegroei van 16% tot 22%. Natuurlik was die duidelikste radikale trompetgeskal van die 2014-verkiesing die debuit van die Economic Freedom Fighters, wat die verkiesingslagveld betree het met skynbaar perfekte tydsberekening. Die party het 'n miljoen stemme ingepalm en sodoende die politieke landskap onherroeplik verander. Vir die eerste keer word die ANC deur opposisiepartye doeltreffend uitgekryt as *reaksionér* en 'n struikelblok tot spoedige sosio-ekonomiese verandering, aldus die ideologiese idioom van die EFF (2015):

The ANC is fundamentally reformist and over the past twenty one years it has been a neoliberal reactionary entity in pursuit of a corrupt nationalist comprador bourgeois nationalism.

Beide die DA en die EFF het tydens die 2016 plaaslike regeringsverkiesings hulle steun suksesvol uitgebou, wat die voltrekking van die linkswaartse skuif in opposisiegeledere bevestig. Dié twee partye het deur middel van pragmatiese samewerking daarin geslaag om die ANC in die metro's van Nelson Mandelabaai, Johannesburg en Pretoria te ontsetel.

Dit beteken egter nie dat die ANC verwyderd staan van sodanige radikale getyverandering nie. Ingevolge die NDR word die "struggle" vir Suid-Afrikaanse bevryding voltrek in twee fases. Die eerste fase was die suksesvolle *politieke* oorname van mag in 1994 en die grondwetlike demokrasie wat daaruit voortgespruit het. Binne die verwysingsraamwerk van die NDR word hierdie oorgang (tesame met die 1996-grondwet) beskou as 'n politieke kompromis wat aangewend is om politieke mag te bekom. Die grondwet word beslis nie beskou as die onaantastbare hoeksteen van 'n outentieke Suid-Afrikaanse *Rechtsstaat* nie, en ook nie verhewe bo die party nie – die ANC hou vol dat "the constitution and the state system provide the requisite wherewithal to implement the objectives of the NDR" (ANC 2007). Die eerste fase behels ook die verowering van die sogenaamde "levers of power" van die staat en staatsinstellings, deur middel van kaderontplooiing, demografiese transformasie en die toenemende vervleugeling van party en staat. President Zuma se uitlatings dat die ANC eerste geplaas moet word, voor landsbelang (Quintal 2015), is gegrond op hierdie ideologiese beskouing.

Met verwysing na die verstryking van die eerste fase verduidelik die ANC die volgende:

[...]our first transition embodied a framework and a national consensus that may have been appropriate for political emancipation, a political transition, but has proven inadequate and inappropriate for our social and economic transformation phase. (Radebe 2012)

Gevolgtrek word 'n nuwe, tweede fase van die NDR aangevuur deur "a vision for a second transition that focuses on the social and economic transformation of South Africa over the next 30 to 50 years" en wat klem plaas op "the character and values of the ANC as a revolutionary peoples' movement" (ANC 2012:4). Hierdie visie word voltrek deur die ANC se vyf "key priorities" in die beleidsarena, naamlik gesondheid, onderwys, landelike ontwikkeling en grondhervorming, werkskepping, en die stryd teen misdaad (Zuma 2014). Hierdie tweede, sosio-ekonomiese rewolusionêre fase is die dryfkrag agter hernude pogings

tot grondhervorming, -onteining en -ontneming, en versnelde swart ekonomiese bemagtiging na die party se 2012-Mangaungkonferensie (Jeffery 2015).

As gevolg van die linkswaartse skuif binne die ANC asook die opposisiepolitiek het die Suid-Afrikaanse politieke landskap 'n verandering ondergaan sodat dit nou tot 'n groot mate 'n speelveld van radikale wedwering verteenwoordig.

4. DIE ONTSTAAN, BETEKENIS EN VERSTRYKING VAN DIE POST-APARtheidSTYDPERK

Tesame met die skuif na links in die geïnstitutionaliseerde politiek, vind daar 'n ewe ingrypende verandering in die psige van die Suid-Afrikaanse samelewing plaas. Welke fenomeen op hierdie stadium die rol vervul van oorsaak of gevolg is nie duidelik nie, maar dit blyk dat die radikalising van die politieke bestel hand aan hand gaan met die afswering van die postapartheidstydgees en 'n *postkoloniale* ontwaking. Alhoewel laasgenoemde verband hou met 'n bepaalde politieke klimaat, is dit 'n meer diepliggende en potensieel ingrypende fenomeen waarvan die invloed verder strek as net die politiek.

Daar is toenemend tekens dat die Suid-Afrikaanse postapartheidsnarratief besig is om stoom te verloor (sien BBC News 2015; Business Day 2016; Jadoo 2016; Haffajee 2015). Tog is dit steeds belangrik om die inhoud van die postapartheidsbegrip te verken, veral omdat die postkoloniale ontwaking ten dele as 'n reaksie *teen* postapartheid beskou kan word. Sentraal tot die uitpak van die postapartheidsbegrip is die feit dat die "post-" voorvoegsel nie dui op bloot dit wat kronologies *na* apartheid gevolg het nie, maar eerder op 'n poging om die *wesenlike teenoorgestelde uitkoms* van 'n apartheidsamelewing te bewerkstelling. Die oorsprong van hierdie projek is te vind in die unieke politieke tydsgewrig van die vroeë negentigerjare.

Op die voorraand van apartheid se afskaffing was daar twee deurslaggewende internasionale realiteite wat verreken moes word. Eerstens was die Koue Oorlog verby, die kommunisme is verslaan en die liberaal-demokratiese-vryemarkdrieledigheid het hoogty gevier. Tweedens was die politieke ontwikkeling en verval van postkoloniale Afrika 'n alombekende en diepbetreurde realiteit. Vir 'n bevrydingsbeweging wat daarna gehunker het om as regerende party die land uit isolasie te bring en te midde van applous weer 'n deel te word van die internasionale orde, was hierdie twee realiteite bepalend gewees. Dit het beteken dat, in teenstelling met die ANC se ideologiese beginsels, 'n vryemark- en neo-liberale ekonomiese houding ingeneem moes word en dat 'n nuwe regering homself sou moes toespits op versoening, eerder as vergelding. Volgens die ANC (2000) se eie formulering:

Our transition took place in the context of a dynamic and changing political process with the end of the Cold War and the collapse of the socialist community of states on the one hand and the social and economic realities of globalisation, on the other hand... We accomplished a qualitative element [lees "eerstefase"] of the National Democratic Revolution [but] the balance of forces at the time dictated that the path to the full transfer of power would be protracted and tortuous.

Hierdie koers was egter in stryd met militante en radikale denkstrome binne die party wat 'n ander uitkoms ten tyde van apartheid se ondergang verwag het. Gevolglik is die voorhoede-party van 'n werklike rewolusie ontnem, en so ook die bevrydingsvegters wat die materiële en simboliese infrastruktuur van wit bevoortregting wou vernietig om 'n gesuiwerde, nuwe orde in te lyf. In die plek van rewolusionêre verandering was daar die Waarheid- en Versoenings-kommissie, 'n onderhandelde grondwet en 'n nuwe, burgerlike nasionalisme gebaseer op

versoening en vergifnis – nie 'n volwaardige, radikale en militante Afrika-nasionalisme nie, maar 'n gesaniteerde reënboognasionalisme – wat Jeremy Cronin (1999) destyds beskryf het as “a candy-coated myth of peace”. Dit is na hierdie teenstrydigheid en teleurstelling wat Mbembe (2015) verwys as hy skryf dat “This is the only country on earth in which a revolution took place which resulted in not one single former oppressor losing anything”.

Daar word vandag erken dat die versoeningsgerigtheid van die party en regering in die onmiddellike postapartheidsjare grootliks te danke was aan die invloed van Nelson Mandela en sy persoonlike en politieke statuur, maar selfs Mandela se nalatenskap word nou toenemend krities bevraagteken (sien Hlope 2015). Die radikale EFF se Julius Malema het sover gegaan om te verklaar dat “The Nelson we celebrate now is a stage-managed Mandela who compromised the principles of the revolution, which are captured in the Freedom Charter” (aangehaal in Meintjies 2015). Dit is egter belangrik om te erken dat die ANC se ideologiese kern ook nooit voorsiening gemaak het vir dié tipe postapartheid-reënboognasionalisme nie.

Vir die ANC was dit tydens die struggle-jare deurgaans belangrik om die stryd teen apartheid te vereenselwig met die antikoloniale winde van verandering wat die res van die Afrika-kontinent beleef het. Vandaar die deftige konseptualisering van apartheid as “colonialism of a special type” (oorspronklik in SAKP 1962, en gevoleglik in ANC 1987 en ander). Met die kwyn van Mandela se wesenlike invloed in die party teen die laat 1990's het die ANC begin heroriënteer na 'n ortodokse Afrika-nasionalistiese bekouing wat meer belyn was met die progressiewe sosialistiese karakter van die party se kernideologie. Die aggressiewe (dog dikwels ondoeltreffende) implementering van beleid soos Swart Ekonomiese Bemagtiging, regstellende aksie en 'n beheptheid met die nabootsing van rassedemografie op soveel terreine as moontlik, was tekenend van die verskuiwing vanaf versoening en burgerlike nasionalisme tot 'n nouer gedefinieerde etniese Afrikanisering. Vir die politieke elite wat hierdie agenda gedryf het, het hierdie periode 'n versnelling van die moontlikhede tot selfverryking verteenwoordig. Die geskiedenis sal moontlik leer dat dit tydens hierdie tydperk in die vroeë 2000's was dat herhaalde politieke skandale en korruksie tot so 'n mate toegeneem het dat die burgery grootliks gesensiteer is teenoor politieke knoeiery en vergrype. Dit was ook tydens hierdie tydsgewrig dat die eerste saadjies van 'n egte postkoloniale Suid-Afrika begin ontkiem het, soos vervolgens in hierdie artikel bespreek sal word.

Ter afsluiting van hierdie punt is dit belangrik om weer te beklemtoon dat die werklike postapartheidstydperk nie net dit was wat *na* apartheid gevolg het nie, maar inderdaad dit wat gepoog het om die *antitese* van apartheid te vergestalt. Waar apartheid gefundeer was op beginsels van uitsluiting, segregasie en diskriminasie, is die postapartheidsetos gebou op waardes van inklusiwiteit, integrasie en versoening – dit het, met ander woorde, gepoog om 'n “nuwe Suid-Afrika” te vergestalt wat die wesenlike teenoorgestelde was van die verlede. Vandag is dit duidelik dat so 'n postapartheidsbedeling nooit werlik gekonsolideer is nie en dat die unieke gees wat dit veronderstel het, ook nie blywend kon wees nie. Veral onder radikale en studentgelede word die postapartheidsbegrip afgemaak as 'n mislukking en 'n onreg op sigself. Die mees kragdadige uitdrukking van hierdie gevoel brandmerk selfs vir Mandela as 'n verraai van progressiewe swart belang – 'n voorheen ondenkbare beswaddering van die struggle se heiligste ikoon.

5. DIE ONTLUIKING VAN 'N POSTKOLONIALE REALITEIT

Met die uitfasering van die postapartheidsperiode is Suid-Afrika besig om 'n postkoloniale era te betree. Die afgelope dekade getuig van 'n sosiopolitiese omgewing wat al meer die

bekende postkoloniale realiteit van ander state in Afrika weerspieël (Piper 2009:105). Politieke konflik is alomteenwoordig, omdat disfunksionele politieke instellings nie kan (of wil) bemiddel tussen politieke behoeftes en aansprake nie – oorweeg byvoorbeeld die parallelle tussen gewelddadige diensleweringsproteste op straat, en die skermutselinge in die Nasionale Vergadering.

Politieke leiers word lamgelê te midde van die oorweldigende uitdagings van die staat en samelewing, en 'n nimmereindigende kringloop om partylojaliteit te konsolideer. Staatsinstellings se kapasiteit word dermate uitgehol dat daar toenemend na 'n "disfunksionele" en "gekweste" staat verwys word (sien Oosthuizen 2016). Intussen groei die geledere van die armes en verontregtes en word gewelddadige protes 'n aanvaarde en alledaagse wyse van politieke deelname. Dit weerspieël op 'n onheilspellende wyse Huntington (1968:196) se praetoriaanse samelewing, waar "the wealthy bribe; students riot; workers strike; mobs demonstrate; and the military coup". Sodanige frustrasie vind egter nie net 'n uitlaatklep in gewelddadige protes nie, maar ook in die identifisering van 'n "ander" waarop blaam geplaas kan word vir onvervulde verwagtinge en terugslae. Gevolglik word buitelanders van ander Afrikastate geteiken in xenofobiese aanvalle, terwyl rassesspanning en onderlinge blamering onder Suid-Afrikaners toeneem. Die versoeningsgees van die postapartheidstydperk is weliswaar verby. Die interlude wat Suid-Afrika uitgesonder het as 'n "wonderwerk", het verstryk, en die kenmerkende sosiopolitiese patronen en tendense van die postkoloniale tree al sterker na vore.

Net soos met die postapartheidsbegrip, lê die betekenis van die postkoloniale veel dieper as bloot dit wat outomaties na kolonialisme ontstaan. Die postkoloniale het 'n doelbewuste, krities-konseptuele inhoud wat veel meer omvangryk is as die blote verloop van tyd. Ter illustrasie hiervan verskaf Mazrui (1996:28) 'n insiggewende perspektief:

We used to think that decolonization consisted of the nationalist struggle against colonialism, the granting of independence, and the replacing of colonial symbols of authority with national flags and national anthems. Decolonization was complete, we thought, when colonially educated members of the African elite, the author included, came to the fore, and when some of us [...] inherited the reins of the colonial state from our colonial masters. The question that has arisen lately, however, is whether real decolonization is not the winning of formal independence, not the changing of the guard on independence day, the raising of new flags, or the singing of new national anthems, but the collapse of the colonial state itself, the cruel and bloody disintegration of colonial structures. Liberation and decolonization can no longer be equated.

Wat Mazrui hier oorweeg, is of die toksiese nalatenskap en "strukture van oorheersing" van kolonialisme enigsins verwyder kan word alvorens dit nie "gesuiwer" word nie – deur bloed, indien nodig. In hierdie oopsig eggo Mazrui die denke van vroeëre antikoloniale denkers soos Guevara en Fanon se tipering van geweld as onontbeerlik in die verloop van dekolonisering. Sartre skryf byvoorbeeld in die voorwoord tot *The Wretched of the Earth* (Fanon 1967:21) dat:


He [Fanon] shows clearly that this irrepressible violence is neither sound and fury, nor the resurrection of savage instincts, nor even the effect of resentment: it is man recreating himself. (eie klemplasing)

Volgens hierdie denke kan 'n egte en outentieke postkoloniale samelewing net verrys uit die puin van 'n verwoeste *kolonialisme*, soos 'n spreekwoordelike feniks uit die as. Vir die voornemende erfgenaam van hierdie bedeling lê daar dus 'n plig om die simboliese, geestelike

en materiële manifestasies van koloniale instellings te vernietig, en in sy/haar eie gelykenis te herskep. Dit beteken, tot 'n mindere of meerdere mate, die afswering van "die Weste" (immers die oorsprong van kolonialisme) en die voltrekking van verinheemsing en Afrikanisering (Zabus 1995:315) asook die verwering van hegemoniese "whiteness" en die herontdekking van swart bewussyn (Biko 1978:68).

Die 2014 nasionale verkiesing het die politieke mondigwording van die sogenaamde vrygebore generasie verteenwoordig. Van hierdie generasie moet daar die volgende verreken word: hulle het nie die geleefde ervaring van die einde van apartheid, die demokratiese oorgang en die postapartheidsversoeningsgees nie; die meeste van hulle het, ten spyte daarvan dat hulle vry gebore is, in armoede grootgeword; en hulle is nou oud genoeg om die politieke stelsel te konfronteer met hulle eise van behoeftebevrediging. Verder beskou baie vrygeborenes die voortslepende sosio-ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika as 'n mislukking van post-apartheidspolitiek.

TABEL 3: Werkloosheidskoers in Suid-Afrika onder vrygebore jeug (IRR 2015:2)



Hierdie sosio-ekonomiese en politieke realiteite maak dié generasie veral vatbaar vir die logika van radikale politieke akteurs. Sodanige uitkoms is egter ver verwyder van die hoop wat gekoester is van 'n jeug wat onder 'n demokratiese bestel gebore is en wat sodoende outomatis (hetsy deur middel van gerieflike geheueverlies of histories-kulturele ontkoppeling) onaangeraak sal wees deur apartheid. In hierdie verband meen Ferial Haffajee (2015) dat:

We have a lot of South Africans, I think more than we would care to acknowledge or admit, who really believe that the Mandela-era, the rainbow nation, the transition from apartheid to democracy hasn't really meant anything.

Dit is op hierdie stadium moeilik om akkuraat te bepaal wat die nagevolge gaan wees van hierdie ontnugtering van die vrygeborenes. Dit is egter duidelik, na afloop van #FeesMustFall, dat dit een van die toonaangewende invloede gaan wees in die politieke landskap vir die voorsienbare toekoms.

6. TENDENSE VERVLEG: RADIKALE POLITIEK, POSTKOLONIALISME EN DIE AANSLAG OP DIE VERLEDE

Tot dusver is daar klem geplaas op twee afsonderlike maar verwante tendense, naamlik die radikalisering van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing en die aanvang van wat beskryf kan word as 'n postkoloniale tydperk in die Suid-Afrikaanse samelewing. Tans aanskou ons hoe die onderskeie dinamikas van die politieke, staatkundige en samelewingsdomeine vervleg, asook hoe die twee strominge mekaar beïnvloed, aandryf en hervitaliseer op verskeie ander terreine – insluitend die universiteitswese.

Bogenoemde is tans duidelik op die vlak van politieke simboliek te siene. Met die noodsaak vir versoening gegronde in die postapartheidsverlede, word die oorblyfsels van koloniale en apartheidssimbolieke opnuut in die visier gestel. Om dié rede het die #RhodesMustFall-inisiatief so vinnig momentum gegenereer, en is die gees van studenteprotes so effektiel nageboots op ander universiteite en kampusse. Terselfertyd is ander standbeelde regoor die land weens koloniale of apartheidssassosiasies beskadig. In die proses word die koloniale erfenis vir die eerste keer daadwerklik afgebreek en verwoes – nie verdra deur vergifnis en versoening nie. Tog strek hierdie beweging veel verder as net die simboliese. Ook op die terrein van die politiek kan mens verwag dat die radikale impuls sal versnel en verdiep. Nuwe politieke akteurs sal opportunisties inspeel op die eise van 'n vervreemde jong generasie, terwyl die ANC die tweede fase van die NDR met meer dringendheid sal aanpak in die hoop om steun te behou. Sake wat opnuut onder die politieke vergrootglas geplaas gaan word, sluit in die "resilient faultlines" (ANC 2012:7) van grondhervorming, voortdurende ekonomiese ongelykheid, rassespanning en die plek en rol van minderhede.

6.1 Die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel

Die bogenoemde dinamika en tendense het 'n beduidende invloed nie net op die politiek van die dag nie, maar ook op die breër Suid-Afrikaanse staatkundige bestel. Max Weber (1947:156) het die moderne staat gesaghebbend gedefinieer as 'n administratiewe en wetlike orde wat oor 'n monopolie van legitieme geweld beskik binne 'n vasgestelde grondgebied en wat daarvolgens bindende gesag uittoefen. LJ du Plessis (1941:3) definieer die staat, meer spesifiek ten opsigte van sy regeerkundige doel, as 'n organisasie van mense in die samelewing, 'n "eenheidsreëling" gekenmerk deur die onderskikking van die surgery tot 'n heersende elite.

In die essensie van die staat as "eenheidsreëling" of "ordereëling" ressorteer die menslike belang aan oorlewing en sekuriteit in die kern. State het deur die loop van die geskiedenis hierdie belang op andersoortige wyses nagestreef, dikwels gerig deur 'n bepaalde ideologie (geïnterpreteer deur die heersende elite) in die verwesenliking van 'n ideaaltipiese gemeenskaplike bestaan. In Suid-Afrika was apartheid voorheen so 'n ideologie, terwyl die NDR tans hierdie funksie verrig. Die kerneienskappe van die NDR as ideologie is reeds bespreek en daar is aangedui hoe die versmelting van party en staat sentraal staan in daardie allesomvattende transformasieprojek. Hierdie dinamika het reeds 'n uitwerking op die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel gehad, waarvan die totstandkoming van 'n ambisieuse welfvaartstaat die vernaamste voorbeeld is. Tog is dit so dat die ANC se transformatiewe doelwitte op staatkundige vlak ook belemmer is op talle terreine oor die afgelope twintig jaar. Die mislukkings rondom sleutelkwesties soos landelike ontwikkeling en grondhervorming dui op 'n gebrek aan institusionele vermoëns in die uitvoering van makrotransformatiedoelwitte. Sodanige tekortkominge in staatsvermoë beïnvloed ook toenemend die staat se vermoë om

openbare goedere aan burgers te voorsien, wat insluit basiese dienslewering, gesondheidsorg en veiligheid en sekuriteit – funksies wat as deel geag word van die staat se kernmandaat. As gevolg hiervan word die staatkundige bedeling deur sommige bestempel as “disfunksioneel”, met Greffrath (2015:354) wat argumenteer dat verdere staatsverval waarskynlik sal volg, gegewe die duidelike omvang van disfunksionaliteit in Suid-Afrika se politieke en staatsinstellings.

Die problematiek van verval en disfunksionaliteit in die Suid-Afrikaanse staatsbestel word tans op die spits gedryf deur die eskalerende verwagtinge van die burgery en die veeleisende aard van strukturele transformasie. Laasgenoemde verg nie bloot funksionerende instellings nie, maar “buitengewone moeite en insig” vanuit politieke en staatsinstellings (Human 1998:23). Daar kan derhalwe gevra word: Hoe affekteer hierdie staatkundige vraagstuk Suid-Afrikaanse universiteite as instellings, wat óók openbare goedere lewer en óók tot ‘n mate as staatsinstellings funksioneer?

6.2 Die universiteit in ’n postkoloniale Suid Afrika

Alvorens die moontlike gevolge van die huidige politieke klimaat op universiteite bespreek word, is dit eerstens nodig om die rol van die universiteit in die samelewing kortlik te omskryf. Daar is al baie oor hierdie tema geskryf, met konflikterende beskouings oor die aard, funksies en samestelling van die ideale universiteit (sien byvoorbeeld Kerr 1963; Newman & Turner 1996; Maskell & Robinson 2001). Konflik bestaan dikwels tussen voorstanders van “tasbare” en “bruikbare uitsette” en “ontwikkeling” as uitkomstes van universiteitsopleiding en navorsing, teenoor diegene wat die meer abstrakte en kwalitatiewe voordele van universiteite beklemtoon, soos ’n dieper verstaan van die mensdom en die vermoë om onbeperkte ondersoek in ’n spesifieke rigting na te streef. Die eersgenoemde beskouing word dikwels deur regeringslui, politici, die privaat sektor en, toenemend, universiteitsbesture gehuldig, terwyl laasgenoemde ondersteun word deur akademici, veral vanuit die geesteswetenskappe en kunste. Gevolglik ontstaan daar wrywing tussen uitkomste soos “relevansie”, “impak” en “kommersialisering” aan die een kant, en waardes soos “weetgierigheid”, “insig” en “Bildung” aan die ander kant. Hierdie dichotomie van universitaire beskouings figureer gereeld in debatte oor die rol en funksies van universiteite, ook in ontwikkelende state, waar die behoefte aan materiële “uitkomste” ter bevordering van nasionale prioriteite dikwels ten koste van die minder instrumentele voordele van hoër onderwys gepropageer word. Wat egter selde bevraagteken word, is die sentrale en definierende eienskap van ’n universiteit – ’n eksplisiete *kennistaak*. Laasgenoemde word goed geïllustreer in Collini (2012:7) se beskrywing van die minimum kriteria vir ’n universiteit:

1. Dit moet ’n vorm van naskoolse opvoeding bied, waar “opvoeding” verder strek as bloot professionele opleiding.
2. Dit moet ’n vorm van gevorderde geleerdheid bevorder waarvan die inhoud nie gerig is op onmiddellike praktiese aangeleenthede nie.
3. Sodanige aktiwiteit moet bedryf word in meer as een geleerde dissipline of ’n eng-gedefinieerde groep dissiplines.
4. Die instelling moet oor ’n mate van outonomie beskik sover dit intellektuele en kenniskwintiwete betref.

Hierdie kennistaak word onderskraag deur die beginsel van intellektuele of akademiese vryheid, wat op sy beurt beskerm word deur ’n gesonde mate van institusionele outonomie, soos hierbo

gemeld. Om terug te keer na die fokus van hierdie artikel, moet die vraag gevra word: Wat is die implikasies vir hierdie kernkriteria en die *kennistaak* van plaaslike universiteite, gegewe die huidige Suid-Afrikaanse staatkundige omgewing en onlangse studenteprotes?

Wat die staatkundige omgewing betref, is daar twee beduidende tendense wat op die universiteitswese kan inspeel. Die eerste tendens behels die ideologiese karakter van die ANC, wat sterk klem plaas op die samesmelting van party en staat. Die gevolg is dat staats- en semistaatsinstellings toenemend volgens partypolitieke (en dus ideologiese) vereistes bestuur word, hetsy deur kaders of deur regeringsdiktaat. Insover universiteite se unieke en waardevolle samelewingsrol gefundeer is op die vrye nastreef van kennis en geleerdheid, het ideologiese beheer 'n skadelike impak op die universiteitswese. Daar bestaan dan 'n werklike gevaar dat universiteite toenemend geag sal word as verlengstukke van die staat, en dat hulle staatsfunksies moet verrig, gerig volgens staatsprioriteite. In hierdie verband is die Wysigingswet op Hoër Onderwys, wat op 24 Mei 2016 deur die Nasionale Vergadering aanvaar is, 'n moontlike voorbeeld van toenemende staatsbeheer oor universiteite. Ingevolge die Wysigingswet sal die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding bykomende bevoegdhede verkry wat insluit die vasstelling van transformasieteikens en die daarstelling van meganismes om hierdie teikens af te dwing, die mag om interne universitaire prosesse en procedures te bepaal, en die mag om fondse van universiteite te weerhou onder sekere omstandighede (sien DvHOO 2015). Volgens die Departement Hoër Onderwys en Opleiding is die wysigings nie daarop gemik om die institusionele of akademiese outonomie van universiteite aan te tas nie, terwyl opposisiepartye vrees dat die veranderinge as Trojaanse perd gebruik sal word om die bestuur van universiteite te verpolitiseer (Presence 2016; Bozzoli 2016).

Tweedens, en verbandhoudend met toenemende staatsintervensie, behels die tendens van Suid-Afrikaanse staatsveral dat alternatiewe instellings en hulpbronne gemobiliseer moet word om sosio-ekonomiese vraagstukke te hanteer. As instellings wat in openbare belang funksioneer, is universiteite besonder vatbaar vir hierdie tipe institusionele "herappropriasie" vanaf die tradisionele kennisfunksie tot 'n samelewingsdiensrol. Dit word in die algemeen aanvaar dat samelewingsdiens deel van 'n universiteit se kernbesigheid uitmaak, maar hoofsaaklik insover dit deel vorm van die instelling se primêre *kennistaak*. Deur 'n materiële maatskaplike welvaartfunksie egter voorop te stel word die kennistaak van 'n universiteit misken, sowel as die unieke institusionele- en vaardigheidsprofiel wat universiteite met 'n unieke voordeel toerus in die uitvoering van hierdie kennistaak. Daar is inderdaad 'n legio ander staats- en samelewingsinstellings wat omsien na maatskaplike kwessies, en om universiteite onder hierdie geledere te reken as staatsinstrument is 'n denkfout wat die unieke doel en bydrae van universiteite ondermy.

Tog is dit duidelik vanuit die 2015/16-studenteprotes dat daar toenemend van universiteite verwag word om maatskaplike funksies en voordele te bied. Die studente-eise van die #FeesMustFall-veldtog op die Universiteit van die Witwatersrand sluit in dat klas- en registrasiegelde in geheel afgeskaf moet word; agterstallige studenteskuld afgeskryf moet word; oorskietkos gratis aan arm studente verskaf moet word; en dat akkommodasie sonder enige betaling onvoorwaardelik ten tyde van registrasie beskikbaar gestel moet word (Makitla 2016). By die Universiteit Kaapstad het die #FeesMustFall-beweging in Februarie 2016 geëis dat elke student van kos en akkommodasie voorsien word (Narsee 2016). Selfs die Universiteit van Fort Hare het tydens dié instelling se hoëprofiel-eeufeesvierings in Mei 2016 onder gewelddadige studenteprotes deurgeloop oor kwessies soos studieskuld en gratis kosvoorsiening (Ngubeni & Koyana 2016). Terselfdertyd was die kwessie van uitkontraktering van universiteitswerkers prominent in feitlik alle studenteprotesbewegings. Alhoewel die #FeesMustFall-

en ander bewegings ook akademiese grieve gehad het, is dit oorskadu deur *simboliese* en *sosio-ekonomiese* eise. Dit blyk dat terwyl die universitaire sektor se verhouding met die staatkundige bestel toenemend onder druk geplaas word deur politieke en regeerkundige veranderlikes, daar verder van universiteite verwag word om maatskaplike kwessies te takel en sosio-ekonomiese verligting aan studente en werknemers te verskaf. Wat die impak van hierdie tendense op die universiteit se kennisfunksie gaan hê, is tans onduidelik – maar beperkte hulbronne in die hoëronderwyssektor sal moeilike kompromieë afdwing in dié verband.

Terugskouend hoef dit geensins te verbaas dat die eerste salvo van 'n ontluikende postkoloniale bedeling op universiteitskampusse afgevuur is nie. Dit het egter nie noodwendig gebeur omdat universiteite tradisioneel "ruimtes vir kritiese argumentasie en strydende waardes" is nie (Pusser 2005). Veel eerder was dit as gevolg van *demografiese* en *sosio-ekonomiese* redes dat universiteite bestem was om die episentrum van 'n radikale en postkoloniale ontwaking te wees.

Ten eerste is dit belangrik om te onthou dat die vrygebore en nou postkoloniale generasie bloot aanspraak maak op dit wat voorheen belowe is in die vryheidsmanifes – "the doors of learning and culture shall be opened!" (ANC 1955). Hierdie belofte word nie deur hulle geïnterpreteer met 'n klousule van onderhandeling of met voorwaardes nie. 'n Tweede rede hou verband met die inherente karakter van universiteite as elite-instellings (Calhoun 2006:14). Die eksklusiewe karakter van universiteite spruit uit twee voor die handliggende faktore. Eerstens word aansoekers op grond van vasgestelde kriteria volgens meriete gekeur en aanvaar. Dit geskied enersyds omdat universiteite nie logisties onbeperkte studentegetalle kan toelaat nie, en andersyds as gevolg van die basiese akademiese vermoëns waaroor studente moet beskik alvorens toelating toegestaan word. Tweedens is die kostes verbonde aan hoër onderwys hoog, en is dit gevoleklik nie binne die finansiële bereik van elke aspirant nie. Nietemin, te midde van 'n radikale en postkoloniale tydsgees waarin die status van die elite en die voortgesette voorregte van die verlede bevraagteken word, kom die inherent eksklusiewe karakter van die universiteit toenemend onder skoot.

Verder beskik die meeste Suid-Afrikaanse universiteite (en beslis die mees gesogte van dié instellings) oor 'n noodwendige Westerse institusionele etos, met dominante taal-kulturele komplekse wat óf 'n wit Engelse óf wit Afrikaanse erfenis weerspieël. Binne 'n radikale postkoloniale paradigma verteenwoordig sulke universiteite die institusionele voortsetting van kolonialiteit, in beide die fisiese en kennisdomeine. Laastens is universiteite openbare instellings wat afhanglik is van staatsbefondsing. Vanuit 'n radikale beskouing is hierdie nominale openbare karakter van universiteite nie versoenbaar met instellings wat beskou word as sosio-ekonomiese en kultureel eksklusief nie.

Kortom vergestalt universiteite die mees ooglopende teikens vir 'n jong generasie wat streef na die radikale hervorming van 'n ongelyke samelewning en smag na die bemagtiging wat met tersiëre opvoeding gepaardgaan. As universiteite (binne die radikale postkoloniale paradigma) dan bydra tot die voortsetting van koloniale patronen van bevoorrering en die marginalisering van arm, jong en swart Suid-Afrikaners, moet dit op rewolusionêre wyse herskep word – hindernisse ten opsigte van toegang moet verwyder word; klasgelde moet geskrap word; institusionele kultuur moet verinheems word; kurrikula moet gedekoloniseer word en ver-Afrikaniseer; universiteite moet instrumente word van maatskaplike ontwikkeling en die akademie moet sigself aktivisties beywer vir sosiale geregtigheid (sien UCT RMF 2015). Gevolglik ontstaan die vraag of daar, binne hierdie paradigma, ruimte is vir 'n *Afrikaanse* universiteit.

As deel van die radikale studentebeweging oor die afgelope jaar is die plek en rol van Afrikaans as onderrigtaal opnuut onder die vergrootglas geplaas by voorheen Afrikaanse

instellings. Terwyl hierdie artikel nie oor taal- of bestuurskwesties gaan besin nie, word daar ten slotte 'n stel kritieke aspekte aangeraak wat die toekoms van Afrikaans sal raak in 'n radikale postkoloniale universiteitsbestel.

Eerstens word die Afrikaanse taal in die radikale postkoloniale paradigma beskou as 'n koloniale oorblyfsel (spesifiek die taal van "colonialism of a special type"). Hierdie persepsie het as gevolg dat Afrikaans gemarginaliseer word in die openbare domein en dat die bona fides van die taal as onderrigmedium misken word. Die argument dat Afrikaans 'n rol het as 'n hoë funksioneerende taal van wetenskap en onderrig, word bestry met oordrewe politieke standpunte, wat onder meer insluit dat Afrikaans hoofsaaklik dien as 'n middel tot die behoud van wit bevoorregting, asook dat konsentrasies Afrikaanssprekendes "apartheidsenklawes" vergestalt, aldus Blade Nzimande (News24 2014). Sulke ras- of etnies gesentreerde uitlatings oor Afrikaans word gewoonlik in onakkurate stereotipes gefundeer. Volgens sulke stereotipes is 'n Afrikaanse universiteit outomaties 'n *Afrikaner*-universiteit, wat eksklusiewe *Afrikaner*-belange dien. Hierdie denkfout misken die feit dat die meeste Afrikaanssprekendes bruin is, en dat die bruin gemeenskap ook aanspraak maak op onderrig in Afrikaans.

Tweedens word minderhede toenemend gemarginaliseer in die openbare domein. Omdat openbare instellings grootliks deur die staat befonde word, weerspieël sodanige besteding ook die staat se ideologiese prioriteite. In die konteks van die ANC-regime behels dit die ideologiese voorvereistes van die NDR, en in besonder die konsep van demografiese verteenwoordigendheid. Gevolglik moet die demografiese samestelling van openbare instellings (soos universiteite) getransformeerd word om 'n vasegestelde verhouding te weerspieël wat voldoen aan die NDR se oogmerk van "nierassigheid". In die praktyk beteken dit dat minderheidsgroepe nêrens in die domein van openbare instellings 'n kultuur- of taalgedefinieerde meerderheid kan vorm nie. Dit sluit natuurlik die moontlikheid tot institutionele differensiasie ook uit, waarvolgens aangewese universiteite na die behoeftes van "nismarkte" kan omsien. Terwyl demografiese verteenwoordigendheid in die meeste staatsinstellings voltrek is oor die afgelope twee dekades, is universiteite die uitsondering. Die noodwendig stadiger pas van transformasie van veral die personeelkorps weens die unieke aard en vereistes van die universiteitswese word egter tans voorgehou as 'n politieke teiken, en aangeval as 'n poging tot die behoud van wit bevoorregting en rassisme in die openbare domein.

Derdens het die amalgamasie van 'n radikale politieke momentum en ontluikende postkolonialisme beteken dat daar toenemend klem geplaas word op die verinheemsing en ver-Afrikanisering van die universiteit se kennisfunksie. Die bedoeling agter sogenaamde dekolonialisering van die kurrikulum is om vakinhoud, wat gegrond is op 'n Westerse verwysingsraamwerk, meer toeganklik te maak vir die student in die inheemse, Afrika-konteks. Die doel is dus om die geleefde samelewing, kultuur en waardes van die Suid-Afrikaanse student te versoen met die akademiese vakinhoud en daardeur die student te bemagtig tot beter intellektuele deelname. Hierdie beginsel is gegrond op geldige aannames, siende dat die heersende wetenskapsbeskouings gefundeer is in 'n Westerse kultuurparadigma wat nie noodwendig as waardervy of universeel beskou kan word nie. Die najaag van verinheemsing kan ook beskou word as 'n reaksie op intellektuele globalisering en imperialisme wat gereeld aangetref word in regeringskringe, maar nou ook by universiteite, deur slagspreuke soos "Afrika-oplossings vir Afrika-probleme" (Nathan 2013:2) voorkom. Tog bly die besondere praktiese implementering van 'n de- of postkoloniale kurrikulum onduidelik. Terwyl 'n verinheemsde paradigma moontlik in die geesteswetenskappe kan ontwikkel, waar normatiewe veranderlikes 'n beduidende rol speel, is dit moeilik om 'n soortgelyke projek in die natuurwetenskappe te voorsien. Indien 'n verinheemsde geestes- of sosiale wetenskappe wel tot stand gebring word,

sal dit gedurig moet stry teen die provinsialistiese tendense en intellektuele bysiendheid wat inherent is aan 'n etnies- of kultureel-gefundeerde wetenskapsbeskouing. Sal Suid-Afrikaanse universiteite hul vermoë om in die internasionale kennisdomein te kompeteer, kan behou of uitbou indien die akademie en institusionele kultuur in hoër onderwys toenemend insulêr ontwikkel en verinheems? Die grootste risiko verbonde aan hierdie proses is egter die ruimte wat geskep word vir die opsetlike ideologiese infiltrasie van die akademie.

Laastens noodaak die bogenoemde aspekte 'n heroorweging van 'n Suid-Afrikaanse universiteitsbeskouing. Gegewe die agtergrond wat reeds geskets is, blyk dit dat die konvensionele universiteitsbeskouing van 'n geregtigheidspolitiek (d.w.s. meritokratiese) instelling met 'n oorheersende kennistaak, toenemend as polities uitgedien beskou word. Dit is reeds duidelik dat 'n postkoloniale universiteit 'n meer ontwikkelingsgerigte en aktivistiese karakter sal vergestalt. In hierdie verband is die Noordwes-Universiteit se doelstelling onlangs gewysig tot: "To transform and position the NWU as a unitary institution of superior academic excellence, with a commitment to *social justice*" (eie klemplasing) (NWU 2016).

Terwyl so 'n universiteit sal dien as 'n instrument van sosio-ekonomiese opheffing, bemagtiging en sosiale geregtigheid, sal dit waarskynlik ook in diens staan van 'n bepaalde staatsbeskouing of ideologie. Terwyl daar geen twyfel moet wees dat universiteite 'n ontwikkelings- of samelewingsdiensrol kan vervul nie (inderdaad, meeste universiteite doen dit reeds) kan hierdie funksie nie die *primère bestaansrede* van 'n universiteit wees nie. Die akademie en universiteitswese is oor eeue heen evolusionêr geïnstitutionaliseer om 'n hoogs gespesialiseerde kennisfunksie te vervul, terwyl daar menigte ander instellings bestaan wat ontwikkelings- en opheffingsrolle speel – waarvan die staat die mees bekwame versameling van sodanige organisasies verteenwoordig.

7. SLOTPERSPEKTIEF: 'N ALTERNATIEWE UNIVERSITEITSBESKOETING

Die doel van hierdie artikel was om 'n perspektief te verskaf op die huidige Suid-Afrikaanse politieke tydsgewrig en hoe die verbandhoudende sosiopolitiese tendense die Suid-Afrikaanse universiteitswese kan beïnvloed. Twee beduidende tendense is in hierdie verband geïdentifiseer, te wete die *radikalisering* van die Suid-Afrikaanse politiek en die ontluiting van 'n Suid-Afrikaanse *postkolonialiteit*. Daar is geargumenteer dat universiteite tans in die episentrum staan van die uitwerking van hierdie tweeledige dinamika in die samelewing.

Gegewe die tendense wat tot dusver in hierdie artikel geïdentifiseer is, mag dit selfs moontlik wees om ten slotte 'n tentatiewe nuwe beskouing van die Suid-Afrikaanse universiteit te postuleer. Aan die hand van die politieke radikalisering en die militante instink wat intrinsiek is tot die postkoloniale jeug (en wat gedemonstreer is tydens die #FeesMustFall-en verbandhoudende veldtogte op verskeie kampusse) is dit moontlik dat universiteite ten minste gedeeltelik 'n metamorfose sal ondergaan vanaf *akademiese* instellings tot *politieke* instellings. Hiermee word nie bedoel "polities" ten opsigte van 'n spasie waar robuuste maar verantwoordelike diskouers en debat plaasvind nie; ook nie ten opsigte van 'n instelling waar teenstrydige intellektuele strominge die degens kruis oor dringende kwessies, in die soek na oplossings nie. In stede daarvan is dit moontlik dat die universiteit nog 'n domein gaan word, eerstens, vir die *kontestering van mag* en, tweedens, die *uitoefening van mag* inlyn met die ideologie van politieke magshebbers. In beide hierdie uitkomste word universiteite bloot verlengstukke van die politieke domein. In die konteks van so 'n uitkoms, sal akademiese vryheid, universitaire waardes en selfs die kennisfunksie onderskeik wees aan die tipe ontwrigtende magspolitiek wat reeds te bespeur is in die hoofstroombropolitiek.

BIBLIOGRAFIE

- ANC. 1955. Vryheidsmanifes.Freedom Charter. Soos aanvaar op 26 Junie, te Kliptown. <http://www.anc.org.za/show.php?id=72> [31 Maart 2016].
- ANC. 1987. Apartheid South Africa: Colonialism of a Special Type. <http://www.anc.org.za/show.php?id=4518> [23 Maart 2016].
- ANC. 2000. Tasks of the NDR and the Mobilisation of the Motive Forces. *Umrabulo*, Mei.<http://www.anc.org.za/show.php?id=2356> [18 Maart 2016].
- ANC. 2007. Strategy and Tactics of the ANC (As amended at the 52nd National Conference). Johannesburg: ANC Luthuli-huis.
- ANC. 2012. The second transition? Building a national democratic society and the balance of forces in 2012. www.anc.org.za/docs/discus/2012/transition.pdf [22 Maart 2016].
- BBC News. 2016. Why South Africa's born-free generation is not happy. 26 Oktober. <http://www.bbc.com/news/world-africa-34570761> [23 Maart 2016].
- Biko, S. 1978. *I write what I like*. Londen: Bowerdean Press.
- Bozzoli, B. 2016. New Higher Education Amendment Bill threatens academic freedom. 11 Mei, *Business Day Live*. <http://www.bdilive.co.za/opinion/2016/05/11/New-Higher-Education-Amendment-Bill-threatens-academic-freedom1> [1 Junie 2016].
- Business Day. 2016. Letter: Rainbow Nation myth. 3 Maart. <http://www.bdilive.co.za/opinion/letters/2016/03/03/letter-rainbow-nation-myth> [23 Maart 2016].
- Calhoun, C. 2006. The university and the public good. *Thesis Eleven*, Nommer 84, Februarie 2006: 7–43.
- Collini, S. 2012. *What are universities for?* Londen: Penguin.
- De Tocqueville, A. 1982. *Alexis de Tocqueville on Democracy, Revolution, and Society*. Chicago: University of Chicago Press.
- Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2015. Higher Education Amendment Bill. B36-2015. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Du Plessis, L.J. 1941. *Die Moderne Staat*. Pretoria: Pro Ecclesia.
- Duvenhage, A. 2007. Politieke transformasie as 'n ideologiese denkraamwerk: 'n beleidsdinamiese analise en perspektief. *Koers*, 72(3):377-404.
- Economic Freedom Fighters. 2015. EFF rejects Zuma's comments that "ANC comes first before South Africa" as utterly ignorant and irresponsible. 8 November. <http://effighters.org.za/eff-rejects-zumas-comments-that-anc-comes-first-before-south-africa-as-utterly-ignorant-and-irresponsible/> [18 Maart 2016].
- Fanon, F. 1967. *The Wretched of the Earth*. Harmondsworth: Penguin.
- Greffrath, W. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Greffrath, W. & Duvenhage, A. 2014. South Africa and the 2014 national election: a shift to the left? *Joernaal vir Etietydse Geskiedenis*, 39(2):196-224.
- Haffajee, F. 2015. *What If There Were No Whites In South Africa?* Johannesburg: Picador Africa.
- Hermann, D. 2013. *Affirmative tears*. Pretoria: Kraal Uitgewers.
- Hlope, D. 2015. Madiba legacy a liberal construct. *Independent Online*, 13 Desember. <http://www.iol.co.za/sundayindependent/madiba-legacy-a-liberal-construct-1959587> [23 Maart 2016].
- Human, P. 1998. *Yenza: A blueprint for transformation*. Cape Town: Oxford University Press.
- Huntington, S. 1968. *Political Order in Changing Societies*. New Haven: Yale University Press.
- IRR. 2015. Born free but still in chains. Spesiale verslag voorberei deur die IRR. 29 April.<http://irr.org.za/reports-and-publications/occasional-reports/born-free-but-still-in-chains-south-africa2019s-first-post-apartheid-generation> [31 Maart 2016].
- Jadoo, Y. 2016. Racism "clouds rainbow nation". *Citizen*, 15 Maart. <http://www.citizen.co.za/1033950/racism-clouds-rainbow-nation> [23 Maart 2016].
- Jeffery, A. 2015. The Expropriation Bill is back – and it's still unconstitutional. *@Liberty-The policy bulletin of the IRR*, Nommer 17:1-12.
- Kerr, C. 1963. *The Uses of the University*. Cambridge: Harvard University Press.

- Makitla, E. M. 2016. Wits "Fees MustFall - Student" Demands. 11 Januarie. <http://www.feesmustfall.joburg/2016/01/11/students-demands-2/> [1 Junie 2016].
- Maskell, D. & Robinson, I. 2001. *The New Idea of a University*. Londen: Haven Books.
- Meintjies, M. 2015. EFF's Malema takes aim at "sellout black billionaires" in Oxford address, *Business Day*, 26 November. <http://www.bdlive.co.za/national/politics/2015/11/26/effs-malema-takes-aim-at-sellout-black-billionaires-in-oxford-address> [23 Maart 2016].
- Nathan, L. 2013. African solutions to African problems: South Africa's foreign policy. *South African Foreign Policy Initiative* nuusbrief, Nommer 51, November 2013: 1-5.
- Narsee, A. 2016. Students demand food and shelter for all at UCT. *Times Live*, 2 Februarie. <http://www.timeslive.co.za/thetimes/2016/02/02/Students-demand-food-and-shelter-for-all-at-UCT> [1 Junie 2016].
- Newman, J.H. & Turner, F. 1996. *The Idea of a University: Rethinking the Western tradition* (herdruk). New Haven: Yale University Press.
- News24. 2014. NWU Potchcampus an "apartheid enclave" – Nzimande. <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/NWU-Potch-campus-an-apartheid-enclave-Nzimande-20140926> [1 April 2016].
- Ngubeni, N. & Koyana, X. 2016. Violence erupts at Fort Hare amid centenary celebration preparations. *Eyewitness News*, 17 Mei. <http://ewn.co.za/2016/05/19/Fort-Hare-student-protests-hijacked> [1 Junie 2016].
- Noordwes-Universiteit. 2016. Strategy / Togamaano / Strategie 2015 – 2025. Beskikbaar op die NWU intranet [3 Junie 2016].
- Oosthuizen, J. 2016. US Woordfees: Wat nou, Suid-Afrika? *Litnet*, 8 Maart. <http://www.litnet.co.za/us-woordfees-wat-nou-suid-africa/> [24 Maart 2016].
- Piper, L. 2009. The Zuma watershed: from post-apartheid to post-colonial politics in South Africa. *Representation*, 45(2):101-107.
- Presence, C. 2016. Controversial Higher Education Amendment Bill passed. *Independent Online*, 24 Mei. <http://www.iol.co.za/news/politics/controversial-higher-education-amendment-bill-passed-2025767> [1 Junie 2016].
- Pusser, B. 2005. Reconsidering Higher Education and the Public Good. Ongepubliseerde referaat. Universiteit van Virginia, Charlottesville.
- Quintal, G. 2015. The ANC comes first, not the country: Zuma. *Times Live*, 8 November 2015. <http://www.timeslive.co.za/politics/2015/11/08/The-ANC-comes-first-not-the-country-Zuma> [2 Junie 2016].
- Radebe, J. 2012. Statement by the head of the ANC NEC policy sub-committee on the release of policy discussion documents, 5 Maart. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71656?oid=284036&sn=Detail&pid=71656> [6 November 2014].
- SAKP. 1962. *The Road to South African Freedom*. Londen: Inkululeko Publications.
- Scruton, R. 1982. *A Dictionary of Political Thought*. Londen: Macmillan.
- UCT Rhodes MustFall. 2015. Uctrhodesmustfall mission statement. Facebook-blad, 25 Maart. <https://www.facebook.com/RhodesMustFall/posts/1559394444336048> [1 April 2016].
- Van der Merwe, J.P. 2010. Die Afrikaner se belewing van transformasie en nasiebou in 'n postapartheid Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(3):313-326.
- Van Onselen, G. 2013. An erosion of the DA's liberal values? *Politicsweb*, 21 January. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71639?oid=351746&sn=Detail&pid=71639> [18 Maart 2016].
- Zabus, C. 1995. In Ashcroft, Griffiths & Tiffin (reds.). *Relexification*. Londen: Routledge.
- Zuma, J. 2014. Toespraak gelewer by die New Age/MorningLive besigheidsontbyt oor die ANC verkieatingsmanifes. Nelspruit, 13 Januarie. <http://www.politicsweb.co.za/party/on-the-ancs-2014-election-manifesto--jacob-zuma> [2 Junie 2016].

Transformasie en die universiteitswese

Transformation and the University Sector

FRANCOIS VENTER

Buitengewone professor

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

E-pos: Francois.Venter@nwu.ac.za



Francois Venter

FRANCOIS VENTER is 'n buitengewone professor verbonde aan die Fakulteit Regte van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom. Hy het tussen 2000 en 2012 as dekaan gedien, en was ook vir 'n paar termyne 'n senaatsverteenvoerder in die raad van die universiteit. Sy wetenskaplike fokus is op staatsregsvergelyking, waaroor verskeie boeke reeds uit sy pen verskyn het, die jongste hiervan is *Constitutionalism and Religion* (Edward Elgar Publishers, 2015). Tussen 1990 en 1996 was hy regstreeks as adviseur betrokke by die ontwikkeling van die grondwettekste van 1993 en 1996.

FRANCOIS VENTER is an extraordinary professor at the North-West University, Potchefstroom Campus Faculty of Law. During 2000 to 2012 he served as Dean of the same faculty and was a senate representative on the NWU council. His scholarly focus is on constitutional comparison, a field in which he has authored extensively. His latest book is titled *Constitutionalism and Religion* (Edward Elgar Publishers 2015). During 1990 to 1996 he was directly involved in the development of the interim and final Constitutions of the Republic of South Africa.

ABSTRACT

Transformation and the University Sector

“*Transformation*” is not defined in parliamentary legislation or the Constitution. Nevertheless, the policy documents of the Government and the ANC bestow immense importance on the notion, which bears significant ideological, political, legal and constitutional implications. The dictionary meaning of transformation suggests change, conversion, modification, etc. The ANC (2012:3) has described its “principal task” as being “to mobilise all strata and classes, including the new social forces born out of our democracy, around the national programme of transformation to build a national democratic society”. This choice of terminology is no coincidence, because it is based on the organisation’s main strategy known as the “National Democratic Revolution” (NDR). Its essential goals are “the liberation of Africans in particular and Blacks in general from political and socioeconomic bondage” and “liberating the white community from the false ideology of racial superiority and the insecurity attached to oppressing others”. The history and thrust of the NDR show that it is uncompromisingly founded upon the tenets of Marxism-Leninism. Although it is hardly politically correct to

interrogate the continued communist rhetoric with which the ANC's policy documents are infused, one cannot assume that such rhetoric is merely hollow prolixity.

Sentiments supportive of fundamental social and economic change can be found in both the 1993 and 1996 Constitutions. No doubt these noble goals, if realised, could embody cornerstones in the transformation of the complex and conflicted South African society towards a stable citizenry with common expectations for social justice. These are, however, not the goals expressed in the NDR.

Legal academic discussion of transformation has not contributed much to the clarification of its meaning. A 1998 publication of Karl Klare, a prominent exponent of Critical Legal Studies, has strongly influenced academic and judicial thinking to understand transformation to be a project aimed at comprehensive social change to be brought about by employing the law to effect wholesale egalitarian social transformation beyond mere reform, stopping just short of revolution.

From a brief survey of legislation relating to schools, the fisheries industry and labour relations, it is clear that the legal meaning of transformation remains vague and undefined, causing the courts to be similarly ambiguous when called upon to correlate government policies with constitutional injunctions. Using the same vague and elastic term in ideological statements and in the law, provides politicians with the opportunity to pursue revolutionary goals under a cloak of constitutional propriety.

Although ideological transformation is useful to offer unspecified political promises of alleviation of past and present suffering, in reality it has thus far mostly promoted the interests of a relatively small black elite. Most of the electoral supporters of the ANC are poor and support the organisation "because of their material dependence on the ANC-controlled state" (Mbeki 2011:9). It is, however, becoming increasingly clear that the failure to build economic capacity among the growing number of poor South Africans through the predatory exhaustion of the means of a small component of society, renders ideological transformation self-destructive.

Undefined transformation of the university sector is the aim of higher education legislation, which is to be specifically enhanced by the amendment bill of 2015, by empowering the Minister to unilaterally prescribe "transformation goals" to universities. Government's approach to higher education has been described as a process of implementing the NDR "to erode university autonomy in the name of 'transformation'" (Jeffery 2014:399). Espousing the termination of Afrikaans as academic language is seldom acknowledged officially, but it is obvious that the protection or promotion of the language is at the very least not considered to be desirable measured against the demands for transformation.

Transformation is a rich and malleable concept useful for many purposes, both for selective advancement and retribution. The comprehensively beneficial potential of constitutionally sanctioned transformation has unfortunately been warped by the ANC's ideological conceptualisation of the notion and its subsequent implementation in the practice of the governments of the past two decades. Should the transformation of the university sector continue to be pursued according to this pattern, the future of higher education is bleak. Yet, it is not impossible that the political, economic and social configuration of power may change – if the remaining pockets of excellence in higher education could be saved from the ravages of the NDR, this might lead to a balanced process of transformation in the spirit of the Constitution.

KEY WORDS:

Transformation, Constitution, National Democratic Revolution, ideology, Marxism-Leninism, Critical Legal Studies, Constitutional Court, African National Congress, higher education, employment equity, Black economic empowerment, Afrikaans, language policy

TREFWOORDE:

Transformasie, Grondwet, National Democratic Revolution, ideologie, Marxisme-Leninisme, Critical Legal Studies, Konstitusionele Hof, African National Congress, hoër onderwys, indiensnemingsgelykheid, Swart ekonomiese bemagtiging, Afrikaans, taalbeleid

OPSUMMING

“Transformasie” word nie in wetgewing of die Grondwet omskryf nie, maar die beleidsdokumente van die regering en die ANC beklemtoon dit sterk as doelwit. Die motivering vir transformasie word in die konteks van die “National Democratic Revolution” onverbloemd op grond van Marxisies-Leninistiese denke gemotiveer. Hoewel dit ongetwyfeld nie “polities korrek” is om die voortgesette benutting van die kommunistiese taal waarvan die ANC se beleidsdokumente deurdrenk is, te bevraagteken nie, kan ook nie eenvoudig aanvaar word dat dit maar net ‘n leë woordespel is nie.

In sowel die 1993- en 1996-weergawes van die Grondwet word edele oogmerke ter ondersteuning van fundamentele sosiale en ekonomiese verandering gestel, wat – indien dit verwerklik sou kon word – die komplekse en gekonflikteerde Suid-Afrikaanse samelewing kan omskep in ‘n stabiele burgery met gemeenskaplike verwagtinge van sosiale geregtigheid en stabiliteit.

Die huidige regswetenskaplike behandeling van die transformasiebegrip dra nie veel by tot die verheldering van die betekenis daarvan nie. Die wetgewing en beleidsdokumente waarin daar sprake is van transformasie, voorsien ook nie definisies nie en die Howe se vertolking daarvan is nie eenduidig nie. Daardeur is die begrip blootgestel aan misbruik vir ideologiese doeleinades, wat die belofte van mislukking inhoud wanneer die oorblywende hulpbronne uitgeput is.

Onomskrewe transformasie word ook vir die universiteitswese voorgeskryf, en die jongste wysiging van die betrokke wetgewing beoog om aan die Minister die gesag te gee om eensydig “transformasiedoelwitte” aan universiteite voor te skryf en af te dwing. ‘n Verandering van die heersende magspatrone wat bevryding van die NDR kan meebring, kan die behoud en positiewe uitbou van die oorblywende eilande van uitnemendheid in die hoëronderwyssektor meebring.

1. INLEIDING

“Transformasie” word nog in parlementêre wetgewing, nog in die Grondwet omskryf. Dat transformasie ‘n baie prominente dryfveer van die regering is, is egter duidelik uit amptelike beleidstukke en die vermelding daarvan in verskeie stukke wetgewing. Maar waarvan is daar sprake wanneer “transformasie” aan die orde kom – wat behels dit en waarop is dit gegrond? Dit is werklik verbasend dat hierdie vraag so selde geopper word – en in elk geval nooit amptelik van owerheidsweë beantwoord word nie.

Die werklike toedrag van sake is dat transformasie oor die afgelope twintig jaar algaande ingeburger geraak het in die openbare diskouers. Meestal word dit as gegewe aanvaar dat transformasie “goed” is, dat dit noodsaaklik is in ons demokratiese bedeling wat gegrond is op ‘n hoogs aangeprese Grondwet en dat die bedoeling daarmee is om sosiale opheffing en

verbetering teweeg te bring. Voorstanders van transformasie is daarvan oortuig dat hulle die morele hoëgrond beset. Om enigsins oor die aard en wenslikheid daarvan navraag te doen, stel 'n mens (veral as jy 'n wit, manlike Suid-Afrikaner is van wie gesê word dat jy weens hierdie eienskappe vanselfsprekend by apartheid baat gevind het) outomaties bloot aan etikettering, byvoorbeeld as reaksionêr, onsensitief vir die voortdurende sosiale gevolge van die skandes van die kru diskriminasie van die verlede en vir die onverligte en toenemende lyding van miljoene Suid-Afrikaners. Om die vraag na die betekenis(se) van "transformasie" egter te ontwyk, veral nou uit die perspektief van die universiteitswese, is intellektueel oneerlik en moreel onverantwoordelik.

In die volgende afdeling word die manier waarop die begrip polities en juridies gebruik word, kortlik geskets, gevvolg deur 'n beskrywing van hoe dit ontplooи het vanuit sy Marxisties-Leninistiese wortels tot 'n gerespekteerde akademiese en regterlike idee. In die vierde afdeling word die ideologiese beloftes van transformasie geweeg, gevvolg deur die toepassing daarvan op die universiteitswese. In die laaste afdeling word twee moontlike toekomsprojeksies beskryf.

2. WAT IS "TRANSFORMASIE"?

Die woordeboekbetekenis van "transformasie" is "Gedaanteverwisseling; die oorbring in 'n ander vorm; verandering in die samestelling van iets" (HAT 2007:1196). Die manier waarop hierdie begrip in onderskeidelik die politieke retoriek van die ANC en in die konteks van wetgewing en regsspraak aangewend word, vertoon belangrike verskille, maar hierdie verskille word selde uitgewys.

2.1 Transformasie as politieke projek

Volgens die beleidsdokumente van die ANC (ANC 2012:3) is dié organisasie se "principal task" die volgende:

[...] to mobilise all strata and classes, including the new social forces born out of our democracy, around the national programme of transformation to build a national democratic society.

Begrippe soos "all strata and classes" en "national democratic society" in hierdie taakstelling is nie toevallige keuses nie, maar staan op diep ideologiese fondamente. Die sentrale en rigtingbepalende aard van sulke begrippe blyk ook uit aard van die ANC se hoofstrategie, naamlik die "National Democratic Revolution" (NDR), wat volgens die jongste amptelike beplanningsdokument (ANC 2013:24, paragraaf 39) as hoofinhoud "the liberation of Africans in particular and Blacks in general from political and socioeconomic bondage" en "liberating the white community from the false ideology of racial superiority and the insecurity attached to oppressing others", het. Die onverbloemde Marxistiese grondslag van die ANC se transformasiedenke blyk ook uit stellings soos (ANC 2013:32, paragraaf 73):

The ANC must continue to exercise maximum vigilance against forces which seek to subvert social transformation ... In addition, marginalisation and destitution inherited from apartheid and the kind of greed represented by organised crime do create fertile ground for lumpen elements [waarby Karl Marx se begrip "*Lumpenproletariat*" klaarblyklik bedoel word] whose actions can have counter-revolutionary implications.

Die wortels van die ANC se transformasie-ideologie is nie moeilik om na te spoor nie. Peter Hudson het byvoorbeeld dertig jaar gelede in die eerste uitgawe van 'n tydskrif wat op

transformasie fokus, uitgewys dat Marx en Lenin die term “sosialisme” gebruik het om te verwys na die eerste fase van die proses van die oorgang van kapitalisme na kommunisme, en dat dit die *transformasie* behels na ‘n staat waarin die werkersklas beslag lê op die produksiemiddele. Hy het verder daarop gewys dat die ANC-alliansie Suid-Afrika destyds reeds gekenmerk het as ‘n voorbeeld van “kolonialisme van ‘n spesiale tipe” wat meegebring het dat (Hudson 1986:21):

[...] the struggle to establish socialism must first assume the form of struggle to establish a national-democracy and that this struggle must be successful before there can be any transition to socialism in South Africa. Through the prism of this analysis the Freedom Charter appears as a ‘national democratic’ text.

Hudson het aangetoon dat hierdie sosialistiese oogmerke uitdrukking gevind het in die NDR, maar dat die klassieke sosialistiese konsep van *klas* deur die ANC gekortsluit is en vervang is met *ras* (Hudson 1986:27).

‘n Mens kry die indruk dat die prominensie van die NDR in ANC-denke nie konstant is nie en dat die wisseling van ekonomiese beleide daarmee verband hou. Teen die middel van die eerste dekade van hierdie eeu, toe GEAR (“Growth, Employment and Redistribution”) prominent in die Mbeki-regering was, het COSATU en die SAKP dit gekritiseer as “neoliberaal”. Uit die interne besprekingsdokumente van die ANC in daardie tyd blyk dit dat die kommunistiese elemente van die alliansie die ANC se toewyding aan die NDR bevraagteken het. Dit het daar toe aanleiding gegee dat die ANC sy onderskrywing van die NDR moes herbevestig (ANC 2006). Tien jaar later is daar geen twyfel meer oor die sentraliteit van die NDR in die denke van die Zuma-regering nie (ANC 2016):

In pursuing the NDR during the current phase, the ANC understands the connection between political and socio-economic challenges and therefore we have crafted plans to lead the people in pursuing our common aspirations. We are ensuring that sectoral interests are linked to strategic objectives and national goals. Therefore, it is important that cadres and leaders of the ANC conduct themselves in accordance with the highest standards of revolutionary morality.

Die ANC se selfbeeld strook volledig met ‘n onderskrywing van die NDR; dus met die siening dat die organisasie nie ‘n politieke party is nie, maar ‘n revolucionêre bevrydingsbeweging wat gefundeer is op die Marxisties-Leninistiese idees van ‘n sosialistiese oorgangsfase na ‘n kommunistiese samelewing. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die verduidelikende strook op die ANC se webblad (ANC 2016):

The ANC, the leader of the Alliance, is a multiclass National Liberation Movement advancing the National Democratic Revolution, the primary objective of which is the establishment of the National Democratic Society which is united, nonracial, non-sexist, democratic and prosperous.

The SACP is the vanguard party of the working class, with the objective of advancing a socialist revolution aimed at creating a communist society underpinned by a classless society.

COSATU is a progressive trade union federation whose core objective is to fight for and defend the rights of workers and to protect workers from the super-exploitation of the capitalist class.

Die verband tussen die NDR en transformasie is duidelik, soos onder meer blyk uit die reeds aangehaalde taakstelling van die organisasie (ANC 2012:3).

Twintig jaar gelede het Dlamini gewys op die politieke aard van die idee van die transformasie van universiteite (Dlamini 1995:47):

[T]he idea of a people's university is not really new. It was advocated among a number of American and European universities in the Sixties and early seventies. This was part of a broader Marxist-socialist movement which was aimed at transforming society by empowering the masses who were perceived to be oppressed by the capitalist class.

Dat die universiteitswese se transformasie hoog op die revolusionêre agenda van die ANC is, is byvoorbeeld sigbaar uit opmerkings soos die volgende (wat nog voor die studente-aksies van laat 2015 gemaak is (ANC 2015:13)):

The frustrations relating to the slow pace of transformation on campuses have also been sharply expressed by students and this is a reality. Academic staff remains predominantly white and male.

Die gematigde beeld van transformerende beleidsdoelwitte wat meestal deur regeringslui (en universiteitsbestuurders) voorgehou word, mag diegene wat nie kennis neem van die onderliggende beleidstandpunte en -doelwitte soos dié waarna hierbo verwys is nie, daartoe bring om 'n analise soos hierdie as reaksionêre kommunistejagtery af te maak. 'n Mens moet jou egter die vraag afvra wat die eksplisiete voortgesette verbintenis van die ANC aan die gediskrediteerde Marxisties-Leninistiese retoriek dan in hulle interne diskouers beteken. Dit is moeilik om te glo dat die gereelde herverbintenis tot die NDR maar net leë woorde is.

2.2 Transformasie in die reg

Sedert 1994 is die transformasiebegrip oor 'n breë spektrum van dissiplines toenemend in parlementêre wetgewing en uitvoerende beleidsdokumente ingebou. Opvallende voorbeeld kom voor op die terreine van arbeidsregulering, eiendomsreg (veral op grond), staatsverkryging, en onderwys.

Die skerp ideologiese hoeke van transformasie word deurgaans vermurwe of vermom wanneer daar vir die implementering daarvan in parlementêre wetgewing voorsiening gemaak word. Daaroor word dit moontlik gemaak om statutêr geoorloofde transformasie voor te hou as die edele vorm daarvan waarvoor die tekste van die 1993 en 1996 Grondwette per slot van rekening, weliswaar sonder dat die woord self daar gebruik word, voorsiening maak.

Die buitengewone afsluitingswoorde van die 1993 Grondwet, waardeur die nuwe gekonstitusionaliseerde bedeling in Suid-Afrika ingelui is, het op aangrypende wyse uitdrukking gegee aan die gees waarin die historiese oorgang onderhandel is. Die eerste paragraaf het soos volg gelui:

Hierdie Grondwet bou 'n geskiedkundige brug tussen die verlede van 'n diep verdeelde gemeenskap wat gekenmerk is deur tweespalt, konflik, ongekende lyding en ongeregtigheid, en 'n toekoms wat gevëstig is op die erkenning van menseregte, demokrasie en vreesame naasbestaan en ontwikkelingsgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners, ongeag kleur, ras, klas, geloof of geslag.

Soortgelyke sentimente word in die voorrede tot die huidige (1996) Grondwet aangetref. Daarin word die oortuiging, met erkenning van die ongeregtighede van die verlede, uitgespreek

dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons diversiteit. Verder is die stelling gemaak dat die Grondwet onder meer aangeneem is om die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing daar te stel wat gefundeer is op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele regte, en om die lewenskwaliteit van alle burgers te verbeter en die potensiaal van elkeen te ontsluit. Die samelewing wat in die vooruitsig gestel is, is een waarin elke burger gelyke regsbeskerming geniet.

Al hierdie edele bedoelings wat op histories betekenisvolle wyse in die twee funderende grondwette tot uitdrukking gebring is, sou sonder twyfel, indien dit gerealiseer word, vaste hoekstene kon wees vir die transformasie van ons komplekse en gekonflikteerde Suid-Afrikaanse gemeenskap na 'n stabiele burgery met gemeenskaplike vooruitsigte vir sosiale geregtigheid en stabiliteit.

Die Konstitusionele Hof het by geleentheid ook inhoud hieraan gegee, byvoorbeeld in 'n uitspraak van 2001 (*Hyundai* 2001: paragraaf 21):

The Constitution is located in a history which involves a transition from a society based on division, injustice and exclusion from the democratic process to one which respects the dignity of all citizens, and includes all in the process of governance. As such, the process of interpreting the Constitution must recognise the context in which we find ourselves and the Constitution's goal of a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights.

Weens die ideologiese kontaminasie van die transformasiebegrip word die grondwetlike ideale wat in die verhewe grondwetlike tekste uitgespreek word en wat rigtinggewend vir regeringsbeleid en sosiale gedrag behoort te wees, egter deurlopend polities verwring en misbruik.

3. DIE EVOLUSIE VAN 'N REVOLUSIONËRE BEGRIP

Dit is merkwaardig hoe die ANC daarin kon slaag om transformasie enersyds in eie geledere te benut as opruiende motivering vir die voortsetting van 'n revolusie van die proletariaat (in Suid-Afrika verstaan as die verarmde swart massas wie se omstandighede aan apartheid gewyt word), en andersyds om akademici, juriste en die howe tot die oortuiging te bring dat daardie selfde ideologiese begrip 'n nastrewenswaardige maatskaplike doelwit daarstel. Dit is moontlik om hierdie evolusie van die revolusioneire taal tot in die akademiese regsliteratuur, wetgewing en die daaruit voortspruitende regsspraak na te spoor (hier net in breë trekke).

In regsteoretiese konteks kan die artikel van Karl Klare (Klare 1998), gebaseer op twee konferensievoordrage in 1995 en 1996, as die beginpunt van die intellektualisering van transformasie aangemerken word. Klare is 'n prominente figuur in die Amerikaanse Critical Legal Studies skool, en was skynbaar in die 1970's taamlik nou geassosieer met die Amerikaanse debatvoering oor Marxistiese humanisme (Hunt 1986:10). In sy artikel het Klare "transformative constitutionalism" in die Suid-Afrikaanse konteks beskryf as (Klare 1998:150):

[A] long-term project of constitutional enactment, interpretation, and enforcement committed (not in isolation, of course, but in a historical context of conducive political developments) to transforming a country's political and social institutions and power relationships in a democratic, participatory, and egalitarian direction.

Dit behels volgens hom omvattende sosiale verandering wat met behulp van die reg grootskaalse, egalitêre sosiale transformasie moet bewerk op 'n wyse wat meer is as blote hervorming ("reform"), maar kort duskant revolusie is.

Akademiese publikasies uit die penne van 'n indrukwekkende lys gerespekteerde regswetenskaplikes het gereeld sedert Klare se artikel die lig gesien, maar die outeurs se fokus was nie daarop om helderheid te bring oor 'n juridiese (in teenstelling met 'n ideologiese) betekenis van die begrip nie.

In 'n bydrae oor die lotgevalle van die privaatreg in die nuwe grondwetlike bedeling, het André van der Walt gebruik gemaak van Klare se siening van transformasie, en onder meer aangetoon (Van der Walt 2005:659) dat die spanning tussen die sekerheid van die voorgrondwetlike (privaat)reg en transformasie gekompliseer word deur die morele en politieke dryfvere onderliggend aan transformasie.

Cathi Albertyn het die grondwetlike beskerming van substantiewe gelykheid as 'n fasiliterende faktor by sosiale en ekonomiese transformasie geïdentifiseer en geredeneer dat die reg 'n rol het om te speel in sodanige transformasie (Albertyn 2007:276).

Die vlakte van (postmoderne) abstraksie waartoe die transformasiekonsep gevoer kan word, word deur Karin van Marle gedemonstreer waar sy transformasie (saam met gelykheid en interafhanklikheid) as "waardes" beskryf en die onbepaalbaarheid daarvan tot uitdrukking bring wanneer sy skryf (Van Marle 2015:550): "Transformasie is nie iets wat eenmalig kan plaasvind nie, dit is 'n voortdurende proses wat in die lig van die verlede met die hede moet omgaan".

Nie net akademici nie, maar ook regters van die Konstitusionele Hof het tot die literatuur oor transformasie bygedra (Langa 2006; Moseneke 2009). Die regters se standpunte oor transformasie is ook toenemend in hulle uitsprake weerspieël. 'n Voorbeeld hiervan is 'n *dictum* van Regter Albie Sachs in 2010 (*Joe Slovo*, paragraaf 347):

[T]he Constitution does not, as some constitutions do, simply prescribe limits on the way government exercises its authority. It imposes duties on government to play a proactive role in bringing about social transformation and facilitating enjoyment of human rights by all.

Gegewe die uiteenlopendheid van moontlike betekenis van die begrip, sou 'n mens verwag dat "transformasie" in die wetgewing wat sedert die aanvang van die bewind van die ANC reëlmataig gepromulgeer is, omskryf sou word. So 'n verwagting het egter tot dusver nie gerealiseer nie. Onvermydelik het die transformasiewetgewing geleid tot litigasie en 'n betreklik omvangryke *corpus* van regsspraak.

Die eerste statutêre vermelding van transformasie het voorgekom in die lang titel van die Skolewet van 1996 (*South African Schools Act 84* van 1996):

[T]his country requires a new national system for schools which will redress past injustices in educational provision ..., advance the democratic transformation of society ...

Wat "democratic transformation" in die onderwyskonteks behoort te beteken, is tot 'n mate deur die Konstitusionele Hof op 'n wyse toegelig wat moeilik vereenselwig kan word met die ideologiese betekenis wat die ANC daaraan gee (*Hoërskool Ermelo* paragraaf 55):

The new education system must lay a foundation for the development of all people's talents and capabilities and advance the democratic transformation of society and combat racism, sexism, unfair discrimination and the eradication of poverty. The preamble also expresses the intent to advance diverse cultures and languages and to uphold the rights of learners, parents and educators.

Wetgewing en die voortspruitende administratiewe optrede wat betrekking het op die transformasie van die seevisserybedryf (*Marine Living Resources Act 18* of 1998), het aanleiding

gegee tot heelwat regsspraak. Artikel 2(j) vereis van diegene aan wie gesag en funksies ingevolge die Wet verleen word om in ag te neem “the need to restructure the fishing industry to address historical imbalances and to achieve equity within all branches of the fishing industry”. Die Wet maak voorsiening vir die instelling van die “Fisheries Transformation Council”, maar die naaste wat die Wet kom aan die presisering van wat met “transformasie” bedoel word, is in artikel 18(5) wat van die Minister vereis “to have particular regard to the need to permit new entrants, particularly those from historically disadvantaged sectors of society”.

In 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof (*Bato Star*) was 'n sleutelvraag of maatskappye aan wie visserykwotas toegestaan is, voldoende “getransformeer” was (dit wil sê of die rassedemografie van die land weerspieël is in die eienaarskap en bestuur van die maatskappy), al dan nie. Die hof het bevind dat die oogmerk van die wet dat die onregverdige *status quo* nie bloot in belang van die stabiliteit van die nywerheid gehandhaaf kan word nie, gestrook het met die voorrede en waardes van die Grondwet (*Bato Star*: paragraaf 34). Aangesien die betrokke beleid egter volle transformasie oor die medium en langtermyn in die oog gehad het, was die betwiste kwotatoekenings oor die korter termyn wel aanvaarbaar, as dit gedoen is in belang van stabiliteit (*Bato Star*: paragraaf 53).

In die konteks van arbeidsverhoudinge word transformasie gerедelik met regstellende aksie geassosieer. Die wyse waarop dit deur verskillende staatsdepartemente aangepak word, het egter al tot langdurende litigasieprosesse aanleiding gegee, met wisselvallige uitkomste. Die *Employment Equity Act* 55 van 1998 gebruik weliswaar (soos die Grondwet) nie die uitdrukking “affirmative action” nie, maar is ooglopend bedoel om realisering te gee aan die veroorlowing deur die Grondwet se gelykheidsbepaling (artikel 9) van stappe om persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te beskerm en te bevorder. In 2013 het die Arbeidshof 'n saak beslis wat gehandel het met die ontneming van 'n Indiervrou van die geleentheid om tot 'n senior offisierspos in die SA Polisiediens bevorder te word. Die SAPD se gelykheidsplan het slegs 2,5% Indiérverteenvoordiging toegelaat. Die Hof het bevestig dat die Wet bedoel is om die nadelige uitwerking van apartheid teen te werk, maar het dit gekwalifiseer (*Naidoo* paragraaf 117):

It is important to bear in mind that, while employment equity prohibits unfair discrimination, it promotes non-racialism and non-sexism. That is the essence of the transformation agenda envisaged in the Constitution.

Die Hof het die gelykheidsplan egter skerp gekritiseer, want (*Naidoo* paragraaf 177):

[I]n general, and the impugned measures in particular, patently undermine the constitutional objective of equality. Instead of promoting non-racialism it promotes – for want of a better phrase – perverse race rivalry; and instead of embracing non-sexism it proffers tokenism.

Daar is heelwat verdere voorbeelde uit die wetgewing, beleidsdokumente en regsspraak waar transformasie ter sprake gekom het. Die beeld wat daaruit na vore kom, is egter nie eenduidig nie: waar parlementêre wetgewing vaag en omsigtig met die transformasiebegrip omgaan, is uitvoerende en administratiewe beleidsdokumente en optredes veel meer eksplisiet (en soms blatant) gekonsentreer op ras (en dus nader aan die ideologiese konsep) en meermale blootgestel aan judisiële sensuur. Die Howe se hantering van transformasie is ook nie konstant nie. Oor die algemeen word transformasie in die regsspraak gekoppel aan die gees en bepalings van die Grondwet en word eensydige rassefokusse vermy, maar dit is duidelik uit die soms woordryke uitwyding oor die onderwerp deur spesifieke regters dat hulle nie veel simpatie het met diegene wat aan die kortste end van transformasie trek nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende uitslating van die Konstitusionele Hof (*Bato Star* paragraaf 76):

The measures that bring about transformation will inevitably affect some members of the society adversely, particularly those coming from the previously advantaged communities. It may well be that other considerations may have to yield in favour of achieving the goal we fashioned for ourselves in the Constitution.

In die lig daarvan dat die Konstitusionele Hof ingevolge artikel 167 van die Grondwet die finale vertolker van die grondwetlike teks is, bestaan die gevaar dat ideologies getransformeerde regters gesaghebbende apologete vir die NDR kan word (vgl. bv. Malan 2014). Tot dusver het dit nie gebeur nie, en kan steeds van die standpunt uitgegaan word dat die ANC se ideologies gedrawe konsep van transformasie nie versoenbaar is met die vorm van transformasie wat met die gees en bepalings van die Grondwet strook nie.

Dat transformasie, soos dit in Suid-Afrika gebruik word, diep wortels in revolusionêre denke het, is onmiskenbaar. Tegelyk is dit onteenseglik so dat daar duidelike aanknopingspunte in die bepalings van die Grondwet is wat 'n soort transformasie regverdig wat gebalanseerde sosiale herskikking van hierdie komplekse, diverse en gepolariseerde samelewing moontlik maak. Die vraag is egter hoe geïntellektualiseerde en gejurifiseerde transformasie met die revolusionêre transformasiebegrip versoen kan word. Die antwoord is duidelik: dit kan nie, want die transformasie-ideologie is ongrondwetlik diskriminerend, en dit is eensydig gerig op sosiale revolusie en nie maatskaplike stabiliteit nie. Dat die vaagheid en plooibaarheid van die begrip egter ruim geleentheid bied vir die politieke nastrewing van revolusionêre doelwitte onder die dekmantel van grondwetlike fatsoenlikheid, is egter duidelik: die woord op die tong van die politieke ideoloog is dieselfde as wat in akademiese geskrifte en in regsspraak geskryf word – en selde word uitdruklik onderskei watter een van die twee teenoorstaande betekenisste daaraan geheg moet word.

4. DIE BELOFTES VAN IDEOLOGIESE TRANSFORMASIE

Vir steunwerwing onder Suid-Afrikaners wat onder armoede en beperkte vooruitsigte vir opheffing ly, is transformasie 'n briljante instrument. Dit hou 'n onspesifieke belofte van verligting, bevoordeling en verryking in, en impliseer, sonder dat dit geartikuleer hoef te word, die bestrawwing, as verdiente loon, van hulle wat verantwoordelik gehou moet word vir die ellende. So beskou, is transformasie die sleutel tot opheffing, herverdeling van rykdom, materiële en sosiale gelykheid, nuwe werksgeleenthede en beter onderwys.

Die wrede realiteit is egter anders. In haar insiggewende en deeglik nagevorste boek oor swart ekonomiese bemagtiging (SEB), dui Anthea Jeffery byvoorbeeld oortuigend aan dat SEB meegewerk het tot die skepping van 'n relatief klein swart elite, maar dat die miljoene armes geen vooruitsig het om daardeur toegang tot die vrugte van transformasie te kry nie (Jeffery 2014:348-383).

In die inleidende hoofstuk van 'n versamelwerk oor die uitdagings wat die Afrika-kontinent in die gesig staar, skryf Moeletsi Mbeki (Mbeki 2011:8) dat die dominante swart politieke elite wat sedert 1994 aan bewind is se "main objective was to bring about equality between the races and to redistribute some of the existing, white-owned wealth to the blacks".

Ten spyte van die inburgering van die idee dat transformasie die armes en onderdruktes ophef (byvoorbeeld deur die weliswaar massiewe voorsiening van behuising, elektrisiteit, water en maatskaplike toelae), het dit aanwysbaar gelei tot voortgesette en groeiende ontmagtiging van miljoene (jong) Suid-Afrikaners. Volgens die jongste amptelike statistiek (Statistics South Africa 2016) faal die beleidsingrepe in die verbetering van die vooruitsigte van die jeug, veral wat die voorsiening van effektiewe opvoedkundige kwalifikasies betref.

Die Statistikus-generaal het met die vrystelling in April 2016 van die jongste verslag daarop gewys dat daar geen noemenswaardige verbetering tussen 2009 en 2014 waargeneem is in die ontstellende werkloosheidsyfers onder swart Suid-Afrikaners tussen 25 en 34 jaar oud nie en dat die ouer generasie beter toegerus is vir die arbeidsmark as hulle kinders (Merten 2016).

Die vraag wat ontstaan weens die opsigtelike mislukking van 'n staatsbeleid wat gebaseer is op die transformasie-ideologie, is waarom daar steeds daarmee volgehou word. Die antwoord moet daarin geleë wees dat ideologie inherent redeloos is: dit word deur emosie gedryf, nie deur redelikheid nie. Die werklikheid word deur Anthea Jeffery ontbloot wanneer sy opmerk (Jeffery 2014:383) dat SEB en die uitgebreide sosiaal staatlike stelsel van staatstoelaes vir die ANC 'n "vyebaar" vir die vasberade nastrewing van die NDR geword het. Verder verduidelik Moeletsi Mbeki (Mbeki 2011:9) dat "[v]oters for the ANC do not vote for it for ideological reasons or for policy reasons; they vote for it primarily because of their material dependence on the ANC-controlled state", en wys daarop dat die oorgrote meerderheid van kiesers wat die ANC ondersteun, arm swartmense is met min of geen skoling nie.

Die veronderstelde verwagting van miljoene Suid-Afrikaners dat transformasie kompensasie vir hulle lyding weens diskriminasie sal meebring, sal nie bevredig kan word nie. Dit stel 'n toenemende bedreiging vir maatskaplike stabiliteit daar: transformasie bou nie kapasiteit nie, maar verbruik die middele en geleenthede wat nog voorhande is tot voordeel van 'n dun sosiale lagie van die bevolking – oor die langtermyn tot nadeel, en ontsteltenis, van die werklik behoewende miljoene.

5. TRANSFORMASIE VAN DIE UNIVERSITEITSWESE EN AFRIKAANS

Teen hierdie agtergrond kan aangeleid word dat die studente-onvergenoegdheid wat in die laaste maande van 2015 opgekook het, 'n direkte uitylvoisel is van onder meer die vele onvervulde transformasiebeloftes. Die vanselfsprekende sleutel tot opwaartse mobiliteit is onderwyskwalifikasies, maar vir 'n verarmde jeugbevolking is die onvermydelike koste verbonden aanveral tersiêre studie te hoog. In die tipies kortgeslotte massadenke is die oplossing eenvoudig: die transformasiestaat moet die koste dek.

Dat gratis hoër onderwys nie haalbaar is nie, is selfs vir die huidige Minister van Hoër Onderwys en Opleiding (wat uit hoofde van sy politieke agtergrond 'n voorvegter vir revolusionêre transformasie is) duidelik. Nietemin bly die transformasie van die universiteitswese – waarskynlik steeds verstaan as 'n belangrike stap op die pad na die verwesenliking van die NDR – hoog op die agenda van die Departement Hoër Onderwys.

Indien die *Higher Education Amendment Bill* van 2015 ongewysig aangeneem word, sal die Minister beklee word met die gesag om eensydig transformasiedoelwitte ("transformation goals") vir die hoëronderwyssektor voor te skryf, en om dan gepaste ("appropriate") oorsig-meganismes met die oog op die verwesenliking van sy doelwitte daar te stel (voorgestelde byvoeging tot artikel 3(3) van die Wet). Wat hier onder "transformasie" bedoel word, word weereens nie omskryf nie.

Ten beste is "transformasie" in die hoëronderwyskonteks 'n kode vir 'n reeks doelwitte wat aangeleid moet word uit verskeie bronne. Die voorrede tot die *Higher Education Act 101* van 1997 verklaar dat dit wenslik is dat programme en instellings geherstruktureer en *getransformeer* moet word. Heelwat meer oor transformasie kan gevind word in die *Education White Paper 3 – A Programme for Higher Education Transformation* van 1997. In die voorwoord daarvan het die destydse minister geskryf dat:–

The transformation of the higher education system to reflect the changes that are taking place in our society and to strengthen the values and practices of our new democracy is ... not negotiable. The higher education system must be transformed to redress past inequalities, to serve a new social order, to meet pressing national needs and to respond to new realities and opportunities.

Paragraaf 1.7 van die witskrif het dit byvoorbeeld oor “redistributive social policies aimed at equity”; in paragraaf 1.28 gaan dit oor die transformasie en “demokratisering” van die “governance structures of higher education”; in paragraaf 2.25 word klem gelê op die fokus van die sosiale en geesteswetenskappe op “social transformation”; in paragraaf 3.7 word dit duidelik gemaak dat die staat van voorneme is om algaande ’n stewiger greep op die hoëronderwyssektor te kry, en paragraaf 3.8 maak dit verder duidelik:

The Ministry will drive the transformation of the higher education system through policies and strategies that are guided by this view of the role of the government and its relationship to institutions of higher education.

Anthea Jeffery beskryf die regering se benadering tot die hoër onderwys as ’n proses waardeur die ANC as deel van die NDR toenemend die mag inpalm “to erode university autonomy in the name of ‘transformation’” (Jeffery 2014:399).

Wat taal en transformasie betref, wil dit voorkom of die amptelike benadering tot dusver nie spesifiek van Afrikaans ’n primêre transformasieteiken gemaak het nie. Om die waarheid te sê, die steeds geldende hoërondewystaalbeleid (Language Policy 2002) bevat bepaalde akkommoderende opmerkings wat die behoud en ontwikkeling van Afrikaans betref. Die departement het dié beleid ontwikkel nadat die histories Afrikaanse universiteite se besture geraadpleeg is en professor Jakes Gerwel ’n informele ondersoek na die aangeleentheid gelei het. Afrikaans word in die beleid as ’n nasionale hulpbron beskryf (Language Policy 2002:11):

The Ministry acknowledges that Afrikaans as a language of scholarship and science is a national resource. It, therefore, fully supports the retention of Afrikaans as a medium of academic expression and communication in higher education and is committed to ensuring that the capacity of Afrikaans to function as such a medium is not eroded.

Volgens die beleid moet dit egter nie aan die verantwoordelikheid van enkele universiteite oorgelaat word nie, maar dit moet ook nie ’n struikelblok wees vir toegang vir enigiemand tot enige universiteit nie.

In die departement se beleid aangaande universiteitstaal figureer die transformasie van die universiteitswese ook prominent en word dit vir meer as ’n dekade lank van die histories Afrikaanse universiteite verwag om strategieë en tydsraamwerke daar te stel om te verseker dat die taal nie toegang tot onderrigprogramme verhinder nie (Language Policy 2002:13).

Ondanks die aangehaalde gerusstellende beleidsuitlatings van 2002, verg dit weinig verbeelding om in te sien dat transformasiedoelwitte sonder twyfel telkens die bevordering of beskerming van Afrikaans in die universiteitskonteks sal troef. Selfs al sou dit nie die eksplisiete bedoeling van die regering wees om Afrikaans as universiteitsmedium uit te faseer nie, is dit reeds deur die meeste van die rade en besture van die histories Afrikaanse universiteite bewerkstellig, eerstens deur interne beleide te aanvaar wat op die lange duur nie anders kon nie as om die plek van Afrikaans in die akademie en die bestuur van die betrokke instellings te reduiseer en uiteindelik uit te skakel, en jongstens deur kapitulerend te reageer op studentedrukgroepse se aggressiewe aanvalle op Afrikaans as universiteitsmedium.

As uitsondering in hierdie verband geld nog 'n weldeurdagte en akkomoderende "funksionele taalbeleid" aan die Noordwes-Universiteit, wat onder meer inhoud dat (NWU Taalbeleid 2012: paragraaf 9.1.1.2) "...die taaldemografie en taalvoorseure van 'n bepaalde kampus binne 'n omgewing waar die taalregte van al die persone wat betrokke is, gerespekteer word".

Hoewel die huidige bestuur van die NWU nie prominensie verleen aan die uitfasering van Afrikaans nie, maak die jongste strategiese plan van die universiteit opsigtelik melding van transformasie (tipies ook sonder definisie van die betekenis en oogmerke daarvan) as 'n integrale strategiese element. In die Strategiedokument van die NWU wat deur die bestuur voorberei is en aan die einde van 2015 deur die raad goedgekeur is, word onder meer as deel van die "interne suksesmodel" die vereiste gestel dat leiers van die universiteit 'n "transformerende ingesteldheid (persoonlik en in eksterne kontekste)" moet hê (NWU Strategie 2015:27); in verband met die "eksterne suksesmodel", die ideaal om 'n "uitstekende voorbeeld van ware transformasie en nasiebou" te wees (NWU Strategie 2015:29); en wat die strategiese agenda van die NWU betref, die "versnelling van transformasie" (NWU Strategie 2015: 31).

6. ALTERNATIEWE TOEKOMSPROJEKSIES

Transformasie is 'n ryk en plooibare konsep, bruikbaar vir baie doeleinades en aanwendbaar sowel vir selektiewe bevoordeling as benadeling. Indien transformasie in ooreenstemming met die gees, waardes en beginsels van die Grondwet vertolk en toegepas sou word, sou dit kon meebring dat die Suid-Afrikaanse samelewning in sy kompleksiteit, uiteenlopendheid, diversiteit en historiese polariteit algaande gelei kan word in die rigting van balans, heling, voorspoed en verdraagsaamheid.

Ongelukkig het die ANC, en gevvolglik die regerings sedert 1994, ideologies beslag gelê op die transformasiebegrip en word dit op briljante propagandistiese wyse ongedefinieerd uitgebuit om die twyfelagtige oogmerke van die NDR na te jaag. Daardie oogmerke het niks te doen met versoening, balans, herstel of nasionale identiteit nie, maar is klinkklaar gefokus op destabiliserende maatskaplike revolusie. In die hande van die huidige regering stuur dit (met 'n goede dosis sinisme) af op selektiewe, rasgebaseerde bevoordeling van 'n bevoorregte elite – 'n dun swart sosiale lagie van ontplooide "kaders" wat sosialistiese dogma en taal gebruik om die massas te mobiliseer om verandering teweeg te bring; aangedryf deur 'n veranderingsdrang wat geen simpatie het met ander belangte en behoeftes (soos taalbelange of kwaliteitsdienslewering) wat in die kruisvuur mag beland nie.

Dit is natuurlik nie moontlik om die toekoms van die Suid-Afrikaanse universiteitswese te voorspel nie, maar, gebaseer op die voorgaande en huidige tendense, kan alternatiewe toekomsprojeksies – negatief sowel as positief – gemaak word.

Met weinig uitsonderings bied die huidige patronen van regeringsbeleid, beleidsimplementering, en politieke en ekonomiese fokus min rede tot optimisme vir 'n ommekeer weg van revolutionêre transformasie na 'n grondwetgefundeerde transformasieproses wat die versnelende agteruitgang van die samelewing kan stuit. Slegs 'n wêreldvreemde en naïeve beoordeling van die status quo kan die eskalerende sosiale spanning, dalende staatsvermoë, blatante owerheidsekstremisme en wanadministrasie ontken. Sou hierdie tendense nie omgekeer kan word nie, duis die transformasie van die hoër onderwys daarop dat universiteite op 'n pad geplaas word weg van globale akademiese mededingendheid, na onderpresterende opleidingsinstansies wat as blote organe van 'n onbevoegde, dog voorskriftelike, staatsowerheid funksioneer.

Die Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiale magspatrone kan egter wel positief verander. Dit sal natuurlik 'n regeringsverandering verg – selfs al neem dit net die vorm aan van 'n drastiese interne herskikking van die ANC. 'n Veranderde regering sal egter, indien sake 'n positiewe wending neem, bevry moet wees van die NDR en van die ideale van sosialistiese transformasie. Wat die universiteitswese betref, het destruktiewe transformasie nog nie sodanige afmetings aangeneem dat die behoud van die eilande van uitnemendheid binne die sektor onmoontlik is nie. Waarvoor gewerk en gehoop kan word, is die terugkeer na realistiese ekonomiese en sosiale beleid – en effektiewe grondwetlike beskerming van akademiese vryheid met die hoop op die behoud en uitbou van kundigheid wat onmisbaar is vir konstruktiewe transformasie soos bedoel in die Grondwet.

BIBLIOGRAFIE

- Albertyn, C. 2007. Substantive Equality and Transformation in South Africa. *South African Journal on Human Rights*, 23:253-276.
- ANC. 2006. Managing National Democratic Transformation. <http://www.anc.org.za/show.php?id=2730>[19 April 2016].
- ANC. 2012. Organisational renewal: Building the ANC as a movement for transformation and a strategic centre of power – A discussion document towards the National Policy Conference, Version 9. 10 April 2012.
- ANC. 2013. Strategy & Tactics of the ANC.<http://www.anc.org.za/docs/pol/2013/strategy.pdf>[5 April 2016].
- ANC. 2015. Report of the Fourth National General Council, 8–11 October 2015. <http://www.anc.org.za/docs/reps/2015/4thngcw.pdf>[19 April 2016].
- ANC 2016. Statement of the National Executive Committee on the occasion of the 104th Anniversary of the African National Congress. <http://www.anc.org.za/show.php?id=11874>[19 April 2016].
- Hudson, P. 1986. The Freedom Charter and the Theory of National Democratic Revolution. *Transformation: Critical Perspectives on Southern Africa*, 1(1):6-38.
- Bato Star Fishing v Minister of Environmental Affairs* 2004 (4) SA 490 (KH).
- Head of Department: Mpumalanga Department of Education v Hoërskool Ermelo* 2010 (2) SA 415 (KH).
- Hyundai* 2001. *Investigating Directorate: Serious Economic Offences v Hyundai Motor Distributors* 2001 (1) SA 545 (KH).
- Hunt, A. 1986. The Theory of Critical Legal Studies 1986. *Oxford Journal of Legal Studies*, 6(1):1-45.
- Jeffery, A. 2014. *BEE – Helping or Hurting?* Kaapstad: Tafelberg.
- Joe Slovo* 2010. *Residents of Joe Slovo Community, Western Cape v Thubelisha Homes* 2010(3) SA 454 (KH).
- Klare, K. 1998. Legal Culture and Transformative Constitutionalism. *South African Journal on Human Rights*, 14:146-188.
- Langa, P. 2006. Transformative Constitutionalism. *Stellenbosch Law Review*, 17:351-360.
- Malan, K. 2014. Reassessing Judicial Independence and Impartiality Against the Backdrop of Judicial Appointments in South Africa. *PER / PELJ*, 17:1965-2040.
- Marine Living Resources Act* 18 of 1998.
- Mbeki, M. (red). 2011. *Advocates for Change – How to Overcome Africa's Challenges*. Johannesburg: Picador Africa.
- Merten, M. The Great Reversal: Stats SA claims black youth are less skilled than their parents. *Daily Maverick*, 18 April.<http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-18-the-great-reversal-stats-sa-claims-black-youth-are-less-skilled-than-their-parents/#.VyIvlWNBiao> [28 April 2016].
- Ministry of Education. 2002. Language Policy for Higher Education, November 2002. <http://www.dhet.gov.za/HED Policies/Language Policy for Higher Education.pdf>[6 Mei 2016].
- Moseneke, D. 2009. Transformative constitutionalism: Its Implications for the Law of Contract. *Stellenbosch Law Review*, 20:3-13.

- Naidoo v Minister of Safety and Security* 2013 (3) SA 486 (LC).
- Noordwes-Universiteit (NWU). 2012. Institusionele Taalbeleid van die Noordwes-Universiteit, 23 November 2012. http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2P-2.5_Language_a.pdf [6 Mei 2016].
- Noordwes-Universiteit (NWU). 2015. Strategy / Togamaano / Strategie 2015 – 2025. <http://news.nwu.ac.za/sites/news.nwu.ac.za/files/files/Institutional News/Combined Book.pdf> [6 Mei 2016].
- Odendaal, F.F & Gouws, R.H. 2007. (Reds.). *HAT –Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Statistics South Africa. 2001. Vulnerable Groups Series I: The Social Profile of the Youth, 2009-2014. Report No. 03-19-01. <http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-19-01/Report-03-19-012014.pdf> [20 September 2016].
- Van der Walt, A.J. 2005. Transformative constitutionalism and the development of South African property law (Part 1). *Journal of South African Law*, 4:655-689.
- Van Marle, K. 2015. Denke as voorwaarde vir 'n gesonde samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):541-555.

Vryheid en idee: Beurtsang vir die universiteit

Freedom and Idea: Antiphon for the university

MICHAEL HEYNS

Skool vir Filosofie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
E-pos: Michael.Heyns@nwu.ac.za



Michael Heyns

MICHAEL HEYNS het Filosofie aan die PU vir CHO en die Vrije Universiteit (Amsterdam) gestudeer en 'n inleiding in die Teologie aan die Universiteit van Pretoria onderraan. Hy het Filosofie gedoseer aan die Universiteit van Zululand en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Hy is tans mede-professor in Filosofie verbonde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy navorsingsbelangstelling is in die Filosofie van Charles Taylor en aansluitend hierby kultuur- en sosiaal-filosofiese temas soos ideologiekritiek en die universiteit vanuit 'n standpunt van nie-reduksionisme en normatiewe pluraliteit.

MICHAEL HEYNS studied philosophy at the PU for CHE and the Vrije Universiteit (Amsterdam) and underwent training in the field of Theology at the University of Pretoria. He lectured in Philosophy at the University of Zululand and the Potchefstroom University for CHE. Currently, he is an associate professor in Philosophy at the Potchefstroom Campus of the North-West University. His research interests include the philosophy of Charles Taylor as well as cultural and socio-philosophical themes such as: critique of ideologies and the university from a non-reductionist and normative and plurality point of view.

ABSTRACT

Freedom and Idea: Antiphon for the university

The economisation of universities includes processes like the commodification and commercialisation of knowledge as well as the corporatisation of the institutional structure and authority hierarchy of universities. The reasons given for this economisation are that it will make universities major participants in the economic growth of nations or simply enable them to survive financially. The question however, is whether this economisation will indeed serve the economic health of higher education. South Africa, with its 2015 student revolt against tuition fees that are too high, looks like a case in point where economisation had the opposite effect. Moreover, economisation is instrumental in eradicating the definitive distinction between universities and economic institutions, as well as eroding the age-old idea of academic freedom. On a deeper level of evaluation, the economic aspect of universities seems to have become the battle ground for modern ideas about human freedom and compelling forces. Hence the question of this paper: Where is the battle for the soul of the university between the forces of economisation and freedom taking us, and where should we be taken?

A first step towards an answer is to get a clearer perspective on the modern idea-polarity between economisation (as a compelling force) and freedom (including academic freedom). Modern ideas about the economy assume free human agency but also a coercive power in the form of a compelling invisible hand. This invisible hand forms an order on which supposedly self-creating human beings should try to impose their agency. Inherent to this (post)modernist “projection theory” is a tension in which the self-creation of human agents is threatened by the coercive force of the economy. The latest (so-called postmodern) version of modernism reacts to this by (again) affirming that all positions and normativity are mere human projection. Postmodernists have a more pessimistic approach than the Enlightenment modernists, who believed in human self-emancipation through reason. Rationalism gave rise to modern ideas about education. However, in the 1960s, this faith was challenged and a shift towards an intense criticism of the ideas of emancipation through reason took place. This shift towards irrationalism, however, did not imply the redundancy of education. The postmodern view is that the younger generation needs to be equipped with especially information technology as well as managerialist skills to compete in the jungle of the market. The undercurrent of assuming a compelling order, lingers.

This tension is also visible when the current university is compared to its predecessors. Historicists presuppose that there is no universal and timeless essence for universities (although socio-economic conditions, and change itself, become a kind of constant essence for postmodern historicists). Those who deal in a non-reducing and normative way with the historicity of the university are more cautious: They do not necessarily want rigid and reductionist essentialism for universities, but do not want to succumb to rampant historicism either. The university should at least portray a moment of identity by simultaneously preserving and transforming the idea of a university. The enduring idea of a university that differentiated in the course of history portrays at least three functional dimensions: The first of these, the agogic moment, sees the university as an institution for transferring knowledge to a new generation. The second dimension emphasises the expansion of that knowledge. The third aspect is the pragmatic or instrumentalist side, which emphasises the practical relevance of, and context for knowledge. If non-reduction is taken seriously, none of these dimensions will be arbitrarily deified, but it will rather be attempted to weave them into a normative idea of a university. We should therefore not be blackmailed by the dualist model which currently venerates the economic side of the university above freedom (“freedom” being interpreted in a self-creationist and autonomist sense). A non-reducing and normative freedom for the university will rather try to uncover the moments of direction and type into a cohering structure called the idea of a university.

This normativity for universities will involve seeing universities as institutions of unity between lecturers and students, where expression is given to the attempt to pass knowledge to a next generation, and thus to also uncover knowledge appropriate for this agogic task. A totalitarian economisation implies enslavement by an instrumentalist element in the idea of a university. According to this kind of rationality “maximum efficiency” is – ironically – a compelling measure of freedom. Accordingly, market forces want to ensure that only the best universities survive, with “best” being defined as those that are cost-effective. The argument for freedom based on a normative type-ness for the university and a definitive decision to move towards the latter will have to be rediscovered in the public discourse on the university. In this discourse, freedom must be a destination, although not a supreme goal. It needs to be a goal next to, or in antiphony (turn-singing) with others, such as “peace”, “truth”, “justice” and “structure”. Thus, the freedom of the university will manifest only if there is antiphony between the salient conditions captured in the idea of a university.

KEY WORDS: Idea of a university, Economisation, Freedom, Non-reduction, Normative, Direction, Type-ness

TREFWOORDE: Idee van 'n universiteit, Ekonomisering, Vryheid, Nie-reduksie, Normatief, Righting, Soortlikheid

OPSOMMING

Aan die einde van 2015 het studenteprotes deur Suid-Afrika gespoel – hoër onderwys is té duur. Dit het universiteite in 'n finansiële krisis gelaat. Die indruk is dat een van die grondoorsake van die krisis 'n etos van ekonomiese dwang is. In die artikel word geargumenteer dat 'n dualistiese dialektiek tussen 'n natuurnoodwendig-agtige ekonomisering en menslike vryheid nie veel doen om hierdie krisis te ontknoop nie. Vir laasgenoemde sal 'n veel duideliker raamwerk van die normatiewe soortlikheid van universiteite, of dan die *idee van 'n universiteit*, weer deel van die openbare gesprek oor die saak moet word.

1. EKONOMISERING

Die ekonomie geld toenemend as transformasiedrywer en identiteitsaanwyser vir universiteite van die een en twintigste eeu. Universiteite is in dié oepsig nie anders as die res van die samelewing waar 'n aggressiewe ekonomisering,¹ wat inderdaad 'n *ekonomiese* genoem kan word, elke funksie, instelling en verhouding binnegedring het nie.² Hierdie ekonomisering van universiteite sluit 'n aantal spesifieke prosesse in; onder andere die kommodifisering en kommersialisering van kennis, asook die korporatisering van die struktuur en gesagshierargie van universiteite.

Kommodifisering en kommersialisering van kennis het momentum gekry toe Amerika gedurende die 1970's ekonomiese agteruitgang beleef het en die kommersialisering van universiteite voorgestel is om die verval teen te werk (Vale 2011:26) en modernisering aan te moedig (Wolhuter & Mushandja 2015:216-217). Die oënskynlike rede wat aangevoer word, is dat universiteite 'n deurslaggewende komponent kan wees in pogings om die ekonomiese groei van nasies aan die gang te kry. Akademici konformeer toenemend aan hierdie rasional, omhels die winsmotief en toon markgedrag deur middel van onder andere konsultasie, die aanbied van kursusse ter wille van wins en die doen van toegepaste navorsing vir die private en openbare sektore.³

Die meer onlangse argument vir kommodifisering en kommersialisering lê direk klem daarop dat universiteite self moet probeer om finansieel te oorleef. Die situasie in die noordwestelike halfmond noodsak in sommige gevalle dat universiteite wat voorheen aansienlike uitbreiding ondergaan het, tans gekonfronteer word met dalende inskrywings as gevolg van demografiese veranderinge. Om die finansiële gevolge van hierdie afname te hanteer, moet hulle óf nuwe maniere vind om hul inkomste aan te vul óf getalsgewys verklein. Die gekose

¹ Die betekenis van "economization" volgens die *Oxford English Dictionary* is onder andere "the establishment of an organization or other structure on economic principles".

² Die bekende Harvardfilosoof Michael Sandel (2012:10-11) maak die opmerking dat "we drifted from having a market economy to being a market society". Met hierdie onderskeid bedoel hy dat 'n markekonomie 'n waardevolle en effektiewe instrument is om produktiewe aktiwiteit te weeg te bring maar dat 'n "market society is a way of life in which market values seep into every aspect of human endeavor".

³ Die beskrywings van Deem (2004:288,291); Lynch (2006:7) en Tuunainen & Knuutila (2009:687), kom tot dié gevolgtrekking. Kimberly en Bouchikhi (2016:5) stel dat dit reeds in die vroeë 2000's duidelik was dat akademiese entrepreneurskap die toonaangewende mode in hoër onderwys gaan word.

aanpassing is in heelwat gevalle toegepaste navorsing in diens van groot besighede (Lynch 2006:6; Yusuf 2007:7). In Suid-Afrika sou voorheen wit universiteite ook deur die spook van inkrimping bedreig gewees het, maar hulle het in die proses van demokratisering die pad van massifikasikasie ingeslaan – soos dit die geval is in die res van die wêreld (Wolhuter & Mushaandja 2015:217). Die Suid-Afrikaanse probleem is eerder om kwaliteit aan te bied te midde van 'n groot aantal studente wat akademies nie goed voorberei is nie en wat dit moeilik vind om hoër onderwys te bekostig. Dié situasie veronderstel egter óók 'n stryd om finansiële oorlewing.

Benewens kommodifisering en kommersialisering manifesteer die ekonomisering van universiteite ook in die opkoms van die korporatiewe bestuurstyl by universiteite. Ook hierdie faset van ekonomisering is oënskynlik die gevolg van die finansieringsinkortings deur regerings sedert die 1980's asook die finansiële krisisse sedert die 2000's. Hierdie nuwe strukture het as newe-effekte 'n groter kontingent administrateurs, 'n groter aantal swak betaalde deeltydse dosente en die verwoestende afskaal van die geesteswetenskappe. Mag en rykdom word "opwaarts" herversprei na die top administrateurs terwyl diegene wat die onderrig en navorsingswerk doen (dosente) al hoe meer uitgerangeer word uit die rigtingbepaling van universiteite – 'n rigting wat al hoe meer geartikuleer word ten opsigte van die arbeidsmark en die aandelebeurs (Nealon 2012:66-69).⁴

Die onmiddellike vraag is daarom: Gaan hierdie toenemende en radikaliserende ekonomisering van die idee van 'n universiteit beantwoord aan die doel wat daarvoor gestel word, naamlik ekonomiese oorlewing en groei?

Kommerwekkend is dat daar volgens Kimberly en Bouchikhi (2016:6-8) aanduidings is dat hoër onderwys 'n borrel is wat kan bars soortgelyk aan die borrel in die eiendomsmark in 2007/2008 in die VSA. Hulle identifiseer faktore soos die eskalerende koste van hoër onderwys (wat die ondergang van sommige instellings gaan meebring), nuwe ontwikkelings in tegnologie wat 'n bedreiging vir tradisionele universiteite inhou, die uitwerking van rangordelyste, politieke eise, en die toenemende invloed van alternatiewe universiteitsmodelle soos "winsgedrewe universiteite" ("for-profit universities"). Suid-Afrika is waarskynlik kort duskant hierdie Arma-geddon. Die land is aan die einde van 2015 getref deur 'n vlaag studenteprotes: té duur studiefooie is 'n ernstige probleem in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor. Die meeste Suid-Afrikaners in lae en middel inkomstegroepe (om nie eens van die werlik armes te praat nie) het groot simpatie met hierdie sentiment en selfs met die studente se aanvanklike protesaksie.

Die negatiewe waarskuwingstekens oor toenemende ekonomisering gaan egter verder/dieper as net 'n moontlike finansiële inploffing: Een van die belangrikste kwessies in hierdie artikel sal die bekommernis wees dat 'n definitiewe onderskeid tussen universiteite en ekonomiese instellings, soos besighede, aan die verdwyn is.⁵ Die motivering is oënskynlik effektiwiteit. Die korporatisering van die bestuur van universiteite ten koste van die kollegiale model word byvoorbeeld gerasionaliseer met die argument dat besluitneming op die kollegiale manier 'n té oneffektiewe bestuur van universiteite in die hand werk.⁶ Die vraag is egter of hierdie

⁴ Nealon het die Amerikaanse situasie in gedagte. Dit geld egter ook vir Suid-Afrika.

⁵ Hierdie identiteitsverlies is alreeds in die jare sestig van die vorige eeu deur Kerr (2001:68) opgemerk: "... university and segments of industry are becoming more alike" as byvoorbeeld 'n "professor – at least in the natural and some of the social sciences – takes on the characteristics of an entrepreneur".

⁶ Die neoliberalse rasional agter hierdie identiteitsverlies word soog volg deur Steger en Roy (2010: location 537) ten opsigte van die staat verwoord maar geld ook vir die gelykmaking tussen besighede en universiteite: "If private enterprises must nurture innovation and enhance productivity in order to survive in the competitive marketplace, why shouldn't government workers [or academics] embrace neoliberal ideals to improve the public [or university] sector?"

korporatisering (en gepaardgaande kommersialisering en kommodifisering van kennis) werklik die akademie gaan dien.

Hierdie dieper laag bekommernis oor die ekonomisering van die universiteit word deur die bekende Katolieke filosoof Alasdair MacIntyre (2009, Location 2245-2261) beargumenteer as hy stel dat die moderne navorsingsuniversiteit suksesvol was op drie maniere maar tegelyk ook drie ernstige krankhede ontwikkel het: Baie navorsing word gedoen, maar teen die prys dat navorsingsdoelwitte nie deur die navorsers self bepaal word nie, maar wel deur die befonders daarvan. Tweedens voorsien hierdie instellings goed in die behoeftes van 'n ontwikkelde kapitalistiese samelewing aan professionele mense en vermoëns. Die neweproduk is egter 'n gefragmenteerde kurrikulum wat toenemend lyk na 'n blote saamgoot van dissiplines wat in relatiewe onafhanklikheid van mekaar aan studente oorgedra word – universiteite het die "uni" verloor en blote "multiversiteite" geword. Kennis staan bloot in diens van die ekonomie of die loopbane van studente. Dit gaan nie meer oor 'n gedeelde verstaan van die wêreld nie. Derdens het universiteite ryker en ryker geword maar tegelykertyd al hoe duurder en duurder omdat hulle finansieel vra wat hul mark bereid is om te betaal (die primêre aspirasie is toenemend bloot ekonomiese wins). Universiteite se identiteit mik daarna om suksesvolle besigheidskorporasies (gesubsidieer deur belastinggeld) te wees.

MacIntyre suggereer dat daar 'n menslik gekose motief onderliggend aan die ekonomisering van universiteite is. Nietemin laat die beskrywing van ekonomisering hierbo ook die indruk dat dit onderneem word om die finansieringspoek vir universiteite te verjaag. Meer nog, die persepsie is dat ekonomisering die onafwendbare toekoms is. Dit begin selfs lyk of die Verligtingsideaal van menslike vryheid deur 'n oënskynlik onontkombaarheid in gedrang kom. 'n Totalitaire ekonomisering afgedwing deur so 'n onontkombaarheid kan die goeie bedoeling om hoër onderwys bekostigbaar te maak, juis neem na 'n verlies van dit wat universiteite waardevol maak.⁷ Die besture van universiteite, studente, ouers en die regering bevind hul oënskynlik in 'n meedoënlose finansiële ystergreep waaraan hulle weinig kan doen. Universiteite en die regering het byvoorbeeld op die studenteprotes van 2015 in Suid-Afrika gereageer deur klasgeld vir 2016 nie te verhoog nie. Die vryheidsverwagting wat hiermee geskep is, het universiteite in 'n finansiële krisis gedompel waarvan 'n suksesvolle uitkoms nog nie in sig is nie. Universiteitsbesture en die regering is in 'n wedloop gewikkel om die gebrek aan bekostigbaarheid vir studente en 'n gebrek aan finansiële volhoubaarheid vir universiteite te probeer afweer, en toenemende ekonomisering sal sekerlik na 'n baie aantreklike strategie lyk.

In die wêreld van idees beteken dit dat die ekonomiese aspek van universiteite toenemend 'n slagveld word waarop twee van die belangrikste magte van die modernisme – naamlik menslike vryheid en 'n natuurnoodwendig-agtige ekonomiese noodsaak – dit uitspook. Die belangrike vraag is gevolglik: Waarheen neem hierdie ontvouende stryd tussen natuur en vryheid vir die siel van die universiteit ons, en waarheen behoort ons geneem te word?

Die argument hieronder wil die idee van 'n onontkombare noodwendigheid en die invloed daarvan op ons idee van die universiteit ondermy. Die agterdog is dat druk ter wille van ekonomisering beslis ook gedryf word deur die neoliberalie (en dus 'n vry gekose) winsmotief.⁸

⁷ Hart (1984:427) maak die opmerking dat mense se "hoogste verbintenis" tot 'n doel ook ondergrawend ten opsigte van so 'n doel kan funksioneer. 'n Hoogste verbintenis tot nasionale veiligheid kan byvoorbeeld lei tot die atoombom wat die aarde in totaliteit kan vernietig. 'n Hoogste en totale verbintenis tot ekonomiese groei kan lei tot endemiese ekonomiese stagnasie.

⁸ Sien onder andere Kerr (2001:xi-xii); Rhoades & Slaughter (2004:38); Crow (2008); Goosen (2011:491,496); Nussbaum (2010:10, 2011:ix) asook die *Consensus study on the state of the Humanities in South Africa* (2011:38-42,56) vir 'n negatiewe uitwys van die winsmotief op universiteite.

Tog sal in gedagte gehou word dat die idee van vryheid nie gegewenhede soos ekonomiese eise bloot kan afskaf nie. Om die waarheid te sê, om die idee van 'n vrye universiteit te artikuleer, kan nie bloot 'n kwessie van keuse vir selfskeppende en outonomistiese vryheid gemaak word nie, netso min as wat 'n keuse vir 'n radikale ekonomiesering verlossing gaan bring. Vryheid het eerder te make met die oopdek van 'n meer gedifferensieerde identiteit en normatiwiteit vir universiteitwees as die reduksionistiese manifesteringe waarmee ons in die dialektiek tussen natuur en vryheid gekonfronteer word. Ter wille van so 'n meer gesofistikeerde en komplekse standpuntinname gaan geargumenteer word dat vryheid verbind moet word met die idee van 'n nie-reduksionistiese maar soortlike universiteitwees – en daarom die idee van *beurtsang* tussen twee gelykhede, naamlik vryheid en die idee van 'n universiteit – eerder as die huidige hiërargiese dualisme van natuur en vryheid.

2. NATUUR EN VRYHEID

As universiteite 'n slagveld is waar die stryd tussen die moderne motiewe van natuurnoodwendigheid en menslike vryheid uitwoed, is dit nodig om 'n perspektief te kry op hierdie ideëpolariteit.

2.1 'n Bifokale modernisme

Die onlangse geskiedenis van die orde wat die moderne wêreld veronderstel, toon 'n bifokaliteit. Volgens die Kanadese filosoof Charles Taylor (2004:70,74-76) is die een kant van dié bifokaliteit 'n oënskynlik willose natuur. Die premoderne sosiale orde was gebaseer op die soek na "harmonie" of "gelykluidendheid" van die samelewing met die (Griekse idee van) vorme (dit wil sê, 'n teleologiese visie). In die moderne konsep gaan dit egter daaroor dat individue se doelwitte met mekaar moet "vermeng" (dit is, 'n Meganistiese of organistiese veroorsakingsmotief), hoe verskillend hierdie doelwitte ook al mag wees. Dié veroorsaking sal veral plaasvind wanneer daar 'n uitruil van dienste is, soos dit by uitstek in die ekonomie gebeur. Taylor (2004:76,78-79) argumenteer dat as die ekonomie as motief met die ander twee belangrike moderne sosiale motiewe (publiekheid en selfregering) vergelyk word, 'n tweede kant van die moderne orde verskyn: In die twee nie-ekonomiese motiewe verstaan mense hulself as agente – natuurnoodwendigheid gee nie die deurslag nie, maar wel menslike vryheid. In die ekonomie speel die idee van 'n onsigbare hand egter 'n belangrike rol. Dié onsigbare hand is 'n spontane maar supramenslike orde wat tussen korrupte en suwer selfgerigte akteurs ontstaan. Taylor (2004:76-78) sien laasgenoemde as 'n soort natuurproses waarop mense dan wel wilsbesluite probeer afdwing. Hy benoem hierdie afdwingsproses 'n "projeksieteorie" – die mens se wil word op 'n oënskynlik willose natuur geprojekteer. Hierdie bifokale visie was nie moontlik solank die sosiale inbeelding dié was van die Platonies-Aristoteliese teleologie nie – om die samelewing te gesien het as georganiseer volgens 'n normatiewe vorm. Die veronderstelde lewelose natuur kon in die premoderne perspektief gewoon nie raakgesien word nie.⁹

'n Belangrike opmerking van Taylor (2004:80) is dat die moderne bifokale orde 'n ingeboude spanning, of dualisme, huisves: Die motivering vir die verwerving van premoderne normatiwiteit is die moderne idee dat mense gesien moet word as die ambagslui ("artificers")

⁹ Dit is egter nie sonder meer duidelik dat byvoorbeeld die premoderne skolastiese genade-naturelperspektief so onverwant is aan die moderne natuur-vryheidmotief dat eersgenoemde nie die teelaarde vir laasgenoemde gevorm het nie.

wat hul eie sosiale wêreld ontwerp en daaraan vorm gee. In die bifokale perspektief kom hierdie vryheid van die ambagsman egter in die gedrang as hy gekonfronteer word met 'n brute natuur. Volgens Taylor (2004:80-82) het die oorgang na die huidige kimmersiële samelewing vroeg reeds vir kritici gelyk na 'n verlies aan vryheid. In sommige gevalle – soos byvoorbeeld in die werk van Nietzsche – lei dit selfs tot 'n felle veroordeling van die moderne morele orde. Neo-Nietzscheane (veral Franse postmoderniste) huldig volgens Taylor (1998:99-100,102) egter steeds 'n versie van die bifokale "projeksieteorie". Alle posisies en sieninge is ewe geldig of ongeldig – alles is bloot gebaseer op geprojekteerde menslike bevel ("fiat"). Volgens hierdie siening word alle sentrale motiewe gediskrediteer en staatgemaak op 'n radikale subjektiwisme of mensgesentreerdheid. 'n Voorhande ironie is derhalwe dat alle motiewe diskrediteerbaar is (uitgesonderd die motief van menslike subjektiwiteit). Neo-Nietzscheane is wel intens bekommert dat idee-motiewe ("spiritual outlooks") gekoppel kan word aan vorme van ongelykheid en die onderdrukking van veronderstelde mindere wesens. Hiermee word dit duidelik dat die neo-Nietzscheaanse postmodernisme nie so 'n ongenormeerdeheid en ongedwongenheid van buite die menslike self veronderstel as wat hul projeksievertrekpunt voorgee om die geval te wees nie. Hierdie innerlike spanning – 'n postmoderne paradoks – is waarskynlik 'n voortsetting van die moderne dualisme tussen natuur en vryheid.¹⁰

Hierdie spanning kan gesien word in die bekende Franse filosoof Jean-François Lyotard se opmerkings oor hoër onderwys in sy ewe bekende *The Postmodern Condition*. Volgens Lyotard (1984:37-38,41-44) bestaan die groot verhaal wat kennis moet legitimeer uit 'n kombinasie van twee komponente, naamlik die "spekulatiewe narratief" en die "narratief van emansipasie". Hierdie gekombineerde narratief word nie meer aanvaar nie omdat tegniek en tegnologie die fokus geskuif het vanaf die doel na die middelle. In die plek van spekulasie en emansipasie is nou performatiwiteit ("performativity"). Die vraag is na wat 'n wetenskaplike waarneming konstitueer. Die onmiddellike antwoord is dat die sintuie die feite registreer (wat die voortsetting van die bifokale en projeksiemotief onderstreep – sou mens kon byvoeg). Maar die sintuie is bedrieglik; daarom word nou grootliks staatgemaak op die prostetiese hulp wat die tegnologie bied. Die argument is dat persepsie geoptimaliseer moet word (dus, performatiwiteit). 'n Klemverskuiwing vind wel plaas: Dit gaan nie meer oor die ware, regverdigde of die skone nie maar oor effektiwiteit; die goeie is wanneer 'n spesifieke tegniese skuif minder energie as enige ander gebruik – die natuurkant kry die oorhand, sou bygevoeg kon word.

¹⁰ Taylor (1989:99) formuleer die spanning in die postmoderne paradoks soos volg: "The point of view from which we might constate that all orders are equally arbitrary ... is just not available to us humans. It is a form of self-delusion to think that we do not speak from a moral orientation which we take to be right". Ons huldig almal een of ander vorm van "hypergood" soos die eise van "universal and equal respect and of modern self-determining freedom". Strauss (2004:371,273-274) merk ook op dat die postmodernisme diepliggend selfweerspreekend is. Dit is 'n oorbeklemtoning van die individuele en historiese kante van die werklikheid ter wille van die aanspraak dat daar geen "conditioning order (universal structures) for ... entities" is nie. Die ironie is dat alhoewel die postmodernisme pretendeer om skepties te wees oor die legitimiteit van groot verhale of enige universele aansprake, die groot verhaal wat hierdie beskouing onderlê, huis is dat "everyone only has his or her partial story without any 'universal' claim to truth". Ook Bartholomew (2009:96,100) merk hierdie paradoks op: Hy stel dat alhoewel postmoderniste gewoonlik met groot agterdog na sogenaamde groot verhale kyk, daar een ding is waarvan selfs die mees radikale tog baie seker is, en dit is dat daar geen groot verhaal of wêreldbeskouings is nie. Hulle ontkenning daarvan is egter huis 'n bevestiging van 'n eie wêreldbeskouing. Bartholomew noem 'n verdere voorbeeld: Om te stel dat ons geen waarheid oor die wêreld kan weet nie, is om jouself in 'n posisie te plaas waar baie duidelik gesien kan word dat geen waarheid moontlik is nie.

Die (post)moderne bifokaliteit wys sy sterkste kleure egter as, soos Lyotard (1984:44-47) verduidelik, hierdie instrumentalistiese siening van kennis (dit is, die oorheersing van effektiwiteit; die nastreef van die minimum inset en maksimum uitset met die hulp van die tegnologie) bykomende finansiële uitgawes verg. Instrumentalisme veroorsaak dat wetenskap 'n spel word waarin die rykes die beste kans het om reg te wees want hulle kan die tegnologie bekostig. Volgens hierdie logika gaan die organiese verhouding tussen tegnologie en wins die huidige unie met die wetenskap vooraf; tegnologie het belangrik geword in wetenskap as gevolg van 'n algemene gees van performatiwiteit. Die praktiese implikasie is dat kapitalisme begin het om navorsing direk te finansier omdat performatiwiteit en kommersialisering navorsing dwing in die rigting van produkte wat van die tegnologie afhang en wat 'n tegnologiese toepassing het. In die proses (en dit is waar die moderne dualisme duidelik tande wys) laat vaar beide die staat en besigheid die idealistiese en humanistiese legitimeringnarratief van bevryding en word 'n meer bedeende strewe na "mag" uitgeoefen. Hiervolgens word wetenskap en tegnologie nie gebruik om waarheid en geregtigheid te vind nie maar om mag te versterk. Die nastreef van mag bevestig Taylor se waarneming dat die postmodernisme sigself bedien van 'n subjektivisme in die vorm van 'n projeksieteorie. Ook studente, aldus Lyotard (1984:50-51), gaan nie meer uit van die ou legitimatingsbeginsel van waarheid en emansipasie nie, maar van die performatiwiteitsbeginsel. Hulle vind dit byvoorbeeld nie problematies as leermeesters deur tegnologie uitgeskakel word nie. Hierdie ongeërgdheid oor dosente is omdat studente primêr op soek is na mag en vra of iets nuttig is – 'n vraag wat baie gou ontwikkel in die vraag of dit koop- en verkoopbaar is en of kennis aldus effektiief is. Hiervolgens sien ons wel nie die einde van (weliswaar die postmoderne definisie van) kennis nie. Inteendeel, huis die teenoorgestelde gebeur: Dit gaan nou oor die vermoë van navorsers om data op 'n nuwe manier te organiseer; om dit wat voorheen as onafhanklik gesien is, met mekaar te verbind. Laasgenoemde word dan "verbeelding" genoem.¹¹ Die belangrike opmerking van Lyotard is dat die doel nie die bevryding van die mensdom is nie maar dat dit gaan om 'n komplekse konseptuele en materiële "masjinerie" en diegene wat voordeel trek uit die performatiewe vermoëns van hierdie "masjinerie".

Goheen (2002:41-44) interpreer die postmoderne stand van sake vir ons as dat verligtingmoderniste geglo het dat hulle die helder lig van vryheid aangeskakel het met die klem op die rede en wetenskaplike metode. Dit is onder leiding van hierdie gees dat moderne onderwys gebore is. Die droom was dat onderwys rationele individue sou produseer wat hulself en die wêreld verstaan en bevry. Hierdie rationele wêreld moes prakties veral gekenmerk word deur die tegnologie wat die wetenskap tot stand bring – 'n tegnologie waardeur die mag van die natuur beheer kan word. Dié optimistiese geloof is in die 1960's egter uitgedaag deur 'n kontrakkultuur (die *New Left*) wat die modernistiese kapitalisme en tegnokrasie verantwoordelik hou vir alle ekologiese, psigologiese, ekonomiese, militêre en sosiale probleme waarmee ons gekonfronteer word. Die ideaal van bevryding deur wetenskap, tegnologie en ekonomie het volgens hierdie kontrakkultuur omgeslaan in gevaar en lyding wat deur hierdie magte van die rede self voortgebring word. Dit was die begin van 'n skuif in die rigting van 'n subjektivisme wat alle vertroue in die groot verhale verloor het.

2.2 'n Pragmatische (post)modernisme

As die Verligting dan faal, beteken dit dat opvoeding ook oorbodig word? Gaan ons enigsins vordering maak deur 'n nuwe geslag met die gevaar van die rede op te saal? Die postmoderne

¹¹ Vir hierdie doel sien ons ook die huidige klem op interdissiplinêre studies.

“noodsaak” (soos reeds hierbo deur Lyotard opgemerk) is dat studente steeds toegerus moet word met die vaardighede – veral die vaardighede van die inligtingstegnologie en bestuurswetenskappe – om te kompeteer in die oerwoud van die mark. Ons wêreld word gekenmerk deur die oënskynlike onontkombaarheid van globale verbruikerskapitalisme en tegnisisme (‘n nuwe oorheersing van die natuurmotief). Onderwys moet mense voorberei om in hierdie wêreld te oorleef. Voorheen is gevra na vaardighede wat ‘n algemene model vir die lewe sou daarstel en dit is gelegitimeer deur ‘n emansipasie-narratief. Laasgenoemde het ‘n verskuiwing ondergaan want hoër onderwys is nie meer daarop ingestel om ‘n elite op te lei wat die nasie tot bevryding sal lei nie. Van hoër onderwys word nou eerder verwag om die sisteem te voorsien van agente wat hul kant kan bring in die sisteem se instellings. Maar, weereens, die doel vir hoër onderwys is nie meer waarheid en emansipasie nie maar performatiwiteit (Lyotard 1984:47-48, Goheen 2002:45-47; Wolhuter & Mushaandja 2015:216). Hierdie verskuiwing in narratief het ook ‘n effek op studente, aldus Lyotard (1984:48-49): ‘n Humanisme vir emansipasie het die demokratiese universiteit vereis wat weinig toegangsvereistes sou moes hê, studente min sou kos en groot getalle inskrywings sou moes akkommodeer. Hierdie ideaal dra egter weinig by tot die huidige eis vir performatiwiteit. Die huidige eis is wel steeds vir ‘n liberale elite om te voorsien in ‘n “professionele intelligentsia”, maar daar is ook ‘n groeiende vraag na ‘n “tegniese intelligentsia” wat vaardig is in nuwe tegnieke en tegnologie. Die behoefté aan die kunste en geesteswetenskappe is krimpend en die oorproduksie gaan nie empleerbaar wees nie. Hierdie dissiplines kan hoogstens ‘n rol speel in die voortgaande opleiding van mense; dit is om mense wat alreeds werk ‘n aantal ekstra vaardighede te laat aankweek om hul kanse op bevordering aan te help en ook om hul horisonne te verbreed.

Daar is ‘n ondertoon aan hierdie antwoord wat ‘n dwang suggereer wat nie direk teengestaan kan word nie. Daarom word veronderstel dat ons eerder moet kyk of daar nie iets van vryheid gered kan word deur met die noodwendigheid saam te werk nie. Hierdie houding verteenwoordig ‘n pragmatische en instrumentalistiese manier van dink. Jeffrey Nealon (2012:IX-XI) beskryf homself byvoorbeeld as ‘n post-postmodernist en linksgesinde denker. Met hierdie selfidentifisering bedoel hy nie dat hy die postmodernisme agtergelaat het en hom nie toelê op ‘n modernistiese stryd vir die werkersklas nie. Dit is uiteindelik wel duidelik dat hy mik vir ‘n intensivering van die verekonomiseerde mutasie binne die postmodernisme. As post-postmodernist wil Nealon (2012:69-75) byvoorbeeld nie die korporatisering van die universiteit direk konfronteer nie. Hy wil eerder wys hoe hierdie ekonomisering ‘n nuttige strategie beskikbaar maak waarmee gereageer kan word op die finansiële krisisse en dus moontlike onvryheid. Dit moet aanvaar word dat universiteite sal moet afskaal om finansieel te oorleef. Hoe om hierdie afskaling teeweeg te bring, is wat universiteite nie reg doen nie en waar hulle sal moet leer by die suksesvolle korporasies sedert die 1980’s. Laasgenoemde het veral middelbestuurders afgedank en so ‘n platter struktuur en groter winste vir die topbestuurders en aandeelhouers bewerkstellig. Maar die teenoorgestelde het by universiteite gebeur: Voltydse uitvoerende administrateurs het sedert die laat 1970’s eksponensieel gegroei, sodat ‘n bestuurdersklas aan universiteite tot stand gekom het. Die kapitaal wat na universiteite vloeï, kom nie by studente uit in die vorm van laer studiegeld of by dosente in die vorm van laer ladings doseerwerk nie. Die geld verdwyn in die doolhof van die administratiewe burokrasie. Akademiese personeel het natuurlik hiertoe bygedra deur hul mag te abdikeer ten gunste van die bestuurdersklas. Vroeër is die onderriglading en administratiewe las verdeel tussen akademiese personeel. Tydens die proses van korporatisering het die administrateurs ‘n aanbod gemaak wat dosente nie kon weier nie: Dosente sal van die meeste administratiewe take en heelwat doseerlaste verlos word sodat hulle die “publish-or-perish” spook van ‘n navorsingsgedreve

akademie kan hanteer. Maar dan moet dosente stilswywend instem dat die burokratiese klas ongehinderd tot stand kom en besluitneming oorneem.

Die oënskynlike punt wat Nealon (2012:75-76,78-79,83) wil maak, is dat enige oplossing vir die finansiële probleme van universiteite moet begin met 'n terugneem van die mag deur die akademiese personeel en 'n verwoestende afskaal van die kontantmorsende burokrasie. Die korporatiewe universiteit is nie korporatief genoeg nie omdat dit nie konformeer aan die ekonomiese voorskrif om heel eerste om te sien na die welsyn van diegene wat sorg vir die kapitaalbou van die onderneming nie. Die grootste probleem van huidige universiteite, volgens Nealon, is 'n burokratiese klas wat glo dat die universiteit bestaan ter wille van hierdie klas. Die burokratiese klas het dit op hul beurt reggekry om onderrig en navorsing uit die kern van die universiteit te definieer en die debat oor hoër onderwys so te plooï dat personeel en studente die hoofprobleem word – 'n probleem wat slegs opgelos kan word as dit *bestuur* word.¹²

Belangrik egter vir die doeleinades van hierdie artikel, is dat die postmoderne moment aan Nealon se analise die verskerping van die nie-onderskeid tussen 'n besigheid en die universiteit veronderstel. In dié trant (en nie onnatuurlik vir 'n linkse denker nie¹³) val Nealon in by die dwingende ekonomiseringsmotief vir universiteite en sien hy selfs kans om dit te intensiever met meer onlangse besigheidspraktyke. Tog moet ook opgemerk word dat hy deurgaans onderliggend veronderstel dat vryheid die saak is waaroor dit gaan, en dat iets daarvan gered kan word deur eerder met die dwingende mag van ekonomisering saam te werk as om dit direk te konfronteer. 'n Konsekwente ekonomiese instrumentalisering en finale abdikering van vryheid is derhalwe nie op die agenda van sy post-postmodernisme nie: die bifokale – wat oorgaan in 'n dialekties-dualistiese orde – draal steeds.

2.3 'n Vrye universiteit

Hoe kan gedink word oor die vryheid van die universiteit buite-om die bifokaal-dualistiese model?

Johan van der Hoeven (1993:130,144), in lewe filosoof van die *Vrije Universiteit* (Amsterdam), vra of *vryheid* wel "kan figureren in die eigennaam van een bepaalde organisatie" soos die *Vrije Universiteit*. Hy antwoord dat vryheid dalk "te groot en te universeel is om straffeloos een dergelijke toeëigening te ondergaan". Maar dan sou bygevoeg kon word, en Van der Hoeven sou sekerlik nie beswaar hê nie, dat hierdie universaliteit van vryheid juis dit is wat nie verlore moet gaan in die universele idee van 'n universiteit nie.

Hoekom sou so 'n beklemtoning belangrik wees? Die kort antwoord is dat ons tyd té swaar dra aan 'n bewustheid van 'n orde van noodsaak. Taylor (2003:4-5) wys op 'n voorrang aan die "instrumentele rede". Hiervolgens is "maksimum effektiwiteit" of "die beste koste-uitset ratio" die maatstaf vir sukses. Taylor (2003:7-8) verduidelik dat daar oënskynlik "magtige meganismes" is wat ons op hierdie manier verkneg. Dit kan byvoorbeeld gesien word wanneer 'n bestuurder wat ten spyte van haar oriëntasie tog geforseer voel dat die voorwaardes van die mark van haar verwag om 'n koste-effektiewe of winsgewende strategie te volg wat sy wel as destruktief sien. Taylor haal Max Weber aan, wat laasgenoemde meganisme beskryf het as 'n

¹² Die manier om dit te doen, is om dosente en studente meer gereeld en meer intensief te toets of te evaluateer. Hierdie najaag van kwaliteitversekering gaan natuurlik meer en intensiewe administrasie verg.

¹³ Steger en Roy (2010: location 519) noem die ekonomistiese verband tussen 'n neoliberal en linkse denke by name: "... it makes sense to think of neoliberalism as a rather economicistic ideology, which, not unlike its archrival Marxism, puts the production and exchange of material goods at the heart of the human experience."

“ysterhok” – dit is die gevolgtrekking dat die meganisme wat ons in die gesig staar, so dwingend is dat ons totaal magteloos daarteenoor staan. Taylor het hier veral die moderne staat en markte as magtige meganisme van noodsaak in gedagte.

Die Stellenbosse filosoof Hennie Rossouw (1993:21) noem dit ‘n “fundamentele vraag” of dit wat by ’n universiteit oorleef, “uitsluitlik” deur “koste-effektiwiteit” bepaal moet word en of die “intrinsieke kulturele en intellektuele waarde van studiegebiede ook die nodige erkenning” gaan ontvang. Indien ’n universiteit as blote sakeonderneming bedryf word en volgens suiwer rekenkundige oorwegings beoordeel word, sal die “nie-berekenbare” waarde van “wetenskapsbeoefening” en die “kultuurfunksie” van ’n universiteit buite rekening geplaas word. Wat Rossouw hier as ’n negatiewe moontlikheid tydens die vroeë 1990’s opmerk, word deur Kimberly en Bouchikhi (2016:8) beskryf as tans een van die landskapveranderende tendense in hoër onderwys. Hulle is van mening dat markkragte – wat onder andere deur die “winsgedrewe universiteite” (“for-profit universities”) sonder huivering geaktiveer word – oënskynlik gaan sorg dat net die “beste” (ten opsigte van winsgewende effektiwiteit) universiteite oorleef. Kritici plaas wel vraagtekens agter die uitkomste van hierdie soort universiteite: Handhaaf dit ’n toepaslike toelatingsbeleid en geloofwaardige deurset, en gaan afgestudeerde werklik waarde kry uit die kwalifikasies wat hulle hier verwerf?

Tipies menslik kan die sug na vryheid nie so maklik uitgedoof word nie – dit is die ander kant van die (post)moderne bifokaliteit. Daarom moet gevra word of die Suid-Afrikaanse studenteprotes nie dalk geïnterpreteer moet word as die stormvoël van ’n dreigende rewolusie vir vryheid nie. Van der Hoeven (1993:46) verduidelik die metaforese verwysing na die stormvoël waarvan “men meende dat zo ’n vogel storm aankondigde”: Dit is “vogels met zeer lange vleugels, die het niet hielden in het (vaar)water van hun tijd, maar intens voelden dat dat water in heftige beroering zou raken door een storm en die als voorboden daarvan zich boven het water verhieven”. In hierdie trant kan die 2015- Suid-Afrikaanse studenteverset lyk na die stormvoël wat aanvoel dat ons al hoe nader aan die oog van ’n storm vir vryheid beweeg.

Dit was veral die gedig van Maksim Gorky, Russiese skrywer van “Pesnya o burevestnike” (“Lied van die stormvoël”) wat in ongeveer 1902 daarvoor gesorg het dat die stormvoël ’n metafoor geword het vir die aankondiging van bevrydende rewolusie. In sy verhaal kom baie skerp die (post)moderne paradoks aan die orde: Volgens Levin (1967:84-86) is die naam van die stormvoël in Russies letterlik “boodskapper van die storm”. Met sy gedig het Gorky ineens “die Hermes van die komende revolusie” geword. Etlke miljoene kopieë van sy gedig het in revolutionêre Rusland in omloop gekom. Dit het die atmosfeer geskep van ’n evangelie waarin morele protes (die stryd teen outokrasie) en die loslaat van ongebreidelde emosie tot enige-iets kon lei. Dit het die strategie van Lenin soos ’n handskoen gepas.¹⁴ Gorky is by hierdie revolutionêre ywer betrek want “watter groter, edeler en meer verlossende doel is daar vir ’n rebelse dromer as om ’n instrument in ’n magtige, idealistiese *Saak te wees”*. Hingley (2016) wys egter daarop dat Gorky homself nie kon versoen met Lenin en Stalin se diktatuur nie – en is selfs vir ’n tyd uit Rusland verban. Die belangrike punt van hierdie *klein verhaal*: Gorky het geleidelik alle illusie dat daar vryheid in Sowjet Rusland sou wees, verloor.

¹⁴ Lenin het die beeld van die gedig veral gebruik om gematigdheid en kompromis te verwerp. Levin (1967:86) haal Lenin aan: “Let the cowardly liberals motion with their heads at the oncoming storm, let these limited meschanye put all their ‘mind and feelings’ into awaiting new elections – the proletariat is preparing for struggle, in friendship and vigor it goes to meet the storm, rushes into the very thick of battle. Let the storm break!”

Waarom faal die vryheidsideaal wat Gorky nagestreef het?

In 'n standpuntstelling oor vryheid stel Van der Hoeven (1993:140-144) dat Isiah Berlin se idee van *negatiewe vryheid* ons meesleurend aanspreek in die stelling dat vryheid beteken om vry te wees van kettings en dwang. Van der Hoeven voeg dadelik by dat hierdie perspektief ons nie moet verhoed nie om op te merk dat negatiewe vryheid in die moderne sin ook vra om afsonderlike individu te wees, selfbeskerming, selfbevestiging ensovoorts. 'n Mens sou kon byvoeg dat negatiewe vryheid 'n sware las in die vorm van selfskeppende en outonomistiese individualismes, maar ook kollektiwismes dra – die idee van vryheid kry 'n gereduseerde betekenis omdat dit in die moderne tyd bloot gaan oor vryheid van bande vir die individu of 'n bepaalde kollektiwiteit. Die betekenis van vryheid behoort nie vas te steek by die blote afwesigheid van verknegting vir net 'n individu of net 'n kollektiwiteit nie. Van der Hoeven beklemtoon dat vryheid ook moet insluit 'n openheid *ná*. Ons moet vryheid (daarom ook 'n vrye universiteit, sou 'n mens kon byvoeg) in noue verband met keuse, lewensrigting en verantwoordelikheid kan bring. Met so 'n keuse gee 'n mens 'n antwoord, 'n "verantwoordelikhed t.o.v. een oproep" – dit wil sê menswees veronderstel om "tot vryheid geroepen" te wees.

Wat word bedoel met hierdie geroopenheid tot vryheid?

Taylor maak vir ons 'n venster hierop oop as hy (Taylor 2003:5-7,10) skepties oor die (post)moderne instrumentele rede, stel dat sy bekommernis is dat dit veroorsaak dat "dinge wat deur ander kriteria bepaal behoort te word", bloot gedetermineer word ten opsigte van effektiwiteit of 'n "kostevoordeel-analise" en dat niemand oënskynlik iets daaraan kan doen nie. Hy is veral beswaard oor die feit dat die "eis om uitset te maksimaliseer" 'n verduisterende effek het op "onafhanklike doelwitte wat ons lewens behoort te lei". Vryheid beteken om 'n positiewe antwoord te gee op hierdie onafhanklike doelwitte. Vryheid is nie bloot om te skipper tussen vrywees van dwang en vrywees tot menslike (individuele of kollektiewe) outonomie nie. Meer nog, dit beteken, soos Van der Hoeven uitwys, dat vryheid nie 'n hoogste doel word nie maar 'n doel "náast, a.h.w. in beurtzang met, andere, soals 'vrede', 'waarheid', 'geregtigheid'". Die vryheid van die universiteit, sou 'n mens kon byvoeg, sal slegs verskyn as daar beurtsang is tussen vryheid en die belangrikste voorwaardes wat in die *idee van 'n universiteit* geartikuleer word.

3. IDEË VIR DIE UNIVERSITEIT

3.1 Historisiteit en durendheid

Wat is dié voorwaardes wat in die idee van 'n universiteit ingebou is? Anders gestel: Is daar enige onafhanklike doelwitte waarna ons kan kyk in die strewe na 'n vrye universiteit? Op die diachroniese agenda – dit is as die huidige universiteit met sy voorgangers vergelyk word – word soms nie veel verder gevorder as die bifokale (post)moderne orde in 'n historistiese toonaard nie.

De la Rey (2015:4-5) veronderstel byvoorbeeld 'n nie-essentialistiese vervloeiing van identiteite as sy sê dat universiteite nie sou oorleef het as hulle deur tyd dieselfde gebly het nie en nie gereageer het op (dwingende) veranderende omstandighede nie. Sy verduidelik dat die universiteit aanvanklik gekonseptualiseer is as instelling wat die intellek kultiveer. In die industriële tyd het die klem begin val op professionele opleiding, wat in die twintigste eeu voluit nagestreef is as gevolg van 'n groot klem op die verband tussen hoëvlakvaardighede en ekonomiese ontwikkeling. Regerings verwag van universiteite om die wetenskaplikes, ingenieurs en professionele mense op te lei wat deur 'n hoogs ontwikkelde ekonomie benodig

word. Tot laat in die twintigste eeu het hierdie toenemende klem op professionele opleiding volstaan met die Von Humboldt-model, waarvolgens 'n eenheid tussen navorsing en onderrig veronderstel word. In die 1990's het die situasie egter verander. Klem is al hoe meer gelê op 'n wyer sosiale bydrae en relevansie of nut van onderrig en navorsing asook 'n toerekenbaarheid aan die breëre publiek. Dit het aanleiding gegee tot konsepte soos die entrepreneuriese universiteit, die betrokke ("engaged") universiteit en dat daar 'n "triple helix" verhouding tussen die universiteit, industrie en die staat moet wees.

Daar moet opgemerk word dat laasgenoemde derde ontwikkeling die sterk ondertoon van ekonomiesering daarmee saamdra. Hierdie indruk word al hoe sterker in die mees onlangse mutasie van die universiteit, waarin nuttigheid en aanpassing by die omgewing oënskynlik die hoofmotief is. De la Rey (2015:7) kondig 'n vierde fundamentele verandering aan, naamlik dié van die GRU ("Global Research University"). Globalisering beteken vir universiteite die mobiliteit van idees, tegnologie en mense (personeel en studente). Dit gaan tot gevolg hê dat daar meerdere kampusse is vir dieselfde universiteit, sowel as virtuele netwerke en aanlynaflewering van akademiese programme. Die idee van 'n nasionale universiteit word al hoe meer uitgediend.¹⁵ Globalisering is egter daarvoor bekend dat dit omslaan in 'n blote *globalisme* – dit is globalisering wat volledig uitverkoop is aan 'n neoliberal agenda van ekonomiesering.

Volgens De la Rey (2015:5) toon die veranderinge wat in die geskiedenis van universiteite opgemerk kan word, dat "there is no universal and timeless essence in the nature of universities. Instead universities' missions change with changing times and context". In hierdie opmerking draal egter 'n ondertoon van die postmoderne paradoks: 'n Essensie aan universiteitwees word ontken alhoewel die sosio-ekonomiese omstandighede wat die identiteit van universiteite afdwing, en verandering self, konstanthede en selfs 'n soort essensie word vir universiteitwees.

Dit is daarom opvallend dat Rossouw (1993:31) versigtiger met die historisiteit van die universiteit omgaan wanneer ook hy opmerk dat "die universiteit nie 'n onveranderlike grootheid is nie, maar 'n geskiedenis van hervertolkings ondergaan het".¹⁶ Vir Rossouw gaan dit egter oor

¹⁵ Die rektor van De la Rey se buuruniversiteit, die universiteit van die Witwatersrand, naamlik prof. Adam Habib, maak oënskynlik versigtiger maar tog definitief ook van die GRU die sentrale doel van wat onder die transformasie van universiteite bedoel word. Habib (2015:10) stel naamlik dat enige "initiative must be compatible with the University's fundamental mandate to be a globally competitive, research intensive institution". Hy voeg wel die pre-globalisme motief by, naamlik dat so 'n universiteit "responsive to local development imperatives" moet wees. Onder plaaslike imperatiewe verstaan Habib die gewone lys wat vir Suid-Afrikaanse universiteite gestel word naamlik, demografie (meer swart studente enveral dosente, alhoewel die ideaal van "diversiteit" ook genoem word), kurrikulum (dekolonialisering, waaronder dan sekerlikveral Afrikanisering bedoel word, terwyl oënskynlik net die byvoeg van Afrika kontekste en teoretici genoem word), institusionele kultuur (swart studente en dosente, selfs al is hulle die meerderheid, voel oënskynlik ontuis op kampusse en die fisiese afdrukke van die verdrukkers soos name en standbeeld moet verwyder word, alhoewel net gestel word dat name en standbeeld die diversiteit moet weerspieël), taal (die taal moet almal bemagtig om te kan studeer en ná studie te kan werk – wat dan sekerlik die amper eksklusieve gebruik van Engels beteken) en financiering (waarvan daar oënskynlik nie genoeg is vir studie in Suid-Afrika nie).

¹⁶ Etzkowitz (2004:65,76) vertel dieselfde historiese verhaal as De la Rey en maak 'n gevolgtrekking met 'n sterk ekonomiese en historistiese strekking as hy stel dat die "capitalization of knowledge" die "heart of a new mission for the university" sal wees, "linking universities more tightly to users of knowledge and establishing the university as an economic actor in its own right". Etzkowitz is wel versigtiger deur ook te suggereer dat dit 'n nuwe byvoeging tot die idee van 'n universiteit is en nie noodwendig 'n totale identiteitverandering nie. 'n Standpunt tussen dié van De la Rey en Rossouw is dus moontlik.

verskillende “paradigmatiese sienings oor die aard en die funksie van die universiteit wat in verskillende tydvakke en in verskillende kulturele omgewings tot ontwikkeling gekom het”. Rossouw wil nie dat ‘n strakke essensialisme vir universiteitwees geld nie. Maar hy wil ook nie toegee aan ‘n ongebreidelde historisme nie, omdat hy byvoeg dat die universiteit wel ‘n “kontinue konseptuele tradisie” vorm “waarin reeds gevormde betekenisstele telkens weer tegelyk gekonserveer is én ‘n transformasie ondergaan het, tegelyk oorskry is én ‘n relatiewe geldigheid behou het”. ‘n Mens sou Rossouw kon herinterpreteer en ‘n bewustheid artikuleer waarvolgens aan universiteite ‘n komplekse durende identiteit toegeskryf word wat in die loop van tyd ontvou.

Rossouw (1993:25-29) identifiseer drie paradigmas wat as konstanthede in die vorm van ‘n idee van ‘n universiteit aan ons oorgedra is. Die eerste kan die *agogiese*¹⁷ moment genoem word. Dit is die oudste motief en beklemtoon dat ‘n universiteit ‘n “sentrum van opvoeding of algemene vorming deur hoër onderwys” sal wees. Dit gaan hier oor “onderwys in die vaardighede, die waardes en die reeds verkreeë resultate van die mens se intellektuele strewe na kennis”. Hy noem enkele van hierdie waardes en resultate: Dit gaan oor ‘n “breeë akademiese vorming en ontwikkeling”, die vermoë tot “gegrondeoordeelsvorming”, die “oorweging van alle beskikbare getuienismaterial” en die “oop gesprek”.¹⁸ Die klem is hier nie soseer op die uitbreiding van kennis nie. Vir laasgenoemde moet eerder gekyk word na wat Rossouw die *kognitivistiese* paradigma noem waarin die uitbreiding van kennis moet geskied volgens die eise van die sogenaamde wetenskaplike metode, waarvan die voorbeeld van die natuurwetenskap uitstaande is. In teenstelling met die agogiese model gaan dit hier om “metodies verworwe en metodies kontroleerbare kennisresultate, en nie in die eerste plek intellektueel vormende dialoog nie”. Die derde paradigmatische benadering kan die instrumentele¹⁹ benadering genoem word. Vir hierdie benadering is die “praktiese nuttigheid en benutbaarheid” – dit is die “eis van praktiese relevansie” – van die produkte van ‘n universiteit belangrik. Anders as die vorige twee motiewe maak dit van die universiteit ‘n “instrument vir die bevordering van die een of ander eksterne doeleinde” soos “ekonomiese vooruitgang, tegnologiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid of die opheffing van ‘n volksgroep”.

Daar sou sover gegaan kon word om hierdie drie motiewe as aspekte van die idee van ‘n universiteit te tipeer. Rossouw (1993:29-30) self is van mening dat daar nie noodwendig gekies moet word tussen die drie paradigmas nie omdat hulle saam ‘n “kontinue konseptuele tradisie”

¹⁷ Rossouw self gebruik die term *pedagogiese*, maar in hierdie artikel word verkieksel om die meer oorspronklike term *agogiese* te gebruik. Duvenage (1972:36) wys naamlik op die algemene betekenis van die sogenaamde *agogiese* moment waarvolgens *agōgē* dui op “die konkrete aktiwiteit van voer of lei” soos dit gebeur in “die stuur van mens of dier”. Vir elite Griekse huishoudings was daar “dikwels ‘n slaaf aan wie die *agōgē* van die kind opgedra is”. *Agōgē* kom voor in die verbindingsvorme “pedagogiek (die wetenskap hoe om aan die kind leiding te gee, kinderopvoeding of kinderonderwys), demagogie (volksleiding) en psigagogie (‘n sielkundige rigting wat hom toespits op heropvoeding)”. In die agogiese moment gaan dit “om die leiding wat gegee word”. Vir die Griekse het dit gedui op ‘n “dieper betekenis van onderrig of onderwys” en het min of meer saamgeval met die betekenis van “didaskalia, wat onderwys beteken”.

¹⁸ Rossouw (1993:26) lê ook klem daarop dat dit vir die pedagogiese paradigma belangrik is dat “rasionele denke” en “onbevooroordelde oorweging” sal plaasvind. Die onlangse wetenskapsfilosofie sal ‘n blote idee van “onbevooroordelheid” en “objektiwiteit” in die oorweeg van nuwe idees wel bevraagteken. Dit sou waarskynlik meer sin maak om van ‘n ‘billike’ oorweging en evaluering van ander se idees en kennis te praat.

¹⁹ Rossouw praat van ‘n pragmatiese benadering maar wat hy dan beskryf, kom ook neer op ‘n instrumentele benadering, wat tans die gekose konsep is en immers verwant is aan die konsep *pragmatics*.

veronderstel wat in die konteks van die heterogeniteit wat universiteite vertoon, normerend kan wees. Meer spesifiek, Rossouw wil hê dat universiteite nie net een van die paradigmas vasgryp en die ander laat val nie maar dat almal gelyktydig in die lug gehou moet word. Hiermee sluit hy nie alleen aan by 'n anti-historistiese siening nie, maar ook by die nie-reduksionistiese sentiment, wanneer hy stel dat "waar 'n bepaalde siening in so 'n mate verabsouteer word dat dit alle besluite dikteer, kan die universiteit gevaaar loop om óf sy identiteit óf sy funksionaliteit aan ernstige erosie bloot te stel".

3.2 Rigting en soortlikheid

Om te verabsouteer of nie te verabsouteer nie, is van deurslaggewende belang: Goudzwaard (Goudzwaard *et al.* 2007:26,33,35-36,39,43) maak die opmerking dat fundamentele verbintenisse tot bepaalde idees in die hantering van globale probleme (soos die finansiële krisis) meer aandag moet kry as ons die krisisse grondig wil verstaan en oplossings daarvoor evalueer. Goudzwaard verwys na begrondeideeë wat inspeel op "mense se diepste verlangens, drome, en verpligte". As 'n mens 'n oog hiervoor ontwikkel, word die ideologieë van die vorige twee eeue meer verstaanbaar. Taylor (1989:62,92-93) wys ook daarop dat mense geneig is om geraak te word deur 'n groot verskeidenheid motiewe maar gewoonlik een identifiseer as die belangrikste.²⁰

Absolute/verabsouteerde motiewe het veral 'n rigtinggewende invloed. Die diepgaande ekonomiesering van universiteite het byvoorbeeld so 'n rigtingimplikasie. Volgens Taylor (1989:45-46) het ons hier met 'n radikale ja of nee te make. Dit gaan nie oor hoe naby of ver ons van die sentrale motief is nie. Dit gaan oor die rigting van ons lewens, ná die sentrale motief óf weg daarvan. Tog gaan dit nie net oor 'n enkele losstaande motief wat fundamenteel rigtinggewend is nie. Taylor (1989:27-29) praat van 'n "horison" van waaruit 'n persoon in staat is om 'n standpunt in te neem – 'n veelheid van evaluerings wat 'n raamwerk vorm, vervul die oriëntasierol. As iemand hierdie horison sou verloor, sou hy 'n "identiteitskrisis, 'n akute vorm van disoriëntasie" ervaar. In 'n verdere byvoeging wat op die kompleksiteit van hierdie rigtinggewende grondmotiewe dui, gebruik Taylor (2004:23-28) die term "sosiale inbeelding" ("social imaginary") wat die verstaanshorison 'n kollektiewe horison maak. So 'n inbeelding is nie 'n teorie nie en dui eerder op 'n wydaanvaarde idee-kompleks wat werkzaam is in 'n gemeenskap, 'n meesal ongestruktureerde en ongeartikuleerde kollektiewe verstaan van 'n mens se totale situasie. Die idee van 'n universiteit bestaande uit 'n aantal maar definitief gesstruktureerde idees as omvattende kollektiewe verstaan van die universiteit, is waarskynlik so 'n sosiale inbeelding.

Die motiewe en veral die sentrale motiewe is vir Taylor (1989:30) iets subjektief maar beslis nie iets wat op 'n volslae selfskeppende (outonome) wyse tot stand kom nie. Dit is antwoorde op vrae waarmee ons "onontkombaar" gekonfronteer word. Taylor praat van 'n "ruimte" wat onafhanklik bestaan van ons sukses of mislukking om onsself in die ruimte te oriënteer. Hierdie uitgangspunt is die teenoorgestelde as dié van die moderne instrumentalisme, wat

²⁰ Populêre kandidate vir 'n hoogste idee is selfuitdrukking, geregtigheid, gesinslewe, die aanbidding van God, gewone ordentlikheid, of sensitiwiteit. Die ja/nee-vraag word duidelik gestel in godsdiensstige tradisies maar is nie eie aan net hierdie tradisies nie. Ook sekulêre tradisies veronderstel so 'n absolute vraag oor 'n basiese oriëntasie. 'n Gesekulariseerde persoon besluit byvoorbeeld op 'n 'eens en vir altyd standpuntinname' waar hy of sy breek met godsdiens, bygeloof, en die soort wêreldebeskouings wat 'die sober werklikheid van die menslike kondisie in 'n onttowerde ("disenchanted") heelal' probeer vermy. (Taylor 1989:45-46,62,92-93).

volgens Taylor (2003:5) geen “heilige orde” het nie omdat die mens self die ontwerper van sy geluk en welsyn en die pad daarheen word. Taylor (2003:7) haal egter vir Hannah Arendt aan, om te maan dat die “realiteit en betroubaarheid” van ons wêreld afhang van iets “meer permanent as die aktiwiteit waarmee dinge geproduseer word”. Dit is duidelik dat Taylor ‘n kritiese stem wil laat hoor oor ‘n bedeling waarin die middelle belangriker as die doel word. ‘n Mens sou kon sê dat ‘n dimensie van normatiwiteit iets is wat hy wel deeglik mis in die huidige instrumentalistiese klimaat. Ons kan kennis neem van Taylor se sentiment wat impliseer dat as ons vrae soos “wat is ‘n universiteit” en “waarvoor is daar ‘n universiteit” moet beantwoord, ons gebruik sal moet maak van ‘n maatstaf of kompas wat relatief onafhanklik aan ons rigting gee. Dit is alleen met so ‘n kompas waarmee ons sal herken dat ekonomisme ‘n ekonomiesering is wat skeefgeloop het omdat dit ‘n totalitaire rigting ingeslaan het.

Motiewe gee dus rigting maar maak volgens Taylor (2004:23-28) ook ‘n verdere onderskeid moontlik, naamlik tussen ‘n feitelike (of ‘n voorhande) weergawe en ‘n dieper vlak waarin die normatiwe idees wat die eerste vlak onderlê, ingebied is. ‘n Inbeelding is dus ‘n mengsel van die voorhande en norme, oor hoe dinge öënskynlik is en hoe hulle behoort te wees.

Ons het op die normatiwe vlak onder andere te make met wat Rossouw (1993:33) die “soortlike identiteit van die universiteit” noem. Hierdie identiteit maak dit moontlik “om ‘n universiteit enersyds sinchronies van ander instellings te onderskei, en andersyds diachronies as dieselfde soort instelling in verskillende tye te herken”. Die “sentrale verwysing” in hierdie soortlike identiteit is na die universiteit as ‘n “akademiese inrigting” wat uitdrukking gee aan “die menslike strewe na wetenskaplike kennis”.²¹ Hierdie strewe, nog nader gedefinieer, is “eerstens die poging om nuwe wetenskaplike kennis deur ‘n proses van navorsing sistematies in te win, en tweedens die behoefte om bestaande wetenskaplike kennis (en die intellektuele kapasiteite om self op ‘n skeppende wyse wetenskaplik bedrywig te wees) deur onderrig en studie vir jouself toe te eien”. Hy voeg verder by dat alhoewel daar in die geskiedenis verskillende prioriteite aan hierdie twee sentrale funksies rondom kennis (navorsing en onderrig) toegeken is, ‘n “symbiose” tussen die twee tog altyd veronderstel is, en sou “één van hierdie twee funksies eksklusief beoefen word, is dit te betwyfel of ons nog met ‘n universiteit te doen het”.

Dit sou gestel kan word dat die soortlike identiteit van ‘n universiteit deur twee momente oorheers word: as ‘n sosiale instelling behoort dit duidelik ‘n unie tussen studente en dosente te wees, met die duidelike doel vir die unie die verwerwing en oordrag van wetenskaplike kennis.²²

3.3 Soortlik en instrumenteel

Rossouw (1993:34-37) voeg twee voorwaardes tot die soortlike identiteit van die universiteit by. Die eerste is dat wetenskaplike kennis ‘n “intrinsieke kulturele waarde” het omdat dit “bevry [is] van vooroordele, bygeloof”. Die tweede is dat akademiese kennis “nooit uitsluitlik ter wille van sigself” beoefen kan word nie. Dit het ook ‘n “instrumentele waarde in die sin dat dit die mens se oriëntasievermoë ten opsigte van die werklikheid op verskillende wyses verhoog deur

²¹ Beide Collini (2012: location 61 & 177) en Rhoades en Slaughter (2004:55-56) maak opmerkings wat die unie tussen studente en dosente en kennis in die sentrum van die identiteit van die universiteit plaas.

²² Strauss (1998:113-114,117) spel hierdie identiteit myns insiens die duidelikste uit as hy stel dat ‘n universiteit se “common and underlying constant structural principle” bestaan uit die “organization of the university into a specific societal institution” wat beskryf kan word as die “bringing together of teachers and students” met as doel “scientific knowledge by way of scientific teaching”.

die praktiese uitwerking wat dit het en die toepassingsmoontlikhede wat dit bied?“²³ Die eerste sodanige instrumentele funksie is om ‘n “kritiese openbare debat” en daarmee ook ‘n “kritiese openbare mening” te ondersteun. Op hierdie manier word steun gebied vir ‘n “betroubare lewensetos en ‘n toereikende lewensbeleid”. Tweedens help dit om die “denkvaardighede” te ontwikkel waardeur mense hul “maatskaplike funksies en take” beter kan vervul. ‘n Derde funksie is om deur “wetenskaplike kennis insig in sosiale, ekonomiese en politieke prosesse” te kry sodat hierdie prosesse in ‘n “wenslike rigting” gestuur kan word. Wetenskaplike kennis kan, vierdens, ‘n instrument wees in die ontwikkeling van “tegniese middelle en metodes waardeur die mens sy fisiese omgewing kan beheers en omvorm”.

Die instrumentele kant van universiteite is vroeër in die geskiedenis heelwat minder beklemtoon as wat tans die geval is. Die groter klem maak relevansie wel ‘n omstrede eis omdat dit kan omslaan in ‘n totalitaire eis. Vir Rossouw (1993:35-37) is die instrumentele eis ‘n eis wat “juis aan die sukses van die universiteit toe te skryf” is. Die instrumentele invloed wat universiteite gehad het, het universiteite “onmisbaar” begin maak. Die eis word byvoorbeeld al hoe meer gestel deur die ekonomie. Daar word bygevoeg dat instrumentele nut sal verseker dat universiteite hulle nie met esoteriese en vrugtelose praktyke besig hou nie en dat hulle dit die moeite wêrd maak om openbare fondse daarin te belê. Dit is laasgenoemde argumente wat heftige reaksie kry van diegene wat die volledige soortlikheid van universiteite raaksien. Rossouw (en hierin moet hy luid ondersteun word) dring aan op die nie-reduksionistiese vashou aan beide die ander twee komponente van die soortelike identiteit en die instrumentele waarde van die universiteit, deur “met één oogopslag” beide die “onmiddellike praktiese behoeftes” en “wyer strekkende … teoretiese denke” raak te sien. Dit bly egter ‘n vraag of die instrumentele ‘n gelyke gewig behoort te dra. Beteken ‘n beurtsang tussen vryheid en idee so ‘n gewigsverdeling, of moet kennis en die unie van dosente en studente swaarder weeg in ons idee van vryheid wat die (post)moderne paradoks wil vermy?

4. SLOT

Dit is duidelik dat daar tans ‘n felle aanslag vanuit ‘n eksklusief instrumentalistiese paradigma vir die siel van die universiteit gevoer word. Hierdie aanslag het ‘n sterk onderbou in die vorm van die (post)moderne bifokaliteit/dualisme wat, benewens ‘n beklemtoning van vryheid, ook ‘n orde van noodsaak veronderstel – ‘n noodsaak wat tans in die ekonomiese aspek van universiteite gesetel word. Hierdie kombinasie van instrumentalisme en noodsaak berei die grond voor vir ‘n reduserende ekonomisering van universiteite. ‘n Nie-reduserende maar identiteitshandhawende universiteitsidee bevraagteken hierdie kompleks van bifokaliteit en instrumentalisering. Kan ons afgepers word deur die bifokale model van oorbeklemtoonde idees oor natuur en vryheid wat mekaar en die grotere verskeidenheid wedersyds tot niksheid wil reduseer? ‘n Instrumentalisme waarin dit wat meesal op materiële en ekonomiesevlak as nuttig voorkom, kan tog nie as enigste onontkombare bestemming afgedwing word nie? ‘n Argument vir vryheid gebaseer op ‘n komplekse maar definitiewe soortlikheid van die universiteit, en ‘n definitiewe keuse om na laasgenoemde te beweeg, sal in die huidige openbare debat oor universiteite gevoer moet word.

²³ Taylor (2003:104-105) wys daarop dat Francis Bacon alreeds in die vroeë moderne tyd beklemtoon het dat wetenskap wat nie in diens is van ‘n verbetering van die menslike situasie nie, nie veel waarde het nie. Bacon se uitgangspunt kan gesien word as die geboorte van ‘n “model of science whose criterion of truth would be instrumental efficacy” in diens van die “production of life in ever-greater abundance and the relief of suffering on ever-wider scale”.

In die loop van die differensiëring van die universiteit as afsonderlike identiteit die afgelope eeu staan twee soortlike funksies veral uit (en word tans veral op die agtergrond geskuif deur die instrumentalistiese ekonomiesering van universiteitwees): (a) Universiteite moet die onblusbare soekers wees van 'n breër en 'n dieper verstaan van kennis. (b) Universiteite, behoorlik bemagtig met hierdie breëre en diepere kennis, moet die agente wees wat hierdie kennis oordra aan 'n volgende geslag. Dit moet onderstreep word dat die gelyktydigheid en interaksie tussen onderrig en navorsing aan 'n universiteit as unie tussen studente en dosente 'n unieke identiteit gee. Sonder hierdie interaksie en gelyktydigheid het ons waarskynlik te make met óf 'n onderrigkollege óf 'n navorsingsinstituut.

Ekonomiesering wat deel vorm van die instrumentele ontvouwing van universiteite het egter onlangs 'n essensie geword waarin 'n hoogste ("ultimate") verbintenis gekoppel word aan die instrumentele kant van universiteitwees. Hiervolgens het die ekonomie as 'n middel sigself in so 'n mate tot doel verhef dat dit deformatief begin funksioneer het – universiteite sterf hul soortlikheid af en in die proses word 'n fundamentele rigtingverandering teweeg gebring. 'n Argument teen die ekonomiesering van die universiteit het gevoldlik nie die bedoeling om byvoorbeeld kommersialisering te ontken as middel om universiteite te finansier nie, maar om by te dra tot die ondermyning van 'n totalitarisering van die middel-tot-'n-doel funksies van universiteite. 'n Heldere openbare bewustheid van die totalitaire en reduksionistiese aard van enige ethos waarin die instrumentele funksies van 'n universiteit tot sentrale idee vir 'n universiteit verhef word, moet deel vorm van die ontsnappoging uit die onontkombaarheid van ekonomiese noodsaak.

BIBLIOGRAFIE

- Academy of Science of South Africa (ASSAf). 2011. *Consensus study on the state of the humanities in South Africa: Status, prospects and strategies*. Pretoria: Academy of Science of South Africa (ASSAf).
- Bartholomew, C.G. 2009. In Goheen, M.W. & Glanville, E.G. (eds.). *The emperor's (not-so) new clothes: postmodernity, globalization and the "triumph" of modernity*. Vancouver: Regent College Publishers, pp. 91-110.
- Conradie, E.M. 2011. Knowledge for sale? The impact of a consumerist hermeneutics on learning habits and teaching practices in higher education. *Koers* 76(3):423-446.
- Crow, M.M. 2008. Building an entrepreneurial university. Third annual Kauffman Foundation – Max Planck Institute Entrepreneurship Research Conference, Munich, Germany, June 8, 2008, pp. 1-17. <http://economiceducation.us/dotAsset/693823.pdf> [16 September 2013].
- De la Rey, C. 2015. The changing idea of a university. *Journal of the Helen Suzman Foundation*, 76, September 2015, pp.4-7.
- Deem, R. 2004. In Tight, M. *Globalisation, new managerialism, academic capitalism and entrepreneurialism in universities: is the local dimension still important?* Londen: Routledge Falmer, pp. 287-302.
- Duvenage, A.P.C. 1972. Die agogiese moment in die pastoraat. *In die Skriflig / In Luce Verbi*, 6(22):36-50.
- Etzkowitz, H. 2004. The evolution of the entrepreneurial university. *International Journal of Technology and Globalisation*, 1(1):64-77.
- Goheen, M. 2002. Who turned out the light? Education in a dark world. *Journal of Education & Christian Belief*, 6(1):41-55.
- Goosen, D. 2011. Die teoretiese lewe. Perspektiewe vanuit die tradisie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):490-506.
- Goudzwaard, B., Van der Vennen, M., Van Heemst, D. 2007. *Hope in troubled times: A new vision for confronting global crises*. Grand Rapids, Mich.: Baker Academic.

- Habib, A. 2015. Accelerating transformation for an inclusive and competitive Wits. *Journal of the Helen Suzman Foundation*, 76, September 2015, pp. 8-14
- Hart, H. 1984. *Understanding our world: An integral ontology*. Lanham: University Press of America.
- Hingley, R.F. 2016. Maksim Gorky. Encyclopædia Britannica Online. [http://global.britannica.com/nwulib.nwu.ac.za/biography/Maksim-Gorky\[15 April, 2016\]](http://global.britannica.com/nwulib.nwu.ac.za/biography/Maksim-Gorky[15 April, 2016]).
- Kerr, C. 2001 (Eerste Uitgawe: 1963). *The uses of the university, Výfde uitgawe*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. [Kindle uitgawe].
- Kimberly, J.R. & Bouchikhi, H. 2016. Disruption on steroids: Sea change in the worlds of higher education in general and business education in particular. *Journal of Leadership & Organizational Studies*, 23(1):5-12.
- Levin, D. 1967. *Stormy petrel: The life and work of Maxim Gorky*. Londen: Frederick Muller.
- Lynch, K. 2006. Neo-liberalism and marketisation: The implications for higher education. *European Educational Research Journal*, 5(1):1-17.
- Lyotard, J-F. 1984. *The postmodern condition: A report on knowledge*. Manchester: Manchester University Press.
- MacIntyre, A. 2009. *God, philosophy, universities*. Lanham: Rowman & Littlefield. [Kindleuitgawe]
- Nealon, J.T. 2012. *Post-postmodernism; or, the cultural logic of just-in-time capitalism*. Stanford, Cal.: Stanford University Press.
- Nussbaum, M.C. 2010. *Not for profit: Why democracy needs the humanities*. Princeton: Princeton University Press.
- Nussbaum, M.C. 2011. *Creating capabilities: The human development approach*. Cambridge, Mass.: The Belknap Press of Harvard University Press.
- Rhoades, G. & Slaughter, S. 2004. Academic capitalism in the new economy: challenges and choices. *American Academic*, pp. 37-59. [https://69.18.221.209/pdfs/highered/academic/june04/Rhoades.qxp.pdf\[19 April 2014\]](https://69.18.221.209/pdfs/highered/academic/june04/Rhoades.qxp.pdf[19 April 2014]).
- Rossouw, H.W. 1993. *Universiteit, wetenskap en kultuur: Opstelle oor die krisis, uitdagings en geleenheid van die moderne universiteit*. Saamgestel en ingelei deur Anton van Niekerk. Kaapstad: Tafelberg.
- Sandel, M. 2012. *What money can't buy: The moral limits of markets*. London: Allen Lane.
- Steger, M.B. & Roy, R.K. 2010. *Neoliberalism: A very short introduction*. Oxford: Oxford University Press. [Kindle uitgawe].
- Strauss, D.F.M. 1998. *Being human in God's world*. Bloemfontein, South Africa: Tekskor BK.
- Strauss, D.F.M. 2004. How "postmodern" is "postmodernism"? *Koers*, 69(2):259-276.
- Taylor, C. 1989. *Sources of the self: the making of the modern identity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Taylor, C. 2003. *The ethics of authenticity*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Taylor, C. 2004. *Modern social imaginaries*. Durham & Londen: Duke University Press.
- Vale, P. 2011. Instead of a defence: Thoughts on the humanities at home and abroad. *Theoria*, 58(128):21-39.
- Van der Hoeven, J. 1993. In Van Woudenberg, R. Griffioen, S. Geertsema, H.G. (red.). *Filosofische reflecties en ontmoetingen: Opstellen van dr. J. van der Hoeven*. Kampen: Kok Agora.
- Wolhuter, C.C. & Mushaandja, J. 2015. Contesting ideas of a university: The case of South Africa. *Humanities*, 2015 (4):212-223.
- Yusuf, S. 2007. In Yusuf, S & Nabeshima, K. (red.). *University-industry links: policy dimensions*. Washington DC: Wereldbank, pp. 1-25.

Wat is die universiteit? Gedagtes oor die gemeenskapsuniversiteit

What is the university? Reflections on the community-based university

DANIE GOOSEN

Departement Godsdienstwetenskap en Arabies
Universiteit van Suid-Afrika
E-pos: goosendp@unisa.ac.za



Danie Goosen

DANIE GOOSEN is professor in die Departement Godsdienstwetenskap en Arabies aan Unisa. Sy navorsing fokus op die Westerse metafisiese denke; op die sogenaamde teologies-politieke probleem, asook op die modernisme en die postmodernisme as idee-historiese verskynsels. Goosen se jongste boek is *Oor gemeenskap en plek. Anderkant die onbehae* (Pretoria: FAK, 2015).

DANIE GOOSEN is a professor in the Department of Religious Studies and Arabic at Unisa. His research focuses on traditional Western metaphysical thought, the so-called theological-political problem, and modernism and postmodernism as idea-historical phenomena. Goosen's latest publication is *Oor gemeenskap en plek. Anderkant die onbehae* (Pretoria: FAK, 2015).

ABSTRACT

What is the university? Reflections on the community-based university

The article is based on the presupposition that the future of Afrikaans as a language of instruction at tertiary level will largely depend on the Afrikaans-speaking community (and not on the state, as was the case during the past century). At the same time the article proposes that such a university, created by the language community itself, be founded on the community-based idea of the university. The aim of the article is to focus on the meaning and essence of the latter, namely the community-based university. In order to give effect to this rather ambitious aim, the article broadly distinguishes between three different (but in some respects overlapping) concepts of what the university as such implies, namely the modern Von Humboldt university, the postmodern business university, and lastly the community-based university. Like the Von Humboldt university, the community-based university is committed to the idea of Bildung as its telos. What features at the very centre of Bildung is the idea that the educational event is characterised by the search for and insight into the whole of being (and not only specialised knowledge of or expertise in the multiplicity of disciplines). But unlike the Von Humboldt university, Bildung in the context of the community-based university does not aim at the realisation of an autonomous individual existence at the service of the modern territorial state.

*Its aim is rather to educate students to become fully fledged burghers, i.e. balanced and mature participants not only in public affairs generally speaking, but also in the affairs of the many and respective communities to which they belong. In addition, with respect to the so-called business university in postmodern times, some similarities and dissimilarities with the community-based university are identified. Like the postmodern university, the community-based university is made possible “from the bottom up” rather than from “the top down”, as is the case with the modern state-centred university. In this regard the free market plays a determining role at both universities. But unlike the postmodern business university, with its typical focus on the supply and demand of students (read “clients”) on the global market, the community-based university does not suspend its dependence on and commitment to local communities, cultures and economies. Even more importantly, while for economic reasons the postmodern university tends to fragment the coherence between the different disciplines (not only between but also within the disciplines), the community-based university maintains a commitment to the modern Von Humboldt idea of *Bildung* and the latter’s aim to cultivate an understanding for the whole of being. In short, while the global university is focussed on the whole of being in terms of its self-portrayal, it is in fact fragmenting being. At the foundation of these events at postmodern universities lies not only the central place awarded to the student as hyper-individual consumer, but also the reduction of knowledge to be nothing but exchangeable information. In response it is argued that the community-based university, drawing on the experience and wisdom of tradition and community, can play an important role in restoring the search for the whole as an indispensable part of an education at a tertiary institution.*

KEYWORDS: Community-based university, the Von Humboldt university, *Bildung*, whole, postmodern university, neo-liberalism, fragmentation, Margaret Thatcher, intermediary institutions

TREFWOORDE: Gemeenskapsuniversiteit, die Von Humboldt-universiteit, *Bildung*, geheel, postmoderne universiteit, neoliberalisme, fragmentasie, Margaret Thatcher, tussenliggende instellings

OPSOMMING

In die artikel word uitgegaan van die gedagte dat die toekoms van universitaire Afrikaans toenemend 'n funksie van die Afrikaanse taalgemeenskap self en in die besonder van die sogenaamde gemeenskapsuniversiteit sal wees. Ten diepste fokus die artikel op die vraag na die aard en wese van die gemeenskapsuniversiteit. Ons gaan uit van die standpunt dat die gemeenskapsuniversiteit verstaan moet word teen die agtergrond van die verskille én ooreenkoms daarvan met sowel die moderne Von Humboldt-universiteit as die postmoderne besigheidsuniversiteit. Met sy verbintenis tot *Bildung* sluit die gemeenskapsuniversiteit by die tradisie van die Von Humboldt-universiteit aan. In die hart van die ideaal van *Bildung* staan die gedagte dat studente gelei word om insig in die geheel van dinge te verwerf. Maar anders as by die Von Humboldt-universiteit is *Bildung* binne die konteks van die gemeenskapsuniversiteit nie daarop gefokus om outonome individue binne die konteks van die staatlike orde op te lewer nie. Volgens die gemeenskapsuniversiteit beteken *Bildung* veel eerder om “burgers” op te voed wat 'n deelnemende verhouding nie net met die openbare lewe as sodanig nie, maar ook met hulle veelheid van gemeenskappe handhaaf. Soos die postmoderne universiteit word die gemeenskapsuniversiteit “van onder af” moontlik gemaak en deur die werklikhede van die vrye mark bemiddel. Maar anders as die postmoderne besigheidsuniversiteit met sy fokus op die

globale markte, gee die gemeenskapsuniversiteit nie sy verbintenis tot plaaslike gemeenskappe, kulture en ekonomiese prys nie. Nog belangriker, anders as die postmoderne universiteit, wat daartoe neig om die universitaire werklikheid uit ekonomiese oorwegings te fragmenteer (nie net tussen die veelheid disciplines nie, maar ook binne disciplines self), is die gemeenskapsuniversiteit met sy verbintenis tot die moderne universitaire ideaal van *Bildung* daarop bedag om steeds 'n sin vir die geheel te kultiveer en oor te dra. Kortom, terwyl globale universiteite ingevolge hul naam veronderstel is om 'n blik op die geheel te bied, fragmenteer hulle ons wêreld. Die teenoorgestelde is waar van gemeenskapsuniversiteite. Terwyl hulle in ooreenstemming met hul naam aan die plaaslike vassit, is hulle ironies genoeg forums waarop 'n lewensbeskoulike blik op die geheel hoegenaamd moontlik is.

1. AANLOOP

Vandag word 'n wydverspreide oortuiging gehuldig dat die toekoms van universitaire Afrikaans nie meer afhang van die bestaande staatsondersteunde universiteite nie. Alhoewel dié universiteite nog 'n belangrike rol met betrekking tot Afrikaans kan speel, lui die oortuiging, is die toekoms van universitaire Afrikaans nou in die hande van die Afrikaanse taalgemeenskap self.

Hieronder word uitgegaan van die standpunt dat daar inderdaad gronde vir so 'n oortuiging bestaan: die toekoms van universitaire Afrikaans sal op 'n toenemende grondslag 'n funksie van die taalgemeenskap self word. Maar, en dit is die vraag waarby ons wil stilstaan, watter vorm kan so 'n universiteit aanneem? Moet dit die voorbeeld van die bestaande staatsuniversiteite navolg, met die blote verskil dat dit nou die gemeenskap self en nie die staat is wat die leiding neem nie? Of is hier van 'n meer wesenlike verskil sprake? Moet dit ingevolge sy selfverstaan 'n gemeenskapsuniversiteit wees?

Indien bevestigend op laasgenoemde geantwoord word, is die vraag wat daarmee bedoel word: Wat is 'n gemeenskapsuniversiteit? Hoe verskil dit van die staatsuniversiteit? Nog meer, hoe verskil die gemeenskapsuniversiteit van die globale universiteit, dit wil sê dié universiteite wat vandag, in die historiese verlengde van die sogenaamde staatsuniversiteite, die pas aangee?

Om hierop te kan antwoord, sal ons in die eerste afdelings van die artikel by die moderne universiteitswese as sodanig stilstaan. In die besonder word aandag gegee aan die twee belangrikste manifestasies waarna reeds verwys is, te wete die moderne staatsuniversiteit en die hedendaagse globale universiteit. Ons sal kwalik oor die toekoms van die *Afrikaanse* universiteit kan nadink sonder om by die grondliggende vraag na die *moderne* universiteite as sodanig stil te staan. Hieronder word deurgaans uitgegaan van die gedagte dat die gemeenskapsuniversiteit inderdaad as 'n alternatief op beide verstaan kan word. Maar presies waar lê die verskille? Wat maak die gemeenskapsuniversiteit anders as die staatsuniversiteit sowel as die globale universiteit?

Om die gemeenskapsuniversiteit as 'n alternatief te beskou, impliseer dat die universitaire verbeelding as 't ware oopgebreek moet word. Dit verg van ons om anders oor die universiteitswese na te dink. Maar in watter sin? In afwagting van die gesprek hieronder kan nou reeds op 'n belangrike onderskeid gewys word. Dit hou verband met die verskil tussen "abstrakte ruimte" en "konkrete plek". Staatsuniversiteite, en in die besonder die globale universiteite, is vandag "abstrakte ruimtes" waar studente, geabstraheer van hulle plekke van afkoms, tale, tradisies en ekonomiese agtergrond, studeer. Gemeenskapsuniversiteite, daarenteen, is "konkrete plekke" waar studente afkomstig vanuit partikuliere verbintenisse studeer. Terwyl eersgenoemde hulself ten dienste van beweeglikheid op sodanige abstrakte ruimtes verbind, verbind laasgenoemde hulself tot diens aan bepaalde plekke.

Engelse eentaligheid is by uitstek die “instrument” met behulp waarvan daar binne die abstrakte ruimtes van die globale universiteite gedoseer en navorsing gedoen word. Trouens, hul abstraktheid blyk uit die feit dat hulle hulself vanuit die veelheid van spesifieke (regionale) tale losgemaak en voortaan in die kunsmatige eendimensionaaliteit van ‘n globale taal “kommunikeer”. Gemeenskapsuniversiteite doen daarenteen navorsing en dosering by wyse van spesifieke tale. Laasgenoemde gee aan gemeenskapsuniversiteite ‘n gevoel van konkreetheid, ‘n gevoel dat hulle trou aan die verwikkeld kontoere van geografie, taal, kultuur en klas wil wees. Breytenbach gee uitdrukking hieraan as hy in ‘n toespraak voor die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch homself so uitlaat: “Om te redeneer dat dit nie die taak van ‘n universiteit is om die voortsetting van ‘n taal se skeppingsmoontlikhede en bruikbaarheid te verseker nie, is onsin.” Waar anders, vra Breytenbach, moet “bevoegde en besorgde denkers en daders” van bepaalde taalgemeenskappe saamkom as juis aan universiteite? (Breytenbach 2016). Binne die abstrakte ruimtes van die staats- en globale universiteite is Breytenbach se uitspraak onsinng; binne die konkrete ruimte van gemeenskapsuniversiteite volg dit egter logies uit hul vertrekpunte. Onderliggend hieraan lê twee verskillende aansprake. Terwyl die staats- en globale universiteite daarop aanspraak maak om universiteite “vir almal” (wat dit kan bekostig) te wil wees, is die aanspraak van gemeenskapsuniversiteite meer beskeie: Hulle wil universiteite vir spesifieke geografiese gebiede, tale, kulture, klasse of selfs godsdiensgemeenskappe wees.

Ons staan in die eerste afdelings by die moderne universiteitswese stil. In die besonder word gefokus op die verskil tussen die moderne staatsuniversiteit en die hedendaagse globale universiteit. Ter wille van duidelikheid kan ook gepraat word van die verskil tussen die sogenaamde Von Humboldt-universiteit, wat as staatsuniversiteit die afgelope twee eeue die pas aangegee het, en die hedendaagse postmoderne universiteit. In die laaste afdelings staan ons by die derde moontlikheid stil, te wete die gemeenskapsuniversiteit.

2. DIE MODERNE UNIVERSITEIT

Die grondslae van die moderne universiteit is aan die einde van die 18de eeu en die begin van die 19de eeu deur verskeie vertolkers van die Duitse Idealisme gelê, onder meer figure soos Kant, Schiller, Fichte en Schleiermacher. Maar die naam wat ten nouste met die ontstaan van die moderne universiteit verbind word, is Wilhelm von Humboldt, wat die grondslae daarvan binne die raamwerk van die destydse Pruisiese staat neergelê het. In vele opsigte het die sogenaamde Von Humboldt-universiteit die model vir die moderne wêreld geword.

Ter wille van ons doeleindes is dit nie belangrik om ‘n omvattende beskrywing van die Von Humboldt-universiteit te waag nie. Ons staan slegs by die doel daarvan stil, naamlik “opvoeding” (*Bildung*). Uit die bespreking van die gemeenskapsuniversiteit sal dit blyk dat laasgenoemde, ondanks die feit dat dit sigself as ‘n alternatief op die staatsuniversiteit ervaar, steeds *Bildung* as ‘n nastrewenswaardige oogmerk beskou. In hierdie sin kontinueer die gemeenskapsuniversiteit nog ‘n belangrike kenmerk van die staatsuniversiteit. Ten minste twee samehangende aspekte van die ideaal van opvoeding moet hier beklemtoon word:

Erstens, wanneer jy jou universiteitsloopbaan aan die Von Humboldt-universiteit voltooi het, is jy in staat gestel om die nasionaal-staatlike orde op ‘n uitnemende wyse te dien. Hoe? Deur as ‘n opgevoede (of *gebildete*) burger aan die openbare lewe deel te neem.

Tweedens, om jou universiteitsloopbaan te voltooi en ‘n *gebildete* burger te wees, het beteken dat jy nie net ‘n vakspesialis sal wees nie (alhoewel vakspesialisasie natuurlik ook vir die staatlike orde belangrik was). Om ‘n ware opgevoede burger te wees, het beteken dat jy

buite-om jou vakkennis ook insig in die geheel van dinge sal hê. Vakkennis is belangrik, maar dit is nog belangriker om jou vakkennis binne die geheel van dinge te plaas en dit van daaruit te verstaan. In hierdie sin het die Von Humboldt-universiteit homself as 'n ware "universiteit" verstaan, dit wil sê as dié instansie waar die geheel – die universum – aan die lig kan tree.

Waarom het die Von Humboldt-universiteit soveel klem op die ideaal van *Bildung* as insig in die geheel geplaas? Die antwoord daarop lê in die algemene gevoel van versplintering wat met die Europese Verligting van die 17de en 18de eeu gepaardgegaan het. Volgens 'n verskeidenheid denkers vanuit die Duitse Idealisme en die latere Romantiek het die Verligting tot gevolg gehad dat die werklikheid as't ware uiteenval het in dinge soos die rasionele en die sintuiglike, die ideële en die materiële, die subjektiewe en die objektiewe, die universele en die partikuliere, die teoretiese en die praktiese, navorsing en dosering, asook die spanning tussen individu en gemeenskap. In plaas daarvan om hierdie dinge in hul samehang raak te sien, is die moderne mens eerder met die gevoel gelaat dat hierdie dinge as los stukke van mekaar wegdrywe. Volgens Pierre Manent het hierdie moderne verdelinge ook na vore getree in die destydse institusionele skeiding tussen die beroepe; in die skeiding tussen politieke magte (wetgewend, uitvoerend en regsgewend); in die skeiding tussen kerk en staat; in die skeiding tussen die burgerlike samelewing en die staat (of die skeiding tussen die private en die openbare), asook in die skeiding tussen die verteenwoordigde en die verteenwoordiger (Manent 2006:10-20).

Die destydse universiteite is nie hierdeur ongeskonde gelaat nie. Inteendeel, dieselfde neiging tot skeiding het onder meer na vore getree in die spanninge tussen dissiplines sowel as fakulteite. Binne die dissiplines self het dit onder meer geblyk uit die spanning tussen dié dissiplines wat op "waardes" fokus (o.a. die filosofie, die etiek en die teologie) en dissiplines wat daarenteen op "feite" fokus (o.a. die politieke wetenskappe, die ekonomiese, die natuurwetenskappe, ensovoorts); of uit die spanning tussen die teologie en die filosofie, geloof en rede. In die proses is met die eeu-eue samehang tussen teologie en filosofie, geloof en rede weggedoen. In die teologie self het dit onder meer na vore getree in die spanning (wat tot vandag toe voortduur) tussen teologiese dissiplines wat sistematis te werk gaan, en andere wat uitsluitlik 'n historiese benadering volg. Tussen die fakulteite het ook 'n spanning geheers, soos die nou bykans onoorbrugbare spanning tussen die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe of tussen dié fakulteite wat hermeneuties te werk gaan (die geesteswetenskappe) en diegene wat metodologies te werk gaan (die natuurwetenskappe).¹

Ook wat betref die universiteite se belangrikste funksies, naamlik dosering en navorsing, het 'n skeiding ingetree. Terwyl navorsing en dosering (die teorie en die praktyk van universiteite) vroeër onskeibaar was, het universiteite nou na vore getree wat óf klem op dosering óf klem op navorsing geplaas het. Teorie en praktyk het in verskillende rigtings beweeg.

Om saam te vat: die lewensbeskoulike vermoë om die dinge in hul samehang raak te sien, was aan die verkrummel. *Bildung* het as universitaire oogmerk in 'n krisis beland. Geen wonder dat een van die bekendste denkers uit die Duitse Idealisme, naamlik Immanuel Kant, te midde van dié toestand van versplintering 'n boek met die titel *Der Streit der Fakultäten* (1798)

¹ Hans-Georg Gadamer, die groot hermeneutiese filosoof van die 20ste eeu, het in sy beroemde werk, *Wahrheit und Methode*, gepoog om die hermeneutiese grondslae van die geesteswetenskappe van die metodologiese benadering van die natuurwetenskappe te onderskei, maar dan wel op so 'n wyse dat die samehang tussen hulle ook erken word. In hierdie sin kan Gadamer se werk ook verstaan word as 'n poging om 'n antwoord op die moderne verdelinge te gee.

gepubliseer het nie. Die toe reeds bejaarde Kant het daarom gepoog om genoemde spanninge aan die orde te stel en 'n antwoord daarop te gee.

In vele oopsigte het ook die Von Humboldt-universiteit gepoog om 'n antwoord op dié lewensbeskoulike versplintering te gee. Daarom ook sy klem op *Bildung*, wat ten doel gehad het om insig in die geheel van dinge te kultiveer. Of andersom geformuleer, deur *Bildung* moes voorkom word dat deelaspekte van die werklikheid (soos die rasionale of die sintuiglike, die teoretiese en die praktiese, behoort en is, ensovoorts) van mekaar geïsoleer en die dele self as die geheel uitgeroep word. In sy steeds belangrike analise van die sogenaamde "Duitse ideologie" rondom die Franse Rewolusie skryf Louis Dumont dan ook dat Wilhelm von Humboldt met sy projek van *Bildung* die versplinterings van sy tyd wou oorbrug. Von Humboldt het in sy nadenke oor die verskillende kante van die bewussyn (die rasionale, die verbeelding en die sintuiglike) gepoog om hulle in hul samehang en eenheid raak te sien – eerder as om die rasionale of die sintuiglike uit dié samehang te abstraheer en tot die enigste kenmerk van die self uit te roep.² Von Humboldt het homself daarom ook so oor die ware doel van die mens uitgelaat:

The true aim of man, prescribed to him, not by a changing inclination, but by eternally immutable reason, is the highest and most proportioned formation (*Bildung*) of his strengths into a whole. (Dumont 94:94)

Vanuit 'n sin vir die samehang tussen die verskillende aspekte van die bewussyn het Von Humboldt voorspraak gemaak vir die gedagte dat die teoretiese insig wat aan universiteite gekultiveer word, eweneens in sy samehang met die praktiese wêreld van die nasionale staat gesien moet word. Teorie en praktyk, denke en handeling, navorsing en dosering, universiteit en staat: hierdie dinge het ineengegrif, sonder dat die verskille tussen hulle ontken is. Bill Readings beskryf dié eenheid soos volg in sy steeds buitengewoon belangrike werk oor die universiteitswese:

The University's social mission [aldus Von Humboldt] is not to be understood in terms of either thought or action. The University is not just a site for contemplation that is then to be transformed into action. The University, that is, is not simply an instrument of state policy; rather, the University must embody thought as action, as striving for an ideal. This is its bond with the state, for state and University are two sides of a single coin. The University seeks to embody thought as action toward an ideal; the state must seek to realize action as thought, the idea of the nation. The state protects the action of the University; the University safeguards the thought of the state. And each strives to realize the idea of national culture. (Readings 1996:69)

² Ondanks hul simpatie met die Franse Rewolusie het Humboldt en sy geslag in hul voorspraak vir *Bildung*, verstaan as "opvoeding met die oog op die geheel", skerp van die rewolusionêre verskil. In die Franse Rewolusie en onder rewolusionêre is daartoe geneig om die fakulteite uiteen te haal en die rasionale byvoorbeeld op 'n gespanne voet met die sintuiglike te plaas. Ten diepste wou hulle 'n samelewing inrig wat sigself aan die voorskryfe van die Rede (hoofletter) onderwerp. Edmund Burke het reeds in sy *Reflections on the French Revolution* uit 1790 die Von Humboldt-kritiek op die kultuur van versplintering vooruitgeeloop deur onder meer daarop te wys dat die rewolusionêre klem op die Rede nie net werklikheidsvreemd is nie, maar dat die geloof in die "metafisiese spooksels" van rewolusionêre die afgryslike geweld van die Franse Rewolusie moontlik gemaak het. In antisipasie van Humboldt se klem op *Bildung* het Burke ook telkens die belangrikheid van 'n sin vir die geheel beklemtoon. William F. Byrne vat dit in sy werk oor Burke saam as hy skryf dat laasgenoemde geglo het dat "one must have a sense of a greater order in which one participates" (Byrne 2011:183).

Uit hierdie aanhaling van Readings is dit duidelik watter noue samehang die Von Humboldt-universiteit nie net tussen die teoretiese en die praktiese (en in aansluiting daarby ook tussen navorsing en dosering) gesien het nie, maar ook tussen die universiteit self en die staat. Die Von Humboldt-universiteit was 'n staatsuniversiteit. Die belangrike vraag wat hieronder ter sprake gebring sal word, is of die ideaal van *Bildung* (met sy sin vir die geheel) ook deur dié universiteit nagejaag kan word wat homself huis as 'n alternatief vir die staatsuniversiteitervaar, naamlik die gemeenskapsuniversiteit.

Ter afsluiting van hierdie kort bespreking van die Von Humboldt-universiteit is dit nodig om daarop te wys dat die gedagte van *Bildung* onder meer uitdrukking gevind het in die ideale rektor. Volgens Readings is die Von Humboldt-universiteit gekenmerk deur die verwagting dat die rektor 'n *gebildete* of opgevoede mens sal wees. 'n Bewys daarvan het geblyk uit die feit dat die rektor die samehang tussen die geesteswetenskappe en die natuurwetenskappe in sy amp as rektor kon beliggaam. 'n Rektor van die Von Humboldt kon met ander woorde homself op 'n kundige wyse oor sowel die geesteswetenskappe as die natuurwetenskappe uitlaat. Daarmee het hy bewys dat hy nie soos vakspesialiste in die dele van die geheel vasgevang is nie, maar dat hy die geheel self raaksien.

Volgens Readings verskil die rektor van die Von Humboldt-universiteit in daardie opsig op 'n wesenlike wyse van die hedendaagse rektor (Readings 1996:21-43). As die hoof van die sogenaamde postmoderne besigheidsuniversiteit beskik die nuwe rektor nie meer noodwendig oor insae in die geheel van dinge nie. Inteendeel, hy is nou eerder 'n "vakspesialis", en in die besonder 'n uitvoerende bestuurder (wat verkieslik van buite die universiteit en sy fakulteite aangestel word). Voortaan is dit die rektor se gespesialiseerde bestuursvermoë eerder as sy diepsinnige insae in die grondslae van sowel die geestes- as die natuurwetenskappe wat hom as rektor kwalifiseer. Trouens, lede van die administrasie van universiteite moet voortaan liefs uit die sogenaamde "managerial-technical class" as uit die dissiplines self kom (Readings 1996:38). Ons staan vervolgens by dié universiteit stil.

3. DIE POSTMODERNE UNIVERSITEIT

Die historiese oorspronge van die hedendaagse postmoderne universiteit kan na twee wyduiteenlopende bronne teruggevoer word, naamlik die sestigerjare (die studenteoopstande) en die tagtigerjare van die twintigste eeu (tydens die Thatcher-bewind). Buiten dat daar ook na die postmoderne universiteit as die besigheidsuniversiteit verwys kan word, sou dit ook die Thatcher-universiteit genoem kan word. Alhoewel die Britse regering onder Thatcher noodsaklike hervormings ten opsigte van die sosialistiese wanbestuur van die staat deurgevoer het, het haar herdefiniëring van die universiteitswese in neoliberalie besigheidsterme niks minder as rewolusionêre gevolge gehad nie.³ Eeue-oue opvattinge oor wat die universiteit is, is daarmee van die tafel gevee. Phillip Blond vat dit bondig saam as hy skryf:

Mrs Thatcher, elected in 1979, instigated a much-needed modernisation of the British economy. Unfortunately, however, she threw the baby with the bathwater by completely surrendering the entirety of British public life and its related values [die universiteite met hulle waardes ingerekken] to the dictates of a neo-liberalism whose consequences she

³ Alex Mouton, historikus van Unisa, wys in private gesprekke daarop dat die veroordeling van die Thatcher-bewind vanuit linkse kringe tans weinig begrip toon vir die ekonomies-historiese konteks waarbinne sy haar "hervorminge" deurgevoer het, en in die besonder die mislukte sosialistiese beleid wat deur voorafgaande regerings gevolg is.

would not have supported and the operations of which she clearly did not understand. (Blond 2010:18)⁴

Wat kenmerk die postmoderne universiteit? Die antwoord lê in sy doel opgesluit. Voortaan is die doel nie meer *Bildung* met die oog op deelname aan die openbare lewe nie, maar eerder ekonomiese mededingendheid binne die globale ekonomiese orde. As die moderne staat die mag ten grondslag van die Von Humboldt-universiteit was, verteenwoordig globale ekonomiese magte nou die werklike magte wat die agendas van universiteite dikteer. Dit is magte wat die wese van die universiteitswese tot in sy diepste vesels (navorsing en dosering) herdefinieer as besigheidsgeleenthede (en nie meer as die boustene van 'n opgevoede lewe nie).

Vervolgens word aandag gegee aan enkele eienskappe van die postmoderne universiteit. Ter aanvang word eers verwys na 'n sogenaamde uiterlike eienskap van dié universiteit. In 'n gewisse sin van die woord blyk die wese van die universiteit reeds daaruit.

3.1 Die universiteitsuniform

In aansluiting by Philippe Bénétion se kort antropologie van die moderne Von Humboldt-student kan aangevoer word dat laasgenoemde onder meer deur sy "universiteitsuniform" gekenmerk is. In die proloog onder die opschrift "The Indiscreet University" skryf Bénétion dat studente wat by die Von Humboldt-universiteit studeer het, hulle klasse sonder uitsondering met 'n das en pak klere bygewoon het (Bénétion 2004:xv-xix). Waarom? Binne die wêreld van die Pruisiese Von Humboldt-universiteit is die professor met belangrike simboliese gesag beklee. Niemand het die ideaal van *Bildung* so beliggaam as die professor (en uiteraard die rektor) nie. As sodanig het hy hoog in die nasionaal-staatlike hiérargie gestaan. Trouens, die professor was een van die heel belangrikste amptenare van die staat. Met jou das en pak klere het jy as student jou respek teenoor die staatlike hiérargie en die plek van die professor daarbinne betoon.

En die hedendaagse postmoderne universiteit? Laasgenoemde is ingevolge Bénétion se eie ervaring as professor die sogenaamde "indiskrete universiteit". Dit blyk uit die nuwe uniform. Vanaf die studenterewolusie van die sestigerjare, skryf hy, is die formele das en pak met die informele *jean* en T-hemp vervang. Die Pruisiese formaliteit het plek gemaak vir die informaliteit van die ongebonden student.

Maar wat van die Thatcher-universiteit tydens die tagtigerjare? Bénétion laat homself nie daaroor uit nie, maar hy sal bes moontlik saamstem dat laasgenoemde nie 'n verandering aan die nuwe indiskresie teweeggebring het nie. Alhoewel Thatcher waarskynlik self eerder 'n das en pak sou verkies het (nie noodwendig vir haarself nie), het die Thatcher-universiteit dieselfde neiging tot indiskrete informaliteit bevestig. Dit is ironies, want Thatcher was geen groot voorstander van 1968 en die rewolusie van informaliteit wat dit was nie. Nie net die studente nie, maar ook die professore het vanaf die sestigerjare begin om T-hemde en *jeans* te dra. Maar die informalisering aan die universiteite het egter nie net uit die kleredrag geblyk nie. Interpersoonlike verhoudinge is ook op 'n informele grondslag geplaas. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die feit dat studente voortaan nie meer in korrespondensie hul professore met die formele "Geagte Professor" groet nie, maar eerder met die informele "haai". Van die gesag

⁴ Blond is een van die beste vertolkers van die sogenaamde "Rooi Tory-beweging" in Brittanje. As Burkiaanse konserwatiewe denker neem Blond enersyds die tradisie (en in die besonder tradisionele instellings soos die universiteitswese) in beskerming, maar andersyds is hy uitgesproke in sy kritiek op die wyse waarop die Thatcher-bewind, ondanks haar konserwatiewe beeld, huis op 'n "rewolusionêre" wyse daarmee gehandel het (deur dit onder meer in besigheidsterme te herdefinieer).

van die professor kan daar kwalik meer sprake wees. 'n Mens kan slegs wonder wat die Pruisiese professore van die "haai" sou gesê het.

In die agtergrond van hierdie oënskynlik onskuldige gebeure lê 'n dieperliggende kulturele verskuiwing. Die ou staatlike hiërargie aan die moderne universiteit is met die demokratiese gelykheid van die postmoderne universiteit vervang. Studente en professore is voortaan gelyk. Professore huiver daarom ook nie om met 'n "haai" terug te groet nie. Daarmee bevestig hulle dat daar nie meer enige sosiale afstand tussen hulle en die studente bestaan nie. Indien daar nog enige verskille sou wees, skryf Bénéton, is dit bloot geleë in die feit dat die professore voorlopig oor meer "inligting" as die studente beskik (en nie, kan ons byvoeg, oor meer wysheid met betrekking tot die geheel van dinge nie). Sodra die studente egter hul kursus voltooi het, is die inligtingsagterstand uitgewis. Voortaan is hulle volkomme gelyk.

Om op te som, die gesagstruktuur van die postmoderne universiteit verskil enigsins dramaties van sy voorganger, die Von Humboldt. Die gesagstrukture van laasgenoemde was hiërargies van aard, 'n spieëlbeeld van die hiërargiese aard van die destydse nasionale staat. Daarteenoor is die gesagstruktuur van die postmoderne universiteit demokraties en gelyk. Ons het reeds verwys na die gelykheid tussen professor en student. Maar dit blyk ook uit iets soos die gelykheid van die dissiplines. Ten minste formeel gesproke is alle dissiplines voortaan gelyk. 'n Dissipline soos die filosofie, wat eens op 'n enigsins hiërargiese wyse as die hoeksteen van alle dissiplines beskou is, weeg voortaan net soveel as hotelbestuur. Die enigste onderskeidende faktor is nou hul ekonomiese gewig. Voldoen hulle aan die ekonomiese eise: ja of nee? Dissiplines wat hiervolgens nie die sogenaamde ekonomiese afbreekpunt haal nie, word nie meer – soos vroeër, vanuit 'n sin vir die geheel (of die *universum*) – met kruissubsidie ondersteun nie. Hulle word eerder afgeskaf. Ironies genoeg word 'n nuwe hiërargie egter so by die agterdeur ingevoer. Ondanks hulle formele gelykheid word die dissiplines in ooreenstemming met hulle finansiële waarde gerangskik. Gemeet daarvan staan geesteswetenskaplike dissiplines soos die filosofie, die Klassieke tale, geskiedenis, ensovoorts, laer in die hiërargie as die sogenaamde winsgewende dissiplines.

3.2 Die student as individualistiese verbruiker

Die tweede eienskap van die postmoderne universiteit hou verband met 'n diepgaande verskuiwing in die doel van die universiteit. Die vraag is ter wille van *wie* die postmoderne universiteit bestaan. Is dit nog die opgevoede of *gebildete* burger soos in die Von Humboldt-universiteit? Alhoewel die postmoderne universiteit sy antwoord dikwels agter 'n gordyn van politiek korrekte frases versteek (en vanweë bemarkingsoorwegings voorgee dat hy nog die ou universiteitsideaal van opvoeding verteenwoordig), is sy oogmerk radikaal anders: nie die opgevoede burger nie, maar die individuele verbruiker en sy private belangte staan nou in die kern van sy selfdefinisie. Ingevolge sy selfverstaan lewer die postmoderne universiteit deur middel van navorsing en dosering (nou herdefinieer as produkte) 'n diens aan studente (nou herdefinieer as verbruikers). Ter wille daarvan moet die gesag van ou staatlike en universitaire hiërargieë afgebreek word. Ingevolge die berekening van die nuwe besigheidsuniversiteit verhinder ou hiërargieë immers die beweeglikheid van die individu – en in die besonder die "keusevryheid" van die studenteverbruiker.

Maar dit bring ons by 'n belangrike vraag. Hierbo is die historiese oorspronge van die postmoderne besigheidsuniversiteit na twee verskillende bronne teruggevoer, naamlik die opstande van die sestigerjare en die Thatcher-bewind uit die tachtigerjare. Die vraag is of hierdie twee bronne nie radikaal onversoenbaar is nie. Kan beide inderdaad gesien word as kragte

wat daartoe meegewerk het om die universiteitswese rondom die belang van die individuele verbruiker te definieer?

Met betrekking tot die Thatcher-bewind is die verband duideliker. Thatcher se liberale denke het per definisie op individualistiese uitgangspunte gerus. Ingevolge hierdie uitgangspunte het haar bewind 'n proses ingelei waardeur openbare instansies geprivatiseer en die individu uiteindelik die fokuspunt daarvan geword het. Instellings wat vroeër na gemeenskappe groter as die individu omgesien het, is nou rondom die individu se "individualistiese belang" ingerig. "There is no room in the Thatcherist view for any social units larger than the individual, and the individual has his identity only as a unit of consumption or of labor, not as one who shares in the life of any institution – not even of the institutions of government," skryf Nicholas Boyle in sy interpretasie van die gevolge van Thatcherisme op die Britse universiteitswese (Boyle 1998:270). Daarmee het Thatcher, in weerwil van die feit dat sy as 'n konserwatiewe bekendstaan, die (in wese konserwatiewe) universiteitswese ironies genoeg aan 'n egte rewolusie onderwerp. Eue-oue universiteite wat hulself verstaan het as verantwoordelik vir die oordrag van die universitaire gedagte aan volgende geslagte, het oornag verander in instellings wat individue en hul keusevryheid moes dien. John Gray beskryf die rewolusionêre implikasies soos volg: "... [Thatcher] destroyed conservatism as a political project in Britain ... In attempting to restore the past she erased its last traces" (Gray 2009:183-184).

Met betrekking tot die rewolusie van die sestigerjare is die verband met genoemde proses van individualisering met die eerste oogopslag nie so duidelik nie. Verteenwoordig die opstande van die sestigerjare nie juis die radikale teendeel van Thatcher se liberale individualisme nie? Anders gevra: Hoe is dit moontlik dat daar 'n verband tussen 1968 en die individu as verbruiker gelê kan word?

Jean-Claude Michéa gee in sy *The Realm of Lesser Evil. An Essay on Liberal Civilization* (2009) 'n antwoord hierop. As die politieke spanninge van die moderne wêreld vanuit 'n effense afstand bekyk word, blyk dit dat die oënskynlik onversoenbare verdeling tussen "links" en "regs" deur 'n gemeenskaplike verbintenis tot die moderne liberale erfenis gekenmerk word. Om dié spanning duideliker te verwoord, is dit volgens Michéa gepas om eerder te praat van links-liberaal en regs-liberaal as bloot van links en regs. Alhoewel hierdie kampe mekaar dikwels tydens die moderne era tot die dood toe beveg het, deel links en regs die "liberaal" met mekaar, en in die besonder die voorkeur van beide ten gunste van die moderne vryswewende individu.

Dit bring ons terug by die besigheidsuniversiteit. Met behulp van Michéa se onderskeid kan aangevoer word dat dié universiteit inderdaad deur twee kragte gevorm is, te wete die links-liberale kampusrewolusies van die sestigerjare, en die regs-liberale markrewolusie wat Thatcher tydens die tagtigerjare ingelei het. Alhoewel hierdie twee kragte meestal verstaan word as alternatiewe vir mekaar, steun beide op die moderne gedagte dat die mens van nature 'n onverbonde individu is (en dat hy of sy nie van meet af tot hierdie of daardie gemeenskap, tradisie, kultuur of klas behoort nie).

Kenmerkend van die individuele verbruikerstudent is dat hy of sy soos 'n nomade van universiteit tot universiteit kan beweeg, op soek na dié universiteit wat hul individuele belang die beste sal dien (net soos groot besigheid wat van land tot land beweeg agter die goedkoopste arbeid aan, sonder enige plaaslike of besondere verbintenis). Universiteite wat op die globale mark meeding, is verbind tot hierdie nomadiese beweging van verbruikerstudente; maar ook tot die nomadiese beweging van professore, wat nou as geïndividualiseerde geleerde van die een na die ander internasionale universiteit en kongres beweeg. Van universiteite wat op bepaalde gemeenskappe, tradisies of kulture toegespits is, is daar in ooreenstemming met dié definisie geen sprake nie. Indien universiteite hulself daarop sou wou toespits, word hulle van

'n enklave-mentaliteit beskuldig. Wat in dié beskuldiging misgekyk word, is die dodelike gelykvormigheid, die tirannie van akademiese clichés en die slaafse navolging van politiek korrekte voorskrifte wat die nomadiese bestaan aan die globale universiteite kenmerk – so asof die nomadiese bestaan deur die gebruik van politiek korrekte voorskrifte 'n soort pseudomorele verwysingspunt vind vanwaar die beweeglikheid gerig kan word. Sowel die links-liberale vanuit die sestigerjare as dieregs-liberale uit die tagtigerjare word gekenmerk deur die behoefte aan so 'n oriënterende verwysingspunt.

3.3 Die verbrokkeling van die dissiplines

Daar is reeds hierbo verwys na die derde eienskap van die hedendaagse universiteit. Dit hou verband met die verbrokkelde aard van die dissiplines – en in die besonder met die verlies aan 'n lewensbeskoulike insig in die geheel van dinge (dit wil sê die *universum* of gemeenskap van dinge).

Ten grondslag van die moderne Von Humboldt-universiteit se gerig-wees-op die geheel het twee belangrike lewensbeskoulike uitgangspunte gelê: eerstens, dat daar hoegenaamd 'n samehang ten grondslag van alle dinge lê; en tweedens, dat die verhouding tussen die verskillende dissiplines (in weerwil van hulle eiesoortigheid) hierdie samehang behoort te weerspieël.

In die postmoderne universiteit word daar pertinent afstand gedoen van hierdie uitgangspunte. In aansluiting by tendense uit die agtende eeu waarna reeds verwys is, val genoemde samehang aan dié universiteit nou bykans volledig uiteen. In aansluiting by die verbrokkelingstendense uit die moderne era (trouens, as 'n radikalisering daarvan) word die dissiplines steeds skerper van mekaar geïsoleer. Dit rus op die vooronderstelling dat hul isolasie van mekaar nie hul inhoud sal verskraal nie. Nogtans is dit juis wat gebeur.

'n Voorbeeld hiervan is dissiplines soos die ekonomiese en die etiek. Alhoewel dit binne die konteks van die Von Humboldt moontlik was om hierdie dissiplines van mekaar te onderskei, was dit tegelyk ondenkbaar om hulle van mekaar te skei. Vanuit hul interne samehang is raakgesien dat die ekonomiese en die etiese op mekaar ingryp en van mekaar afhanklik is. In en deur hul wedersydse betrokkenheid by mekaar is elkeen afsonderlik verryk. So word 'n etiek wat van die ekonomiese eise bewus is, van unrealisme gevrywaar; terwyl 'n ekonomiese wat van die etiese eise bewus is tegelyk 'n ekonomiese is wat sy wortels in die menslike onthou. Indien hulle egter van mekaar geskei word, word die etiek (veral onder links-liberale akademici) tot 'n politiek korrekte moralisme verskraal, terwyl die ekonomiese (veral onder regts-liberale akademici) op sy beurt tot 'n harde ekonomisme ingekort word. In die proses word elke dissipline slegs 'n losstaande fragment wat op sy eie individuele voortbestaan bedag is. As daar nog 'n samehang tussen die dissiplines bestaan, is dit nou 'n blote funksie van iets wat van buite af meganies op hulle afgedwing word.

Aan die hedendaagse universiteit word dikwels gepoog om vir die verbrokkeling tussen die dissiplines te vergoed deur "interdissiplinariteit" te bevorder. Anders as wat egter dikwels voorgegee word, verteenwoordig dit nie noodwendig 'n antwoord op die fragmentasie nie, maar eerder 'n bevestiging daarvan. Die rede daarvoor lê opgesluit in die feit dat die interdissiplinêre benadering dikwels nie reeds by voorbaat na die *intrinsieke* samehang tussen die dissiplines vra nie, maar eerder slegs fokus op die vraag hoe dissiplines, wat per definisie op 'n *ekstrinsieke*vlak langs mekaar geplaas word, agterna (meganies) met mekaar in verbintenis gebring kan word. Ten grondslag daarvan lê 'n lewensbeskoulike gebrek aan insig in die gedagte dat ons blik op die werklikheid reeds by voorbaat deur 'n sug na die geheel van dinge geleid

gestuur word. In hierdie sin is die postmoderne universiteit 'n weerspieëling van die liberale ideologie. Net soos wat die mens in die liberalisme vanuit sy of haar gemeenskappe geabstraheer en tot onverbонde individu uitgeroep word, net so word die dissiplines vanuit hul samehang geabstraheer en as alleenstaande groothede hanteer.

3.4 Kennis verskraal tot uitruilbare inligting

Die herdefiniëring van die universiteitswese in besigheidsterme gaan met 'n verskraling van die aard en wese van kennis gepaard. Voortaan word kennis as ekonomies verhandelbare inligting ervaar (in plaas daarvan dat die verwerwing van kennis die weg na 'n opgevoede lewe versinnebeeld). So is dissiplines soos die filosofie en die geskiedenis vroeër as noodsaklik vir 'n opgevoede lewe ervaar. In en deur die filosofie en die geskiedenis het jy insae in die sistematisiese (die filosofie) en die historiese (die geskiedenis) geheel van dinge verwerf. Aan die besigheidsuniversiteit is dit anders: filosofie en geskiedenis word tot bronne van inligting verander wat ewegoed ge-Google kan word. Waarom dit dus nog bestudeer met die oog op 'n opgevoede lewe? Geen wonder dat die geesteswetenskappe vandag in 'n "doodstryd" gewikkel is nie. Ten diepste kan dissiplines soos die filosofie en die geskiedenis nie tot ekonomies verhandelbare inligting gereduseer en as sodanig verkoop word nie. Indien dit inderdaad gedoen word, word die rasional vir hulle "wees" onder hulle voete uitgepluk – en word hulle tot dodelik vervelige aangeleenthede verskraal: sake wat nie die studente op weg na groter insig meesleur nie, maar brokkies inligting wat hulle met die volgende behoeft aan inligting agterweé kan laat.

Kultuurkrities beoordeel lei die verskraling van kennis tot inligting daartoe dat studente se tydsbewussyn tot die hede ingekort word. Terwyl die verlede – die tradisie – as oriënteringspunt met die oog op 'n gekultiveerde lewe wegval, het slegs my inligtingsbehoeftes in die hier en nou betekenis. Ten opsigte van die verlede en die appèl wat dit op my sou kon maak, word nou 'n gedistansieerde onverskilligheid – 'n stemming van "wat ook al" – gehandhaaf. Studente beland so in 'n solipsistiese kokon. Die eie identiteit word van groter verbintenis losgemaak en tot die onskuldige privaatheid van die enkeling ingehok. Patrick Deneen beskryf die ingekorte tydsperspektief en die gevvolglike onverskilligheid jeens groter kulturele verbintenis onder sy eie studente in die volgende woorde:

My students are know-nothings. They are exceedingly nice, pleasant, trustworthy, mostly honest, well-intentioned, and utterly decent. But their minds are largely empty, devoid of any substantial knowledge that might be the fruits of an education in an inheritance and a gift of a previous generation. They are the culmination of western civilization, a civilization that has forgotten its origins and aims, and as a result, has achieved near-perfect indifference about itself. (Deneen 2016:1)

Volgens Deneen lei die verskraling van kennis tot inligting nie net daartoe dat studente hul lewe rondom hul eie individuele "belange" inkleur nie, maar uiteindelik lei 'n lewe sonder verwysingspunte na die verlede (die tradisie) tot 'n toestand wat met die idiotiese vergelyk kan word. Omdat dit so belangrik vir 'n begrip van die postmoderne universiteit is, haal ons Deneen enigsins breedvoerig aan:

Above all, the one overarching lesson that students receive is to understand themselves to be radically autonomous selves within a comprehensive global system with a common commitment to mutual indifference. Our commitment to mutual indifference is what binds us together as a global people. Any remnant of a common culture would interfere with

this prime directive: a common culture would imply that we share something thicker, an inheritance that we did not create, and a set of commitments that imply limits and particular devotions. Ancient philosophy and practice heaped praise upon *res publica* – a devotion to public things, things we share together. We have instead created the world's first *res idiotica* – from the Greek word *idiotes*, meaning “private individual.” Our education system excels at producing solipsistic, self-contained selves whose only public commitment is an absence of commitment to a public, a common culture, a shared history. They are perfectly hollowed vessels, receptive and obedient, without any real obligations or devotions. They have been taught to care passionately about their indifference, and to denounce the presence of actual diversity that threatens the security of their cocoon. They are living in a perpetual Truman Show, a world constructed yesterday that is nothing more than a set for their solipsism, without any history or trajectory. (Deneen 2016:3)

’n Omvattende gevolg hiervan is dat studente aan hedendaagse universiteite hul kritiese vermoë verloor om tussen die belangrike en die onbelangrike, die ware en die valse, die goeie en die slegte, die mooie en die afskuwelike te onderskei. Alle persone en gebeure uit die verlede kry dieselfde betekenis, wat ’n ander manier is om te sê dat hulle tegelyk ewe betekenisloos word. Inligting is immers bloot inligting. Voortaan maak geen inligtingsgreep, buite-om sy onmiddellike oomblik van verbruik, ’n groter indruk as ander grepe nie. Alhoewel die reduksie van kennis tot inligting nie noodwendig met “rewolusie” verbind word nie, is die implikasie niks minder as rewolusionêr nie. Dit is ’n rewolusie wat nie deur ’n oorweldigende patos aangevuur word nie, maar eerder deur ’n oorheersende stemming van onverskilligheid. Gereduseer tot blote inligting word alle betekenisvolle voorbeeldte uit die verlede met die druk van ’n sleutel uitgevee en met ander vervang. Daniel Taylor vat dié rewolusionêre onverskilligheid in sy roman oor die hedendaagse universiteitswese goed vas. In die denke van sy hoofkarakter, ’n professor aan ’n vooraanstaande universiteit, word alles tot brokkies uitruilbare inligting (of in sy dekonstruktiewe taal, tot blote “beteikenare”) gereduseer. As gevolg daarvan maak niks buiten sy eie private belang ’n appèl op hom nie. Uitruilbare inligting gaan hom nie aan nie. Maar daarby eindig dit nie. Sy onverskilligheid lei daartoe dat hy uiteindelik die geestelike tradisie waaraan hy sy akademiese lewe te danke het – maar wat nou tot blote uitruilbare inligting verskraal is – met minagtig verwerp. Geen wonder dat hy só deur die outeur beskryf kan word nie: “He knocked down whole cultural and intellectual systems in a few paragraphs, leaving you frightened and thrilled. He took apart your favorite novel and showed you how naïve you were to like it for the reasons you thought you liked it. Then, offhandedly almost, he did the same for your politics, your religion, your morals, and your favorite flavour of ice cream” (Taylor 2014:161).

Taylor maak ten slotte ’n belangrike gevolg trekking. As dit so is dat kennis vandag bloot inligting is, is dit ’n vraag watter maatstaf gebruik word om tussen verskillende vorme van inligting te onderskei. Is dit nog die ware, die skone en die goeie? Nee, lui die antwoord, laasgenoemde ou maatstawwe waaraan kennis eens gemeet is, is nou blote tekens wat met die druk van ’n knoppie verwijder kan word. Inderwaarheid is dit nou mag wat die deurslag gee. Watter inligting aanvaarbaar is en watter nie, word ’n funksie van die magte wat (desisionisties, dit wil sê sonder ’n anker in die werklikheid) daaroor besluit: “Now we are told there’s no such thing as Truth, Beauty, and Goodness. There’s only power” (Taylor 2014:153). Tot sover die kwessie van kennis as inligting aan die hedendaagse universiteit.

Daar is egter ook, en daar mee sluit ons af, ’n derde alternatief anderkant die moderne Von Humboldt- en die hedendaagse postmoderne universiteit moontlik. Dit wil sê ’n alternatief

anderkant die hiérargies-staatlike das en pak, maar ook anderkant die universele *jean* en T-hemp. Ons verwys na die gemeenskapsuniversiteit.

4. GEMEENSKAPSUNIVERSITEITE VAN DIE TOEKOMS

Binne die globale ekonomiese orde het die besigheidsuniversiteit die norm geword met behulp waarvan oor die universiteitswese nagedink word. Talle kleiner universiteite wat voorheen deur 'n eie gemeenskapsagtergrond gekenmerk is, volg hulle voorbeeld slaafs na. Te midde van die talte voorbeeld wat reeds genoem is, blyk dit ook uit hulle personeelbeleid. In onderwerping aan die globale eise word die sogenaamde "beste personeel" aangestel, ongeag wat hul gemeenskapsverbintenis ook al mag wees. Daarmee word 'n spiraal ingelei wat aanleiding gee tot katastrofale gevolge vir die plaaslike gemeenskapskarakter van die universiteite. Kenmerkend van hierdie proses is dat die hedendaagse state die dienswillige dienare van die globale mark geword het (eerder as dat die mark – soos met die Von Humboldt-universiteit – die staat en sy universiteite dien). State dwing die globale voorbeeld aan die lokale op. Die navorsingsbeleid wat aan Suid-Afrikaanse universiteite gevolg word, is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Globale navorsingsprestasies, soos die publikasie van navorsing in globale tydskrifte, word as normatief beskou, terwyl plaaslike navorsing as minderwaardig geag word.

Daar is egter 'n alternatief – die globale universiteitsdefinisie is nie die enigste lewensvatbare definisie van die universiteitswese vandag nie. Inteendeel, gemeenskapsuniversiteite verteenwoordig vandag 'n derde weg. Soos wat uit die naam afgelei kan word, is die gemeenskapsuniversiteit by uitstek daarop gefokus om die universiteit van 'n bepaalde gemeenskap(pe) te wees – hetsy 'n godsdienstige gemeenskap, 'n taalgemeenskap, 'n kultuurgemeenskap, 'n plaaslike gemeenskap, of 'n ekonomiese gemeenskap (of selfs die gemeenskap van hierdie gemeenskappe).

Anders as wat egter uit bogenoemde afgelei kan word, verteenwoordig die gemeenskapsuniversiteit nie noodwendig iets totaal anders as óf die moderne Von Humboldt óf die postmoderne universiteit nie. In vele opsigte kan die gemeenskapsuniversiteit van die toekoms eerder gesien word as 'n universiteit wat, ondanks skerp verskille met sy voorgangers, tegelyk by enkele belangrike aspekte daarvan aansluit. Hopelik blyk dit uit die vier eienskappe van die gemeenskapsuniversiteit wat ons ter sprake bring:

Erstens, soos die Von Humboldt-universiteit, word die gemeenskapsuniversiteit gekenmerk deur 'n verbintenis tot die aristokratiese ideaal van opvoeding (*Bildung*). In die besonder is ook die gemeenskapsuniversiteit tot die kultivering van 'n sin vir die geheel verbind. Negatief geformuleer, kan dit gestel word dat ook die gemeenskapsuniversiteit dit beskou as sy taak om te voorkom dat die denkende en opgevoede mens deelaspekte van die werklikheid met die geheel self verwarr.

Tweedens, anders as die Von Humboldt, is die gemeenskapsuniversiteit egter nie 'n blote spieëlbideal van die staatlike orde nie. Inteendeel, dit word eerder vanuit die gemeenskappe (van onder af) moontlik gemaak. In hierdie sin is die gemeenskapsuniversiteit demokraties van aard. As sodanig sluit dit by die hedendaagse universiteit aan. Dit word deur 'n soortgelyke demokratiese ethos gekenmerk.

Maar ook hier lê weer 'n verskil. Anders as die hedendaagse universiteit, wat uit hoofde van 'n (oordrewe) sin vir die demokratiese met die aristokratiese *Bildung* wegdoen, skep die gemeenskapsuniversiteit as demokratiese universiteit huis ruimte daarvoor. Daarom word die gemeenskapsuniversiteit ook deur 'n egte paradoksale karakter gekenmerk: sowel die demokratiese as die aristokratiese is daarin aanwesig. Gemeenskapsuniversiteite hoef dit egter

nie as 'n probleem te ervaar nie. Inteendeel, beide is tegelyk noodsaaklik: sonder die aristokratiese ideaal van opvoeding vergly alles tot 'n laagste gemene deler en word ons aan die tirannie van korrektheid, die dodelike verveling van die cliché en die verlies aan werklike insig uitgelewer; maar sonder die demokratiese inspraak van die gemeenskappe word alles daarenteen aan die versmorende voorskriftelikheid van sentrumsoekende magte oorgegee.

Kortom, binne die konteks van die gemeenskapsuniversiteit beteken *Bildung* dat op die belangrikheid van beide 'n beroep gedoen word: op sowel die demokratiese inspraak vanuit die gemeenskappe as die aristokratiese ideaal van uitnemendheid.

Derdens, soos die postmoderne universiteit word die gemeenskapsuniversiteit "van onder af" moontlik gemaak en deur die werklikhede van die vrye mark bemiddel. Gemeenskapsuniversiteite word nie "sentraal begelei" en vanuit 'n soewereine mag tot stand gebring nie. Daarmee word nie gesê dat die gemeenskapsuniversiteit sy kritiese voorbehoude ten opsigte van 'n verabsoluteerde markbeginsel prysgee nie. Inteendeel, vanuit 'n voorkeur vir die gemeenskapsgedagte is die gemeenskapsuniversiteit maar te deeglik bewus van die vernietigende gevolge wat die mark vir gemeenskappe kan hê, en in die besonder vir die neiging om mense vanuit hul gemeenskapsbindinge los te maak, vanwaar hulle outonom (vanuit 'n ekstrinsieke non-plek) oor alles beskik. Maar tegelyk weet die gemeenskapsuniversiteit ook dat 'n markgedrewe benadering wat sy verantwoordelikheid jeens gemeenskappe nakom, steeds die beste wyse is waarop universiteite kan floreer.

Vierdens en in noue aansluiting by laasgenoemde, gee die gemeenskapsuniversiteit – anders as die postmoderne besigheidsuniversiteit met sy fokus op die globale markte – nie sy verbintenis tot lokale gemeenskappe, kulture en ekonomiese prys nie. Inteendeel (om die nou reeds vanselfsprekende te noem), hulle is juis daartoe verbind. Anders as die postmoderne universiteit is die gemeenskapsuniversiteit nie in die "belange" van die vryswewende individu gegrond nie, maar in die "vryhede" wat die veelheid van gemeenskappe verteenwoordig.

Vanuit hierdie perspektief beoordeel, verskil die gemeenskapsuniversiteit egter ook van die Von Humboldt-universiteit. Soos wat reeds telkemale hierbo geblyk het, is laasgenoemde tot die staatlike logika verbind. Wat egter tot dusver ongesê gelaat is, is dat dieselfde universiteit tegelykertyd ook tot die outonome individu verbind is, dit wil sê tot dié individu wat sigself in beginsel buite-om (of geabstraheer van) enige spesifieke gemeenskapsverbintenisse buiten die moderne staat verstaan. In sy kritiese analise van die Von Humboldt-universiteit skryf Brad Gregory daarom ook terg dat dié universiteit reeds tot die tipiese moderne "outonome individu" verbind was (Gregory 2012:350). *Bildung* is van hieruit verstaan: opvoeding het ook ten doel gehad om die individu vir sy of haar eie outonome selfbeskikking vry te stel – dit alles binne die konteks wat die moderne staat daarvoor gebied het.

Maar hoe moet die Von Humboldt se verbintenis tot die staatlike paradigma verstaan word? Weerspreek die twee kragte waarvan hier sprake is, naamlik staat en outonome individu, nie mekaar nie? Robert Nisbet het in sy epogmakende *The Quest for Community* 'n betekenisvolle antwoord hierop gegee. Nisbet voer daarin aan dat staat en individu inderwaarheid geen historiese spanning verteenwoordig nie. Inteendeel, die moderne politieke werklikheid word juis deur 'n noue verbintenis tussen hulle gekenmerk. Waar ook al die moderne staat na vore tree, word die onverbонde individu ervaar as sy belangrikste venoot. Trouens, die staat verstaan homself by uitstek as 'n kontrak tussen outonome individue. Gemeenskappe en hul veelheid van assosiasies word in ooreenstemming met dié kontrak nie noodwendig geag nie. Inteendeel, die kontrak wat die staat is, het juis ten doel om die gemeenskapsinstellings (gesinne, skole, universiteite, kerke, ensovoorts) aan sy gesag te onderwerp. In plaas daarvan dat dié instellings van staatlike beheer vrygestel word, poog die

moderne staat eerder om hulle aan sy gesag te onderwerp (veral die kerk) en hul funksies oor te neem (soos in die geval van skole en universiteite, en toenemend ook gesinne). Geen wonder dat die moderne staat, skryf Nisbet, telkens weer die gemeenskappe as sy vyand ervaar het nie: “The real conflict in modern political history has not been, as is so often stated, between State and individual, but between State and social group” (Nisbet 2010:100).

Kortom, daar bestaan nie noodwendig 'n spanning in die mondering van die Von Humboldt-universiteit tussen sy verbintenis tot die opvoeding van die outonome individu en sy diensbaarheid aan die staat nie. Dié universiteit het beide tegelyk gedien.

Waar staan die gemeenskapsuniversiteit ten opsigte van bogenoemde uiteensetting? Dit kan kernagtig saamgevat word: met sy verbintenis tot *Bildung* sluit die gemeenskapsuniversiteit by die tradisie van die Von Humboldt-universiteit aan. Maar anders as by laasgenoemde, is *Bildung* nie in die eerste plek daarop bedag om die outonome individu binne die konteks van die staatlike orde te dien nie. *Bildung* binne die gemeenskapsuniversiteit beteken veel eerder om “burgers” op te voed wat 'n deelnemende verhouding met hulle veelheid van gemeenskappe aanknoop. Daarmee word die belangrikheid van die individu nie ontken nie. Tussen individu en gemeenskap speel eerder 'n verhouding van wedersydse ondersteuning af. Hiervolgens skep gemeenskappe die ooptes waarbinne die volwaardige individu na vore kan tree, terwyl die individu hom- of haarself tegelyk as gebonde aan hul veelheid van gemeenskappe ervaar. Individualiteit bestaan hiervolgens nie op 'n ekstrinsiese grondslag teenoor die gemeenskappe nie. Inteendeel, individualiteit kom juis tot sy reg in en deur deelname aan die sake van die gemeenskappe.

Gemeenskapsuniversiteite verteenwoordig vandag toekomsmusiek vir die universiteitswese, en die rede daarvoor lê in wat Odo Marquard die “wet van kompensasie” noem.⁵ Marquard se insig kan soos volg geformuleer word: Hoe meer die globale universiteitswese vandag die pas aangee (en ons aan die abstraherende werking daarvan uitlewer), des te meer is daar tegelyk universiteite wat vir die verlies kompenseer wat hulself rondom spesifieke kulturele, talige of ekonomiese vryhede definieer. Dié neiging tot kompensasie word vandag op verskeie lewensterreine sigbaar – en in die besonder in plekgebonden beweginge op die gebied van die ekonomiese, die sosiale en die politieke wat op groter vorme van selfstandigheid ten opsigte van die globale of staatlike sentrum aandring. Ten minste twee redes kan aangevoer word waarom die wet van kompensasie 'n werking in die globale wêreld het:

Erstens, anders as wat die globale neoliberalisme glo – asook die globale besigheidsuniversiteit wat daarop gegrond is – is ons as mense nie net individuele verbruikers nie. As gemeenskapswesens is ons ook deel van hierdie of daardie lokaliteit, kultuur of ekonomie. Hoe meer ons deur die globale neoliberalisme tot individuele verbruikers gereduseer word, des te meer word tegelyk toevlug tot hierdie verbintenisse geneem. Om te kompenseer vir die hoëspoedlewenstyle op die globale markte word stabiliteit binne die lokale opgesoek. Terwyl talle deur die globale beweeglikheid meegesleur word, voel talle tegelyk die aantrekkingskrag van die lokale aan. Gemeenskapsuniversiteite moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Trouens, hulle is 'n onvermydelike uitdrukking hiervan: hoe meer klem op die globale universiteit geplaas word, des te meer sal gemeenskapsuniversiteite na vore tree, wat vir die verlies aan lokaliteit kompenseer.

⁵ Marquard gebruik deurgaans in sy werk die begrip *kompensasie* as 'n sleutel om kommentaar op algemene kulturele, sosiale en ekonomiese verskynsels van die moderne era te lewer. Te midde van die verlies aan ervaring kompenseer die moderne mens byvoorbeeld deur sy toevlug te neem tot die estetiese. Kyk in hierdie verband onder meer na Odo Marquard (1994).

Tweedens is die wesenlike kenmerk van die ou Von Humboldt-universiteit opvoeding, as die lewensbeskoulike ideaal om insig te ontwikkel in die geheel van dit wat is. Net soos wat ons gemeenskapswesens is, so het ons ook die lewensbeskoulike begeerte om insig in die geheel van dinge te verwerf. Genoemde wet van kompensasie is ook hier werksaam, en kan soos volg geformuleer word: Hoe meer die globale wêreld ons – ironies genoeg, in weerwil van sy sogenaamde globaliteit – aan 'n lewensbeskoulike versplintering uitlewer, des te meer is daar die behoefté aan 'n lewensbeskoulike blik op die geheel van dinge. In dié wet lê hoop vir die gemeenskapsuniversiteite opgesluit.

Ten diepste is dit 'n behoefté waaraan besigheidsuniversiteite nie kan voldoen nie. As aanvaar word dat 'n blik op die geheel van dinge deur 'n (selfs minimale) ooreenstemming in lewensbeskoulike vertrekpunte moontlik gemaak word, kan met reg aangevoer word dat dié voorwaarde by besigheidsuniversiteite afwesig is. Vanweë die uiteenlopende kragte wat dit voed, ontbreek sodanige lewensbeskoulike ooreenstemming bykans volledig. Indien daar hoegenaamd 'n soort lewensbeskoulike ooreenstemming bestaan, is dit slegs in die kwantifiseerbare groothede van die besigheidswêreld geleë. Daarteenoor kan so 'n lewensbeskoulike ooreenstemming juis by gemeenskapsuniversiteite aanwesig wees. Vanweë die feit dat hulle deur lokale of spesifieke gemeenskapsbronne gevoed word, beskik hulle oor 'n groter vermoë daartoe. En indien dit so is, beskik hulle tegelyk oor 'n groter vermoë om hulself tot die ou opvoedkundige ideaal van insig in die geheel te verbind.

Teen die agtergrond van bogenoemde opmerkings sluit ons met 'n ironiese opmerking ten opsigte van die verskil tussen die besigheids- en gemeenskapsuniversiteite. Terwyl globale universiteite ingevolge hul naam veronderstel is om 'n blik op die geheel te bied, fragmenteer hulle ons wêreld. Die teenoorgestelde is van gemeenskapsuniversiteite waar. Terwyl hulle ingevolge hul naam aan die lokale vassit, is hulle ironies genoeg forums waar 'n lewensbeskoulike blik op die geheel hoegenaamd moontlik is. In plaas daarvan dat hulle allesinsluitend wil wees en daarom deur uiteenlopende eise versplinter word, beskik hulle oor genoegsame samehangende bronne van waaruit 'n strewe na die geheel nog hoegenaamd sin maak.

Alhoewel die globale universiteit dus daarop aanspraak maak om dié universiteit te wees, is dit vanweë sy gefragmenteerde aard dit nie. Die universele geheel kom nie daarin aan die bod nie. Dié eer kom vandag eerder die gemeenskapsuniversiteite toe. Anders as die globale universiteite kan hulle daarom ook "universiteit" in die egte sin van die woord wees: plekke waar 'n sin vir die geheel vanuit hulle eie plaaslike bronne gekultiveer en in stand gehou word. Hierin lê 'n sekere hoop vir die universiteitswese as sodanig opgesluit.

BIBLIOGRAFIE

- Bénétton, P. 2004. *Equality by Default. An Essay on Modernity as Confinement*. Vert. deur Ralph Hancock. Wilmington, Delaware: ISI Books.
- Bond, P. 2010. *Red Tory. How Left And Right Have Broken Britain and How We Can Fix It*. Londen: Faber and Faber.
- Boyle, N. 1998. *Who Are We Now? Christian Humanism And The Global Market From Hegel to Heaney*. Edinburgh: T&T Clark.
- Breytenbach, B. 2016. US-konvokasietoespraak: Die koei in die bos, 21 Januarie. *Litnet*. <http://www.litnet.co.za/die-koei-in-die-bos/> [2 September 2016].
- Byrne, W.F. 2011. *Edmund Burke For Our Time. Moral Imagination, Meaning, and Politics*. DeKalb, Illinois: Northern Illinois University Press.
- Deneen, P. 2016. Res Idiotica, 23 Februarie. *Front Porch Republic*, <http://www.frontporchrepublic.com/2016/02/res-idiotica/> [2 September 2016].

- Dumont, L. 1994. *German Ideology. From France to Germany and Back*. Chigaco: The University of Chicago Press.
- Gregory, B.S. 2012. *The Unintended Reformation. How a Religious Revolution Secularized Society*. Cambridge, Mass.: The Belknap Press of Harvard University Press.
- Gray, J. 2009. *Gray's Anatomy*. Londen: Penguin Books.
- Manent, P. 2006. *A World beyond Politics? A Defense of the Nation-state* (Vert. deur Marc LePain). Princeton: Princeton University Press.
- Marquard, O. 1994. *Skepsis und Zustimmung*. Stuttgart: Reclam.
- Michéa, J. 2009. *The Realm of Lesser Evil. An Essay on Liberal Civilization*. Vert. deur David Fernbach. Cambridge: Polity Press.
- Nisbet, R. 2010. *The Quest for Community*. Wilmington, Delaware: ISI Books.
- Readings, B. 1996. *The University in Ruins*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Taylor, D. 2014. *Death Comes for the Deconstructionist*. Eugene, OR.: SLANT.

Perspektiewe op Afrikaans as 'n taal vir universiteite¹

Perspectives on Afrikaans as a university language

H.P. VAN COLLER

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans
Universiteit van die Vrystaat
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za



Hennie van Coller

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat en die Noordwes-Universiteit, is redakteur van die nuwe drieledige *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Hy is 'n poësievertaler (*Bandelose gedigte van Luuk Gruwez*, 2007) en 'n gepubliseerde digter (*Soom*, 2012). Sy belangrikste publikasies is die bundels opstelle, *Tussenkoms* en *Tussenstand*. Hy publiseer veral oor literêre geskiedenis, o.a. 'n hoofstuk in die *Cambridge South African Literary History*. Hy is tans voorsitter van die Letterkundekomissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n voormalige voorsitter van dié akademie en ook lid van ASSAf.

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, research fellow at the University of the Free State and Northwest-University, is the editor of *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. He is a translator of poetry (*Bandelose gedigte* by Luuk Gruwez, 2007) and a published poet (*Soom*, 2012). His most important publications are two compilations of literary critique, *Tussenkoms* and *Tussenstand*. His numerous publications on literary history include a chapter in the *Cambridge South African Literary History*. Currently he chairs the literary commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and is a former president of this academy. He is also a member of ASSAf.

ABSTRACT

Perspectives on Afrikaans as a university language

In this article the focus is on the position of Afrikaans as a medium of instruction at South African universities and on its future prospects. This implies investigatory research that cannot be done in isolation, as the South African university has a long tradition which necessitates an overview of the development of the university as an institution. On the other hand, all institutions of higher learning world-wide today face the same problems and challenges, which necessarily entails reference to the current position of the university in a situation where it is

¹ Ander instellings vir hoër onderwys kom slegs sydelings ter sprake. In die artikel word ook gebruik gemaak van sekere gedeeltes van Van Coller (2003).

deeply influenced *inter alia* by globalisation, state interference and financial constraints. A point of departure is that the university, since its inception, had been elitist in the sense that selected scholars taught selected students in an enclosed environment. This was the model during the Middle Ages, when the first universities proper were founded in Bologna, Oxford, Cambridge and later in Belgium (the Catholic University of Leuven in 1425) and in the Netherlands (Leiden in 1575). During Medieval times the university was subservient to the Church and its doctrines. Teaching was seen as paramount and it was only in the nineteenth century that research gained importance as a means to gather new knowledge. The founding of the University of Berlin in (1809) by Wilhelm von Humboldt (1767–1835) – after whom the University later was named – was seen as an important event. Von Humboldt was a noted man of letters who was a philosopher, linguist and politician and who had a holistic approach to (tertiary) education. His ideal was *Bildung*, which amounted to the integration of general learning with cultural knowledge and the integration of science with research. Where the Medieval university paid homage to the Church, the University of the nineteenth century – notwithstanding its claim to academic freedom – was a product of national states and thus subservient to them, also as far as the language of instruction was concerned. Therefore one often heard the accusation that the modern university was the lackey of the state. When the modern university is scrutinised, as in South Africa, it is clear that the ideal of *Bildung* is ostensibly alive and well and universities go to great lengths to implement new courses (like UFS 101 at the University of the Free State) to provide students with the philosophical underpinning of this lofty ideal. In Verbrugge and Van Baardewijk (2014), however, a lamentation can be heard in almost every contribution on the situation of the modern university. Apparently, in this taking stock of especially the Dutch university, the ideal of *Bildung* is under enormous pressure due to factors like publication pressure, the favouring of research over teaching, massification and its impact on teaching and the implementation of business principles in the management of universities. In this regard they refer to academic counterparts in England who suffer from exhaustion, stress, sleep deprivation and feelings of fear, distress and guilt. In the “brave new world” of the academe only one criterion seems to apply: that of economic viability and outputs. This tendency is of the highest importance regarding the future position of Afrikaans as a language of instruction at universities. Research is often conducted solely in English, as academic journals and conferences favour English. As far as teaching is concerned, handbooks are often available in English only and parallel-medium of instruction erodes time available for research. In discussing the situation of the South African university, the point is made that there never really existed a situation of academic freedom. Initially South African universities only offered tuition in English and later the Nationalist government excluded black students from so-called white universities. Giliomee (2001:30) made the point that the National Plan for Education of the current regime overlaps in many aspects with the recommendations of the Van Wyk de Vries-Commission in 1975: both were politically driven and both do not tolerate deviations or exceptions. In the rest of the article a few salient points with regard to South African universities are successively dealt with. One of these is the issue of accessibility of universities, which has a direct bearing on Afrikaans, as the language is often seen as a way of excluding or marginalising (black) students. At many universities the vendetta against Afrikaans is aligned with protests against increasing student fees. The protesters are deeply influenced by the theories of Frantz Fanon (1925–1961), born in Martinique, an influential Afro-Caribbean psychologist and philosopher who wrote extensively on the psychological effects of colonisation. Fanon was also a political activist who proclaimed the legitimacy of force in counteracting colonisation. A changing (economic) environment

often necessitates the so-called horizontal mobility of students, which implies that they should be able to study in one language: English. As in Europe with its Erasmus Programme, English is the preferred language. This preference is not only attributable to pragmatic reasons, but also to globalisation and internationalisation and its effects on universities world-wide. This whole process is enhanced by other factors, for example the increasing demands of the private sector, the state and other institutions on universities with regard to the economic feasibility (and implementation) of research and publications. Against this backdrop, it may be asked why there is a need (or justification) for Afrikaans universities. One can attempt an answer based on three perspectives: the inalienable right of minorities to education in their preferred language (the **democratic perspective**), the importance of higher functions of language itself (a **socio-political perspective**) and last, but not least, the contribution that such languages can make to a multi-lingual society (the **pragmatic perspective**). In the next section of this study the status quo regarding Afrikaans universities (or universities where Afrikaans still is used as a medium of instruction) is investigated, with the situation at the University of the Free State (a former Afrikaans university) as a case study. In conclusion a projection for the future is given in the form of certain imperatives that should be heeded by any university that envisages the continuation of the use of Afrikaans as a language of instruction.

KEYWORDS: Afrikaans as language of instruction; Higher education; South African universities; Sociology of language

TREFWOORDE: Afrikaans as onderrigmedium; Hoër onderwys; Suid-Afrikaanse universiteitswese; Taalsosiologie

OPSOMMING

In hierdie artikel word gefokus op die “Afrikaanse universiteit” – of eerder die Suid-Afrikaanse universiteit waar Afrikaans as onderrigmedium gebruik word. Hierdie fokus veronderstel egter ’n historiese terugbliek enersyds op die universiteit en sy ontwikkeling en andersyds op die situasie betreffende die moderne universiteit in wyer verband. Die Middeleeuse universiteit het sy oorsprong gehad in die kloosterskole waar sogenaamde magisters onderrig gegee het aan uitgesoekte leerlinge; die eksklusiewe aard van hoër onderwys was van meet af aan ’n gegewe. Die stigting van die Universiteit van Berlyn (1809) deur Wilhelm von Humboldt (1767–1835) – na wie die universiteit ook later vernoem is – word allerweé beskou as belangrik omdat dit as model gedien het vir verskeie moderne universiteite wat daarna hul beslag gekry het. Sy ideaal was om die wetenskappe te integreer met navorsing en die verwerwing van algemene geleerdheid en kulturele kennis. Hierdie holistiese strewe na geleerdheid word in Duits “Bildung” genoem. Die moderne negentiende-eeuse universiteit was ’n produk van nasionale state en diensbaar daaranaan (ook wat betref die taalmedium). Wanneer na die moderne universiteit gekyk word, ook in Suid-Afrika, is die Bildungsideal skynbaar steeds springlewendig. In Verbrugge & Van Baardewijk (2014) klink daar op verskeie plekke egter ’n klaagsang op oor die gebrek aan Bildung in die moderne universiteit weens publikasiedruk en die toes�sing op navorsing alleen, groeiende studentegetalle en sakebeginsels wat sito-sito op universiteite afgedruk word. Massifikasie van die onderwys vorm inderwaarheid skering en inslag van hoër onderwys in Suid-Afrika. Hierdie toestroming van studente het ook didaktiese gevolge soos oorvol klaslokale en die gevolglike onpersoonlikheid van lesings. Afrikaans word dikwels gesien as uitsluitend, maar ook die verhoogde klasgeld is ’n hindernis. Daarom word die twee dinge dikwels geskakel in die hele #FeesMustFall-veldtog. Frantz Fanon

(1925–1961), 'n Afro-Karibiese psigiater en filosoof, het in sy geskrifte oor onder andere die psigiese gevolge van kolonialisering 'n belangrike invloed uitgeoefen op postkoloniale studies en Marxisme. As 'n radikale politieke denker het hy geweld as 'n legitieme middel beskou om bevryding van 'n koloniale moondheid te bekom. Jong swart radikales in Suid-Afrika vind groot aanklank by sy denke. Fanon word op bykans elke wetenskapsterrein deur jong, swart intellektueles (her)ontdek, met die gevolg dat reaksionêre optrede deels verklaarbaar is. In 'n samelewing waar migrasie aan die orde van die dag is, is horisontale mobiliteit belangrik en dit noodsak opleiding in een taal: Engels. Die hedendaagse universiteit word veelal bedryf as sosio-ekonomiese (eerder as akademiese instelling) en rig hom in baie opsigte na die markte en samelewingsbehoeftes/-probleme, wat alles Engels die taal van globalisering en internasionalisering bevoordeel. Ten slotte word die vraag na die reg van Afrikaanse universiteite aan die orde gestel. 'n Mens kan hierdie vraag uit ten minste drie perspektiewe of fokushoeke bekyk: die **demokratiese** fokus; die **taal-sosiologiese** fokus en die **pragmatiese** fokus. Die artikel word afgesluit met die gevalliestudie van die Universiteit van die Vrystaat en met die imperatiewe vir enige universiteit wat wil voortgaan om Afrikaans te benut as onderrigmedium.

1. INLEIDENDE OPMERKINGS: DIE MIDDELEEUSE UNIVERSITEIT

Wanneer die huidige situasie rondom Afrikaans as onderrigtaal aan Suid-Afrikaanse universiteite onder die loep geneem word, vereis dit (historiese) kontekstualisering. Die huidige aard van die (Suid-Afrikaanse) universiteit en al die probleme wat daar mee verband hou, kan nie losgemaak word van die universiteit, sy ontstaan en ontwikkeling nie. Hierdie selfde standpunt blyk duidelik uit bykans elke bydrae in Verbrugge en Van Baardewijk (2014), hoewel hulle toes�sing prim  is op die universiteit in Nederland.

Die woord "universiteit" is afgelei van die Latynse *universitas magistrorum et scholarium*, wat dui op 'n gemeenskap van leermeesters en akademici. Daarom het die Middeleeuse universiteit sy oorsprong gehad in die kloosterskole waar sogenaamde *magisters* onderrig gegee het aan uitgesoekte leerlinge; die eksklusieve aard van ho r onderwys was van meet af aan 'n gegewe (kyk ook: Verbrugge 2014: 208 e.v.). Hoewel universit re onderwys eers op dreef kom in die Middeleeue, is die grondslag daarvan reeds in die Klassieke tydperk gel , onder ander in Griekeland. Daar was egter later ook sodanige opleiding in ander gebiede, soos in Carthago (Noord-Afrika), Bagdad, Ka ro en Konstantinopel. Bologna was die eerste Wes-Europese universiteit, opgerig in 1088. Die geskiedenis hiervan word kripties bespreek deur Buijs (2014:231). Hy wys daarop dat die samewerking van 'n klomp geleerde met 'n historiese fokus, wat besig is met die versamel en becommentari ring en emendering van tekste, reeds die grondslag vorm van die Westerse wetenskap. Later word universiteite ook opgerig in Montpellier, Oxford en Cambridge. Die oudste universiteite in die Nederlande was Leuven (1425) in die huidige België, en Leiden (1575) in Nederland.

Die Middeleeuse universiteit is nie net gesteun deur die kerklike en burgerlike owerhede nie; hulle was onderhorig aan veral die kerk, wie se leerstellinge hulle moes verkondig. Hierdie onderwys, wat geskied het in die destydse taal van geleerdheid, Latyn, was bestem vir jong mans. N  die sogenaamde *trivium* (grammatika, retoriek en logika) is op universiteit ook die *quadrivium* onderrig: rekenkunde, meetkunde, musiek en astronomie (kyk ook: Van Oostrom 2013:86). Hierdie *trivium* se bedoeling was nie om kennis oor te dra nie, maar om studente te leer om te dink; dit was die instrumentarium waarmee studente in 'n latere stadium met hul "vakke" sou kon omgaan (Van Bommel 2014:175). Magisterskap was voorbereiding vir opleiding tot doktor in Medisyne, die Burgerlike Reg, Kerkreg en Teologie. Met die toenemende

aantal universiteite is al hoe meer studente aangetrek en hulle was dikwels ook behoeftig. Die keuse van 'n universiteit het ook telkens te make gehad met die feit dat belangrike geleerde (wat ook skrywers was)² daar gedoseer het. Selfs buite die formele universiteit het geleerde mense aangetrek wat by hulle wou leer. Die Middeleeuse mistikus, Jan van Ruusbroec, het byvoorbeeld afgesonderd geleef in Groenendaal, maar was omring van mense (dikwels met hoër opleiding as hysel) wat by hom wou leer, vanweë sy geskrifte (Van Oostrom 2013: 277). In die era van die drukpers het geskrifte honderdvoudig toegeneem, veral na 1500. Die rol van die drukpers in die verspreiding van kennis was van die grootste belang in die "verzelfstandiging van die tekst als zodanig". Nou word die outheur ook nadruklik vermeld op die titelbladsy (Pleij 2007:471). Vanselfsprekend dra dit ook by tot die roem van geleerde, wat dikwels lei tot interaksie met ander universiteite en wat ook "gekoop" is vir universiteite (kyk ook: Scheurleer & Meijes 1975).

Een universele taal van onderrig en 'n basiskurrikulum het die migrasie van dosente én studente vergemaklik. Met die opkoms van die stedelike kultuur (kyk: Pleij 2007: 19 e.v.) en veral die ontstaan van 'n welvarende burgerlike stand (naas die geestelikes en adel), is die universiteite ook finansieel ondersteun. In Parys en in Engeland is daar sogenaamde "colleges" opgerig, veral deur weldoeners. Studente kon daar teen 'n relatief goedkoop tarief woon, onder leiding van 'n personeellid, op die patroon wat steeds bestaan by Oxford en Cambridge. Uit al die bestaande blyk reeds dat vaste bestanddele van die huidige hoër onderwys – naamlik onderrig en navorsing by 'n kampus met inwoning in koshuise, die sogenaamde "derde geldstroom" en ook die kwessie van toeganklikheid – destyds al in kiemsel aanwesig was.

Interessant is ook die feit dat, hoewel skole en universiteite onder kerklike beheer was, daar reeds in die 13e eeu in Gent 'n "skolestryd" was, omdat die burgers hulle eie *scholaster* (skoolmeester) wou aanstel en nie onder beheer van die kerk wou wees nie. In die 14e eeu was stadskole in Gent en Brussel al 'n gegewe (Van Oostrom 2013:30). Dit is reeds 'n baie vroeë voorafskaduwing van die stryd om die "siel" van die universiteit – die hele kwessie van akademiese vryheid wat al orals ter wêreld én in Suid-Afrika tot hewige polemieke (en selfs opstande) aanleiding gegee het. Self was ek in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare student aan die Universiteit van die Witwatersrand, waar juis hierdie kwessie uitgemond het in verskeie relletjies tussen studente en die polisie.

2. DIE IDEAAL VAN *BILDUNG*: DIE NEGENTIENDE-EEUSE UNIVERSITEIT

In latere eeu het die wesensaard van die universiteit as instelling waar kennis geproduseer en oorgedra word, nie prinsipieel verander nie; al het daar wel sekere metodologiese, strukturele en inhoudelike veranderinge plaasgevind. Veral met die aanbreek van die Verligting in die 19e eeu en die opkoms van die rasionalisme word die moderne eksperimentele (empiriese) wetenskaplike metode ingevoer. Daarmee saam word die sogenaamde "eksakte wetenskappe" ingevoer deur universiteite en nuwe dissiplines ontstaan. Nou word die nadruk geplaas op die verwerwing (nie noodwendig toepassing nie) van nuwe kennis. Hierdie kennisuitbreiding moes deur navorsing geskied. Hierdie denke het ook die moderne universiteit diepgaande beïnvloed. Die akademiese status van die moderne universiteitsdosent berus nie op die vermoë om studente intellektueel en moreel te vorm nie, maar op die vernuwings en ontdekkinge

² Van Oostrom (2013: 101) verwys in hierdie verband na Lanfranc van Milaan wat roem verwerf het as skrywer van invloedryke boeke oor die chirurgie en wie se werk ook reeds in 1350 vertaal is in Nederlands – verreweg die eerste weergawe van sy werk in enige volkstaal.

waarop hy hom kan beroem. Navorsing raak die alfa en die omega; suksesvolle navorsers doseer slegs aan geselekteerde groepe; en navorsing is die basis waarop aanstellings en bevorderings gemaak word (Van Bommel 2014: 178).

Die stigting van die Universiteit van Berlyn (1809) deur Wilhelm von Humboldt (1767–1835) – na wie die universiteit ook later vernoem is – word allerweë beskou as belangrik omdat dit as model gedien het vir verskeie moderne universiteite wat daarna hul beslag gekry het. Von Humboldt was 'n filosoof, letterkundige, politikus en taalkundige. Dit is eers in die afgelope dekades dat sy baanbrekerswerk, veral op die gebied van die linguistiek, werklik erkenning geniet. Sy ideaal was om die wetenskappe te integreer met navorsing en die verwerving van algemene geleerdheid en kulturele kennis. Hierdie holistiese strewe na geleerdheid word in Duits *Bildung* genoem. Waar die Middeleeuse universiteit gediensdig was aan die kerk, was die moderne negentiende-eeuse universiteit – ten spyte van die aandrang op akademiese vryheid – 'n produk van nasionale state en diensbaar daarvan (ook wat betref die taalmedium daarvan). Daarom het die aanklag dikwels opgeklink dat die universiteit die lakei is van moderne regerings.³

3. DIE MODERNE UNIVERSITEIT

Wanneer na die moderne universiteit gekyk word, ook in Suid-Afrika, is die Bildungsideaal steeds springlewendig. Die destydse “interfakultêre wysbegeerte” wat by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangebied is, is 'n sprekende voorbeeld. Maar ook die verpligte instelling van die berugte “UFS 101” aan die Vrystaatse Universiteit is 'n poging om aan studente 'n filosofies-morele onderbou te gee, huis met 'n holistiese doelwit – dit is berug omdat dit, lank voordat die UV besluit het op slegs Engels as voertaal, reeds n t in Engels aangebied is en algemeen beskou is as polities eensydig. In Verbrugge en Van Baardewijk (2014) klink daar op verskeie plekke 'n klaagsang op oor die gebrek aan *Bildung* in die moderne universiteit, weens publikasiedruk en die toespitsing op navorsing alleen, groeiende studentegetalle en sakebeginsels wat sito-sito op universiteite afgedruk word (kyk: Van der Ven 2014; Van Bommel 2014:173). In Lorenz (2014:78) word verwys na die Engelse universit re situasie, waar baie akademici uitgeput, gespanne en oorwerk is; ly aan slaaploosheid; en toenemend gevoelens van angs, verdriet en skuld ervaar: “Men kan het overal waarnemen: een diepe zowel psychische als liggaamlike crisis dreigt ons te overweldigen [...] In onze ‘brave new world’ lijkt nog maar een criterium van waarde erkend te worden, een kwantitatief economisch criterium.” Die druk om (artikels) te publiseer en die verslaggewing van allerlei kwantifiseerbare “uitsette” eis ook in Suid-Afrika sy tol en aan my eie universiteit het besoeke aan psigiaters 'n paar jaar gelede die hoogte begin inskiet. Wat die kwessie van onderrigtale betref, is die voorafgaande van die grootste belang: parallelmediumonderrig verhoog die doseerlas, erodeer tyd vir navorsing en verminder uitsette, wat alles lei tot nog groter spanning.

Die ideaal van akademiese vryheid mag lofwaardig wees, maar is in die Suid-Afrikaanse universiteitsgeschiedenis selde of nooit verwesenlik nie. Akademiese vryheid word duidelik in die gedrang gebring wanneer inbreuk gemaak word op universiteite se selfbeskikking en dit

³ In hierdie lesing maak ek dankbaar gebruik van 'n hele reeks artikels gebundel in *Fragmente. Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek* (5 van 2000) oor universiteite, o.a. Ijsseling (2000); Goosen (2000) en veral Rossouw (2000). Ek bedank ook persone wat 'n vroe  weergawe krities gelees het, veral proff.J.C. Steyn, E.H. van Coller en H.C.J. van Rensburg.

raak dikwels die vestigingsfase, befondsing én die toelatingsbeleid. Giliomee (2001:4) toon aan dat die aantasting van universitaire outonomie inderwaarheid strek tot by die vestigingsfase van ons Suid-Afrikaanse universiteite omdat daar doelbewus getrag is om bestaande universiteite te angliseer en nuwe universiteite as eentalige Engelstalige instellings op te rig.

Die voor die hand liggende voorbeeld van die aantasting van akademiese vryheid is die vorige regering se miskenning van die outonomie van universiteite. Miskien die sigbaarste vergryp het die toelating van studente betref. Swart studente is in klein getalle toegelaat tot (Engelse) universiteite omdat daar deur sogenaamde etniese universiteite voorsiening gemaak is vir hul opleiding. Hoewel sommige van hierdie instellings (bv. Fort Hare, Durban-Westville en die Universiteit van Wes-Kaapland) dikwels akademies voortrefflik was en omskep is tot bastions teen apartheid, het ander nooit legitimiteit verwerf nie en is hulle gesien as "bush-colleges". Inmiddels is onderwyskolleges opgedoek, het Vista en RAU gesneuwel onder andere weens samesmeltings, is teknikons omskep in tegniese universiteite én is daar nuwe universiteite opgerig. Teen hierdie agtergrond van staatsinmenging is dit kwalik vreemd dat die regering in diverse verslae en wette duidelik te kenne gegee het dat die beplanning van hoër onderwys een van sy strategiese prioriteite is en dat dit voortdurend geskied in samehang met politieke doelwitte. Giliomee (2001:30) het al daarop gewys dat die National Plan for Education groot ooreenkomste getoon het met die aanbevelings van die Van Wyk de Vries-kommissie in 1975: beide is volgens hom verslae wat polities gedrewe is en geen afwykings of uitsonderings duld nie.

Die redes vir die opvallende ooreenkomste tussen die regeerstyl van die ou Nasionale Party en die regerende African National Congress is kompleks en vra waarskynlik eerder om 'n verklaring deur 'n kenner van die politieke wetenskap of eietydse geskiedenis. Opvallend is egter die ooreenkomste wat betref die sentristiese, ideologies gedrewe manier van regeer, gevoeligheid vir kritiek (veral uit die gelede van hul ondersteuners en van die pers), 'n afkeer van die grondwetlike bepalings wat regeringsmagte inperk en 'n toenemende burokratisering in die sin dat elke terrein deur wetlike bepalings bereël moet word. 'n Ander ongelukkige gevolg van die uitsluitende aard van die apartheidsjare is dat die uitsluitingsbeginsel (selfs op billike gronde) met wantroue deur die huidige regering bejeën word en dat toeganklikheid/inklusiwiteit op die spits gedryf word. Al hierdie faktore kom deeglik in die spel wanneer gepraat word oor die behoud van Afrikaans in opvoedkundige instellings soos universiteite én skole.

Wanneer die universiteit vandag bekyk word in internasionale verband, kom terme soos *postmoderne* universiteit, *markgedrewenheid* en *globalisering* dadelik na vore. Sent (2014:96 e.v.) gee 'n oorsig van drie ekonomiese paradigmas of "regimes" wat die twintigste-eeuse wetenskaplike organisasies in die VSA bepaal het. (i) Van ongeveer 1890 tot 1939 word (navorsings)universiteite onderworpe aan besigheidsbeginsels. Laboratoria word in hierdie tydperk veral gefinansier deur buitefinansierders soos stigtings, en die chemie en elektrotegniek word in die besonder bevordeel. (ii) Die sogenaamde "Koue Oorlog Regime" duur van die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot en met die tagtigerjare van die 20ste eeu. In hierdie tydperk staan die ivoortoring-opvatting sentraal en navorsing geskied in relatiewe onafhanklikheid. Wetenskapsterreine soos die natuurkunde, operasionele navorsing en formele logika gedy in hierdie tydperk. (iii) Die laaste paradigma of regime is dié van "Geglobaliseerde Privatisering". Dit word gestimuleer deur die oliekrisis en die daaruitspruitende remminge op ekonomiese gebied én ook deur die gebeure in die voormalige Sowjetblok. Nou word biogeneeskunde, genetika, informatika en ekonomie gestimuleer. Sy wys vervolgens na die "Nederlandse wetenschap" waar al hoe meer beheermaatreëls ingestel word.

Ongeag of hierdie uiteensetting ook van toepassing is op die Suid-Afrikaanse situasie, is dit waar dat die universiteite (hul inrigting en prioriteite) én navorsing onderworpe is aan eksterne faktore van sosiopolitieke en ekonomiese aard. Uit verskeie regeringsverslae en wetgewing oor die hoër onderwys blyk onomstootlik dat die huidige regering ook 'n veranderde standpunt nahou oor die universiteit as instelling. Dit sou egter onregverdig wees om hierdie veranderde persepsie bloot te wyt aan die ideologiese gedrewenheid van die ANC. Wêreldwyd word daar tans anders na universiteite gekyk: die ivoortoring keer nooit weer terug nie; vandag is die universiteit eerder 'n deursigtige en broos glashuis (Dittrich 2014:161). Wantroue aan die kant van die belastingbetaaler én die regering jeens universiteite is ook verstaanbaar wanneer by 'n gradeplegtigheid geluister word na die uiteensetting van sekere doktorsgrade. Die toonaangewende biomediese tydskrif *The Lancet* het op 8 Januarie 2014 beweer dat 85% van 240 miljard Euro wat bestee is aan biomediese navorsing, beskou kan word as verkwiste geld " omdat die metodologie dermate grote gebreken vertoont dat die reproduceerbaarheid gevaar loopt" (Dijstelblom, Huisman, Miedema & Mijnhardt 2014:112). Dit skryf hulle toe aan publikasiedruk, wat lei tot kwantiteit in plaas van kwaliteit.

4. TOEGANKLIKHEID VAN UNIVERSITEITE

Universiteite word oral ter wêreld gesien as nasionale bates wat primêr in diens staan van die samelewning en uiteraard ook die doelwitte wat 'n bepaalde regering nastreef. Omdat universiteite in Suid-Afrika in 'n hoë mate afhanklik is van staatsubsidie, kan hulle nie die regering vervreem nie en word hulle in feite beperk deur wetgewing oor die hoër onderwys. Die huidige regering is sterk ingestel op die bemagtiging en emansipasie van mense – doelstellings wat dikwels gekoppel word aan demokratiese uitgangspunte. Dit word sigbaar in 'n aandrang daarop dat al hoe meer mense die geleentheid gegun moet word om aan instellings van hoër onderwys (en spesifiek ook universiteite) te studeer. Massifikasie van die onderwys vorm inderwaarheid skering en inslag van hoër onderwys in Suid-Afrika. Hierdie toestroming van studente het ook didaktiese gevolge soos oorvol klaslokale en die gevoldlike onpersoonlikheid van lesings. Persoonlike kontak, wat ook belangrik is vir kennisoordrag, verdwyn daarmee. Massifikasie, waar studente dikwels uit arm gemeenskappe afkomstig is, het ook aanleiding gegee tot ander probleme: onvoldoende (woon)ruimte op kampus, aandrang op beurse en selfs gratis onderwys en roosterprobleme wat ook 'n impak gehad het op byvoorbeeld parallelmediumonderrig.

Wanneer die voertaalkwessie te berde gebring word, moet dit ook gesien word binne die konteks van 'n uiters onstabiele universiteitsomgewing in Suid-Afrika. Die hele veldtog #RhodesMustFall" en die uitlopers daarvan ("#FeesMustFall" en "#AfrikaansMustGo") is nie bloot af te maak as slagspreuke van heethoofde nie. Baie denkbeelde moet gesien word as reaksies op kolonialisme; jong swart mense ontdek hulle eie identiteit en soek na hulle eie wortels, óók filosofies en wetenskaplik. Geykte Westerse paradigmas en kanons word nie meer sito-sito aanvaar nie en in die proses word die kind dikwels met die badwater uitgegooi (Van Bommel 2014), want hoewel postmodernistiese kritiek die blik verruim het deur die geykte kanon te bevraagteken, het dit wat van belang is in die kanon – byvoorbeeld die belang van 'n historiese blik – ook dikwels in die slag gebly. Van Bommel (2014:184) merk op dat "Met de afbraak van de canon loopt de moderne universiteit dan ook het gevaar niet een constructieve, maar een deconstructieve rol in de samenleving te vervullen, de van vernietiging van de Westerse cultuur, het hart van haar beschaving." Van Bommel bestempel die Amerikaanse filosoof Martha Nussbaum (wat bykans ikoniese status geniet in progressiewe akademiese kringe in Suid-Afrika) as dié verteenwoordiger van die politisering van die moderne

geesteswetenskappe. Nussbaum (2010) is 'n pleitbesorger vir multikulturele onderrig waarin studente geleer word om tradisies te kritiseer en die verlede te bevraagteken. Nie verniet het sy 'n eredoktoraat van die Vrystaatse Universiteit ontvang nie: die optrede en denke van die voormalige rektor van dié universiteit (tot 2016), Jonathan Jansen, is diep deur haar denke beïnvloed.

Frantz Fanon (1925–1961), gebore in Martinique, was 'n Afro-Karibiese psigiater en filosoof en het in sy geskrifte oor onder ander die psigiese gevolge van kolonialisering 'n belangrike invloed uitgeoefen op postkoloniale studies en Marxisme. Fanon was 'n lid van die Algerynse Nasionale Bevrydingsleer en 'n vurige ondersteuner van die stryd teen Frankryk. As 'n radikale politieke denker het hy geweld as 'n legitieme middel beskou om bevryding van 'n koloniale moondheid te verwerv. Jong swart radikale in Suid-Afrika vind groot aanklank by sy denke (soos trouens baie swart intellektueles, onder meer Steve Biko in die verlede). Fanon en Biko word ook dikwels met mekaar vergelyk (Ahluwalia & Zegeye 2001). Die Frantz Fanons word op bykans elke wetenskapsterrein deur jong, swart intellektueles (her) ontdek, wat deels die reaksionêre optrede verklaar. Die militante optrede spruit ook dikwels uit armoede en die gepaardgaande ontnugtering dat politieke bevryding in baie gevalle geen ekonomiese bevryding gebring het nie: duisende jongmense (veral swart) kan nie die stygende koste van universiteitsopleiding bekostig nie. Die regering staan in die beskuldigdebank omdat dit te min bestee aan hoër onderwys, maar óók universiteitsbesture wat lustig geld bestee op orsese reise, mooi meubels en deftige toegangshekke (Dickinson 2016).

In 'n sogenaamde ope brief spreek Adam Habib (2016), die visekansellier van die Universiteit van die Witwatersrand, hom uiters krities uit oor die gewelddadigheid van betogers by sy universiteit en verduidelik hy sy besluit om die hulp in te roep van 'n privaat sekuriteitsmaatskappy om die orde op die kampus te handhaaf. Hy betwyfel die legitimiteit van die gebruik van geweld by universiteite en vra retories: "Have we truly considered the consequences of allowing violence to prevail within our community?" (2016:4). Die stryd om gratis onderrig vir armes is legitiem aldus Habib; selfs die gebruik daarvan vir die bereiking van politieke doelwitte. Maar dit mag nie die regte raak van die universiteit as wetenskaplike instellings strem nie. Uiteindelik is die slagoffer weer die armes, wat met groot opoffering dit vermag het om toelating tot die universiteit te kry en boonop die geld daarvoor moeisaam gevind het.

5. MOBILITEIT VAN STUDENTE

In 'n samelewing waar migrasie aan die orde van die dag is, is dit dikwels vir studente onmoontlik om hul studies aan een enkele universiteit te voltooi. Twee ander faktore is ook verantwoordelik vir die beweging van studente. Heel dikwels is studente nie in staat om te betaal vir hul hele studietylperk nie; studie word onderbreek en later (dikwels op 'n ander plek) voortgesit. 'n Student met 'n sertifikaat (of diploma) mag later besluit om (by 'n ander instelling) verder te studeer vir 'n graad. Ten einde dit moontlik te maak, moet programme nie net horizontale mobiliteit toelaat nie; studente moet ideaal gesproke ook in hul voorkeurtaal verder kan studeer. Omdat dit hier primêr oor swart studente gaan, word vanuit regeringskringe 'n hoë premie geplaas op onderrig deur middel van Engels. Dit is vergelykbaar met die Erasmusprogramme in Europa, wat dieselfde probeer bereik en presies dieselfde gevolge het: Engels word nie net die voorkeurtaal nie, maar toenemend dié taal van onderrig.

6. PRAGMATIESE EISE

Gekonfronteer met groot werkloosheid (veral onder swart mense), en gestu deur die drang tot regstellende aksie, sien die regering die heil vir mense dikwels in die hoër onderwys. Vroeër het technikons, tegniese kolleges en onderwyskolleges primêr hierdie taak gehad om geskoolde mense pasklaar vir die beroepsmark te lever. Tans val die plig op tegniese universiteite en tegniese kolleges; en die opdoek van onderwyskolleges het 'n ernstige leemte gelaat. Tog het universiteite ook nie die eis om beroepskoling vrygespring nie. Daar word toenemend klem geplaas op die leeruitkomste van akademiese programme, met die verwagting dat daar naas kennis ook vaardighede by leerders tuisgebring moet word. "Implementeerbaarheid", "toepassing" en "relevansie" hou nie net verband met die uitkomste van die onderrigprogram nie; dit word ook toenemend toegepas op navorsing. Die implikasie is dat navorsers al hoe meer alliansies aangaan met die private sektor (industrie) en eksterne (internasionale) donateurs, wat dikwels ook die opdraggewers van navorsing is. Weens die oorheersende aard van Engels in die openbare sfeer en die feit dat regeringsinstansies vrywel net in Engels funksioneer, word navorsing toenemend (ook in die geesteswetenskappe) in Engels gedoen. Die eis om multidissiplinêre navorsing word al dringender, en so ook die opleiding en begeleiding van swart navorsers. In beide gevalle impliseer dit gewoonlik dat die navorsing in Engels geskied. Implikasies vir die voertaal van universiteite (veral op nagraadse vlak) spreek vanself.

7. INTERNASIONALISERING EN GLOBALISERING

Wetenskapsbeoefening in Engels raak 'n noodsak vir wetenskaplikes in kleiner tale, ener syds weens onkeerbare globaliserende tendense, andersyds vanweë die vereiste wat daar vir universiteite bestaan vir internasjonale deelname, erkenning en samewerking. Salverda (2001) wys reeds 15 jaar gelede op die situasie in die tersiêre sektor in Nederland, wat volgens hom kommer baar, omdat Nederlands binne die afsienbare toekoms daar as onderrigtaal mag verdwyn. Sy voorspelling het deels waar geword wat nagraadse opleiding betref. Rudi Botha (2015) wys wel daarop dat wat voorgraadse opleiding betref, ongeveer 90% van die programme steeds in Nederlands aangebied word. Van hierdie universiteite (soos Utrecht, Leiden en Groningen) is dikwels hoog gelys op internasjonale ranglyste (onder die top 100-universiteite) en Botha wys daarop dat hulle hierdie posisies verwerf het "in weerwil van die feit dat hulle Nederlands vir die oorweldigende meerderheid van hul baccalaureus-programme gebruik". Dit is vir hom 'n genoegsame argument om die bewering te verwerp dat Stellenbosch voorgraads in Engels moet doseer ten einde internasional te presteer.

Uit heelwat bydraes in Verbrugge en Van Baardewijk (2014) word egter wel gewys op die belangrike posisie wat Engels vandag inneem binne die Nederlandse hoër onderwys, waar verskeie universiteite ook daarna strewe om hul onderrig (slegs) in Engels aan te bied. Verbrugge het hom al by heelwat geleenthede krities uitgespreek hieroor en hom bekla omdat die universiteit daarmee sy band met die gemeenskap deursny: universitêr-opgeleide mense moet immers hulle werk meestal binne 'n gemeenskap verrig, wat in die geval van Nederland Nederlands praat genoedsaak. Verbrugge (2016) is ook krities oor die gehalte van die Engels, wat gewoonlik gebesig word met 'n verskralde woordeskata en by implikasie ook met 'n gebrek aan abstrahering en hoër denke; dit het hy al by geleentheid "Globish" genoem.

In sy inleiding tot Verbrugge en Van Baardewijk (2014:12) word opgemerk dat die eie taal in Nederland (en kan ons gerus ook byvoeg, Suid-Afrika) verwaarloos word onder die verskoning van internasionalisering en globalisering: "Het zou mooi zijn als de universiteiten

een iets rationeler taalbeleid zouden voeren waarin ze ook hebben voor wat er werkelijk nodig is om de capaciteiten van mensen tot bloei te brengen [...] Zoals we ook in deze bundel kunnen lezen, behoorden de cultivering van taal en de kunst van het vertalen van oudsher tot een van de centrale elementen van universitaire vorming.”

8. BETROKKENHEID BY DIE SAMELEWING

Tradisioneel is universiteite as kennissentra gesien waar kennis geproduseer en oorgedra is. Daarin het ook hul primêre nut vir die samelewing gelê. Die bekende voorbeeld van Newton wat sy eksperimente met swartekrag voortgesit het, skynbaar onbewus van, en onaangeraak deur die pesepidemie elders in Engeland, is altyd gebruik om die begrip “nut vir die gemeenskap” te relativeer. Wie het dan die meeste tot voordeel van die gemeenskap bygedra, is altyd gevra: Newton of diegene wat aktief die pes bestry het? Plek vir retoriiese vrae is daar nie meer nie. Universiteite word toenemend gesien as diensbaar aan die gemeenskap en in Suid-Afrika word dit op vreemde wyse gesien as die totale gemeenskap. Daarom word toenemend aangedring dat universiteite wat studente en dosente betref, die bevolkingsamestelling moet weerspieël. Dat die bevolkingsamestelling in die Wes-Kaap radikaal verskil van dié in byvoorbeeld KwaZulu-Natal, word negeer.

Voorts is hier van 'n bykans skisofreniese situasie sprake: alle universiteite word gesien as *internasjonale* rolspelers, met klem op internasionalisering van die wetenskap deur publikasies in internasjonale vaktydskrifte en die aanstelling van internasjonale akademici, al is dit net as eksterne eksaminatore. Terselfdertyd word verwag dat universiteite deur gemeenskapsdiens *nasionaal* moet funksioneer en die plaaslike gemeenskap moet dien. Die laasgenoemde standpunt impliseer egter (teenstrydig met die vorige) óók verrekening van lokale behoeftes deur byvoorbeeld plaaslike tale in berekening te bring (kyk ook: Verbrugge & Van Baardewijk 2014:13; Verbrugge 2014:214; 218). So behoort die US in die Wes-Kaap (ook) in Afrikaans onderrig te gee.

In Verbrugge en Van Baardewijk is een deurlopende tema dié van die agteruitgang van kwaliteit onderrig aan Nederlandse universiteite – juis *dit* waarmee die samelewing ten beste gedien kan word. Een na die ander bydraer skryf oor die geweldige publikasiedruk waaronder dosente staan en die gevolge daarvan (2014:13, 214). Nie alleen word die onderrig verwaarloos nie: dosente begin “knip en plak”, ryg artikels uit van matige kwaliteit wat op rakke beland en nooit gelees word nie, en vanweë “audits” (2014:82) van staatskant word die skroef altyd maar aangedraai. Voorts raak dosente steeds meer aangewese op eie befondsing, wat weer verdien word op grond van publikasies (2014:90-91). Die sisteem van vergoeding vir nagraadse werk (2014:20) en die verdien van geld vir gepubliseerde navorsing in Suid-Afrika in die vorm van “insentiewe” dra alles daartoe by dat tyd eerder bestee word aan navorsing as aan onderrig. Ook by ons word dikwels neergesien op die dosent wie se passie die gee van kwaliteit onderrig is en hulle word bestempel as die “ou hout” waarvan ontslae geraak moet word. Verbrugge bevraagteken ook die argument (wat ook dikwels in Suid-Afrika gehoor word) dat daar 'n verband tussen goeie onderrig en navorsing bestaan: “Een docent kan zijn studenten ook bestoken met zijn specialismeter wijl hij geen goed overzicht geeft over het vakgebied” (2014:220).

9. DIE UNIVERSITEIT AS EKONOMIESE ENTITEIT

Dat 'n universitaire opleiding altyd 'n sosio-ekonomiese voordeel ingehou het, naas 'n akademiese, het weinig bewyse nodig. Omgekeerd is die universiteit natuurlik ook 'n ekonomiese bate vir die gemeenskap en die staat en kan baie van sy navorsingsprodukte (soos patente, uitvindings en prosesse) aangewend word tot direkte voordeel van die breëre gemeenskap. Goed opgeleide persone dra uiteraard ook by tot ekonomiese welvaartskepping.

Die hedendaagse universiteit word veelal bedryf as sosio-ekonomiese (eerder as akademiese instelling) en rig hom in baie opsigte na die markte en samelewingsbehoeftes/probleme (kyk: Verbrugge & Van Baardewijk 2014:11, 44, 45). Entrepreneuriese aksies van universiteite word nie net aangemoedig nie, maar selfs afgedwing deurdat staatsubsidies toenemend afgeskaal word. Om die sogenaamde "derde geldstroom" te tap, vra aksies wat veel verder gaan as tradisionele fondswerwing. Dit lei tot afhanklikheid van die privaat sektor wat veelal sake doen slegs in Engels: "wiens brood men eet ...".

In die afgelope jare het die studentetal van Suid-Afrikaanse universiteite drasties verander. Daar was 'n enorme styging van studente (56 000 meer in 2003) by die Histories Afrikaanse Universiteite (HAU's) en tegelykertyd 'n daling van studentegetalle (ongeveer 27 000 minder in dieselfde tydperk) by Histories Swart Universiteite (HSU's). Streng gesproke kan dit gesien word as 'n gesonde ekonomiese beginsel, waar markkragte dikteer. Alle universiteite het egter nie dieselfde ontwikkelingsvlak bereik nie en kan nie op gelyke vlak meeding nie. Dit is daarom duidelik dat die hele proses deur 'n nasionale beplanningsraamwerk gereguleer moet word soos ook inderdaad gebeur het deur die voorgestelde nasionale plan vir hoër onderwys, wat ook ten doel het om meer gegradeerde te lewer ten einde die ekonomie te laat groei. Markkragte kan altyd gemanipuleer word. Dit is ook 'n waardevolle les vir almal (ook universiteitsrektore) wat hul so maklik daarop verlaat. In 2013 was daar 980 000 studente aan openbare universiteite in Suid-Afrika. Indien Unisa (350 000 studente) en tegniese universiteite (160 000 studente) weggelaat word, gee dit 'n syfer van 470 000 studente, wat 'n verdubbeling is van die syfers in 1994 (Le Roux 2016).

10. DIE UNIVERSITEIT EN IDEOLOGIE

Daar is vroeër reeds geredeneer dat universiteite selde totaal los van ideologiese paradigmas kon funksioneer; ook nie in die Suid-Afrikaanse verband nie. Ons huidige situasie is geen uitsondering nie. Binne die ANC-regering se denke wat toeganklikheid tot universiteite wil verhoog en sterk gekant is teen enige vorm van uitsluiting, was die konsep van eksklusief-Afrikaanse universiteite (en alle ander universiteite wat met in- en uitsluiting geëksamptementeer het, soos Vista) gou onaanvaarbaar. Nou begin dit lyk asof enige onderrig in Afrikaans gesien word as 'n doodsonde. Telkens word marginalisering en uitsluiting as redes vir hierdie afkeer aangevoer. Die UV-raad se besluit dat Engels in die toekoms die enigste onderrigtaal sal wees, is hiervan 'n voorbeeld en sal later dien as gevallenstudie.

Die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys het al duidelike riglyne bevat ten aansien van "equity" en "redress". Van die sterkste ideologiese ingrepe in die universiteitsoutonomie was die Wet op Hoër Onderwys (Higher Education Act), Wet 101 van 1997, wat bykans alle voorafgaande wetgewing in dié verband vervang; en die Wet op Billlike Indiensneming (The Equity Act, Wet 55 van 1998). Eersgenoemde wou 'n enkele, gekoördineerde stelsel vir hoër onderwys vestig (o.a. programme herstruktureer, gelyke toegang verseker, 'n Raad vir Hoër Onderwys instel, openbare inrigtings en ook die registrasie van private inrigtings vir hoër

onderwys beheer). Terwyl toelating van swart studente 'n hoë prioriteit was, het die laasgenoemde wet betrekking op die samestelling van die werkerskorps. Die getal mense uit die "aangewese groepe" (waar duidelik voorsiening gemaak word vir mense anders as blank, en vir vroue en gestremdes) moet verhoog word om meer verteenwoordigend te raak. Gereelde terugvoer moet per kategorie geskied, planne vir die verhoging van persentasies uit die aangewese groepe moet voorgelê word en kwalifikasies is nie meer die deurslaggewende faktor nie – potensiaal word 'n belangrike kriterium.

Hierdie wet was waarskynlik die enkele belangrikste rede waarom Afrikaans orals by Suid-Afrikaanse universiteite die onderspit gedelf het, want persone wat aangestel word uit die swart geledere is selde Afrikaans goed magtig. Ook in parallelmedium-universiteite veroorsaak hierdie wet 'n krisis omdat eentalige swart dosente net kan klasgee aan Engels-sprekende (oorwegend swart) studente, met die gepaardgaande verwyle van ghettovorming en die instandhouding van apartheidstrukture. Geen nuwe universiteit (bv. Akademia) sal die verreikende gevolge hiervan kan ontsnap nie.

11. WAAROM AFRIKAANSE UNIVERSITEITE?

'n Mens kan hierdie vraag uit ten minste drie perspektiewe of fokushoeke bekyk: die reg van kulturele minderhede of die *demokratiese fokus*; die belang wat dit inhou vir die taal en sy funksies self – die *taal-sosiologiese fokus*; en die bydrae wat sodanige instellings vir die land kan inhou, m.a.w. die *pragmatiese fokus*. Dit alles moet ook gesien word binne die demografiese realiteite van die snel groeiende swart bevolking, veral die jeugdiges.

Wat die demokratiese vraagstelling betref, kan gekyk word na 'n omvattende korpus tekste oor liberaal-demokratiese beginsels. Ek verwys in hierdie verband na die verklaring *The Rights of Minorities* (2001:13), wat deur die Friedrich-Naumann-Stiftung (Stigting) uitgereik is. Daarin word duidelik uiteengesit dat nasionale minderhede die reg het op onderwys en opleiding in hul eie taal tot op tersiêre vlak mits getalle dit regverdig. In die lig van die getal Afrikaanssprekende matrikulante en studente spreek dit vanself dat dit Afrikaansonderrig regverdig op 'n regionale basis. Binne taalverspreidingspatrone beteken dit konkreet Afrikaanse opleiding in die suide van die land (waar Afrikaans selfs in 'n meerderheidspositie is), die Gauteng-gebied (waar Afrikaans sterk staan) en die sentrale landsdele soos die Vrystaat en Noord-Kaap (waar daar 'n oorheersende Afrikaanse taalvoorkur bestaan, ten spyte daarvan dat moedertaalsprekers van Afrikaans min is).

Uit 'n taal-sosiologiese hoek kan gestel word dat 'n taal nooit volwaardige draer van die behoeftes van sy sprekers kan wees sonder dat dit alle funksies vervul nie. Die akademies-wetenskaplike funksies is in hierdie verband belangrik, soos om die taal te wees van die politiek en landsbestuur, die regswese, die media en die universiteit. In die twintigste eeu is baie kundigheid en energie gewy aan huis die bereiking van hierdie ideaal vir Afrikaans. In dié verband kan terloops gewys word na akademici van wêreldgehalte wat hul lewens gewy het aan die uitbouing van Afrikaans, met groot opofferings. Vir Afrikaans en sy funksie sou die verlies aan wetenskaplike funksies en status verreikende gevolge hê. Dit sou skole kon noop om verder te verengels en kan in der waarheid die begin van die einde van Afrikaans se hoër funksies beteken. Gelukkig maar dat Afrikaanse skole se werksetos, uitstekende onderrig en puik matriekuitslae – en hulle ingebedheid binne gemeenskapsetiek – hulle voortbestaan kan verseker.

Dikwels word die ideale van Afrikaanssprekendes om hul taal se wetenskaplike funksies te behou, as selfsugtig getipeer. Selde word gekyk na die voordele wat dit ook vir Suid-Afrika

as geheel inhoud. Daar is van vroeg af (reeds sedert 1917) geleentheid gebied aan Afrikaans-sprekendes om hul skoling in hul eie taal te ontvang of om wetenskaplik besig te kon wees in Afrikaans. Hierdie geleentheid is met albei hande aangegryp en Afrikaanssprekendes (en mense wat in dié taal gestudeer en gewerk het), het in die vorige eeu 'n enorme bydrae tot die land gelewer. Daar is bykans nie een terrein waar die bydraes gering was nie, maar sonder die bydraes in die besonder van Hendrik van der Bijl, Anton Rupert, Elize Botha, Merwe Scholtz, Herman Giliomee, die Stokers en Wally Grant, om maar net enkeles te noem, sou Suid-Afrika oneindig armer gewees het. Té gou word ook vergeet dat meentaligheid oënskynlik duur is, maar dat mensepotensiaal wat deur eentaligheid verlore gaan, 'n veel groter prys impliseer.

Prof. Andreas van Wyk het gelyk gehad deur die gevare verbonde aan parallelmedium-onderrig uit te wys (Van Wyk 2001:4).⁴ Dit is ook so dat dit maklik aanleiding kan gee tot twee verskillende universiteite op dieselfde kampus. Die aanklag van ghettovorming op die UV-kampus is al herhaaldelik gehoor. Ook die HEQC-verslag van 2006 beskuldig byvoorbeeld die UV van skeiding in koshuise en lesinglokale.

Prof. Van Wyk se destydse voorkeur vir dubbeltaligheid (bo parallelmedium) is egter onbegryplik omdat dit totaal onprakties is waar dosente en studente nie albei tale kan gebruik nie (en dit is bykans orals in Suid-Afrika die geval). Wat in die praktyk gebeur, is dat daar oorgeslaan word in die taal wat deur almal begryp word. Dit sal nooit Afrikaans wees nie. Parallelmediumonderrig, onderhewig aan streng bepalings, is na my gevoel beter as dubbeldmediumonderrig in dieselfde klaslokaal (soos skynbaar by Stellenbosch gebeur het), al geskied dit selektief wat betrek 'n seleksie van vakke of kursusinhoude. Dié sisteem bied ook 'n maklike oorgang na eentalige onderrig, soos inderdaad aan die voormalige Universiteit van Port Elizabeth gebeur het.

12. DIE STATUS QUO WAT AFRIKAANSE UNIVERSITEITE BETREF

In die lig van bestaande opmerkinge is dit duidelik dat *eksklusiewe Afrikaanse universiteite* na 1990 nooit 'n haalbare opsie was nie. Selfs as gedink word aan 'n virtuele of tegnologiese universiteit, sal eksklusiviteit ten opsigte van taal nie oorweeg kan word nie. Daarvoor was die impak van globalisering te groot en universiteite wat hul studente nie kan oplei om internasionaal te kompeteer nie, raak irrelevant. Handboeke in bepaalde dissiplines (soos Fisika) kan slegs in Engels voorgeskryf word omdat nuwes om die ses maande verskyn en dit nie op so 'n kort termyn in Afrikaans bygewerk kan word nie. Dit sal dus nooit vir 'n Afrikaanssprekende student moontlik wees om (soos in die geval van sy Engelssprekende medelandsburgers) sy opleiding in een taal te ontvang nie.

Giliomee (2001:29) wys al in 2001 daarop dat die Universiteit van Pretoria in sy voorleggings met die oog op die National Plan for Higher Education geen verbintenis ten opsigte van Afrikaans of parallelmediumonderrig aangedui het nie. Uitlatings van die rektor van UP aan dr. Saleem Badat het daarop gewys dat hulle die oorgang na "one predominant formal academic language" gretig awag. Voeg daarby dat die UP ook "al universiteit [is] wat nie 'n respons op die Alexander-komitee se vraeboog oor veetaligheid ingestuur het nie" (Ibid.: 30), dan dui alles daarop dat daar toe reeds 'n keuse ten gunste van Engels gemaak is.

⁴ Herman Giliomee laat hom in *Die Volksblad* (20/3/01) nog sterker hieroor uit en hy noem tweetalige onderwys slegs 'n oorgangsfase "wat in die langer termyn die kleiner taal assimileer en as medium van onderrig uitwis" p.12).

In ons besluitneming vorentoe oor 'n gesamentlike strategie vanuit die Afrikaanse gemeenskap sal ons deurgaans een feit moet beklemtoon: universitaire outonomie is nooit absoluut nie. Dit is nie net die prerogatief van die regering van die dag om hierdie outonomie te bepaal nie; ook daardie kultuurgemeenskap wat primêr deur 'n universiteit bedien word (of bedien is), het inspraak in die besluitneming van sodanige instelling. Die ondersteuning, energie én geld wat oor jare deur Afrikaanssprekendes gegee is aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite, gee hul 'n morele reg om (uiteraard op ingeligte en konstruktiewe wyse) saam te besluit oor die toekoms van hierdie instellings. Helaas staan hierdie aansprake teenoor dié van 'n meerderheid wat hulle eie regte opeis.

Die vraag moet dus liefs anders gesiformuleer word: kan Afrikaanse onderrig nog behou word in die tersi re onderwyssektor, en veral dan aan universiteite?

Ek is onder andere by die Jaarvergadering van die SA Akademie in 2015 verkwalik dat ek in 'n artikel oor die UV (Van Coller 2015) gesê het dat die "doodsklok vir Afrikaans lankal gelui het" by di  universiteit. Jammer genoeg het my voorspelling gou waar geword. Op 'n vergadering van die UV-raad op 4 Desember 2015 is die volgende besluite geneem (hoe vaag en selfs ondeurdag sommige daarvan is), naamlik dat:

- Engels die prim re medium van onderrig word in voorgraadse én nagraadse studie;
- die UV 'n taalryke omgewing skep en bevorder wat tot veeltaligheid verbind is, met aandag veral aan Afrikaans, Sesotho, isiZulu en ander tale wat op die drie kampusse verteenwoordig word;
- 'n uitgebreide tutorialsisteem beskikbaar sal wees veral vir Afrikaans, Sesotho, isiZulu en ander tale om die oorgang na onderrig in Engels te vergemaklik;
- In spesifieke professionele programme, soos in Opvoedkunde en Landbouwetenskappe, die parallelmediumonderrig voortgesit sal word in die lig van die duidelike Afrikaanse markte wat steeds sodanige taalspesifieke onderrig tans noodsaak;
- die administratiewe taal Engels sal wees; en
- die Engelsmediumtaalbeleid met buigsaamheid in werking gestel moet word, eerder as op 'n onbuigsame wyse, sonder inagneming van omstandighede.

Oor die UV-Talekomitee se verslag het ek reeds heelwat geskryf (Van Coller 2016; Van Coller 2016b) en daarop gewys dat dit teen die gees van die grondwet ingaan. Die wyse van redenering, die ideologiese vertrekpunte en die argumente kom voor by elke ander debat oor Afrikaans by SA universiteite en kan daarom as gevallenstudie hanteer word: dit is byvoorbeeld duidelik dat die uitgangspunt van die komitee was dat Afrikaans nie as 'n neutrale taal beskou kan word nie, maar slegs binne die historiese verband van sy sogenaamde "rassistiese" verlede. Beoordeel aan die twee belangrikste rigtinggewende beginsels van die UV, di  van *inklusiwiteit* en *multitaligheid*, is Afrikaans 'n hindernis. Dit verdeel studente rasgewys in lesinglokaal, sluit hulle uit en wek die gevoel dat Afrikaanse studente bevoordeel word. Omdat swart studente in hulle tweede of derde taal onderrig ontvang, behoort Afrikaanse studente dit ook te doen. Binne 'n paradigma van skuld lyk "equal misery" die gewete te self sonder dat die situasie van Engelse studente ooit aandag ontvang. Verder word gewag gemaak van demografiese verskuiwings wat Afrikaanse studente 'n klein minderheid maak (kwalik 25% aan die UV); selfs Afrikaanse studente verkies dikwels Engels vanwe  die eise van 'n globale w rel; en ten slotte is parallelmediumonderrig baie duur.

Die aanbevelings van die Talekomitee probeer 'n versoening te weeg bring tussen 'n voorkeur vir Engels en meertaligheid; soms op 'n besonder gevoelloose wyse: Afrikaans mag

wel nog gebruik word waar daar 'n groot aanvraag is (dán verval prinsipiële argumente) en ook om die oorgang na Engels te vergemaklik. Soms is van die aanbevelings ook gewoon vaag, pretensieus en selfs absurd. Daar moet byvoorbeeld kwansuis ondersteuning gebied word aan Afrikaanse akademiese tydskrifte. Terselfdertyd word akademiese onderrig in Afrikaans nekomgedraai. Waar gaan die persone vandaan kom wat nog in Afrikaans 'n akademiese diskouers kan voer?

As gekyk word na die Taalbeleide van Stellenbosch, Pretoria en Noordwes, blyk dat papier geduldig is: almal bely 'n verbintenis tot meertaligheid; daar word in Afrikaans en Engels onderrig – *de jure* kan daarmee min fout gevind word. *De facto* lyk dit anders: nagraadse opleiding geskied orals bykans net in Engels; selfs in voorgraadse lesings word dikwels net van Engels gebruik gemaak en hang Afrikaans in der waarheid aan 'n draadjie. By Stellenbosch word daar tans ten spyte van 'n US-raadsbesluit dat die taalaanbod "onveranderd sal bly" en dat steeds in Afrikaans en Engels gedoseer sal word, voortgegaan met verengeling. Twee fakulteite (Ingenieurswese en Regte) het reeds besluit om klasse hoofsaaklik in Engels aan te bied. Op grond hiervan het Afriforum regstappe geneem om die besluite ter syde te stel en is in hulle voordeel beslis. Desondanks geniet Afrikaans nie meer dieselfde status as Engels nie, volgens die jongste raadsbesluit. By die UV is reeds besluit dat Engels die onderrigtaal sal word en UP én die NWU se taalbeleide word skynbaar in die nabye toekoms hersien. Dalk is dit die beste gesteld met Afrikaans by NWU, omdat parallelmediumonderrig tans net ingestel word op die Potchefstroomkampus by die vakke met groot getalle studente. Dit sal egter seer seker eskaleer, en parallelmediumonderrig lei uiteindelik onafwendbaar tot eentalige onderrig, veral weens die toestroming van swart studente. Dit is alles die gevolg van 'n bestuursmodel wat bestempel word as ondeurdag, maar vir my lyk na 'n berekende strategie om die Potchefstroomkampus as Afrikaanse bastion te vernietig.

13. TEN BESLUITE

Uiteraard is dit noodsaaklik om te probeer om te red wat te redde is, want die hendsoppers en joiners sal ons altyd by ons hê: gretig om ter wille van versoening (en ter salwing van die gewete) Afrikaans prys te gee. Slaan maar enige Afrikaanse dagblad oop, en selfs Afrikaanse akademici en meningsvormers se pleidooie vir die slegs-Engelse opsie by die Universiteit van Stellenbosch vang jou oog. Wanneer prominente taalfigure (soos by die US) ook al verengeling gelate aanvaar, is die skrif aan die muur en sal alternatiewe maniere gevind moet word om Afrikaans se hoër funksies te red. Die onderhandeling vir die instel van kernprogramme in Afrikaans per fakulteit of studierigting by universiteite is 'n haalbare oplossing; so ook is standhoudende tutoriaalgeleenthede. Die skep van *Afrikaanse akademiese diskouersruimtes* is verder van die grootste belang: in tydskrifte, seminare, kongresse; selfs op eentalig-Engelse kampusse. Die inisiatiewe van die N.P. van Wyk Louw-sentrum met hul *standpunte*-aksie is 'n sprekende voorbeeld. (Kyk ook na die voorstelle van Elof (2015), Buys (2015) en Grové (2015) by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.)

Maar pragmatiese oplossings alleen kan nie oorlewing waarborg nie. Indien die Afrikaanse universiteit wil oorleef, moet dit terugkeer na die ideale van die ware universiteit as instelling waar uitnemendheid ononderhandelbaar is – op die gebied van aanstellings, navorsing, maar óók wat onderrig betref. Die grootste diens aan die gemeenskap lê in die deurgee van goed opgeleide volwaardige mense én die kultivering van 'n bepaalde denkklimaat. Kreatiewe skepsis word gesien as die heil van die universiteit as instelling. In Bybelse terme: "onderzoek alle dingen en streef naar het behoud van het goede en het ware" (Schuyt 2014:129). En "moed"

– om jou te verset teen die owerheid, drakoniese wetgewing, oppervlakkigheid, middelmatigheid en veral 'n heersende tydsgees – behoort die ideaal vir enige selfrespekterende universiteit te wees (kyk ook: Torfs 2014:245 e.v.).

Vir baie mense is Akademia die redding vir Afrikaans as universiteitstaal. Ja, mits staatsinmenging (o.a. deur wetgewing) minimaal is, die eise van globalisering en internasionalisering sinvol hanteer kan word, akkreditering moeiteloos geskied, uitnemendheid (wat die personeel op alle vlakke betref) die rigsnoer is en bly en elke persoon *op watter vlak ook al* net so goed (of liefs beter) is as die mense op dieselfde vlak elders in die Suid-Afrikaanse akademiese wêreld, én daar 'n gesonde skepsis gekweek word en moed sentraal staan. Les bes: indien daar genoeg geld gevind kan word om vinnige uitbreiding tot 'n omvattende universiteit moontlik te maak en dit in stand te hou.

BIBLIOGRAFIE

- Ahluwalia, P. & Zegeye, A. 2001. Frantz Fanon and Steve Biko: Towards Liberalization. *Social Identities. Journal for the study of Race, Nation and Culture* 7(3): 455-469.
- Botha, R. 2015. Engels is nie voertaal in Nederland. *Rapport*, 28 November 2015: 33.
- Buijs, G. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Nieuwe en oude schatten te voorschijn brengen*. Amsterdam: Boom, pp. 227-244.
- Buyss, F. 2015. Universiteite en Afrikaans. Ongepubliseerde bydrae by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2 Oktober 2015.
- Dickinson, D. 2016. Report back from council: Events of 'Fees must Fall'. Terugvoering as die senaatsverteenvoerdiger op die Raad van die Universiteit van die Witwatersrand.
- Dijstelbloem, H., Huysman, F., Miedma, F. & Mijnhardt, W. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Waarom de wetenschap niet werkt zoals het moet, en wat daaraan te doen is*. Amsterdam: Boom, pp.11-124.
- Dittrich, K. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Van ivorentoren naar glazen huis*, Amsterdam: Boom, pp.151-162.
- Eloff, T. 2015. Universiteite en Afrikaans. Ongepubliseerde bydrae by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2 Oktober 2015.
- Giliomee, H. 2001. Die taal-en kulturele uitdagings van die historiese Afrikaanse Universiteite in Suid-Afrika. Twintigste D.F. Malherbe-gedenklesing, 19 April 2001. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Goosen, D. 2000. Die postmoderne universiteit: Enkele spekulatiewe notas. *Fragmente: Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek*. 5:21-30.
- Grové, N. 2015. Universiteite en Afrikaans. Ongepubliseerde bydrae by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2 Oktober 2015.
- Habib, A. 2016. An open letter to colleagues critical of campus safety and security arrangements, 17 Januarie 2016.<http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-01-18-adam-habib-an-open-letter-to-colleagues-critical-of-campus-safety-and-security-arrangements/#.V8Q3cjXYvGI> [29 Augustus 2016].
- Ijsseling, S. 2000. Filosofie, politiek en universiteit. *Fragmente: Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek*. 5:11-19.
- Le Roux, P. 2016. "Vry van die staat". *Beeld*, 26 Januarie 2016, 17.
- Nussbaum, M. 2010. *Not for profit. Why democracy needs the Humanities*. Princeton: Princeton University Press.
- Pleij, H. 2007. *Het gevleugelde woord. Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1400-1560*. Amsterdam: Bakker.
- Rossouw, H. 2000. Die toekoms van die universiteit. *Fragmente: Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek*. 5:56-76.
- Salverda, R. 2001. De lokroep van het Engels: Taalbeleid op z'n Nederlands. *Ons Erfdeel*, 44(1):3-10.

- Scheurleer, T. & Posthumus Meijes, G.H.M. 1975. *Leiden University in the Seventeenth Century. An exchange of learning*. Leiden: Leiden Universitaire Pers & Brill.
- Sent, E. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Amerikaanse toestanden op Nederlandse universiteiten?* Amsterdam: Boom, pp.95-103.
- Schuyt, K. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *De universiteit als verzamelplaats van creatieve sceptis*. Amsterdam: Boom, pp.125-140.
- The Right of Minorities. A Declaration of Liberal Democratic Principles concerning Ethnocultural and National Minorities and Indigenous Peoples*. Liberales Institut der Friedrich-Naumann-Stiftung.
- Torfs, R. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Moed als universitair ideaal*. Amsterdam: Boom, pp. 245-256.
- Van Bommel, B. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *De teloorgaan van algemene menselijke vorming*. Amsterdam: Boom, pp. 171-186.
- Van Coller, H.P. 2003. Die medium van onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite: die geval van Afrikaans. *Koers*, 68(1): 87-105.
- Van Coller, H.P. 2015. "Doodsklok vir Afrikaans lui by UV". *Volksblad*, 15 Mei 2015: 9.
- Van Coller, H.P. 2016a. "Foute in UV se hersiene Taalbeleid". *Volksblad*, 29 Januarie 2016: 7
- Van Coller, H.P. 2016b. "Taalbeleid: 'n Objektiewe proses?". *Maroela Media*. 2 Februarie 2016. [http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/taalbeleid-n-objektiewe-proses/\[29 Augustus 2016\]](http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/taalbeleid-n-objektiewe-proses/[29%20Augustus%202016]).
- Van de Ven, T. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *Waar is de Bildung?* Amsterdam: Boom, pp. 23-34.
- Van Oostrom, F. 2013. *Wereld in woorden. Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1300-1400*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Van Wyk, A. 2001. Afrikaans in ons hoër onderwys in die jaar 2001. Gesprek by KKNK, 9 April 2001.
- Verbrugge, A. 2014. In Verbrugge & Van Baardewijk (reds.) *De universiteit en de hoogste zorg voor kennis*. Amsterdam: Boom, pp. 207-226.
- Verbrugge, A. & Van Baardewijk, J. (eds.). 2014. *Waartoe is de universiteit op aarde?* Amsterdam: Boom.
- Verbrugge, A. "Nederlands in de hoger onderwijs". N.P. van Wyk Louw-sentrum. <http://www.standpunten.co.za/nederlands-in-het-hoger-onderwijs-en-geen-globish/> [18 April 2016].

Eerste taal as onderrigmedium in hoër onderwys: 'n Internasionale perspektief

First Language as medium of instruction in higher education: An international perspective

JOHANNES L VAN DER WALT

EduHRight Navorsingseenheid
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
E-pos: Hannesv290@gmail.com



Hannes van der Walt

Charl Wolhuter

CHARL C WOLHUTER

Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za

HANNES VAN DER WALT, emeritus professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisavorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan die NWU. Hy dien tans ook as buitengewone professor in opvoedkunde aan die Mafikengkampus van dieselfde universiteit.

HANNES VAN DER WALT, Emeritus Professor of Education and Dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University (NWU) and also involved in capacity building programmes at that university. He is also an extraordinary Professor of Education at the Mafikeng Campus of the same university.

CHARL WOLHUTER het aan die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zululand. Tans is hy Professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Hy was besoekende professor aan Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika, die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; en die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië.

CHARL WOLHUTER has studied at the University of Johannesburg, the University of Pretoria, the University of South Africa, and the University of Stellenbosch. His doctorate was awarded in Comparative Education at the University of Stellenbosch. He is a former Junior Lecturer in the Department History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria , and a former Senior Lecturer in the Department of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently he is Comparative and International Education Professor at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He is the author of several articles in the fields of History of Education and Comparative and International Education. He has been visiting professor at Brock University, Ontario, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; University of Crete, Greece; University of Queensland, Australia; and the University of Modena and Reggio Emilia, Italy.

ABSTRACT

First Language as Medium of Instruction in Higher Education: An International Perspective
The purpose of this article is to illuminate the issue of home language as a language of learning and teaching (LOLT) at university level in South Africa, in view of international historical and comparative perspectives.

According to widely accepted hypotheses, formal educational institutions evolved because of political and economic considerations. Although such views are reductionistic in that they do not paint the full picture, they contain a modicum of truth and provide some insight into the issue of LOLT in educational settings. Central governments have always showed a tendency to use education as an instrument for legitimising their own existence and for maintaining the integrity of the state (in the 18th century, for example). Very few minority languages have so far succeeded in acquiring LOLT status with the approval and support of national governments, despite rhetoric about the importance of multiculturalism and adherence to human rights manifesto's. French in Canada (both within and outside of Quebec) and Afrikaans in South Africa are being considered as exceptions to this rule.

English has become the language of government in South Africa due to historical circumstances. This, combined with its status as a powerful international linguistic vehicle in a globalised world economy, makes it a factor to be reckoned with by the users of minority languages in South Africa, such as Afrikaans. The possibility of relinquishing the status of Afrikaans as LOLT at South African universities should be carefully weighed against the negative outcomes that such a move might bring about: loss of learning quality and achievement among Afrikaans-speaking students and the possibility that a dysfunctional school system (especially the inadequate command of English of many school teachers and the fact that subjects at secondary school level are often taught not in English but by means of code switching) will in any case place severe restraints on any equalisation effort regarding the employment of English as an exclusive LOLT at South African universities. Other disadvantages of such a step might be the creation of even more social inequalities, deleterious effects on the Afrikaans-speaking community, the removal of Afrikaans in the few places where it is still being used, and the possible extinction of the language within two or three generations.

This article embodies a plea not only for the retention of Afrikaans as an LOLT at university level but also for the inclusion of all the other indigenous minority languages in South Africa. The loss of any language leads to a loss of cognitive possibilities, creativity and innovation – something which can hardly be afforded in times of a growing knowledge economy (that is, an economy in which the production and application of new knowledge have become the main driving forces). The loss of a language will be detrimental to opportunities of its speakers in the labour market.

The article culminates in the recommendation that Afrikaans should be retained as an LOLT at universities, though alongside English as a second language with lingua franca status. The teaching and learning of English as a second language should be of the highest quality to ensure that it serves as an effective LOLT for students (learners at all levels). The chances of attaining this ideal through negotiation with government and the Department of Higher Education – although it has remained part of an over-all strategy on the part of the speakers of minority languages – seem to be slim. A more viable strategy might be the mobilisation of the Afrikaans segment of the broad South African civil society in favour of the retention of Afrikaans as an LOLT at universities. In doing so, the Afrikaans-speaking community will have to reckon with the recent vocal and even violent opposition of many students to the retention of Afrikaans as a university LOLT. A strategy will have to be developed

to stabilise university campuses and to protect Afrikaans from opportunistic attacks such as those being televised on campuses on a daily basis.

KEY WORDS: Afrikaans, higher education, international comparative perspectives, language of learning and teaching (LOLT), medium of instruction and learning, multicultural education, university

TREFWOORDE: Afrikaans, hoër onderwys, internasionaal-vergelykende perspektiewe, multikulturele onderwys, onderwys, taal van onderrig en leer, universiteit

OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om die vraagstuk van die eerste taal as medium van onderrig op universiteitsvlak in Suid-Afrika te belig deur middel van internasionale historiese en vergelykende perspektiewe. Min minderheidstale kon tot dusver daarin slaag om te vorder tot op die vlak van medium van universiteitsonderrig. Hierdie toedrag van sake hou verband met die politieke funksie van formele onderwysinstellings. In Suid-Afrika word die handhawing en uitbouing van Afrikaans as medium van universiteitsonderwys nog verder bemoeilik deur die waarde van Engels in die nasionale en internationale arbeidsmark, en deur die huidige posisie van Engels as lingua franca van die internasionale akademiese wêreld. Beoordeel vanuit die internasionale ondervinding, sal die verlies aan Afrikaans as medium van universiteitsonderwys egter 'n hele reeks nadelige gevolge vir die Afrikaanssprekende gemeenskap en selfs wyer as net die Afrikaanssprekende gemeenskap hê. Die artikel sluit af met 'n identifisering vanuit die internasionale ondervinding van riglyne vir die wyse waarop die Afrikaanssprekende gemeenskap hom kan beywer vir die behoud van Afrikaans as taal van universiteitsonderwys; dog sonder prysgawe van die voordele wat Engels bied as medium van universiteitsonderwys.

1. INLEIDING

Die vraagstuk van die taalmedium aan onderwysinstellings in Suid-Afrika is tans 'n onderwys- en politieke brandpunt; 'n situasie wat gepaardgaan met intense emosies en selfs geweld. Dit is 'n toedrag van sake wat so ver terugstrek as die 1976-Soweto-onluste. Waar die onderrigmedium aan primêre en sekondêre skole die aanvanklike twispunt was, het die omstredenheid van onderwys-/onderrigmedium onlangs ook na die universiteitsektor versprei. Die status van Afrikaans as onderrig- en leertaal was onder meer die brandpunt van onluste wat wydverspreid aan die einde van 2015 uitgebreek het op Suid-Afrikaanse kampusse. Terwyl die uitbraak van hierdie onrus op kampusse aan veel meer as net die taalkwessie toegeskryf kan word, het slegs die skade aan fisiese infrastruktuur ten minste R150 miljoen beloop (Tandwa 2016). Die onluste het voorts onberekenbare skade berokken aan die beeld van universiteite as flora van leer en navorsing in 'n atmosfeer van vryheid en afwesigheid van vrees. Skade is ook ten opsigte van politieke en ekonomiese stabiliteit en rasieverhoudinge en -verdraagsamheid aangerig.

Die doel van hierdie artikel is om die vraagstuk van die eerste taal as medium van onderrig en leer op universiteitsvlak in Suid-Afrika te belig deur middel van internasionale historiese en vergelykende perspektiewe. Met die term *eerste taal* word bedoel die taal wat 'n persoon eerste aanleer in sy/haar lewensloop, en wat derhalwe deurslaggewend is in die betrokke persoon

se verwerwing van 'n sosiolinguistiese identiteit. Die artikel begin met 'n metodologiese verduideliking en verantwoording van die historiese en vergelykende metodes in die opvoedkunde en in onderwysaangeleenthede: wat hierdie metodes behels en die waarde daarvan in die beoordeling en hantering van onderwysvraagstukke. Die historiese evolusie van universiteite wêreldwyd, met besondere klem op die vraagstuk van medium van onderrig, word daarna aan die orde gestel. Die drie hoofkomponente van die vergelykende internasionale perspektief word dan om die beurt bespreek, naamlik die vormgewende samelewingskragte van onderwys (demografie, sosiokulturele situasie, ekonomie, politiek, regsongewing, taallandskap); die onderwysstelsel (doelstellings, infrastruktuur, kwaliteit van onderwys) en die uitkoms van onderwys. Hierdie ontleding loop aan die einde van die artikel uit op 'n aanbevole toekomstrategie met betrekking tot die behoud en bestendiging van Afrikaans as onderrig- en leertaal aan universiteite.

2. METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Die internasionale perspektief op die vraagstuk van die onderrigmedium aan universiteite wat hierna aangebied word, val uiteen in twee ineengeskakelde dele, te wete 'n internasional historiese perspektief en 'n internasional vergelykende perspektief. Die rekonstruksie van die verlede en die vertolking daarvan in die konteks van die hede ten einde toekomsmoontlikhede te identifiseer en te skilder, is 'n erkende benadering tot onderwysvraagstukke (*cf.* Gutek 2006:7). 'n Historiese perspektief lei tot begrip van die huidige onderwysopset, wat 'n gekristalliseerde situasie is – die uitkoms van kragte wat oor 'n lang tydperk werksaam was (Le Roux & Wassermann 2016:6). Verder belig dit die verlede van bepaalde onderwyspraktyke (*Ibid.*:7), wat kan lei tot die uitskakeling van moontlike toekomstige duur foute. Laastens sluit dit ook die oorsprong, bydraende faktore en volle implikasies van vraagstukke en hanteringswyses in van response op die gestelde uitdagings in die onderwys(stelsel) (*cf.* Apple 2013:48). Suid-Afrikaanse universiteite bevind hulle, soos alle ander universiteite, in 'n maatskaplike konteks waar die ervaring van 'n millenniumlange geskiedenis oor universiteitskontekssamehangen van waarde is.

Die vergelykende opvoedkunde behels 'n drieledige perspektief op opvoeding en onderwys, te wete 'n *onderwysstelselperspektief*, 'n *kontekstuele perspektief* en 'n *vergelykende perspektief* (Bray et al. 2014:26). Die vergelykende opvoedkunde fokus in die eerste instansie op die onderwysstelsel (eerder as op die individuele opvoeder wat 'n opvoedeling opvoed). Die kontekstuele perspektief behels in sigself 'n tweerigtingperspektief: onderwysstelsels word beskou as die uitkoms van kontekstuele kragte (soos die ekonomiese, sosiale sisteem, politiek, demografie); andersyds word die uitwerking van onderwys op die samelewing (byvoorbeeld op ekonomiese groei of op die bestryding van werkloosheid) bestudeer. In die vergelykende perspektief word verskillende onderwysstelsels in hulle maatskaplike kontekste vergelyk ten einde 'n beter begrip te verkry van die interverwantskap tussen die onderwysstelselkonteks en die maatskaplike konteks.

Die internasional-vergelykende metode is 'n aanvaarde en wyd gebruikte metode vir die ondersoek van openbare beleidsvraagstukke, ook op onderwysgebied (Crossley 2014). Daarmee kan verskillende lande uit mekaar se ondervinding op onderwysgebied leer (Kaur 2010:1). Dié metode word selfs in die Suid-Afrikaanse Grondwet erken: Artikel 31 (1) (c) van die Grondwet bepaal dat Howe buitelandse reg en hofuitsprake in ag mag neem by die vertolking van die Handves van Menseregte (Republiek van Suid-Afrika 1996).

3. INTERNASIONAAL HISTORIESE PERSPEKTIEF

In hierdie afdeling word 'n rekonstruksie aangebied van die historiese evolusie van formele onderwysinstellings en daarna van universiteite as sodanig. In beide gevalle val die klem op die wyse waarop die kwessie van die medium van onderrig in die verlede hanteer is.

3.1 Die eerste skole

Volgens die beste beskikbare getuienis het skole vir die eerste keer in Mesopotamië en Egipte ontstaan, teen ongeveer 3000VC, kort na die uitvinding van die skryfkuns vir die opleiding van skribas (Bowen 1982:8). Min navorsers het tot dusver probeer om die ontstaan van skole te verklaar, maar volgens impakstatistiek is die twee verklarings wat die meeste aanhang geniet dié van Yehudi Cohen (1970) en meer onlangs dié van Peter Gray (2013). Volgens Cohen (1970) het skole die eerste keer ontstaan in "beskawingstate" (Cohen se term) – dit is state wat gevorm is deur die samevoeging van kleiner politieke entiteite. In state soos Mesopotamië, antieke Egipte, China en antieke Athene moes 'n elite en 'n gepaardgaande burokrasie opgelei word om die staat in stand te hou. In sulke elitegroepe moes lojaliteit aan kleiner politieke, geografiese en sosiale eenhede onderdruk word en vervang word met 'n lojaliteit aan die nuwe oorkoepelende staat. Skole is vir hierdie doel geskep.

Waar Cohen (1970) 'n politieke motief vir die ontstaan van skole identifiseer, verskaf Gray (2013) 'n ekonomiese rasional daarvoor. Volgens hom het die eeu na die landbourevolusie vir 'n nuwe soort persoon gevra. In 'n jag- en versameleconomie kon 'n enkeling onafhanklik en op sy eie tyd jag en versamel. 'n Landbou-ekonomie verg egter 'n gedissiplineerde werker, en skole is in die lewe geroep ten einde die eie wil en vryheidsinstink te onderdruk en te vervang met 'n gedweë werker wat hom/haarself onderwerp aan die voorskrifte van die samelewings en sy magstrukture.

Hoewel nie een van dié skrywers regstreeks die vraagstuk van onderrigmedium aanraak nie, verg dit nie veel verbeelding om af te lei dat in Cohen en Gray se skemas onderskeidelik die taal van die politieke en ekonomiese heersersgroepe voorkeur ontvang het as die voor die hand liggende onderrigmedium in skole nie.

3.2 Europa

Die antieke Griekse het onder die invloed van die beskawings van die Midde-Ooste en Egipte gekom. Een uityloeisel daarvan was die ontstaan van skole in Athene. Die Griekse kultuur het op sy beurt die Romeinse kultuur beïnvloed. Die skool as instelling het oor die bestek van 'n millennium vanuit die Romeinse Ryk versprei na die res van Europa. Vir anderhalf millennium was die medium van onderwys op alle onderwysvlakke Latyn, omdat dit die taal was van die Rooms-Katolieke Kerk (en veral van die magstruktur in die samelewings bekend as die Heilige Romeinse Ryk) en omdat die inheemse tale van Europa nog nie ontwikkel het tot geskrewe tale nie. Dit was eers na die kerkhervorming – as gevolg van die hervormingsleiers se beginsel dat die lees en vertolking van die Bybel self die basis van geloof is, eerder as die gesag van die Pous – dat die inheemse tale van Europa ontwikkel het tot skryftale en media van onderwys (*cf.* Mortimer 2014:102-106).

Met die ontstaan en ontwikkeling van nasiestate in Europa is van hierdie inheemse tale verhef tot amptelike tale en dienooreenkomsdig bevoorreg en ontwikkel. Cohen (1970) verklaar die ontstaan van nasionale stelsels van staatsvoorsende primêre skole in Europa, waarvan die

bywoning in die negentiende eeu verpligtend was, op dieselfde manier as die ontstaan van skole in die antieke beskawingstate, naamlik dat die doel daarvan was om plaaslike en provinsiale lojaliteit te onderdruk ten einde 'n nasionale identiteit te skep.

Daar word nie altyd besef watter kunsmatige skeppinge selfs die Europese nasiestate is nie. Met die unifikasie van Italië in 1861 is Florence-Toskaans (standaard-Italiaans) tot amptelike taal verhef, hoewel slegs 2.5 persent van die land se bevolking hierdie taal gepraat het en hoogstens sowat 10 persent van die bevolking dit kon verstaan (Gilmour 2011:33). Selfs Cavour, wat allerwee beskou word as die vader van Italiaanse nasionalisme en die verpersoonliking van die unifikasie van Italië, en die eerste Eerste Minister van die verenigde Italië, kon nie standaard-Italiaans praat nie (Gilmour 2011:33) (sy eerste taal was Turyns-Piedmontees, en sy taal vir amptelike politieke gesprekvoering in die Italiaanse parlement en elders was Frans). So uiteenlopend was die streekstale van Italië dat toe die afgevaardigdes van die twee suidelikste provinsies, Napels en Sicilië, in 1861 vir die eerste parlementsitting (indertyd in Turyn) van die verenigde Italië aangekom het en hulle Napolitaans en Siciliaans met mekaar gepraat het, het Cavour gedink hulle praat Arabies (Gilmour 2011:33). Dit was eers Depretis (Minister van Onderwys) se Onderwyswet van 1876 wat die Italiaanse Nasionale Onderwys met verpligte primêre skoolbywoning in die lewe geroep het. Veral tydens die Eerste Wêreldoorlog, toe konksripsiesoldate uit verskillende streke in Italië in loopgrawe saamgegooi is, is Italianers ter wille van oorlewing gedwing om 'n gemeenskaplike taal te praat. Op hierdie wyse het standaard-Italiaans na die hele Italië uitgebrei.

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het Westerse lande die beleid van multikulturele onderwys begin aanvaar (*cf.* Sakellario 2014:127-131). Hierdie beleid het voorstiening gemaak vir die positiewe erkenning van kulturele diversiteit. Daarmee is weg beweeg van die beleid wat tot op daardie stadium al vir eeue gegeld het, naamlik dat skole slegs die nasionale, dominante kultuur moes bevorder. Die nuwe oogmerk om alle kulture te erken en te akkommodeer, het daartoe geleid dat diverse kulture in skoollkurrikula weerspieël word (ten minste wat betref beleidintensie) maar het tot dusver nog nie geleid tot die wydverspreide vordering van tale – anders as die amptelike tale – tot media van onderrig nie (vgl. bv. Igbo 2009).

3.3 Die verspreiding van die Europese skool na die res van die wêreld

Die Europese skoolkonsep het sedert die sestiente eeu na die res van die wêreld begin versprei. Selfs in die enkele plekke in die wêreld waar skole wel bestaan het voor die aanvang van kontak met Europa, soos in China en Japan, het daardie skole gaandeweg sodanig onder Westerse invloed gekom dat hulle vandag min van die eienskappe toon van skole voor die tydperk van Westerse kontak. In Noord-Amerika het Engels (en in Kanada ook Frans) en in Suid-Amerika het Spaans (en in Brasilië ook Portugees) die medium van onderwys geword en gebly, met die gevolg dat die inheemse tale nie teen die koloniale meesters se tale kon vorder nie. Noord-Amerika het 'n beleid van multikulturalisme aanvaar en 'n land soos Kanada word byvoorbeeld wêreldwyd geloof as 'n voorbeeld van multikulturele onderwys. Selfs hier word nie die inheemse tale en ook nie die tale van die menige immigrante van ander taalgroepe wat jaarliks na Noord-Amerika stroom, verhef tot medium van onderwys nie (*cf.* Haldane 2012; Duffy 2003).

In Asië is die patroon dat die nasionale taal die medium van onderrig is in lande waar dié taal deur die meerderheid van die bevolking as eerste taal gepraat word; en ander tale word nie toegelaat om te ontwikkel tot onderwysmedia nie. Selfs in 'n land soos Maleisië, waar

Maleisies deur net meer as 60 persent van die bevolking as eerste taal gepraat word, en waar daar beduidende en finansieel sterk Mandaryns- en Tamiltaalminderhede bestaan, is die Tamilmediumskole en die Mandarynsmedium- sekondêre skole na onafhanklikheid uitgefaseer (*cf.* Loo 2009).

In die Arabiese state het die lang literêre geskiedenis van Arabies asook die transnasionale geografiese verbreiding en die status van dié taal in die konteks van die religie-ideologie veroorsaak dat Arabies kort na onafhanklikheid die koloniale tale as onderwysmedium vervang het, al woon daar groot getalle nie-Arabiese eerstetaalsprekers in elkeen van hierdie lande. In Sub-Sahara-Afrika het verskeie faktore daartoe geleid dat die tale van die voormalige koloniale meesters die media van onderrig gebly het; byvoorbeeld die gebrek aan 'n geskrewe tradisie, en die feit dat dié lande verkies het om met hulle beperkte hulpbronne 'n reglynige uitbreiding van die geërfde koloniale onderwysmodel te volg eerder as 'n beleid van hervorming en verinheemsing van onderwys. Voorts was die doel van onderwys (naas ekonomiese groei en modernisering) die smee van nasionale eenheid; daar was besorgdheid dat te veel klem op taal- en etniese verskille middelpuntvliedende kragte sou loslaat wat die lande uitmekaar sou skeur; en die koloniale tale het ekonomiese mag gehad as wêrldtale: al hierdie faktore het veroorsaak dat Engels, Frans en Portugees na onafhanklikheid behou is as onderwysmedia (*cf.* Brock-Utne 2010).

3.4 Die eerste universiteite

Die antwoord op die vraag waar die eerste of oudste universiteit in die wêrld was, is nie eenvoudig nie. Historici wat vanuit 'n Westerse of Eurosentrise perspektief skryf, ken die eer gewoonlik toe aan die Universiteit van Parys, en gee die stigtingsdatum daarvan aan as 1080. Aan die ander kant beskou baie Afrika- of Islamhistorici die Universiteit van Karouine in Fez in Marokko, gestig in 859, as die oudste bestaande universiteit. Welke van hierdie universiteite as die oudste beskou word, hang af van hoe die begrip *universiteit* gedefinieer word. 'n Universiteit word vir doeleindes van hierdie artikel gesien as 'n outonome instelling vir die bevordering van verskeie vertakkings van kennis (deur middel van onderrig en navorsing) op die gevorderdste vlak, in 'n atmosfeer van vrye ondersoek, en verder as 'n hoëronderwysinstansie wat 'n duidelike Europese oorsprongstempel dra. In die lig van hierdie definisie kan die Universiteit van Parys as die eerste universiteit beskou word.

3.5 Die Middeleeuse universiteit

Die medium van onderrig aan 'n Middeleeuse universiteit soos Parys was Latyn. Die bevoorregte status van Latyn as eksklusiewe onderrigmedium kan aan ten minste drie faktore toegeskryf word, te wete die plek van Latyn in die magstrukture (Rooms-Katolieke Kerk en Heilige Romeinse Ryk); die feit dat die spreektale van Europa nog nie tot skryftale ontwikkel was nie; en die feit dat Latyn die onderrigmedium aan sekondêre skole was, terwyl skole van regoor Europa as voerband gedien het van studente na die universiteit toe. Een van die kenmerke van die Middeleeuse universiteit wat dit onderskei het van die ander onderwysinstellings (soos katedraal- en kloosterskole) – naas die outonomie en die gevorderde vlak van onderwys – was dat studente afkomstig was van oral oor Europa en nie net uit die plaaslike omgewing nie (Duggan 1916). Dit het die keuse op Latyn, die destydse lingua franca in Europa, laat val as medium van onderrig aan universiteite. Latyn was 'n sterk instrument in die afdwing van dieoorheersing van die maghebbers in Middeleeuse Europa. Die handhawing van Latyn as

eksklusieve literêr-wetenskaplike-intellektuele taal het egter die breër openbare debat en intellektuele lewe gekortwiek. Jacoby (1987:8) beweer dat Galileo se groot misdaad waarvoor die Kerk hom vervolg het, nie dit was wat hy gesê het nie, maar dat hy dit deur die medium van die spreektaal (Dante se Florence-Toskaans) gepubliseer het, en nie in Latyn nie.

3.6 Die Europese universiteit na die Middeleeue

Die vervanging van Latyn deur inheemse volkstale as media van onderrig aan universiteite in Europa het selfs nog stadiger as op primêre en sekondêre skoolvlak plaasgevind. Hierdie tale is maar eers in die agtiende eeu begin gebruik as media van onderrig en gesprek; en eers 'n eeu later as media van publikasie (Bleich 2013: 33). Sedertdien, tot vandag toe, is dit ook (soos op skoolvlak) slegs die nasionale tale wat kon vorder tot media van onderrig. Op enkele uitsonderings na kon minderheidstale nooit ten volle daarin slaag nie.

Die staat speel ook hierin 'n rol ten einde sy eie belang te beskerm. Dit blyk uit die geskiedenis van byvoorbeeld die Humboldt Universiteit in Berlyn in 1810, wat die eerste universiteit was wat Duits pertinent gebruik het as taalmedium in al sy akademiese aktiwiteite. Dié universiteit is deur die Pruisiese koning gestig na Pruisie se skoknederlaag teen Napoleon in 1806 in Jena. Die doel daarvan was om as intellektuele arsenaal te dien in die (her)opbou van 'n militêr en andersins sterk Pruisiese staat, as leierstaat in die Duitssprekende taalgebied van Europa.

3.7 Die verspreiding van die universiteitskonsep na die res van die wêreld

Die verspreiding van die universiteitskonsep tesame met die gangbare opvatting oor onderrig- en leertaalmedium vanaf Europa na die res van die wêreld, het sedert die sewentiende eeu dieselfde weg as die primêre en sekondêre skole gevolg. In die twee Amerikas is die voormalige koloniale taal, wat ook die amptelike en meerderheidstaal is, vandag die uitsluitlike medium van onderrig, ten spyte van retoriek aangaande multikulturele onderwys en die bevordering van inheemse kulture en tale. In lande in Asië waar een taal demografies en polities sterk staan, word sulke tale aangewend as uitsluitlike medium van onderrig en leer; en streng as sodanig beskerm deur die maghebbers. Die Mandarynssprekende Chinese gemeenskap se versoek aan die Maleisisiese regering om op die gemeenskap se eie koste die Merdeka Universiteit te mag oprig, is byvoorbeeld afgekeur – in weerwil daarvan dat die gemeenskap 30 persent van die bevolking van Maleisië vorm, finansieel die sterkste taalgroep in die land is en die voordeel gehad het van 'n taal wat demografies in die wêreld en ook op hoëronderwysvlak (in China en Taiwan) sterk staan (Debernardi 1994:119). Tog is so 'n ideaal nie onmoontlik om te verwesenlik nie. As voorbeeld hiervan kan die Koerde in Sentraal-Asië genoem word, wat demografies gering in getal is, geografies afgeleë is, ekonomies baie swak is, en wat oor geen wêreltaal beskik nie, maar nogtans daarin geslaag het om hulle eie universiteit in 'n oorlogsone in Irak op te rig (Sharzhad 2003). In Sub-Sahara-Afrika is die gewese koloniale tale steeds die media van onderrig aan universiteite, retoriek oor Afrikanisering en dekolonialisering van die onderwys ten spyte.

4. INTERNASIONAAL VERGELYKENDE PERSPEKTIEF

Ooreenkomsdig die perspektief van die vergelykende opvoedkunde, soos hierbo uiteengesit, sal die internasionaal vergelykende oorsig wat hierna volg, uit drie dele bestaan. Eerstens sal

die kontekstuele determinante van taal as universiteitsonderwysmedium ontleed word; dan die determinante binne die onderwysstelsel sowel as die onderwysmatige uitwerking van onderrigtaalkeuse; en laastens sal die samelewingskontekstuele uitkoms van die keuse van universiteitsonderrigtaal ondersoek word.

4.1 Kontekstuele determinante van onderrigtaal aan universiteite

Demografiese gewig is een van die faktore wat bepaal of 'n taal tot universiteitsonderrigmedium vorder of nie. Die te lae bevolkingsgetalle van die twee Duitssprekende plaaslike owerhede in België en van die sprekers van die een Italiaanssprekende kanton in Switserland het tot gevolg dat sprekers van hierdie tale nie hulle eie universiteite kan hê nie – en dit ten spye daarvan dat Duits een van die drie amptelike tale van België, en Italiaans een van Switserland se vier amptelike tale is.

Sosiokulturele struktuur of diversiteit speel ook 'n rol. As gevolg van die sosiokulturele struktuur van dié twee lande het België Nederlands- sowel as Fransmediumuniversiteite, en het Switserland Duits- sowel as Fransmediumuniversiteite.

'n Derde faktor by die keuse van universiteitstaal/onderrigmedium is die nasionale en internasjonale ekonomiese krag van 'n taal en sy sprekers. Hier staan die verrysing van Engels as internationale lingua franca, ook in die akademiese wêreld in die na-Tweede Wêreldoorlog-era, en selfs nog na die Koueoorlogera, duidelik uit (*cf.* Rizvi & Lingard 2010:176-178). Die internasjonale krag van 'n taal is die produk van 'n aantal faktore, waaronder demografie (getal sprekers, as eerste en as tweede taal) en die ekonomiese, militêre en politieke krag van dié wat die taal voorstaan. Terwyl volgens hierdie formule 'n saak uitgemaak kan word dat Mandaryns, Spaans en in 'n mindere mate ook Russies, Arabies en Duits die oorheersing van Engels as internasjonale primaattaal sou kan uitdaag, sal dit eers oor die mediumtermyn (oor vyftien jaar of langer) kan geskied.

'n Vierde faktor is die politieke oorweginge. Daar is in bovermelde bespreking herhaaldelik daarop gewys hoe gevoelig regerings is vir die aantasting van die gesag van die staat, en hoe taaluniformiteit en selfs taaloorheersing as middelpuntsoekende krag gebruik word om die staats(owerheid) se integriteit te beskerm. Die retoriek van multikulturalisme en die erkenning van menseregte ten spyt word die bemagtiging van tale anders as die amptelike tale tot byvoorbeeld universiteitsonderrigmedia, nie maklik geduld nie omdat so iets as 'n bedreigende middelpuntvliedende politieke krag beskou word.

Selfs amptelike statustoekenning aan 'n taal is nie voldoende nie. In die provinsie Aldo-Adige (Suid-Tirool) in die noorde van Italië is die meeste inwoners eerstetaal-Duitssprekend (en is Duits een van die erkende amptelike tale van die provinsie). Volgens hulle getalle, geografiese konsentrasie en kapitaalkrag sal 'n Duitsmediumuniversiteit daar wel lewensvatbaar wees, maar daar bestaan geen Duitsmediumuniversiteit in dié provinsie nie. Twee verdere faktore is die regsomgewing en taaldiversiteit. Dit kan relatief maklik wees om op grond van internasjonale menseregtekonvensies 'n saak uit te maak vir die uitbou van meer tale tot media van universiteitsonderrig. Dit sou insgelyks relatief maklik wees om dit te doen op grond van die menseregtehandveste en die grondwetlike bepalings van baie lande. Die onwilligheid van sentrale regerings, die koste om 'n universiteit op te rig, en die lae getalle en ekonomiese krag van minderheidsgroepe verhoed egter die realisering van hierdie regte.

'n Laaste kontekstuele oorweging is dié van die waarde van die bewaring en koesterung van taaldiversiteit. Harrison (2007) toon hoe die meeste tale in die wêreld tans uitsterwing in die gesig staar, en maak 'n saak uit vir die bewaring van dié verskeidenheid. Verskeidenheid

moet nie net bewaar word bloot ter wille van die behoud van kulturele erfenis nie maar ook ter wille van die verband tussen taal en kognitiewe funksies. Hierdie verband is empiries aangetoon deur onder andere die navorsing van Nisbett (2003), waarin hy Westerse en Oosterse studente se waarnemings- en denkpatrone gemeet en gekontrasteer het, en dié verskille herlei het na onder andere die verskille tussen Westerse en Oosterse tale. Die verdwyning van 'n taal beteken die verlies aan 'n databron oor mense en groepe se kognitiewe moontlikhede, vindingrykheid en kennisskat. Soos in die geval van kulturele en taalregte as aspekte van menseregte, kan op grond van die raadsaamheid daarvan om taaldiversiteit in die wêreld te behou en te bevorder, ook 'n saak uitgemaak word vir die ontwikkeling van meer tale, selfs tot op die vlak van medium van universiteitsonderrig.

4.2 Intra-onderwysstelseloorwegings

Intra-onderwysstelselfaktore wat taalmediumkeuse bepaal kan in drie groepe verdeel word, te wete die doel van die onderwysstelsel, elemente van die onderwyskundige struktuur, en die uitkoms van onderwys.

Die eerste aspek is die doel van die onderwysstelsel. Die twee teorieë aangaande die ontstaan van skole wat hierbo vermeld is, wentel rondom die legitimering van die staat en die voorbereiding van werkers vir die ekonomie. Daar is egter ook 'n groot getal ander menings oor die doel van onderwys. Biesta (2013:4) meen byvoorbeeld dat antwoorde op die vraag: "Om watter rede wil ons 'n onderwysstelsel hê?" in drie punte opgesom kan word, naamlik om vaardighede aan te leer (die kind moet nuttige vaardighede leer, byvoorbeeld 'n ambag om 'n bestaan te kan maak), te sosialiseer (om by die samelewing in te pas, aan te pas en te kan funksioneer) en te individualiseer (onderwys moet vir die opvoedeling geleenthede vir selfverwesenliking en maksimum keusemoontlikhede skep). Vir die meeste mense is die doel van die onderwys/skole 'n kombinasie van dié drie ideaaltipes, met wisselende klem op die relatiewe belangrikheid van elkeen.

Wanneer in 'n land soos Suid-Afrika besin word oor die medium van onderrig vanuit die oogpunt van die doel van onderwys, is daar geen maklike, onbetwisbare, voor die hand liggende antwoord nie. Wat vaardigheidsopleiding betref, kan aangevoer word (soos ook later in hierdie artikel gedoen word) dat die leerling 'n vaardigheid makliker en beter deur middel van sy/haar eerste taal sal aanleer. Daarteenoor kan op grond van die eise van die markplek waar die vaardigheid uiteindelik aangewend sal moet word, 'n sterk saak ten gunste van Engels uitgemaak word. Wat sosialisering betref, kan beweer word dat die *de jure* en *de facto* bestaan van verskeie tale ruimte bied vir die aanwending van eerste tale (ten minste vir sover hierdie tale deel is van die elf amptelike landstale) as onderrigmedia aan universiteite. Daarteenoor lewer die groeiende status van Engels as *de facto* lingua franca 'n imperatief vir Engels as medium van onderrig. Ten opsigte van individualisering kan betoog word dat 'n onderwysfilosofie wat individuele keuses en individuele ontplooiing hoog aanslaan, tog per definisie ten minste eerstetaalmediumonderrig moet moontlik maak. Daarteenoor bied vaardigheid in Engels meer geleenthede as vaardigheid in enige ander eerste taal. In die slotgedeelte van hierdie artikel sal 'n antwoord voorgestel word op hierdie oënskynlike spanning tussen Engels versus eerste taal as universiteitsmedium in Suid-Afrika soos bepaal deur onderwysdoelstellings.

Oor universiteite in die algemeen en universiteite in Suid-Afrika moet twee ander aspekte betreffende die doel van onderwys nog aangesny word. Die eerste is dat daar wêreldwyd van onderwys verwag word om 'n samelewing van gelyke (onderwys)geleenthede te weeg te bring (*cf.* Lazenby 2016). Die tydperk na 1994 se onderwys in Suid-Afrika is geen uitsondering wat

betref hierdie toedrag van sake nie. Terwyl baie betekenisse aan die term *gelyke onderwysgeleenthede* geheg word (*cf.* Lazenby 2016) en dit buite die bestek van hierdie artikel val om daardie begrip te probeer verklaar (die belangstellende leser word in hierdie verband verwys na Lazenby 2016) moet twee sake rakende universiteitsonderwysmedium in hierdie verband gestel word.

In die eerste plek kan 'n saak ten gunste van en ook teen inheemse tale as onderwysmedia op grond van gelyke geleenthede gemaak word, weereens op grond van geleenthede vir optimale leer (ten gunste van inheemse tale) versus geleenthede in nasionale en internasionale arbeidsmarkte (ten gunste van Engels). Die argument wat dikwels gebruik word om Afrikaans as medium uit te rangeer, naamlik dat die gebruik van Afrikaans as universiteitsonderrigmedium Afrikaans onregmatig bevoordeel, kan die skrywers van hierdie artikel om twee redes nie aanvaar nie. Eerstens sal die aanwending van slegs Engels hierdie taal bo die ander tien amptelike tale bevoordeel, en verder skep die bevoordeling van een in plaas van twee tale 'n nog meer ongelyke sosiale en taalbedeling. Tweedens, om in 'n ongelyke situasie almal af te trek na die laagste gemene deler beteken dat niemand gehelp of bevoordeel word nie. Die antwoord op hierdie moeilike situasie is eenvoudig die bemagtiging van die oorblywende nege tale sodat hulle ook tot universiteitstaalmedia kan ontwikkel. Die disfunksionele toestand van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse skolestelsel en die gevolg dat baie studente vanuit sodanige swak skole in die universiteitstelsel ingevoer word, bemoeilik hierdie gelykskakelingsdoelwit en bevorder 'n bedeling van slegs Engelsmediumuniversiteite (Du Plessis 2016). Die algemene praktyk in Suid-Afrikaanse skole is volgens Heugh (2000:15, 31) dat onderwysers, wanneer hulle onderrig gee, geneig is om taalkodes te meng ("code switching"), en heen en weer te skakel tussen Engels en inheemse Afrikatale. Engelse handboeke verteenwoordig om hierdie rede nie die beste aanwending van fondse nie. Ook meen sy dat baie onderwysers eenvoudig nie vaardig genoeg in Engels is om deur middel van dié taal te onderrig nie, en dat die antwoord op Suid-Afrika se onderwysproblematiek (wat betref die medium van onderrig en leer) is om eerder die inheemse tale te bemagtig om as onderrig- en leermedia te dien vanaf die primêre tot die hoër onderwysvlak. In 'n veertalige land soos Suid-Afrika is 'n stelsel van primêre onderwys deur middel van eerstetaalmedium wel prakties moontlik, sonder dat die gevaar van hersegregasie geloop word – dit blyk onder meer uit die voorgestelde skolemodel van Plüddemann (2012). Van der Walt (2013) toon insgelyks aan dat multimedia-hoër onderwys beter ooreenstem met die realiteite in die hedendaagse wêreld as die bevordering van Engels as enigste onderrig- en leermedium.

Onder die opskrif "onderwysdoelstellings" moet laastens die internasionalisering van universiteite gemeld word. Hierbo is reeds aangedui dat die transnasionale oorsprong van studente een van die eienskappe was wat die Middeleeuse universiteit van ander onderwysinstellings van dié tyd onderskei het. Terwyl universiteite sedert hulle ontstaan 'n internasionale dimensie gehad het, is internasionalisering egter 'n doel wat universiteite deesdae koorsagtig najaag. Knight (2004) identifiseer akademiese, politieke, ekonomiese, en kulturele redes daarvoor. Die internasionalisering van universiteite het 'n groot nywerheid in die wêreld geraak. In Australië het buitelandse studente byvoorbeeld die land se derde grootste bron van buitelandse valuta (na yster en steenkool) geword (Commonwealth of Australia 2015). Die internasionalisering van universiteite se studentekorpse en akademiese personeel is een van die redes vir die groei van Engels as medium van onderrig, veral op nagraadse vlak by universiteite wêreldwyd – uiteraard ten koste van die nasionale of inheemse tale (*cf.* Anon. 2012). Alhoewel die gebruik van Engels die internasionalisering van universiteite in baie opsigte bevorder, is dit nie 'n vereiste daarvoor nie. Later in hierdie artikel sal hierna teruggekeer word.

Word die fokus verskuif vanaf die onderwysdoelstellings na wat binne die onderwys-kundige struktuur van die universiteit gebeur, moet onthou word dat, as die navorsing van Nisbett (2003) in ag geneem word, die student beter sal leer as die taal van onderrig en leer die eerste taal is. Hierdie punt word in Afrika en in die Suid-Afrikaanse konteks deur onderskeidelik Bamgbose (2000) en Webb (2004) gestel.

Daar is twee verdere faktore wat die keuse van onderrigtaal aan 'n universiteit ten nouste raak, naamlik die beskikbaarheid van gekwalificeerde akademici wat vaardig is in daardie betrokke taal, en die feit dat daardie taal genoegsaam ontwikkel moet wees as wetenskapstaal. Dit is een van die (sekondêre) redes waarom die universiteite in Sub-Sahara-Afrika bly vaskleef aan die gewese koloniale moondhede se tale as media van onderrig, en waarom Engels die onderrigtaal is aan Nunavut College ('n hoëronderwysinstelling wat in 1995 in die noordelike territoriale gebied van Nunavut in Kanada deur die federale regering geskep is vir die eerste-generasiekultuurgroep). Die voertaal van hierdie instelling is Engels, al is die rasionaliteit van dié instelling die skep van 'n hoëronderwysinstelling op grond van die beginsel dat daar 'n plek behoort te wees waar lede van hierdie kultuurgroep hoër onderwys kan ontvang in 'n kultuurveilige ruimte, waar hulle kultuur uitgebou en nie bedreig of ondermyn word deur die soort hoër onderwys wat elders in Kanada aangebied word nie.

Wat die kwessie van die uitkomste van onderwys betref, is daar vyf uitkomste wat aandag verdien, naamlik individuele leeruitkomstes, sosiale uitkomstes, die ideaal van die skep van 'n wêreldklasuniversiteit, indiensneembaarheid, en die samehang tussen onderwysmedium en die welsyn van 'n taal in sy ander gebruiksfere. Uitgaande van die Sapir-Whorf-hipotese en empiriese navorsing soos dié van Nisbett (2003) oor die verband tussen taal en denke, kan gestel word dat 'n student of leerder se leer en begrip van leerinhoud in 'n onderwyssituasie van 'n hoér gehalte sal wees indien hy/sy onderwys deur die medium van die eerste taal verkry, wat gevvolglik by sy/haar denkraamwerk aansluit. Om hierdie stelling verder te motiveer kan ook die klassieke publikasie van die bekroonde Afro-Amerikaanse navorsing Glora Ladson-Bilings (2000), wat die Kritiese Rasteorie in die opvoedkunde ingebring het, aangehaal word. Sy argumenteer dat onderwys vir Afro-Amerikaanse leerders wat by hulle kulturele konteks aansluit (wat leerinhoude sowel as pedagogie betref), 'n voorvereiste is vir die uitskakeling van die prestasiegaping wat langs rasselyne in Amerikaanse skole loop. Daar is empiriese navorsing wat die nadelige effek van onderrig in 'n nie-eerste taal boekstaaf, op primêre sowel as sekondêre skoolvlak (byvoorbeeld dié van Brock-Utne 2010:640) en ook op universiteitsvlak (byvoorbeeld dié van Otaala & Platter 2013). By 'n oorweging van die verband tussen taal en denke moet die statuur van Engels in 'n wêrelddorde wat oorheers word deur die Globale Noorde in ag geneem word, ook ten opsigte van die manier waarop die uitsluitlike aanwending van Engels as medium van onderrig en leer aan universiteite studente in die Globale Suide kan kortwiek in hulle emansipasie en ontwikkeling van selfstandige denke (Makoni & Pennycock 2005; Pennycook 1994; Ricento 2000).

Wat die sosiale uitkomste van onderwys betref, kan teruggekeer word na die gedagte dat die onderwysstelsel gelyke geleenthede vir almal behoort te skep, opwaartse sosiale mobiliteit behoort te faciliteer en behoort te dien as gelykmaker van die samelewing. Voorspraak vir Engels as (enigste) medium van onderwys, in Suid-Afrika en elders, word dikwels gemaak op grond van die gedagte dat dit vir leerders beter lewensvooruitsigte moontlik maak in 'n Engelsmedium (nasionale en internasjonale) arbeidsmark (cf. Mei-Yu 1998). Die probleem van die groeiende heterogeniteit van Engels in verskillende wêreldd dele moet egter hierby in ag geneem word – daar is 'n al minder uniforme Engels (cf. Meshtrie & Bhatt 2008). Verder het navorsers wat 'n ontleding gemaak het van die effek van Engels as uitsluitlike onderwys-

medium in kontekste vergelykbaar met dié van Suid-Afrika, tot 'n gevolgtrekking gekom wat die teenoorgestelde is van die argument dat Engels die sleutel is of kan wees tot die nasionale en internasionale arbeidsmark. In Engelssprekende Sub-Sahara-Afrika is dit praktyk dat skoolonderrig vir die eerste vier jaar plaasvind in die dominante eerste taal van die voedingsgebied van die skool, en vanaf die vyfde skooljaar in Engels. (In Franssprekende en Portugeessprekende Afrika word onderskeidelik Frans en Portugees reeds vanaf die eerste skooldag van die eerste skooljaar as medium gebruik.) Behalwe vir Afrikaans in Suid-Afrika, is Tanzanië die enigste land wat wel 'n poging aangewend het om inheemse Afrikatale te ontwikkel as onderwysmedia. Dit het gebeur as deel van die Afrikaniseringsdrif in die 1970's onder die destydse president Julius Nyerere. Swahili is toe ontwikkel tot onderwysmedium tot aan die einde van die primêreskoolsiklus. Engels het bly voortbestaan as medium in sekondêre en hoër onderwys. Hoe lofwaardig die poging tot die ontwikkeling van 'n inheemse Afrikataal ook al is, wys Rubagumya (1991) in sy analise van die uitkoms daarvan op twee probleme. Ten eerste is Swahili wel die taal met die grootste aantal sprekers in Tanzanië, maar dit is steeds die eerste taal van net sowat 10 persent van die land se inwoners. Tweedens is die taalsituasie in Tanzanië dié van triglossia: drie tale word in drie geografiese cum sosioëkonomiese sfere gebruik. In plaaslike gemeenskappe ("villages") is die eerste taal die taal van kommunikasie. In die dorpe in die groeiende informele sektor (markte, spazawinkels, ens.) is Swahili die lingua franca. In die metropool, Dar Es Salaam, is die taal van die internasional verbonde formele sektor asook die taal van nasionale staatsdepartemente Engels. Kinders van bestaansboere raak na die vierde skooljaar die pad byster, en verlaat die skool omdat hulle taalvaardigheid en kulturele kapitaal (om Bourdieu se konsep te gebruik) van hulle huislike agtergrond hulle nie toerus om te vorder in die Swahilimediumonderwys vanaf die vyfde skooljaar nie – 'n gevolgtrekking wat klop met Ladson-Billings (2000) se ontleding van die verknorsing van Afro-Amerikaanse kinders, soos hierbo beskryf. So het kinders van bestaansboere in Tanzanië geen ander opsie nie as om ook net bestaansboere te word en kan hulle nie die sosiale leer klim nie. Kinders van dorpsbewoners het wel die taalvaardigheid en kulturele kapitaal om te vorder tot die einde van die primêre skoolsiklus, maar sak uit sodra Engels die medium word in die sekondêre skole. So is die informele ekonomiese sektor van hulle ouers dan ook die plafon van hulle eie sosiale mobiliteit. Die boonste formele ekonomiese sektor word gevul deur kinders van metropoolouers wat reeds in daardie boonste sosioëkonomiese stratum is. So dien die onderwysmedium om sosioëkonomiese stratifikasiepatrone en ongelykhede in die samelewing te reproduuseer, te versterk en te legitimeer, eerder as om sosiale mobiliteit en ekonomiese bemagtiging te bemoontlik. Bambose (2000) toon aan hoe sulke pluriglossiese patronen in Afrika verhoed dat burgers aan die politieke prosesse deelneem. Hulle kan nie die politieke konseptuele gereedskap in die eerste taal aanleer en gebruik nie, en hulle is nie vaardig in die taal van die nasionale politieke diskous nie. Rubagumya kom voorts tot die gevolgtrekking dat die oplossing in Tanzanië nie is om Engels oral die medium van onderrig te maak nie – wat duidelik net die situasie sal vererger – maar om al die inheemse tale tot onderwysmedium verder te ontwikkel *saam met die behoorlike, hoë kwaliteit onderrig van Engels as tweede taal* – 'n slotsom wat klop met die skrywers se aanbeveling hierbo dat die logiese weg tot gelykskakeling in Suid-Afrika die ontwikkeling van al elf tale is eerder as die afskaling van Afrikaans.

In die huidige tydsgewrig van wedywering in 'n globaliserende wêrld streef haas elke universiteit daarna om 'n wêreldklasuniversiteit te wees of te word. Die definiering van die begrip wêreldklasuniversiteit is moeilik en val buite die bestek van die doel van hierdie artikel (in hierdie verband word die belangstellende leser verwys na Wolhuter 2012), maar in baie

van die wêreldgraderingstelsels van universiteite wat die afgelope jare ontstaan het en baie publisiteit geniet, is internasionalisering as faktor in baie van hulle indekse ingebou (*cf.* Shin, Toutkoushian & Teichler 2011). Soos hierbo verduidelik, word Engels as (eksklusieve) medium vir onderwys in Suid-Afrika (en elders) bevorder op sterkte van die argument dat dit die internasionalisering van universiteite bemoontlik. Terwyl hierdie argument nie sonder meriete is nie (om die redes wat hierbo verduidelik is), moet dit egter gekwalifiseer word deur bewysmateriaal vanuit die internasionale wêreld. Wolhuter (2012) se analise het getoon dat 226 (45 persent) van die 500 beste universiteite van die Sjanghai-rangordestelsel en 171 (43 persent) van die 400 beste universiteite van die *Times Higher Education*-rangordestelsel nie-Engelsmediumuniversiteite is. Wat die groter Nederlandse taalgroep (waartoe Afrikaans behoort) betref, is twaalf van die 25 Nederlandse universiteite (en ook nog een Vakhogeschool) en twee van die agt Vlaamse universiteite in België op die Sjanghai-lys van die 500 beste universiteite, terwyl 11 Nederlandse universiteite (en twee Vakhogeschoolen) en drie Vlaamse universiteite op die *Times Higher Education* se lys van die 400 hoogste gegradeerde universiteite is (Wolhuter 2012: 299-300). Hoewel Engels 'n universiteit kan help om wêreldklasstatus te bereik, is dit geen voorvereiste of voorwaarde daarvoor nie.

Laastens moet die uitkoms van aanwending al dan nie van 'n taal as medium van onderwys aan universiteite op ander sfere van taalgebruik in ag geneem word. Die universiteit is per definisie 'n ontonome top- onderwysinstelling (met ander woorde, op die hoogste vlak van onderwysinstellings) vir die bevordering (deur onderrig en navorsing) van 'n verskeidenheid vertakkinge van wetenskap. As sodanig het die universiteit 'n besondere en onvervangbare rol wat die bewaring, uitbouing en oorlewing van 'n taal betref. Fishman (1991) se dikwels aangehaalde 8-punt GIDS-skaal (Graded Intergenerational Disruption Scale) onderskei tussen 8 vlakke in die welstandsvlak van 'n taal in 'n samelewing:

TABEL 1: Agt vlakke van taalwelstand

1. Die taal word gebruik as onderwysmedium, in die werksplek, in die massamedia, en deur die regering op nasionalevlak
2. Die taal word gebruik deur streeks- en plaaslike media en regeringsdienste
3. Die taal word op streeksvlak deur eerste- sowel as tweede- en vreemdetaalsprekers gebruik
4. Geletterdheid word oorgedra deur middel van die taal
5. Die taal word in mondeline en geskrewe kommunikasie deur alle eerstetaalsprekers van die taal gebruik
6. Die taal word net as mondeline kommunikasiemedium gebruik, en net deur eerstetaalsprekers (ofskoon eerstetaalsprekers van alle generasies)
7. Die volwasse geslag eerstetaalsprekers ken die taal goed genoeg om met hulle ouers te kommunikeer, maar dra nie die taal aan hulle kinders oor nie
8. Net die geslag eerstetaalsprekers ouer as 65 jaar verstaan en praat die taal

Wat betref die hoogste vlak (1) van taalwelstand, kan gestel word dat in die nasionale ekonomie en in sentrale regeringsdienste Afrikaans nie meer 'n volwaardige gebruikswaarde gegee word nie. Dit laat Afrikaans met onderwys- en massamediafunksies. Universiteite is die enigste plek wat kan sorg dat Afrikaans as taal kan bly ontwikkel en vernuwe sodat dit nog as spreekbuis kan dien vir die heel nuutste ontwikkelinge op die terreine van politiek, ekonomie, kuns, sport en enige ander aktuele maatskaplike terrein. Hierdie ontwikkeling is vir die massamedia 'n lewensaar. In primêre en sekondêre onderwys is die ontwikkeling van Afrikaanse skoolhandboeke, vernuwing in onderwysmetodes, opleiding van onderwysers ensovoorts afhanklik van Afrikaans as navorsings- en onderrigtaal aan universiteite. Bowendien is dit net logies dat wanneer Afrikaans as medium van onderwys op hoëronderwysvlak afgeskaf word, die volgende vraag sal wees: waarom Afrikaans dan behou as onderrigtaal op sekondêre skoolvlak as afgestudeerde matrikulante dan met 'n disjunksie in taalmedium en 'n agterstand gaan begin wanneer hulle die hoëronderwysvlak betree? En dan is die logiese stap om dit op primêre skoolvlak te vervang met Engels (verdwyning op vlak 4 van Fishman se hiérargie). Daarna verdwyn die taal as geskrewe taal en word dit net in mondelinge kommunikasie tussen eerstetaalsprekers van alle generasies gebruik (vlak 6). Dit het min sin vir ouers om hulle kinders op te voed in 'n taal wat net tuis gepraat word, en dan is dit net die volwasse en ouer generasie wat die taal praat (vlak 7), en kort daarna kan nog net die generasie eerstetaalsprekers ouer as 65 jaar die taal praat en verstaan (vlak 8). Wanneer hulle sterf, is die taal ook uitgesterf. Hoe maklik so 'n scenario werklikheid kan word, is duidelik uit Scholtz (2006) se ontleiding van die taalgeskiedenis van 'n hele aantal tale die afgelope eeu. Onderwysbeleid se rol daarin om so 'n kreeftegang te faciliteer, word beskryf in die publikasie van Skutnabb-Kangas (2012).

5. GEVOLGTREKKING

Die mees wyd aanvaarde hipoteses oor die ontstaansredes vir formele onderwysinstellings soek hierdie redes in politieke en ekonomiese oorwegings. Alhoewel albei hierdie hipoteses 'n erg reduksionistiese verklaring bied, en hulle saam – op grond van die getuenis wat in hierdie artikel aangebied is – geensins die volle waarheid omvat nie, bevat hulle wel 'n substansiële mate van die waarheid wat nie geïgnoreer kan word wanneer besin word oor die aanwending van eerste taal as medium van universiteitsonderwys nie – spesifieker betrekking Afrikaans in Suid-Afrika. Sentrale regerings het deur die eeue, tot vandag toe nog, nie maklik afstand gedoen van die vermoë om die onderwys as 'n instrument om hulle eie bestaan te legitimeer en om die integriteit van die staat in stand te hou nie. In hedendaagse retoriek van multikulturalisme ten spyte, en selfs in lande waar in letter en in praktyk groot prioriteit gegee word aan mense-regsgehandveste, is daar maar min plekke waar minderheidstale daarin kon slaag om met volle owerheidsgoedkeuring en goedgesindheid te vorder tot waar hulle as media van universiteits-onderwys bestaan en gedy. Frans in Kanada (binne en buite Quebec) is wel een voorbeeld hiervan (*cf.* Universities Canada 2016).

Weens historiese omstandighede het Engels die owerheidstaal in Suid-Afrika geword. As die waarde van Engels in die arbeidsmark en as internasionale *lingua franca* met die politieke krag van Engels saamgevoeg word, moet die Afrikaanssprekende gemeenskap besef dat hulle hier deur 'n golf van getysterkte gekonfronteer word waarby politieke opportuniste en ander met nog minder edele motiewe maklik kan aansluit in 'n poging om Afrikaans te benadeel.

6. AANBEVELINGS: RIGLYNE VIR DIE AFRIKAANSSPREKENDE GEMEENSKAP

Die versoek om toe te gee aan die druk om Afrikaans as medium van universiteitsonderwys af te skaf, moet opgeweeg word teen die waarskynlike nadelige gevolge wat so 'n stap sal hê, soos wat spreek uit die getuienis wat in hierdie artikel aangebied is: die verlaging van die leerkwaliteit en prestasievlekke van Afrikaanssprekende studente, die skep van nog meer sosiale ongelykhede, Afrikaanssprekende studente wat benadeel sal word (sonder dat enigiemand anders bevoordeel sal word), en die risiko dat dit Afrikaans sal plaas op 'n glybaan wat sal lei tot die verdwyning daarvan in die enkele ander samelewingsfere waar dit nog steeds gebruik word, tot selfs die algehele uitsterwing van die taal oor twee of drie geslagte. Voeg hierby die verlies aan kognitiewe moontlikhede wat gepaardgaan met die verlies aan enige taal, en die hedendaagse opstuwendie kennis-ekonomiese (dit is 'n ekonomie waar die produksie en verbruik van nuwe kennis die dryfas van die ekonomie geword het) en die plek wat kreatiwiteit en innovasie hierin speel, dan skyn die verlies aan Afrikaans as onderwysmedium ook iets te wees wat Afrikaanssprekendes (en indirek ook ander) tot in die arbeidsveld sal benadeel.

Die oorwig getuienis wat in hierdie artikel aangebied word, kom neer op die keuse vir Afrikaans as medium van universiteitsonderwys. Terwyl gesprekke met die owerheid en die beroep op taalregte nie sonder meriete is nie en deel van 'n omvattende strategie moet uitmaak, spreek die getuienis wat in hierdie artikel aangebied is van die minimale kanse van sukses van sodanige metodes, hoe sterk die saak ook al mag wees. Hierdie besef noodsaak dat die aandag moet verskuif na die mobilisering van die burgerlike samelewing as alternatiewe opsie. Al sou hierdie strategie gevolg word om die ondermyning van Afrikaans as medium van universiteitsonderrig van owerheidskant die hoof te bied, dan is daar nog die probleem van vyandige studente-aktivisme, wat Afrikaans as onderrigmedium ook by hulle aktivisme ingesleep het. In hierdie verband word aanbeveel dat die Afrikaanssprekende gemeenskap aansluiting probeer vind by pogings vanuit die intellektuele gemeenskap, soos dié van Alexander (2003) en Bamgbose (2000) vir die wetenskaplike ontwikkeling en bemagtiging van inheemse Afrikatale, as medestryders om die oorheersende status van Engels in Suid-Afrika mee teen te werk.

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, N. 2003. The African Renaissance and the Use of African Languages in Tertiary Education. Cape Town: PRAESA, University of Cape Town. <http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.475.427&rep=rep1&type=pdf> [8 September 2016].
- Anon. 2012. Trend Alert: English spreads as teaching language in universities worldwide. <http://monitor.icef.com/2012/07/trend-alert-english-spreads-as-teaching-language-in-universities-worldwide/> [28 April 2016].
- Apple, M. 2013. *Can Education Change Society?* New York: Routledge.
- Bamgbose, A. 2000. *Language and Exclusion: The consequences of language policies in Africa*. Hamburg: Lit Verlag.
- Biesta, G.J.J. 2013. *The Beautiful Risk of Education*. Boulder: Paradigm.
- Bleich, D. 2013. *The Materiality of Language: Gender, politics and the university*. Bloomington: Indiana University Press.
- Bowen, J. 1982. *A History of Western Education, Volume 1*. Londen: Methuen.
- Bray, M., Adamson, B. & Mason, M. 2014. Introduction. In Bray, Adamson & Mason (eds). *Comparative Education Research: Approaches and methods*. Dordrecht & Hong Kong: Springer & Comparative Education Research Centre, University of Hong Kong, pp. 18-33.

- Brock-Utne, B. 2010. Research and Policy on the Language of Instruction Issue in Africa. *International Journal of Educational Development*, 30:636-645.
- Cohen, Y. 1970. Schools and Civilization States. In Fischer (red.) *The Social Sciences and the Comparative Study of Educational Sciences*. Scranton: International Textbook Company.
- Commonwealth of Australia. 2015. Australian Trade and Export Statistics. <http://www.export61.com.au/export-statistics>[30 Maart 2015].
- Crossley, M. 2014. Global League Tables, Big Data and the International Transfer of Educational Research Modalities. *Comparative Education*, 50(1): 15-26.
- Debernardi, J. 1994. Historical Allusion and the Defense of Identity. In Keynes, Kendall & Hardacre (eds). *Asian Visions of Authority: Religion and the modern states of East and South-East Asia*. Honolulu: Hawaii University Press, pp. 117-133.
- Duffy, A. 2003. Class Struggles: Public education and the new Canadian: Why Canadian schools are failing newcomers, http://www.atkinsonfoundation.ca/files/Duffy_web.pdf[30 Maart 2012].
- Duggan, S.P. 1916. *A Student's Textbook in the Study of History of Education*. New York: Appleton.
- Du Plessis, T.L. 2016. Ongelykhede in taal en onderwys-perspektiewe op moedertaalonderrig in Suid-Afrika. *Litnet*, 23 Februarie 2016. www.litnet.co.za/ongelykhede-in-taal-en-onderwys-perspektiewe-op-moedertaalonderrig-in-suid-afrika/ [9 September 2016].
- Fishman, J.A. 1991. *Reversing Language Shift: Theoretical and empirical foundations of assistance to threatened language*. Clevedon: Multilanguage Matters.
- Gilmour, D. 2011. *The Pursuit of Italy: A history of a land, its religions and its peoples*. Londen: Penguin.
- Gray, P. 2013. *Free to Learn: Why Unleashing the Instinct to Play Will Make Our Children Happier, More Self-Reliant, and Better Students for Life*. New York: Basic.
- Gutek, G. 2006. George S. Counts and the origins of social reconstructionism. In Riley (red.). *Social Reconstruction: People, politics, perspectives*. Greenwich CN: Information Age Publishing: 1-26.
- Haldane, S. 2012. Nurturing the learning spirit of First Nation Students: The report of the National Panel on First National Elementary and Secondary Education for Students on Reserve, http://www.firstnationoneducation.ca/wp-content/themes/clf3/pdfs/Report_02_2012.pdf [16 Maart 2012].
- Harrison, K.D. 2007. *When Languages Die: The extinction of the world's languages and the erosion of human knowledge*. Oxford: Oxford University Press.
- Heugh, K. The case against bilingual and multilingual education in South Africa.<http://paulroos.co.za/wp-content/blogs.dir/22/files/2012/07/Paper6.pdf> [9 September 2016].
- Igbo, B. 2009. *Teaching for Diversity in Canadian Schools*. Toronto: Pearson.
- Jacoby, R. 1987. *The Last Intellectuals: American culture in the age of academe*. New York: Basic.
- Kaur, K. 2010. *Comparative Education & Curriculum Development*. New Delhi: Neha Publishers & Distributors.
- Knight, J. 2004. Internationalisation Remodeled: Definitions, approaches and rationales. *Journal of Studies in International Education*, 8(1):5-31.
- Leadson-Billings, G. 2000. Fighting for our Lives: Preparing teachers to teach African American students. *Journal of Teacher Education*, 51(3):206-214.
- Lazenby, H. 2016. What is Equality of Opportunity in Education? *Theory and Research in Education*, 14(1):69-84.
- Le Roux, C.S. & Wassermann, J. 2016. The History of South African Education Up to 1994. In Horsthemke, Siyakwazi, Walton & Wolhuter (eds). *Education Studies: History, Sociology, Philosophy*. Cape Town: Oxford University Press, pp. 2-44.
- Loon, S.P. 2009. Ethnicity and education policies in Malaysia and Brunei-Darussalam. *SA-eDUC*, 6(2):146-157.
- Makoni, S. & Pennycock, A. 2005. Disinvesting and (Re) Constituting Languages. *Critical Inquiry in Language Studies: An international journal* 2(3):137-156.
- Mei-Yu, L. 1998. English-only Movement: Its consequences on the education of language minority children. <http://www.ericdigests.org/1999-4/english.htm>[30 April 2016].
- Meshtrie, R. & Bhatt, R. (eds). 2008. *World Englishes*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mortimer, I. 2014. *Human Race: 10 centuries of change on earth*. Londen: Vintage.
- Nisbett, R. 2003. *The Geography of Thought: How Asians and Westerners Think Differently....and Why*. New York: The Free Press.

- Otaala, L.A. & Platter, I.E. 2013. Implicit Beliefs About English Language Competencies in the Context of Higher Education: A comparison of university students and lecturers. *International Journal of Higher Education*, 2(3):123-131.
- Pennycook, A. 1994. *The Cultural Politics of English as an International Language*. Londen: Routledge.
- Plüddemann, P. 2012. *Home-language based bilingual education: Towards a learner-centred typology of primary schools in South Africa*. Kaapstad: Praesa, University of Cape Town. <http://www.praesa.org.za/files/2012/07/Paper32.pdf> [10 September 2016].
- Republiek van Suid-Afrika. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid_Afrika.<http://www.justice.gov.za/legislation/constitution/SAConstitution-web-afr.pdf>[23 April 2016].
- Ricento, T. 2000. Historical and Theoretical Perspectives in Language Planning and Policy. *Journal of Sociolinguistics*, 4(2):196-213.
- Rizvi, F. & Lingard, B. 2010. *Globalizing Education Policy*. Londen & New York: Routledge.
- Rubagumya, C.M. 1991. Language Promotion for Educational Purposes: The example of Tanzania. *International Review of Education*, 37(1):67-85.
- Sakellario, M. 2014. Globalisation, multicultural reality, religious pluralism and religious aspects of intercultural education in preschool and elementary school education through the viewpoint of Greek teachers and parents. In Wolhuter & De Wet (reds). *International Comparative Perspectives on Religion & Education*. Bloemfontein: Sun Press, pp. 127-145.
- Scholtz, L. 2006. Die Belang van Afrikaanse Onderwys vir die Oorlewing van die Taal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(1):470-481.
- Sharzad 2003. Education of a Non-State Nation: Reconstructing a University in the War Zone of Iraqi Kurdistan. In Nelles (red.). *Comparative Education, Terrorism and Human Security: From Critical Pedagogy to Peace Building*. New York: Palgrave Macmillan, pp. 159-173.
- Shin, J.C., Toutkoushian, R.K. & Teichler, U. (reds). 2011. *University rankings: Theoretical basis, methodology and impacts on global higher education*. Dordrecht: Springer.
- Skutnabb-Kangas, T. 2012. *Linguistic Genocide in Education or Worldwide Diversity and Human Rights*. New York: Routledge.
- Tandwa, L. 2016. South Africa: #FeesMustFall Costs Country R150Million – Nzimande. *News24*, 16 Januarie 2016. <http://allafrica.com/stories/201601201489.html>[14 April 2016].
- Universities Canada. 2016. Universities Canada, www.univ.can.ca/can_uni/general_info/schools_e.html [8 September 2016].
- Van der Walt, C. 2013. *Multilingual Higher Education: Beyond English medium orientation*. Bristol: Multilingual Matters.
- Webb, V. 2004. African Languages as Media of Instruction in South Africa: Stating the case. *Language Problems and Language Planning*, 28(20):147-173.
- Wolhuter, C.C. 2012. 'n Wêreldklasuniversiteit in Suid-Afrika: ideaal, wenslik, haalbaar, werklikheid, hersenskim? *LitNet Akademies*, 9(2):284-308.

Afrikaans as taal van onderrig en leer in skole en

ander onderwysinstansies: “Ou” wyn in nuwe sakke

Afrikaans as language of teaching and learning in schools: A “new” approach to an “old” problem

HANNES VAN DER WALT

EduHRight Navorsingseenheid
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
E-pos: Hannesv290@gmail.com



HENNIE STEYN

Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
E-pos: Hennie.Steyn@nwu.ac.za

Hannes van der Walt

Hennie Steyn

HANNES VAN DER WALT, emeritusprofessor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan die NWU. Hy dien tans ook as buitengewone professor in opvoedkunde aan die Mafikengkampus van dieselfde universiteit.

HANNES VAN DER WALT, professor emeritus of philosophy of Education and dean of the Faculty of Education at the PU for CHE. He is currently a specialist researcher at the North-West University, where he is involved in capacity building programmes. Hannes also holds the position of extraordinary professor at the Mafikeng campus of the NWU.

HENNIE STEYN is 'n voormalige rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege en ook voormalige dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). Sedert die einde van sy termyn as dekaan in 2006 is hy weer as hoogleraar aktief betrokke by die beoefening van die vergelykende opvoedkunde. Hy spesialiseer as navorser op die vraagstukke van die produktiwiteit van die onderwys, onderwysbeplanning en onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe.

HENNIE STEYN is a former rector of the Potchefstroom Teachers' Training College and former dean of the Faculty of Education at the Potchefstroom campus of the North-West University. Since the conclusion of his deanship he has again been active as a professor in the field of comparative education. His research focuses on questions of productivity in education, education planning and the provision of education to minorities.

ABSTRACT

Afrikaans as language of teaching and learning in schools: A “new” approach to an “old” problem

Several authors have recently come to the conclusion that the linguistic human rights approach that has so far been followed in South Africa has largely failed. English has become the dominant language in all spheres of life despite the fact that the South African Constitution recognises 11 languages as having official status. Afrikaans, as the language of one of the minority groups in the country, has so far not enjoyed the same status as English and it is unlikely that it ever will, in view of the recognition which English enjoys as an international language of trade and commerce. Although the South African Constitution provides all the means required to entrench and promote Afrikaans (as well as the other 10 languages) and the rights of their speakers, there seems to be no political will to do so.

In view of this, another strategy should be considered to improve the status of Afrikaans as an official language and also as a language of learning and teaching (LOLT) in schools and universities. To do this, the linguistic human rights approach should be relinquished in favour of a linguistic civil rights approach. This is an approach that embodies strategic actions and steps taken at ground level, in their everyday lives, by members of the Afrikaans community for the purpose of promoting the status of Afrikaans in South Africa, particularly as LOLT in schools and other institutions of learning. A linguistic civil rights approach utilises the space offered by the statutory fundamental human rights framework of the country for its strategy, but deviates from a linguistic human rights approach in that it does not look to the government to promote the status of the minority languages, but looks to the community in question (in this case, the Afrikaans community) to take up cudgels for Afrikaans, particularly as LOLT in schools and universities. Put differently, it uses the existing statutory framework as the space within which to work towards the retention and the promotion of Afrikaans as an official language and as LOLT in schools and universities.

The purpose of this article is to outline a strategic plan that could be considered for a linguistic civil rights approach. It outlines the plan in terms of the heuristic lens of the cultural-historical activity theory, which revolves around elements that could be construed as strategic steps in the execution of the plan. It portrays a linguistic civil rights strategic plan as an activity consisting of a subject (those envisaged to execute the plan, e.g. leaders in the Afrikaans language community), the object (the problem with which they have to deal, as outlined above, and the challenges associated with the problem), the mediating artefacts that they have at their disposal (such as the social media and the statutory framework), the community or communities involved in the execution of the strategy, the division of labour in the Afrikaans community, the rules that all involved have to follow in executing the plan, and the expected outcomes or result of the plan (the recognition of Afrikaans as an official language of South Africa, growth in the number of Afrikaans schools, and Afrikaans as LOLT wherever this is possible and viable).

Execution of this plan requires the mobilisation of the entire Afrikaans community in South Africa. A strategic plan in accordance with the basic tenets of the cultural-historical activity theory implies that the Afrikaans community in future will have to rely less on the national and provincial governments to reinforce the position of Afrikaans as an official language and as LOLT. Members of that community will have to contribute “from the side” and at ground level to promote the status of their language, among others by insisting that their local school retains Afrikaans as LOLT.

The execution of this plan is not a simple linear procedure; there are many factors at play in this complex process in which the subjects (the various role players seeking to advance the

status of Afrikaans) are often not in control of all the variables and occasionally not even aware of them. Despite all these difficulties, the Afrikaans (-speaking) community in South Africa should do everything in its power to work towards the future existence of Afrikaans schools, schools that insist on offering Afrikaans as a school subject, and schools that prefer Afrikaans as LOLT. If effectively executed, this plan will contribute to the well-being of all in South Africa. Members of the other minorities could then consider a similar plan for enhancing the status of their languages.

KEY WORDS: linguistic rights, human rights, linguistic citizenship, Afrikaans, language of teaching and learning, cultural-historical activity theory, minority languages

TREFWOORDE: taalregte, menseregte, taalburgerskap, Afrikaans, taal van onderrig en leer, kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie, minderheidstale

OPSOMMING

Die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika van ongeveer 8.9 miljoen mense vorm 'n beskeie deel van die totale bevolking van meer as 54 miljoen. As gevolg hiervan, maar ook as gevolg van politieke druk van die ander bevolkingsgroepe en van die regering van die dag om toegang tot goeie onderwys vir kinders van alle bevolkingsgroepe te verseker, het die getal van Afrikaansmediumskole verminder van 2 521 in 2010 tot die huidige getal van 2 166. As hierdie neiging voortduur, kan dit meebring dat Afrikaansmediumskole binne die volgende paar dekades mag verdwyn en die gevaaar is dat Afrikaans as 'n gesproke taal in Suid-Afrika mag kwyn. Hierdie gevare vir Afrikaans, ook as taal van onderrig en leer in skole en in ander onderwysinstansies, noop die Afrikaanse gemeenskap om 'n ander benadering te volg ten einde die taal te beskerm, bevorder en uit te bou. Daar is aanduidinge dat 'n taalregtebenadering tot die probleem tot dusver nie goeie vrugte afgewerp het nie, onder meer weens 'n onwilligheid en 'n onvermoë aan die kant van die landsowerheid om die taalregte met betrekking tot Afrikaans en die ander nege inheemse tale te beskerm en te bevorder. Hierdie artikel ondersoek derhalwe die gedagte van 'n *taalburgerskapsbenadering*, wat nie 'n nuwe gedagte is nie, maar hier vanuit 'n minder bekende perspektief benader word. Nuwe lig word op die probleem gewwerp deur die situasie van Afrikaans te bekijk deur die lens van die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie. Hierdie heuristiese instrument bring nie slegs nuwe insigte na vore met betrekking tot die probleem nie, maar bied 'n relatief eenvoudige strategiese plan aan die Afrikaanse gemeenskap om die status van Afrikaans vir die toekoms te verseker, onder meer as taal van onderrig en leer in skole, en ook om die behoud van Afrikaansmediumskole en ander Afrikaansmedium-onderwysinstansies te verseker.

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Wat Afrikaans as medium van onderrig in (veral) openbare skole in Suid-Afrika betref, staan twee dinge soos 'n paal bo water. In die eerste plek is daar geen twyfel dat die huidige statutêre omgewing 'n raamwerk verskaf om Afrikaans as taal van onderrig en leer (TvOL)¹ in skole te gebruik nie. In die tweede plek is dit duidelik dat die bestaan van so 'n raamwerk na twintig

¹ Hierdie term is so gekies op grond van die feit dat daar in die praktyk gelyke klem op onderrig en leer geplaas moet word. Onderrig deur die onderiggewer geskied ter wille van suksesvolle leer deur die leerders.

jaar van demokrasie in Suid-Afrika (post-1994) nie daartoe gelei het dat Afrikaans as TvOL in openbare (staat)skole kon gely nie. Skole wat net Afrikaans as TvOL gebruik, het in hierdie twee dekades die kreeftegang gegaan: van die 2521 in 2010 is daar tans slegs 2166 oor.

Hierdie toedrag van sake kan aan 'n verskeidenheid samevloeiende faktore toegeskryf word. In die eerste plek is daar 'n politieke onwilligheid en onvermoë aan die kant van die lands- en onderwysowerhede om Afrikaans of enige van die ander inheemse (Afrika-)tale as medium van onderrig in die skole en in ander onderwysinstansies te bevorder. Die rede hiervoor lê moontlik in die feit dat van die inheemse tale nie oor die instrumentarium beskik om ingewikkeld kognitiewe begrippe te omvat nie. Dit is moontlik ook te duur om daardie tale almal op dieselfde vlak as Engels en Afrikaans as akademiese tale te bring. Verder verkies groot getalle ouers in sowel die swart, bruin, Indiërs- en wit gemeenskappe dat hulle kinders skoolonderrig deur medium van Engels ontvang ter wille van 'n beter ekonomiese toekoms (verdere opleiding en beter betrekkinge in die arbeidswêreld²) (vgl. Bosman 2016:13). In sommige gevalle het ouers reeds hulle moedertale laat vaar ten gunste van Engels, 'n wêreltaal. Hulle huldig die "early-start English-medium instruction"-siening in weerwil van navorsing wat getoon het dat hoe langer kinders in die moedertaal (T1) skoolgaan en hoe beter die taalgehalte van daardie onderrig is, hoe gladder is die oorgang na die tweedetaalonderrig (T2) (Rubagumya, Afitska, Clegg & Kiliku 2011:83).

Verder, so het Rubagumya et al. (2011:84) bevind, heers daar dikwels 'n verwarring tussen taalkwessies en gehaltekwessies. Die gevolg hiervan is dat gemeen word dat Engelse skole beter móét wees as nie-Engelsmediumskole. Die groei onder Engelsmediumprivaatskole mag 'n gevolg van hierdie siening wees. Die Curro-skole in Suid-Afrika – met meestal Engels as onderrigmedium, maar in sommige skole ook beide Afrikaans en Engels – het byvoorbeeld vermeerder vanaf 61 skole met 12 473 leerders in 2012 tot 110 skole met 41 864 leerders in 2016 (Curro 31 Desember 2015). Bykomend hiertoe is die probleem dat die demografie van die land nadelig inwerk op die Afrikaanssprekende gemeenskap (die gemeenskap word in verhouding kleiner soos die ander gemeenskappe groei, en stagneer en verklein deur lae groei en ook emigrasie).

Dit is in die lig van hierdie toedrag van sake dat Rubagumya et al. (2011:79) tot die gevolg trekking kom dat:

Perhaps the most glaring example of how a linguistic human rights-based policy has failed is South Africa. The South African constitution recognises 11 languages as official. In principle these 11 languages are equal. However, in practice English is the dominant language in all spheres of public life: education, law, government, media, etc. (...) instead

² Sulke ouers kan gronde vir hulle standpunt in die literatuur vind. Garrouste (2011:227) het byvoorbeeld vasgestel dat leerders in Namibië wat gereeld of byna altyd Engels tuis praat in die skole beter prestasies in wiskunde in graad 6 lewer as dié wat byna altyd of gereeld hulle moedertale tuis praat (Engels is die huistaal van slegs 0,56% van die Namibiese bevolking). Dit is egter belangrik om daarop te let dat Engels, en nie die moedertaal van die leerders nie, in daardie land as onderrigtaal vanaf Graad 5 gebruik word. Dit is om hierdie rede dat die vraag by Garrouste (2011:231) ontstaan het of die swak geletterdheid in die moedertaal (T1) nie in eerste plek al aanleiding gee tot swak geletterdheid in Engels (T2) wat later die onderrigmedium in die skole word nie, en dat dit juis laasgenoemde swak geletterdheid is wat lei tot swak prestasie in wiskunde in graad 6 nie. Garrouste se vermoede is bes moontlik korrek in die lig van die bevinding dat selfs na intervensies om onderwysers in Tanzanië te help om effektiever en meer produktief in sowel Kiswahili- as Engelsmedium onderrig te gee, die klaskamerprakteke van die onderwysers wat slegs in Kiswahili onderrig gegee het van 'n beter opvoedkundige gehalte was as die prakteke van diegene wat slegs in Engels onderrig gegee het (Rubagumya et al. 2011:82).

of a shift towards better resourcing and tapping into the horizontal use of 11 languages, there has been a default to one language of power, namely English. (...) The constitution provides the means to promote the vitality, versatility and stability of (the other 10 languages) and the rights of their speakers, but whether the political will to do so exists is a separate issue.

'n *Taalregtebenadering* tot die erkenning en uitbou van Afrikaans (en die ander inheemse tale) het klaarblyklik tot dusver nie baie goeie resultate gelewer vir Afrikaans as onderrigmedium in skole en vir Afrikaansmediumskole nie. Afrikaans as die taal van 'n minderheidsgroep sal nooit dieselfde taalregte as Engels kan geniet nie (Rubagumya et al. 2011:78). Verder is daar ekonomiese en politieke wêreldmagte wat nie slegs die oorheersende tale se magsposisie in stand hou nie, maar dit selfs versterk en verbeter. Bowendien kom dit voor of die sprekers van die oorblywende nege amptelike tale in Suid-Afrika nie veel omgee vir die status van hulle taal nie, en dus nie eintlik 'n sterk rol wil speel in die proses om 'n toekoms vir hulle tale te verseker nie (Rubagumya et al. 2011:79). Die burgers wat daardie tale praat, skyn nie sterk aan te dring op hulle taalregte nie (Rubagumya et al. 2011:80).

Voorbeeld van die mislukking van die taalregtebenadering is volop. Die taalaktivis CJA Lourens verloor op 10 Maart 2016 in die hoërhof sy appèl dat die regering alle amptelike dokumentasie in al 11 amptelike tale moet publiseer. In Januarie 2016 ontbind die betrokke minister die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) weens swak prestasie en 'n gebrek aan leierskap. PANSAT het die opdrag gehad om die 11 amptelike tale van die land te bevorder. Op grondvlak word die gebruik van Afrikaans as akademiese onderrigtaal afgeskaal deur verskeie universiteite, onder druk van die #AfrikaansMustFall-veldtog (einde 2015 tot begin 2016). Verder, soos gemeld, het die getal Afrikaansmediumskole gedaal tot 2166 aan die begin van 2016. Dit is 355 minder as in 2010 (Nel 2016:1). Ook, soos hieronder vermeld, is die Departement Basiese Onderwys tans besig om die magte van skoolbeheerliggame in te kort wat betref die bepaling van toelatings- en taalvoorkure by skole. Giliomee (2014:592-593) lys in 'n onlangse artikel 'n hele reeks terreine waar Afrikaans besig is om die kreeftegang te gaan of selfs agteruit te boer, byvoorbeeld die daling in die getal enkelmedium-Afrikaanse skole, en die verdwyning van Afrikaans as onderrigtaal in die universiteite en as wetenskapstaal.

'n *Taalregtebenadering* tot die aandrang om die behoud van Afrikaans as onderrigmedium in skole skyn daarom nie die antwoord op die probleem te wees nie. 'n *Taalburgerskapsbenadering* moet as alternatief oorweeg word. Die stigting van die Afrikaanse Taalraad op 24 Mei 2008 is al 'n stap in hierdie rigting. Die stigtingsvergadering daarvan is deur ongeveer 40 Afrikaanse burgerlike organisasies bygewoon wat meer as 500 000 Afrikaanssprekendes verteenwoordig (Afrikaanse Taalraad 2016).

Die res van hierdie artikel word gewy aan 'n uiteensetting van wat 'n *taalburgerskapsbenadering* met die oog op Afrikaans as TvOL in skole verder kan behels. Om die konteks te verduidelik, word die volgende afdeling gewy aan 'n kort uiteensetting van die statutêre raamwerk waarbinne 'n *taalburgerskapsbenadering* gevvolg moet word. Daarna volg 'n uiteensetting van wat 'n *taalburgerskapsbenadering* behels. Die kernbeginsels daarvan word daarna bekyk deur die lens van die *kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie*. Die artikel word afgerond met die buitelyk van 'n strategiese *taalburgerskapsplan* vir die behoud van Afrikaans as TvOL in skole.

3. DIE STATUTÊRE OMGEWING WAARIN AFRIKAANS AS TVOL SY REGMATIGE PLEK BEHOORT TE KRY

Soos 'n taalregtebenadering om die behoud van Afrikaans, maak 'n *taalburgerskapsbenadering* ook staat op die statutêre omgewing en -raamwerk, maar benut dit op 'n ander manier, soos beredeneer sal word. Ruimte laat nie toe dat hierdie statutêre konteks in besonderhede uitgespel word nie. Dit bestaan uit 'n internasionale faset: die International Covenant on Civil and Political Rights (1966), die Charter of Paris for a New Europe (1990), The Convention against Discrimination (1960) van UNESCO en die United Nations se Convention on the Rights of the Child (1990). Hierdie ooreenkomste bied verskansing van individuele en groepstaalregte. Die statutêre raamwerk het ook 'n plaaslike nasionale kant: die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)³ en die Talewet (Wet 12 van 2012).

Die klemverskuiwing wat hierbo voorgestel is, naamlik vanaf 'n taalregtebenadering na 'n taalburgerskapsbenadering, verg 'n aanpassing ten opsigte van hoe hierdie statutêre raamwerk beskou en benut word. Volgens 'n taalregtebenadering rus heelwat van die verantwoordelikheid op die verskillende owerhede (die regering of staat, en die onderwysowerhede) om Afrikaans en die ander inheemse tale te beskerm, te bevorder en te ontwikkel (vgl. Miedema & Ter Avest 2011:415). In 'n taalburgerskapsbenadering, daarteenoor, rus die onus op die Afrikaanse taalgemeenskap (die huidige ongeveer 6.8 miljoen moedertaalsprekers) en die ander taalgemeenskappe self om hierdie take ten opsigte van die onderskeie tale uit te voer. Die statutêre raamwerk bied slegs die *ruimte* vir die onderskeie taalgemeenskappe waarbinne hierdie take uitgevoer kan word. Die vraag is nou: Welke strategie kan gevvolg word om planmatige uitdrukking te gee aan 'n Afrikaanse taalburgerskapsbenadering? Die res van die artikel word aan hierdie vraagstuk gewy.

4. TEKORTKOMINGE VAN 'N LINGUISTIESE MENSEREGTEBENADERING / TAALREGTEBENADERING

Daar is 'n aantal besware teen 'n linguistiese menseregtebenadering in die onderwys. Ten eerste kan so 'n benadering in die groot gemeenskap van 'n land as selektief, potensieel diskriminerend en sosiaal verdelend gesien word. Omgekeerd kan die sprekers van die minderheidstale die hoofstroomtaal as dominant en dominerend beskou, en pogings om die minderheidstale "by te staan" kan as neerbuigend beskou word (Rubagumya et al. 2011:79).

'n Linguistiese menseregtebenadering is tweedens geneig om taal as 'n onproblematiese konstruk te verstaan. As daar byvoorbeeld gestel word dat "Afrikaans" bewaar, bevorder en beskerm moet word, is die vraag wat die term "Afrikaans" beteken. Daar bestaan tog meer as een betekenis van die begrip *Afrikaans*.

Ten derde, volgens Rubagumya et al. (2011:79), skyn 'n linguistiese menseregtebenadering te veronderstel dat taalregte toegestaan en gemoniteer word deur middel van staatsinstellings (soos PANSAT). In baie gevalle word die staat as 'n hoofrolspeler gesien in die toestaan en handhawing van taalregte (en in baie gevalle dan ook as die hoofrolspeler in die verontsameling

³ Om die skole oop te dwing, het die Departement Basiese Onderwys aan die begin van 2016 'n wetsontwerp opgestel op grond waarvan skoolbeheerliggame se mag om toelatings- en taalvoorkleur onder die gemelde artikel te bepaal, ingeperk sal word, en waardeur groter mag aan die onderwysdepartemente gegee word (Gerber 2016:1; Gerber 2016a:6). Ten tye van hierdie skrywe is die wetsonderwerp onder oorweging.

en vertrapping van 'n gemeenskap se taalregte). Met 'n linguistiese menseregtebenadering in 'n liberale nasiestaatopset, met sy raamwerk van nasionale grense, outentisiteit, eienaarskap, gebiedsgebondenheid, lojaliteit, en menseregtekultuur en -raamwerk, word die stem van die gewone burger dikwels nie gehoor nie, aangesien daar altyd gewag word op " 'n ander", soos die staatsowerheid, om die ideale van die burgery te verwerklik (Williams & Stroud 2015:426).

In die vierde plek: deur taalregte as 'n vorm van groeps- of kollektiewe regte te beskou, word veronderstel dat die betrokke taalgemeenskap hom noodwendig met die taal vereenselwig. Die praktyk is egter ingewikkelder as dit, en daar mag byvoorbeeld lede van die gemeenskap wees wat reeds die taal laatvaar het (soos reeds vermeld).

Daar word vyfdenks van die veronderstelling uitgegaan dat 'n menseregtaalbenadering 'n instaatstellende politieke raamwerk sal vorm waarin tale hulle regte sal kan opeis. Hoewel dit 'n geldige standpunt mag wees (soos wat dit binne die konteks van minderheidsgroepsregte met welslae toegepas word in lande soos Nederland en België), is die werklike implementering daarvan in die meeste lande moeiliker, soos die ervaring tot dusver in Suid-Afrika getoon het.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat taalregte nie sonder meer deur die lands- of onderwysowerheid "gegee" word aan of afgedwing kan word op die betrokke taalgemeenskap nie. Die betrokke taalgemeenskap moet die statutêre ruimte wat daar bestaan vir hulle taal, die ontwikkeling en gebruik daarvan, benut en self die taal uitbou. Hierdie gevolg trekking geld uiteraard ook vir die bestaan en voortbestaan van Afrikaanse skole en vir die volgehoue gebruik van Afrikaans as onderrigmedium.

4. 'N TAALBURGERSKAPS BENADERING DEUR DIE LENS VAN DIE KULTUURHISTORIESE AKTIWITEITSTEORIE

Dit is moeilik om iets nuuts oor die taalburgerskapsbenadering by te dra aangesien daar reeds soveel daaroor gedink en geskryf is.⁴ Venter (2016:23) gee 'n goeie opsomming daarvan, waarmee met vrug verder in hierdie artikel gewerk kon word:

Met 'n vyandige staatsowerheid, vyandige of apatiese universiteitsowerhede en 'n ongemobiliseerde Afrikaanse taalgemeenskap, is dit 'n monumentale uitdaging vir die burgerlike gemeenskap om Afrikaans in stand te hou en te bevorder. Sulke aktiwiteite is natuurlik reeds aan die gang soos die werk van die Akademie, LitNet Akademies, Akademia en so meer. Maar dit is nog nie naastenby genoeg nie. 'n Groot komponent van die akademici aan universiteite, nie net die histories Afrikaanse instansies nie, is Afrikaanssprekend. Dit is diesulkes, en ook veral Afrikaanssprekende sakeslui, onderwysers, joernaliste en professionele mense wat gemobiliseer moet word om Afrikaans as wetenskapstaal in stand te hou. Inisiatiewe oor die oprigting van nasionale Afrikaanse vakverenigings, vry van onvanpaste sentiment en politieke bagasie, sou een manier kon wees om so 'n doel na te streef, maar daarvoor sal leierskap, entoesiasme en veral navolgenswaardige gehaltestanndaarde nodig wees.

⁴ 'n Ebsco-host-literatuursoektog met trefwoorde "linguistic citizenship" lever meer as 47 500 publikasies oor hierdie onderwerp op.

⁵ Die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie het sy oorsprong in die denke van psigoloë en filosowe soos LS Vygotsky, AR Luria, AN Leontiev, E Il'enkov, V Davydov en Y Engeström. 'n Oorsig van die literatuur toon dat daar oor die jare bydraes tot die teorie was en dat daar ietwat van 'n strydpunt daaroor is of al hierdie bydraes aanleiding gegee het tot 'n enkele teoretiese perspektief. Vir die doel van hierdie bespreking word saam met Wilson, Cole, Nixon, Gordon, Jackson,

In 'n poging om verder tot hierdie gesprek by te dra, word die taalburgerskapsbenadering verderaan deur die lens van die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie⁵ bekyk. Hierdie teorie kan volgens Yamagatha-Lynch (2010:23) gebruik word as 'n sosiaalwetenskaplike metode of "interventionistiese" strategie, 'n raamwerk of teoretiese gereedskap om 'n mens te help om die grense en die kompleksiteit van 'n situasie (soos 'n taalburgerskapsbenadering tot die bevordering van 'n taal as onderrigmedium) mee te ontleed en te verstaan. Haar siening klop met dié van Halverson (2002:243), wat dit as 'n stuk konseptuele gereedskap beskou. Whitelaw, De Beer en Henning (2008:25,27,29,31) verwys ook na die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie as 'n gereedskapstuk, 'n breë teoretiese raamwerk, 'n model of 'n heuristiek waardeur 'n mens 'n bepaalde situasie kan bekyk (hulle gebruik die Engelse woord "gaze" vir die intense kyk na die situasie). Na hulle oordeel lei so 'n kyk tot 'n "dik" beskrywing van die situasie. De Beer en Henning (2011:209,218) stem hiermee saam en beskryf dit as 'n heuristiek of denkgereedskap om 'n situasie te verstaan en te verduidelik (vgl. ook Engeström & Sannino 2010:2,7).

Dit is egter nou eers nodig om te vra wat met "taalburgerskap" bedoel word. Williams en Stroud (2015:406-407) beantwoord die vraag só: In reaksie op die outhouerlike en gesentraliseerde vorme van besluitneming (van "bo af") wat geneig is om doof te wees vir die stemme van die mees gemarginaliseerde groepe in die samelewing, het daar 'n noodsaaklikheid ontstaan vir die gewone burger om meer aktief en daadkragtig te begin optree. Daar is 'n behoeftie aan:

[...] a subtle exercise of the politics of the ordinary. (...) In fact, a strong case could be made that the seed and momentum of social change are to be found in the non-institutional spheres of citizen activity... in the nooks and crannies of everyday life... the politics of the ordinary is increasingly a site where diversity and marginalization are constructed and deconstructed, negotiated and challenged (vgl. ook Byram 2010:319).

Die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie word nou verder ingespan om riglyne te formuleer vir 'n taalburgerskapsbenadering wat deur die Afrikaanse taalgemeenskap gevvolg kan word om onder meer Afrikaans as onderrigmedium in skole en universiteite te behou en selfs uit te bou. Volgens hierdie teorie is aktiwiteit en die sosiale transaksies wat daarvan verband hou, soos hulle kultuurhistories gekontekstualiseer is, die basiese ontledingseenheid ("unit of analysis") (Stetsenko & Arevitch 2004:488). Om hierdie rede is dit heel gepas om, soos Williams en Stroud (2015:408 e.v.) gedoen het, die gedagte van taalburgerskap te bou rondom die konsep van burgerskapshandelinge ("acts of citizenship"). Hierdie komplekse handelinge (vgl. Engeström & Sannino 2010:2) verwys na daardie dade en optredes waardeur rolspelers hulself en ook andere vestig as die subjekte wat aandring op hulle regte in die samelewing. Burgerskap word dus gesien as 'n "geïnstitutionaliseerde subjekposisie", ingebied in die bestaande sosiale en politieke situasie en stryd (soos dié waarin die sprekers van Afrikaans hulself tans bevind). Hierdie burgerskapshandelinge vind in die gewone alledaagse lewens van die burgers (lede) van byvoorbeeld die Afrikaanse taalgemeenskap plaas. Die handelinge of optredes is gewoonlik privaat, klein in omvang, alledaags en plaaslik – in 'n taal soos dit deur die plaaslike Afrikaanssprekende gemeenskap in die alledaagse omvang gebruik word. Burgerskapshandelinge rondom die behoud en bevordering van Afrikaans herdefinieer en herposisioneer die gebruikers van die taal ten opsigte van die ander tale en hulle sprekers (Williams & Stroud 2015:423-426).

Garia en Yakuksui (2013:360) aanvaar dat al die bydraes van verskillende denkers beskou kan word as "sienings binne die raamwerk van 'n enkele familie van teoretiese sieninge". Die omvang en doel van hierdie tydskrifartikel laat nie 'n uiteensetting van die oorsprong en groei van die teorie toe nie.

Elke aktiwiteit bestaan uit 'n aantal elemente: die kultuurhistoriese moment en konteks waarin die aktiwiteit plaasvind, die subjek (die uitvoerder van die aktiwiteit), die objek (die probleem of uitdaging) waarmee die subjek te doen het, die mediërende artefakte wat hy of sy in die proses vervaardig, gebruik of toepas, die gemeenskap waarbinne die aktiwiteit plaasvind, die taakverdeling binne die gemeenskap, die reëls wat almal in die gemeenskap veronderstel is om te volg in die uitvoering of die meedoen aan die aktiwiteit, en die verwagte uitkoms of resultaat van die aktiwiteit. Die bespreking hieronder word aan die hand van hierdie reeks aktiwiteitselemente gevoer.

4.1 Kultuurhistoriese moment of konteks

Die subjek (agent, die doener, uitvoerder van die aktiwiteit) verantwoordelik vir die handhawing, beskerming en uitbou van Afrikaans as moedertaal in die skole is altyd ingebied in 'n bepaalde sosiokulturele konteks, in hierdie geval dié van 'n Afrikaanstalige minderheidsgroep in 'n land met verskeie amptelike tale, waarvan Engels die oorheersende taal is. Die subjek is as't ware ingeweef in hierdie konteks en moet sy of haar plek daarin vind. Subjekte moet plek vind as werklike, unieke agente of rolspelers in die konteks (Stetsenko & Arievitch 2004:475-476). Volgens die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie moet die verhouding tussen die subjek (die Afrikaanssprekende en -handhawende individu) en die sosiale omgewing op 'n nie-dichotomiese manier gekonseptualiseer word: die individu staan nie *teenoor* die sosiokulturele omgewing nie, maar wel *daarbinne* en moet as landsburger daarbinne funksioneer. Die individu is gewortel in daardie omgewing en word ook deur die omgewing gevorm (Stetsenko & Arievitch 2004:476).

4.2 Die subjek (agent)

Die subjek speel 'n kernrol in die aktiwiteit en dit is noodsaaklik dat hulle hulle take en verantwoordelikhede in die aktiwiteit verstaan (Byram 2010:319). Die subjek as 'n selfbewuste individu speel 'n aktiewe rol in die aktiwiteit van taalbou en -bewaring, in hierdie geval as Afrikaanssprekende burger in 'n taaldiverse land. Die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie lê groot nadruk op die "agency" (die doenigheid; Duits "Tätigkeit") van die subjek: die subjek is betrokke by die lewe, dra daartoe by en is nie 'n blote produk van sosiale magte en kragte nie.

Die subjek is aktief, 'n aandrywende krag in die samelewning, 'n "acteur social" (Byram 2010:319); hy of sy gebruik die omgewing en die kultuur met die oog op die bereiking van toekomstige ideale, soos om Afrikaans erken en gevëstig te kry as die onderrigmedium van skole. Die subjek is 'n handelende agent of rolspeler wat die kultuur aangryp en gebruik, dit voortdurend skep en verander (Stetsenko & Arievitch 2004:489) en wat tegelyk ook waardering en eerbied het vir ander kulture en die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die gedagte van die "gebildete acteur social" dui op vermoëns soos om te kan ontleed, te onderskei en na te dink oor die self en die gemeenskap waarin 'n mens gevorm ("gebildet") is. Die term "gebildete acteur social" dui op die komplementariteit van "Bildung" (vorming) en aktiwiteit (aksie) (Byram 2010:319).

⁶ Voorsiening word vir hierdie moontlikheid gemaak in die lig van die feit dat Engels wêreldwyd 'n belangrike kommunikasiemiddel in die hoër onderwys geword het. Selfs in die histories Afrikaansmediumuniversiteite in Suid-Afrika word in baie vakgebiede al vir dekades lank Engelstalige handboeke voorgeskryf.

Die handelende subjek word voorts ontologies beskou as gewortel in duidelik omskrewe sosiale praktykspatrone, altyd in wording en nooit stagnant of gearriveerd nie (Stetsenko 2004:479). Die subjek word gesien as 'n lewende wese wat deel vorm van 'n dinamiese stelsel en wat op verskillende maniere skakel met die sosiokulturele omgewing en met ander wesens daarin. Die subjek is dus altyd oop vir groei en ontwikkeling en in 'n konstante wisselwerking met die omgewing (Stetsenko & Arievitch 2004:481). Ideaal gesproke moet die "acteur social" volgens Byram (2010:319, 320) en Byrnes (2010:316) 'n ten volle "gebildeter Mensch" (goed opgevoede, gevormde mens) wees. Slegs indien die subjek – die rolspeler, die sosiale agent – so ten volle gevorm is, kan die subjek sigself beywer in die belang van die goeie in die eie en die breë gemeenskap, in staat tot aksie saam met andere (van dieselfde gemeenskap en ook van ander gemeenskappe).

Soos Williams en Stroud (2015:408) die saak sien, het die burgers (in hierdie geval die Afrikaanssprekende burgery of deel van die samelewning) die behoefté om op 'n ander manier (as die taalregtebenadering) sy stem te laat hoor in die samelewning. Hulle mag byvoorbeeld verkieë om hulle rol (agency) deur middel van Afrikaans en ten gunste van Afrikaans as onderrigmedium in die skole tot uitdrukking te bring. Hulle mag verkieë om Afrikaans te gebruik en die gebruik daarvan in skole te bevorder – in weerwil daarvan dat ander landsburgers 'n (hoofstroom)taal soos Engels verkieë. Hulle beweeg met hierdie optrede weg van 'n "totalizing sense of language" in die rigting van die bevordering van 'n veelheid identiteite, subjekstellingname en belangposisies.

'n Taalburgerskapsbenadering moet die betrokkenes – in hierdie geval die lede van die Afrikaanse taalgemeenskap in Suid-Afrika – in staat stel om hulle taal te ontwikkel en al hulle lewensbelange daarin te artikuleer; hulle moet hulle menings daarin kan uitspreek en ook in debat met ander betrokke kan raak oor die rol van hulle taal in die breë gemeenskap (Miedema & Ter Avest 2011:413). Taalburgerskap moet by kinders tuisgebring word as deel van hulle persoonlike identiteitsvorming: hulle moet, wat hulle beheersing en gebruik van hulle taal (Afrikaans) betref, gevorm word om sowel hulle agentskap (rolle as sprekers van die taal) en hulle outeurskap (as vormers van taal) te kan nakom. Die doel van taalburgerskapsopvoeding is daarom om die jongmense te help om self verantwoordelik sowel as selfbepalend ten opsigte van hulle vorming en gebruik van die taal te kan wees (Miedema & Ter Avest 2011:414). Deur opvoeding (Duits: "Bildung"; Engels: "edification") moet Afrikaanssprekende jongmense daartoe gelei word om te weet hoe om hulle taal in 'n taaldiverse omgewing aan te wend sonder om aanstoot te gee, hoe om uitdrukking aan hulle eie menings te gee, en hoe om verantwoordelik en selfhandhawend te wees sonder arrogansie teenoor andere en hulle belang (Miedema & Ter Avest 2011:421). Die subjek moet die handeling van ontwikkeling en handhawing van Afrikaans so uitvoer dat dit aantoonbaar tot voordeel van die hele sosiokulturele omgewing is of kan wees.

Stetsenko en Arievitch (2004:494) vat die kultuurhistoriese aktiwiteitsteorie se siening van die subjek saam as dat die self gesien kan word as 'n betekenisvolle lewensprojek in eie reg; een wat self die belangrikste fasette en aspekte van sy of haar lewe organiseer en bestuur, onder meer deur gebruik te maak van kulturele hulpbronne en in volle bewustheid van magsverhoudinge en stryd in die sosiokulturele omgewing. Die vorming van die self is op sigself 'n belangrike aktiwiteit van die subjek; die vorming daarvan bepaal die aard van alle ander strewes, soos om geregtigheid in die samelewing te laat geskied (Stetsenko & Arievitch 2004:496) deur te streef na die erkenning van byvoorbeeld Afrikaans as onderrigtaal in skole en vir die bestaan van skole met Afrikaans as TvOL.

4.3 Die objek (“Gegenstand” van die aktiwiteit)

Menslike aktiwiteit word altyd aangedryf deur iets wat objektief iewers “buite-om” die subjek plaasvind of bestaan (Stetsenko & Arevitch 2004:486). ’n Aktiwiteit is altyd gerig op ’n objek wat as die uiteindelike produk van die aktiwiteit beskou word. Volgens Engeström en Sannino (2010:4) is die objek weerstandige rou materiaal sowel as die toekomsgerigte doel van die aktiwiteit; dit dra die ware motief vir die aktiwiteit. Die “objek” van ’n taalburgerskapsbenadering kan soos volg omskryf word: ’n Taalburgerskapsbenadering aanvaar nie die bestaan of die toestaan van taalregte deur die een of ander owerheid of binne die een of ander wetlike raamwerk as vanselfsprekend nie. Hoewel die owerheid (“van bo af”) voorsiening kan/behoort te maak vir moedertaalonderrig in die skole, is dit die gemeenskap self wat “van onder af” moet sorg dat moedertaalonderrig ’n regmatige plek in die skole kry. Dit is die gemeenskap wat druk moet toepas, inligting versprei en help dat die nodige kapasiteit daarvoor ontwikkel word. Hulle kan hierin “van die kant af” bygestaan word deur nie-regeringsinstansies soos die Afrikaanse Taalraad en sy samestellende organisasies. Alle betrokkenes moet besef dat die inbring van moedertaalonderrig in die skole en die behoud van skole met Afrikaans as TvOL van heelwat faktore in die burgerlike samelewing afhang en dat die handhawing en uitbou daarvan ’n komplekse proses is (Rubagumya et al. 2011:81).

Dit is uit hierdie omskrywing duidelik dat die “objek” vol inherente teenstrydighede is; dit is juis hierdie teenstrydighede wat die objek die karakter gee van ’n voortdurend bewegende, motiverende en toekomsvormende teiken (Engeström & Sannino 2010:5). Dit is die “rou materiaal” of “probleemruimte” waarop die aktiwiteit van (in hierdie geval) Afrikaanse taalhandhawing en -uitbouing as aktiwiteit geskied.

4.4 Mediërende artefakte

’n Aktiwiteit of handeling is altyd transaksioneel en dialogiese, ’n dialogiese verhoudingsproses tussen individue onderling en ook met die omgewing (Stetsenko & Arevitch 2004:479). Hierdie transaksies geskied altyd deur middel van mediërende kulturele “gereedskap” wat die aard van die verloop van die handeling bepaal. Tekens, sosiale gesprek, eenvoudige materiële gereedskap, kennis en tegnologiese geletterdheid – kortom, menslike kultuur – tel onder hierdie gereedskap (Stetsenko & Arevitch 2004:480, 482). Hierdie gereedskap verteenwoordig sosiale en histories spesifieke kulturele prosesse waardeur mense hulle lewens op ’n deurlopende basis vorm (Stetsenko & Arevitch 2004:484). In die geval van ’n taalburgerskapsbenadering moet alle gebruikers van die betrokke taal deurlopend voorsien word van inligting oor vordering met die taal, ook ten opsigte van die gebruik daarvan as TvOL in die skole. Die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van byvoorbeeld gepaste skoolhandboeke en ander onderrig- en leermateriaal vir die primêre, sekondêre en tersiêre onderwys waar die moeder- of huistaal gebruik word, spreek vanself (Rubagumya et al. 2011:81).

4.5 Die gemeenskap

“Burgerskap” en “burgerskapsopvoeding” is nie blote abstrakte opvattinge nie; hulle verwys altyd konkreet na ’n spesifieke gemeenskap (Miedema & Ter Avest 2011:411). Dieselfde geld vir ’n taalburgerskapsbenadering: dit handel oor die bevordering van ’n bepaalde taalgemeenskap, in hierdie geval die Afrikaanse taalgemeenskap. Om hierdie rede is dit ’n belangrike eerste stap om die sosiale orde waarbinne die taaldiskoers gevoer word, te dekonstrueer: wie presies

verteenwoordig (byvoorbeeld) die Afrikaanse taalgemeenskap en wat is hulle strewes vir hulle taal? (Rubagumya et al. 2011:81).

'n Taalburgerskapsbenadering gee uitdrukking aan die eise van 'n bepaalde gemeenskap binne die burgery van die land, maar tegelyk moet dit ook versoenbaar wees met die geregtigheidsvereistes (soos onder meer uitgedruk in die Grondwet van die land) in 'n taaldiverse land soos Suid-Afrika (Miedema & Ter Avest 2011:413). Gemeenskappe wat hulle eie tale en taalburgerskap wil bevorder, moet 'n begrip hê van die breë demokratiese beginsels van die groot samelewing waarin hulle hulself as landsburgers bevind, maar tegelyk moet hulle ook beskik oor die waardestelsel, die procedures, die lewensingesteldheid en die vermoëns wat hulle sal benodig om hulself ten volle op taalgebied te kan uitleef in 'n diverse en demokratiese burgery (Miedema & Ter Avest 2011:413). Jong Afrikaanssprekendes moet toegerus word sodat hulle kan verstaan wat dit beteken om saam te leef in verskil met mense wat ander tale as moedertale gebruik. Hulle moet verstaan dat taaldiversiteit 'n gegewe is, dat dit 'n maatskaplike feit is, en dat dit daarom nie 'n probleem is nie, maar 'n uitdaging. Hulle moet eerbied en verdraagsaamheidsbevoegdhede verwerf teenoor diegene wat talig en kultureel anders as hulle is (Miedema & Ter Avest 2011:418-419).

4.6 Taakverdeling in die gemeenskap

Die taalburgerskapsbenadering gaan van die veronderstelling uit dat dit die burgers (die betrokke burgerlike gemeenskap of groepering) self is wat betrokke behoort te wees by die stryd en taak om hulle taal te gebruik in die gang van hulle alledaagse lewens en om dit deel te maak van hulle beheer oor hulle daagliks bestaan. Taalgebruikers op die mees basiese funksionele vlakke van die betrokke gemeenskap se bestaan moet betrokke gemaak word by die proses om die taal so wyd en produktief as moontlik te gebruik. Die gebruikers van die taal moet byvoorbeeld verstaan dat 'n goeie grondslag vir die moedertaal (T1) tuis en in die primêre skool 'n voorwaarde is vir die gemaklike oorgang na Engels as onderrigtaal in die skool (T2) en later in die hoër onderwys, indien so 'n oorgang deur die betrokke persoon of gemeenskap verkies sou word.⁶ Hulle moet ook besef dat die gebruik van T1 tuis van so 'n goeie kognitiewe gehalte moet wees dat dit 'n grondslag kan vorm vir die oorgang na T2 later. Diegene wat daartoe in staat is om T1 op die vereiste kognitiewe vlak te gebruik, moet ander in die taalgemeenskap sodat hulle ook daardie vlak kan bereik. Doelbewuste pogings moet aangewend word om taalgemeenskappe wat dit wil doen, te ondersteun om die kennis wat in die primêre skool deur medium van T1 opgedoen word, te koppel aan die gebruik van T1 tuis (Rubagumya et al. 2011:81).

4.7 Die reëls van die aktiwiteit

Sodra dit duidelik is wat die Afrikaanse gemeenskap te doen staan om sy oogmerke met die "objek" te bereik, moet die reëls "van die spel" vir die bewaring en uitbou van Afrikaans as onderrigmedium en van Afrikaanstalige skole binne die gemeenskap onder die leiding van gemeenskapsleiers, uitgeklaar word (vgl. De Beer & Henning 2011:209). Die reëls behels die formele en informele "regulasies" wat die aktiwiteit op bepaalde maniere kan bevorder en aan die subjek leiding kan gee oor die beste procedures wat gevvolg moet word en die aanvaarbare interaksies met die ander lede van die betrokke gemeenskap (Yamagatha-Lynch 2010:23).

4.8 Die verwagte uitkoms of resultaat van die aktiwiteit

Aktiwiteit word gevorm deur die omgewing en dit kristalliseer in die produk, uitkoms of gevolge daarvan (Stetsenko & Arevitch 2004:484). Doelstellings kan gevolglik gesien word as die “dryfvere agter die opset om te handel” (Stetsenko & Arevitch 2004:492). Die uitkoms waarop gehoop word met die volg van ‘n burgerskapsbenadering tot die handhawing, uitbou en bevordering van Afrikaans as TvOL, is dat daar ruimtelike en temporale (tyds)parameters tot stand sal kom vir die suksesvolle realisering van die stemme van (in hierdie geval) die Afrikaanse gemeenskap en Afrikaanssprekendes. Williams en Stroud (2015:425) stel hierdie uitkoms treffend soos volg: “Intimate events and experiences are intertwined with large-scale processes, an important focus of linguistic citizenship.” Die burgerskapsbenadering bring die private saak en belang van byvoorbeeld die Afrikaanse gemeenskap “into the ambit of everyday conviviality among diverse groups, where their practices and performances are taken to be outside the private realm and taken up as part of the wider discourses of citizenship”.

Die uitkoms van die aktiwiteit is verandering, of die transformasie van die objek, soos hierbo beskryf. Die aktiwiteit lei tot ‘n kwalitatiewe transformasie, of omvorming, van al die komponente van die aktiwiteitsstelsel (Engeström & Sannino 2010:15). Prakties gestel: die uitkoms is groter erkenning van die bestaansreg van Afrikaans, onder meer in die gestalte van skole met TvOL en in die vorm van Afrikaans as onderrig- en leertaal.

5. SLOTSOM

Hoewel die probleem van die handhawing van Afrikaans, ook as TvOL in skole, en die behoud van Afrikaans as TvOL in skole in Suid-Afrika ‘n “ou” probleem is, moet die stryd om die behoud en uitbou van Afrikaans eerder op ‘n nuwe manier gevoer word, naamlik op die grondslag van ‘n taalburgerskapsbenadering. Die Afrikaanse taalgemeenskap moet voortaan sterker as ooit gemobiliseer word om op ‘n gekonsolideerde manier ‘n eenvoudige dog sterk strategiese plan te ontwikkel en te volg. Die aktiwiteit wat uitgevoer moet word, is die toekomstige behoud, bewaring en uitbou van Afrikaans, ook as TvOL in die skole en in die hoër onderwys; die kultuurhistoriese omlysting van die stryd behels ‘n regering wat nie oor die politieke wil beskik om Afrikaans “van bo” uit te bou of te behou nie, maar tog ‘n omvattende statutêre raamwerk in stand hou waarbinne die gemeenskap dit self sal kan doen; die Afrikaanse taalgemeenskap sal in die toekoms nog sterker as in die verlede hierdie taak op homself moet neem: van “onder” en van “die kant af”. Die taak van handhawing, uitbou en implementering van Afrikaans as onderrigmedium sal effektiel verdeel moet word onder diegene wat die verskillende fasette daarvan die beste sal kan uitvoer; al die betrokkenes sal moet ooreenkoms oor die reëls van die “nuwe” taalburgerskapspel, en hopelik sal die voortbestaan van Afrikaansmediumskole en van Afrikaans as TvOL in die skole ‘n gevolg, uitkoms of resultaat van al die pogings wees.

Daar sal deeglike taalbeplanning deur die betrokke (Afrikaanse) taalburgerskapsgemeenskap gedoen moet word. Nie net moet daar duidelikheid verkry word oor die ruimte wat “van bo af” beskikbaar is vir Afrikaans as TvOL en vir die bestaan en voortbestaan van Afrikaansmediumskole nie, maar ook wie die betrokke rolspelers in die Afrikaanse taalgemeenskap (“van onder af”) is wat die taak van die behoud, bevordering en uitbou van Afrikaans as TvOL op hulle skouers moet neem, en ook welke nie-regeringsinstansies (“van die kant af”) hulle in die uitvoering van die taak kan bystaan.

Die uitvoering van hierdie strategie is geen eenvoudige, reglynige prosedure of werksaamheid nie: weens al die faktore wat op die proses kan inwerk, is dit 'n ingewikkeld en verweefde proses waarvan die subjek (die rolspelers) dikwels nie in beheer is nie en waarvan hulle op bepaalde stadiums van die proses nie eens bewus sal wees nie. Hierdie gedagte sluit aan by 'n opskrif wat Giliomee (2014:592) in 'n artikel oor die toekoms van Afrikaans gebruik het – hy praat daar van "die paradoks" van Afrikaans om daarmee te kenne te gee dat Afrikaans oënskynlik in die private sektor sekere winste behaal, maar in die openbare sektor al hoe meer op die agtergrond verdwyn. Dit is in hierdie paradoksale konteks dat die Afrikaanse taalgemeenskap die bovermelde strategie moet uitvoer en toepas ten einde te verseker dat skole met Afrikaans as TvOL en skole wat Afrikaans as skoolvak aanbied, nie totaal van die toneel verdwyn nie. Dit alles behoort gedoen te word om goeie gehalte onderwys vir leerders met Afrikaans as huistaal te ondersteun en om 'n konstruktiewe bydrae tot voordeel van die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap (nasie) te lewer.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Taalraad. 2016. Wie is ons? <http://afrikaansetaalraad.co.za/wie-is-ons/> [25 Maart 2016].
- Bosman, J. 2016. Afrikaans is oop vir geleenthede. *Beeld*, 29 Maart 2016:13.
- Byram, M. 2010. Linguistic and cultural education for Bildung and Citizenship. *The Modern Language Journal*, 94(2):317-321.
- Byrnes, H. 2010. Revisiting the role of culture in the Foreign Language Curriculum. *The Modern Language Journal*, 94(2):315-317.
- Curro. 2016. Resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2015. *SakeBeeld*, 24 Februarie 2016:18.
- De Beer, J. & Henning, E. 2011. Retreating to a Vygotskian stage where pre-service teachers play out social, "dramatical collisions". *Acta Academica*, 43(3):203-228.
- Engeström, Y. & Sannino, A. 2010. Studies of expansive learning: Foundations, findings and future challenges. *Educational Research*, 5:1-24.
- Garrouste, C. 2011. Explaining learning gaps in Namibia: The role of language proficiency. *International Journal of Educational Development*, 31:223-233.
- Gerber, J. 2016. Regering wil skole só inperk. *Beeld*, 3 Maart 2016:1.
- Gerber, J. 2016a. So word wolf skaapwagter in SA skole. *Beeld*, 4 Maart 2016:6.
- Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):571-595.
- Halverson, C.A. 2002. Acitivity theory and Distributed Cognition: Or what does CSCW need to do with theories? *Computer Supported Cooperative Work*, 11(1-2):243-267.
- Miedema, S. & Ter Avest, I. 2011. In the flow of maximal interreligious Citizenship Education. *Religious Education*, 106(4):410-424.
- Nel, C-A. 2016. Getal Afrikaanse skole krimp erg sedert 2010. *Beeld*, 18 Februarie 2016:1.
- Rubagumya, C.M., Afitska, O., Clegg, J. & Kiliku, P.. 2011. A three-tier citizenship: Can the state in Tanzania guarantee linguistic human rights? *International Journal of Educational Development*, 31:78-85.
- Stetsenko, A. & Arievitch, I.M. 2004. The self in Cultural-Historical Activity Theory. *Theory and Psychology*, 14(4):475-503.
- Venter, F. 2016. ANC buit Afrikaans uit. *Beeld*, 31 Maart 2016: 23.
- Whitelaw, S., De Beer J. & Henning, E. 2008. New teachers in a pseudocommunity of practitioners. *Education as Change*, 12(2):25-40.
- Williams, Q.E. & Stroud, C. 2015. Language and politics in postnational modernities. *Journal of Language and Politics*, 14(3):406-430.
- Wilson, D.G., Cole, M., Nixon, A. S., Nocon, H., Gordon, V., Jackson, T., Garia, O.L. & Yasusuki, M. 2013. Qualitative Research: Cultural-historical activity theory. In McGraw, Peterson & Baker (eds.). *International Encyclopedia of Education*. New York: Elsevier, pp. 360-366.
- Yamagatha-Lynch, L. 2010. Understanding Cultural Historical Activity Theory. In Yamagatha-Lynch, L. 2010. *Activity systems analysis methods: Understanding complex learning environments*. Dordrecht: Springer, pp. 13-26.

Taalbeleidshersiening aan die Universiteit van die Vrystaat, 2003–2015

The revision of language policy at the University of the Free State, 2003–2015

THEODORUS DU PLESSIS

Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging
Universiteit van die Vrystaat
E-pos: dplesslt@ufs.ac.za



Theo du Plessis

THEODORUS DU PLESSIS is hoogleraar in taalbestuur en direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is hoofredakteur van die Van Schaik Uitgewersreeks *Studies in Language Policy in South Africa*, waarvan agt volumes reeds sedert 2000 gepubliseer is; mederedakteur van twee verdere boeke oor taalpolitiek, *Afrikaans en taalpolitiek* (1987 – met Hans du Plessis), *Taal en stryd: Gedenkbundel 1989–1999* (1999 – met Alwyn van Gensen); en hoofredakteur van die SUN Press-reeks, *South African Language Rights Monitor/Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor*, waarvan 10 jaarlikse verslae (2002–2011) en een geakkrediteerde spesiale uitgawe (2014) sedert 2010 verskyn het. Hy is ook mederedakteur van die vaktydskrif *Language Matters. Studies in the Languages of Africa* (UNISA/Routledge) en lid van die redaksie van die prestige vaktydskrifte *Language Policy* (Springer) en *Language, Culture and Curriculum* (Taylor & Francis). Hy is lid van die International Academy of Linguistic Law en van drie nasionale linguistiese vakverenigings.

THEODORUS DU PLESSIS is a professor in language management and director of the Unit for Language Facilitation and Empowerment at the University of the Free State. He is editor-in-chief of the Van Schaik Publishers series *Language Policy Studies in South Africa*, of which eight accredited volumes have been published since 2000; co-editor of two further books on language politics, *Afrikaans en taalpolitiek* (1987 – with Hans du Plessis), *Taal en stryd: Gedenkbundel 1989–1999* (1999 – with Alwyn van Gensen); and editor-in-chief of SUN Media's *South African Language Rights Monitor* series, of which 10 annual reports (2002–2011) and one accredited special issue (2014) have been published since 2010. He is also associate editor of the journal *Language Matters* (UNISA/Routledge) and serves on the editorial board of the prestige journal, *Language Policy* (Springer), as well as *Language and Curriculum* (Taylor & Francis). He is a member of the International Academy of Linguistic Law and of three national academic language associations.

ABSTRACT

The revision of language policy at the University of the Free State, 2003–2015

The article offers an overview of language policy review at the University of the Free State (UFS), from the inception of the university council's 2003 language policy up to the adoption of an entirely new policy in March 2016. This overview is undertaken against the background of theoretical insights about the role of the evaluation of effective policy implementation in policy review at higher education institutions. Several studies as well as some institutional reports since then have suggested that the UFS language policy needed to be reconsidered in view of drastically changing demographics in particular. The underlying question that is considered in terms of relevant documentation available in the public space is therefore why the UFS did not respond earlier to warnings about the inappropriateness of a policy that had been implemented under completely different conditions back in 2003. Departing from international studies on policy review, the study specifically looks at the role of regulative factors in policy review. This is done in terms of an analysis of external core reports that, as far back as 2006 already, recorded shortcomings requiring corrective actions by the UFS. The role of specifically two reports published during 2008, namely the Higher Education Quality Committee (HEQC) institutional audit report and the Ministerial Committee's report on transformation and social cohesion and the elimination of discrimination in public higher education institutions (the so-called Soudien report), are considered. Incidentally, they are also foregrounded in a transformation report issued by the UFS towards the end of 2014, which turns out to have provided a basis for reinventing language problems that could eventually be used as a rationale for changing the UFS language policy.

As these reports have identified a range of shortcomings in the 2003 language policy, the study was specifically interested in how the mentioned transformation report presented these findings and how the UFS responded – aspects the transformation report omits. From publicly available documents, it is clear that the UFS has indeed responded appropriately and even revised aspects of implementing the existing language policy. With the changeover to a new leadership during 2009, these measures were not followed through and not even mentioned at all after 2010. Among others, the study finds that the UFS nevertheless did attempt language policy revisions in 2010 and 2012, which led to instilling a more pragmatic approach to language policy implementation. After the 2010 review, the notion was adopted of a university that (still) used English and Afrikaans as media of instruction, but not necessarily within a framework of absolute parallel-medium teaching and where English was used as a kind of mediating language within multicultural situations. Other policies were revised to reflect this new approach, among them the policy on the UFS's branding identity, employment equity and integration in hostels. After the 2012 revision, the notion was adopted that parallel-medium education will be offered where possible and practicable and that the use of Southern Sotho within the teaching and learning environment will be increased. These measures partly responded to the dwindling number of Afrikaans students that still opted for Afrikaans classes (by 2012 already below 30% of all students). The changes resulting from these two reviews notably went further than the corrective actions undertaken before 2010 under the former management. They were nevertheless not mentioned in the UFS's transformation report, nor did they feature in the 2015 review process.

In order to reconstruct the entire 2015 language review process (which is the actual focus of the study), the run-up to the surprising announcement about a language policy review is studied in some detail. Neither the 2014 annual institutional report nor the UFS's 2015–2020 strategic plan (finalised towards the end of 2014) mentions any of the kind of concerns about

the institutional language policy that were raised during 2015. On the contrary, this strategic plan in particular still reaffirms the status quo position regarding language. One therefore has to assume that consistent pressure from the Department of Higher Education and Training by means of the mechanisms envisaged by the 2008 Soudien report, the role of the Director of the UFS's Institute for Reconciliation and Social Justice and the increased demand for transformation from student quarters as a by-product of the #RhodesMustFall campaign, have all contributed to a change of heart by the university management regarding the language issue. In stark contrast with the position adopted towards the end of 2014, it was subsequently argued that the 2003 language policy was found to be inappropriate to promote "transformation at the institution", a phrase that began to be propagated in official announcements and press releases.

The article concludes that, because of a degree of neglect to execute actual language policy revisions (and thereby aligning revisions made in other policies) the university's management was eventually caught off guard by increased demands for transformation from all quarters. By inadvertently creating a hostile intellectual climate about the position of Afrikaans, the leadership could probably succeed – without any policy revision – to remove the existing bilingual language policy and replace it with a predominantly monolingual language policy. One therefore wonders whether Afrikaans became the culprit for the lack of proper and regular evaluation of a range of measures that were implemented at different stages in an attempt to realign the 2003 language policy with the changing circumstances at the UFS. In the end, this case demonstrates the importance of a meta-policy that helps to steer a university such as the UFS through troubled waters within an overall unstable higher education environment.

KEYWORDS: Double-medium education; Monolingualism; Multilingualism; Multiculturalism; Medium of instruction; Education language policy; Parallel-medium education; Language policy; Language policy higher education; Language policy evaluation; Language policy review; Language diversity; Bilingualism

TREFWOORDE: Dubbelmediumonderrig; Eentaligheid; Meertaligheid; Multikulturaliteit; Veeltaligheid; Onderrigmedium; Onderwystaalbeleid; Parallelmediumonderrig; Taalbeleid; Taalbeleid hoër onderwys; Taalbeleidevaluering; Taalbeleidshersiening; Taaldiversiteit; Tweetaligheid

OPSOMMING

Die artikel bied 'n oorsig van taalbeleidshersiening aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) vanaf die inwerkingtreding van die universiteitsraad se 2003-taalbeleid tot en met die aanvaarding van 'n totaal nuwe beleid in Maart 2016. Hierdie oorsig geskied teen die agtergrond van teoretiese insigte oor die rol van die evaluering van beleidsimplementering by beleidshersiening aan hoëronderwysinstellings. Die onderliggende vraag wat aan die hand van relevante dokumentasie in die openbare ruimte ondersoek word, is waarom die UV nie eerder ag geslaan het op gevaartekens met betrekking tot die toepaslikheid van 'n beleid wat onder ander omstandighede ingestel is nie. Spesifieker word die rol van regulatiewe faktore by effektiewe beleidshersiening word oorweeg aan die hand van 'n analise van eksterne kernverslae, wat reeds sover terug as 2006 leemtes aangedui en bepaalde regstellings van die UV verwag het. Die aanloop tot die verrassende 2015-taalbeleidshersiening word in besonderhede nagegaan

ten einde die hele hersieningsproses te kon rekonstrueer. Onder meer word bevind dat die UV wel in 2010 en 2012 formeel taalbeleidshersienings aangepak het wat 'n meer pragmatiese benadering tot taalbeleidsimplementering tot gevolg gehad het. Die artikel bevind dat die universiteitsbestuur as gevolg van 'n mate van versuum om meer daadwerklike taalbeleids-wysiginge deur te voer, uiteindelik onkant gevang is deur 'n toenemende aandrang op transformasie. Deur waarskynlik te help skep aan 'n ongunstige denkklimaat oor die posisie van Afrikaans kon die leierskap daarin slaag om sonder enige hersiening die bestaande tweetalige taalbeleid van die tafel te vee en met 'n grootliks eentalige beleid te vervang.

1. INLEIDING


Op 11 Maart 2016 maak die Raad van die Universiteit van die Vrystaat (UV) bekend dat “'n nuwe Taalbeleid met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur is” (UV 2016). Met hierdie beleid verbind die Raad hom skynbaar tot die skep van “'n taalryke omgewing... wat toegewy is aan veeltaligheid” deur aandag te gee aan Afrikaans, Suid-Sotho, Zoeloe “en ander tale wat op die drie kampusse in Bloemfontein en Qwaqwa verteenwoordig word”, spesifiek binne “'n uitgebreide studieklasstelsel vir eerstejaarstudente”. Terselfdertyd verklaar die Raad egter dat Engels die primêre taal van onderrig, universiteitsadministrasie en “(f)ormele studentelelewisselwerking” sal wees. As kompromis word aanvaar dat parallelmedium nog in bepaalde programme sal voortgaan, maar wel uitgebrei sal word om Suid-Sotho en Zoeloe in te sluit.

Sodra 'n volledige nuwe beleid geformuleer is, vervang dit die een van 6 Junie 2003 (UV-Raad 2003), wat tans (Mei 2016) nog van krag is. Laasgenoemde erken beide Afrikaans en Engels as “hooftale” en daarom ook as gelyke onderrig- en administrasietale. Volgens artikel 2.4 van hierdie beleid wil die UV veeltaligheid en multikulturaliteit “koester en bevorder”. Dit word volgens artikel 1.2.3 gedoen teen die agtergrond van “die nasionale beweging na veeltaligheid en die erkenning van taalregte”. Verskeie konkrete maatreëls word getref om sodanige meertaligheid te realiseer, onder meer parallelmediumonderrig, uitgebreide vertaal- en tolkdienste, taalontwikkeling, ensovoorts.

Waar die 2003-beleid tweetaligheid binne die konteks van meertaligheid institusionaliseer, verskuif die nuut aangekondigde beleid met die de-institusionalisering van Afrikaans na 'n eentalige bestel, versuiker deur tipies egalistiese bedoelings insake meertaligheid. Die onvermydelike vraag wat gevra moet word, is wat hierdie redelik drastiese verandering genoodsaak het.

In sy strategiese plan vir 2015–2020 (teen die einde van 2014 aanvaar) word nog bevestig dat die UV 'n parallelmediuminstelling is wat ondanks 'n toenemende verskuiwing van Afrikaanssprekende studente na die Engelse voertaalbaan, steeds onderrig in Afrikaans en Engels verskaf (UFS 2015:3-4). Geen aanduiding word gegee van die noodsaak om af te stap van die bestaande beleid of van enige oogmerk om dit ingrypend te verander nie. Dit is daarom vreemd dat die UV-raad op 4 Junie 2015 aankondig dat opdrag gegee is vir die totstandkoming van “'n Taalkomitee” om 'n hersiening van die institusionele taalbeleid te oorweeg en teen November 2015 aanbevelings hieromtrent aan die Raad voor te lê. Volgens Loader (2015:12) is hierdie besluit geneem in reaksie op “algemene besorgdheid” (gelug by 'n universiteitsvergadering van 28 April 2015) oor “die moontlike nie-geskiktheid van die UV se huidige parallelle voertaalbeleid om die diepgaande transformasie by die instelling te ondersteun”. Impliseer dit dat die UV teen die einde van 2014 salig onbewus was van moontlike hindernisse wat sy taalbeleid by die ontplooiing van transformasie kon veroorsaak het? En wat presies maak die 2003-beleid ongeskik om “diepgaande transformasie” te kan bewerkstellig?


Sulke vrae is besonder relevant in die lig van 'n vereiste in die UV se metabeleid (UV 2005b) dat institusionele beleide periodiek hersien moet word. Gereelde hersiening volg uiteraard op die roetinematige evaluering van beleidsimplementering, sekerlik ook van taalbeleidsimplementering. Du Plessis (2015) beoordeel huis die toepaslikheid van die UV se taalbeleid en kom op grond van drie kernfaktore tot die gevolgtrekking dat 'n taalbeleidshersiening aan die UV eintlik 'n geruime tyd lank al onafwendbaar is. Hy voer aan dat veranderende demografiese, regulatiewe en leierskapfaktore oor 'n tydperk heen meegewerp het om 'n ongunstige klimaat aan die UV te skep vir die handhawing van die heersende parallelmediummodel. Trouens, 'n vroeëre analyse toon dat die instandhouding van 'n parallelmediummodel alleen op basis van die krimpende Afrikaanse studentegemeenskap reeds teen 2010 nie meer haalbaar was nie (Du Plessis 2015:10). Die rede hiervoor is dat die Afrikaanstalige studentegemeenskap aan Kovsies teen 2010 reeds die "kritieke afsnypunt van 30%" genader het (Du Plessis 2010a:135; 140). Die beskikbare syfers van Figuur 1¹ toon dat die Afrikaanse huistaalkomponent teen 2014 (toe die strategiese plan vir 2015-2020 aanvaar is) reeds tot onder hierdie afsnypunt gedaal het (teen 2016 reeds 24,21%).



Figuur 1: Taalverspreiding per huistaal onder ingeskreve UV-studente, 2004–2014

Die situasie vererger indien die tendens waarvan die 2015 strategiese beplanning hierbo melding maak ook verreken word, soos die syfers van Figuur 2 aandui. (Teen 2016 het reeds minder as 18% van ingeskreve studente Afrikaans as onderrigtaal gekies.)

¹ Verskaf deur die UV se Direktoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning op 26 Mei 2016.



Figuur 2: Verspreiding van studente volgens onderrigmedium, 2004–2014

Bloot op grond van hierdie veranderde demografiese situasie moes die UV al veel eerder sy taalbeleid hersien het om aan te pas by die veranderende omstandighede. Nietemin word die “nie-geskiktheid” van parallelmediumonderwys in 2015 nie primêr aan demografie toegeskryf nie, maar uiteindelik aan faktore wat teruggevoer kan word na twee belangrike verslae wat gedurende 2008 verskyn het, te wete die Higher Education Quality Committee (HEQC) se verslag oor ’n roetinematige institusionele audit wat vanaf 16 tot 20 Oktober 2006 aan die UV uitgevoer is (HEQC 2008) en die sogenaamde Soudien-verslag² oor transformasie en sosiale kohesie en die uitskakeling van diskriminasie aan hoëronderwysinstellings (Ministerial Committee 2008) wat op die sogenaamde Reitz-incident van Februarie 2008³ gevvolg het en wat uitgeloop het op hierdie ministeriële ondersoek. Dit is insiggewend dat die UV se transformasieverslag vir die tydperk 2004–2014 (UFS 2014a), wat terloops ook teen die einde van 2014 bekendgestel is,⁴ prominensie aan die bevindinge van hierdie twee verslae verleen.

Vir die doeleindes van hierdie artikel kan dus aanvaar word dat die redes vir die 2015-taalbeleidshersiening aan die UV elders as by demografiese faktore gesoek moet word. ’n Rekonstruksie van die verloop van taalbeleidshersiening aan die UV sedert die aanvaarding van sy 2003-taalbeleid, wat met hierdie artikel beoog word, kan in hierdie oopsig nuttige perspektiewe oplewer.

² Vanweë die lang titel van die verslag het die gebruik ontstaan om dit te vernoem na die voorsitter, prof. Crain Soudien.

³ Die sogenaamde Reitz-incident hou verband met die onthulling van ’n video deur vier manlike Afrikanerstudente verbonde aan Pres. Reitz Kamerwonings aan die UV, waarin uitgebeeld word hoe ’n groep ouerige swart werkers gedwing word om kos te eet waarin die mans oënskynlik geürineer het (Ministerial Committee 2008).

⁴ Die webblad van die Instituut vir Versoening en Sosiale Geregtigheid waar die 2014-transformasieverslag afgelaai kan word, is op 20 Oktober 2014 laas bygewerk <http://institute.ufs.ac.za/content.aspx?id=38>, soos op 25 Mei 2016 vasgestel.

2. BELEIDSONTWIKKELING EN -HERSIENING AAN TERSIËRE INSTELLINGS

Beleidsontwikkeling en -hersiening aan tersiäre instellings is uiteraard geen vreemde verskynsel nie. Heelwat universiteite beskik oor riglyne of selfs beleide hieromtrent, sedert Dror (1971:74)⁵ bekend as “beleid oor beleid” of “metabeleid”. In navolging van Dror se toonaangewende werk op die gebied van openbare beleid het Freeman (2012a) die konsep “metabeleid” met betrekking tot universiteite verder begin voer. Volgens haar vestig ’n universiteit se metabeleid die oorhoofse raamwerk vir die instelling se onderskeie beleidsprosesse (Freeman 2012a:93).

Die ontplooiing van metabeleid aan universiteite hou volgens Freeman (2012a:91) grootliks verband met die (toenemende) eise wat hieromtrent gestel word deur tersiäre gehaltebeheer-agentskappe, wat weer verband hou met die veranderende hoëronderwysomgewing en regerings se aandrang op verantwoordbaarheid. In ’n meer onlangse studie noem sy byvoorbeeld dat die meeste Australiese universiteite en ten minste die helfte van Nieu-Seelandse universiteite reeds so ’n metabeleid aanvaar het (Freeman 2014:74;80). Kenners van hoëronderwysbestuur sal weet dat die hele diskoers oor die verantwoordbaarheid van openbare universiteite en tersiäre instellings wêreldwyd hierdie instellings besighou, soos ’n mens merk uit internasionale publikasies soos dié van Stensaker en Harvey (2010) oor die onderwerp.

’n Universitêre metabeleid maak meestal voorsiening vir die hele beleidsproses, hetsy met betrekking tot die ontwikkeling van ’n totaal nuwe beleid (wat die uitvloeisel van ’n beleidsvereiste kan wees) of vir die hersiening van ’n bestaande beleid (ten einde organisatoriese effektiwiteit te verseker). Die metabeleid van die Australiese University of Victoria (University of Victoria 2007) tref byvoorbeeld so ’n onderskeid terwyl dié van die tweetalige Nieu-Seelandse University of Otago weer onderskei tussen “groter” en “kleiner” wysigings (University of Otago, 2010). Ook die UV se metabeleid, wat reeds op 10 Junie 2005 aanvaar is, onderskei tussen die ontwikkeling van ’n nuwe beleid en die hersiening van ’n bestaande beleid; en maan voornemende beleidsopstellers om eers alternatiewe te ondersoek alvorens op die hersieningskarretjie gespring word (UV 2005b:2-3).

Vir Freeman (2012a:95) hou beleidshersiening verband met die oorweging van (die inhoud van) ’n bestaande beleidstuk met die effektiwiteit van spesifik **beleidsimplementering** in gedagte. Uit haar ondersoek na die metabeleid van ’n aantal universiteite blyk dit dat daar sprake is van ’n kontinuum gebiedende faktore wat beleidshersiening noodsaak, verspreid vanaf geringer wysigings wat van tyd tot tyd vereis word as gevolg van onder meer benamings en terminologie wat voortdurend verander, tot groter wysigings wat vereis word as gevolg van onder meer strukturele veranderinge of nuwe wetgewing (Freeman 2012a:100). Van hierdie faktore hou verband met *interne faktore*, soos onder meer verskuiwings in universiteitstrategie, nuwe institusionele risiko’s wat mag opduik en die noodsaak om verskillende institusionele beleide met mekaar in ooreenstemming te bring. Ander hou weer verband met *eksterne faktore* soos wetswysigings of wysigings aan die nasionale beleidsraamwerk, die noodsaak vir nasionale (en internasionale) yking en selfs strukturele hervorming (byvoorbeeld in die geval van die amalgamering van instellings).

In ’n verdere bydrae beklemtoon Freeman (2012b) spesifiek die rol van die **evaluering** van beleidsimplementering by beleidshersiening. Die volgende soort vrae kan tipies aan sodanige evaluering gekoppel word:

⁵ ’n Leier op die terrein van beleidsontwerp en -kennis.

Has the policy been implemented (or is it still sitting on the shelf)? Have the policy objectives been met? Have the intended outcomes resulted? Does the policy reflect current (good?) practice? (Freeman 2012b:2)

Ofskoon dit byna vanselfsprekend is dat die evaluering van beleidsimplementering deel vorm van wat die “beleidsiklus” genoem kan word, is dit volgens Freeman opmerklik dat universiteite oor die algemeen hierdie aspek afskeep (die spreekwoordelike “wit olifant” waaroor sy dit het). Soos Freeman (2012b:3) dit stel, “there is little evidence from university ‘policy on policy’ to suggest that policy evaluation has entered the lexicon of university policy practitioners”. ’n Mens kan hierdie versuim waarskynlik deels toeskryf aan die talle eise wat toenemend aan universiteite gestel word, waardeur kwessies soos die evaluering van beleidsimplementering sekerlik agterweë kan bly. Nietemin kan universiteite die betrokke leemte volgens Freeman (2012b:3) op ten minste twee maniere oorbrug, **deur gereelde vrae** oor die toepaslikheid van ’n bepaalde beleid te stel en **deur evaluering as beleidskomponent** beleidsmatig “in te bou” deur onder meer duidelike oogmerke en meetbare prestasieuitkomste te definieer en ook kriteria uit te spel.

Die aspek van veranderde leierskap (of bestuur) is waarskynlik ’n belangrike bykomende faktor wat beleidshersiening kan noodsaak, soos waarop gesinspeel word in die spreekwoord “’n nuwe besem vee skoon”. Uiteraard kan dit ook verband hou met strukturele veranderinge, maar sluit eintlik aan by ’n faktor wat tot hiertoe slegs by implikasie ter sprake gekom het, te wete “die tydges”: ’n belangrike verskynsel wat volgens Steyn (1980:49) ’n invloed kan hê op die vordering of agteruitgang van tale. Volgens Steyn behoort ’n mens eerder te praat van “intellektuele klimaat”, dit wil sê “waardes, norme en riglyne, houdings, moetes en moenies, hoefnies en behoorte wat die intellektueel en langsaamhand die massa aanvoel en waarvolgens hulle handel of praat, of wat hulle ten minste in ag moet neem as hulle daarteen in verset kom”. Die konsep “tydges” (Duits *Zeitgeist*), alhoewel onnoueurig, is die meer populêre term wat voorkom om te verwys na ’n mobiliserende (selfs meesleurende) werklikheidsbesef of -beeld wat in gemeenskappe kan posvat. Voorbeeldlike hiervan neem ’n mens waar in populêre diskourse soos die sogenaamde demokratisering van hoër onderwys (Blessinger & Anchan 2015), die Afrikanisering van die kurrikulum (Msila & Gumbo 2016) en die globalisering van kennis (Kennedy 2014), om enkele voorbeeldte te noem. Publikasies soos hierdie dra by tot die skep van ’n hedendaagse tydges waarin “tradisionele” of heersende opvattingsoor die universiteit op allerlei wyses bevraagteken en betwis word. So sou ’n mens sekerlik die jongste diskourse oor die Suid-Afrikaanse universiteitswese wat gepaardgaan met onrus, opstande, betogings en geweld ook soos die Matierektor, Wim de Villiers, kon toeskryf aan “die tydges” (Retief 2015). Die bevraagtekening van die posisie van Afrikaans deur die *Language Policy in Higher Education* (MoE 2002) geproklameer as aangewese alternatiewe universiteitstaal van die land, hou sekerlik hiermee verband.

Wanneer hierna ondersoek ingestel word na die aanloop tot die 2015-hersiening van die UV se 2003-taalbeleid, sal veral rekening gehou word met die aangetekende faktore wat beleidshersiening noodsaak en nagegaan word watter van hierdie faktore ’n rol gespeel het.

3. METODOLOGIE

Aangesien die huidige studie grootliks ’n argivale ondersoek behels, is gedokumenteerde inligting oor die taalbeleidshersieningsproses aan die UV van wesentlike belang. Ongelukkig sluit die UV se beleid oor die bestuur van intellektuele eiendom (slegs in Engels beskikbaar)

“confidential information of the UFS” in onder die definisie van “intellektuele eiendom” (UFS2007a). Artikel 4.2. van die UV se handleiding oor die toegang tot inligting (UV 2005a) beklemtoon die vertroulike aard van bepaalde rekords, maar artikel 4.3 maak nogtans daarvoor voorsiening dat sekere inligting wel bekom kan word. Ook artikel 7.1.1. van die UV se beleid oor inligtingsekuriteit (UV 2013) plaas beperkings op die soort inligting wat ’n ondersoeker mag bekom en behandel. Inligtinggebruikers word verhoed om “sensitiewe inligting van die UV” met buitepartyte te deel. Hierdie bepaling het onder meer daartoe aanleiding gegee dat die name van die UV se jongste taalbeleidshersieningskomitee nie aan die publiek bekend gemaak is nie, ’n stap waaroor die Afrikaanse media die UV nogal meermale gehekel het (sien Smith 2015a). Desondanks die prosedure om wel vertroulike inligting te kan bekom, ontmoedig die onderhawige geval die ondersoeker om hierdie roete te volg en sodoende dalk ’n slagoffer van burokratiese rompslomp te word. ’n Voetnoot in Du Plessis (2010b) suggereer dat sulke versoekes in ieder geval nie noodwendig inligting oplewer nie. Gegewe die unieke tydsbeperking wat vir die saamstel van hierdie spesiale temanommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gegeld het, moes by die voorbereiding van hierdie artikel derhalwe staatgemaak word op relevante UV-rekords wat reeds in die openbare ruimte beskikbaar is.

Vir die identifisering van relevante dokumentasie blyk die UV se reeds gemelde transformasieverslag ’n nuttige vertrekpunt te wees. Die verslag verleen besondere prominensie aan taalkwessies en hulle verband met die sogenaamde transformasieprojek; en dit ondersoek die omvang en “diepte” van veranderings wat ervaar en deur die instelling bevorder word. Die betrokke verslag onderskei twee belangrike transformasieperiodes aan die UV. Die eerste periode hou verband met die inwerkingstelling en relatiewe sukses van die parallelmedium-model vanaf die vroeë 1990’s tot en met die HEQC-ouditverslag. Die tweede periode hou verband met die Soudien-verslag en die aanstelling van ’n nuwe rektor en bestuur vanaf 2009 (UFS 2014a:12-13). Tydens die eerste periode het die UV skynbaar transformasie grootliks op eie houtjie (dus intern) probeer definieer (UFS 2014a:12), terwyl die verslag toegee dat transformasie tydens die tweede periode grootliks ekstern gerig word en weliswaar tot en met 2014 deur die twee gemelde verslae. Beide verslae is beskikbaar as openbare dokumente. Ook ander verslae is geraadpleeg, maar hulle geniet nie soveel aandag in die transformasieverslag nie. Dit word derhalwe nie vir die doeleindes van hierdie artikel betrek nie.

Dit is beslis nodig om vas te stel hoe die UV op die twee 2008-verslae gereageer het, aangesien hulle aanbevelings implikasies vir taalbeleidshersiening inhou. Hiervoor was dit nodig om verdere dokumente te bestudeer, in die besonder die UV se verbeteringsplan wat aan die HEQC voorgelê is, verdere vorderingsverslae omtrent die aangekaarte taalprobleme, verwante strategiese beplanningsdokumente en relevante beleidaanpassings wat sedertdien en tot en met 2014 gemaak is. Deur die jukstaponering van hierdie dokumente naas die twee sentrale verslae waaraan die 2014-transformasieverslag prominensie verleen, kan ’n beeld verkry word van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die nogal verrassende 2015-aankondiging omtrent die noodsaak aan ’n taalbeleidsherskrywing.

Die klem in die analise val derhalwe op bronne wat breedweg verband hou met eksterne, regulatiewe faktore wat taalbeleidshersiening aan die UV noodsaak. Ons sal egter sien dat heelwat van hierdie bronne ook meegedoen het aan die vorming van ’n tydgesえ waarin die posisie van Afrikaans aan die UV indringend bevraagteken is en argumentasie hieromtrent opgebou is. Interne faktore sal daarom ook oorweeg word.

4. REGULATIEWE FAKTORE WAT TAALBELEIDSHERSIENING KON NOODSAAK

Die UV se (Engelstalige) transformasieverslag problematiseer vanuit die staanspoor die taalbestel wat sedert 1993 met die aanvaarding van 'n parallelmediummodel tot stand gekom het (UFS 2014a:12). Ofskoon toegegee word dat die inwerkingstelling van hierdie beleid die oorgang help bewerkstellig het van 'n primêr Afrikaansmedium, wit instelling voor 1993 na 'n parallelmedium instelling met 'n meerderheid swart studente (UFS 2014a:15), word van die nagevolge daarvan nietemin in 'n negatiewe lig gestel, hoofsaaklik na aanleiding van bevindinge van die HEQC-audit omtrent drie onbedoelde negatiewe uitkomste van die parallelmedium-model (UFS 2014a:22):

- Die feit dat personeel se werkclas verswaar word, omdat hulle kwansuis dubbel moet klasgee.
- Die feit dat eerstetaal- Afrikaanse dosente les moet gee in Engels, hulle tweedetaal. Volgens die UV se transformasieverslag bring hierdie praktyk mee dat die lesgehalte en materiaal van die Afrikaanse klas verskil van dié van die Engelse klas. Volgens die verslag skep dit emosionele en sielkundige probleme omdat personeel onseker en blootgestel voel en studente ingeloop voel.
- Die feit dat die twee taalbane skynbaar twee universiteite skep, met hoofsaaklik wit studente wat die Afrikaanse taalbaan volg en hoofsaaklik swart studente wat die Engelse taalbaan volg.

Vergelyk 'n mens nou die HEQC-auditverslag as bron van hierdie probleme, is dit opvallend dat die transformasieverslag die HEQC se pertinente aanbevelings hieromtrent totaal verswyg en daarmee saam ook die UV se verbeteringsplan wat direk op die aanbevelings reageer en deur die HEQC aanvaar is.

Daarenteen vermeld die transformasieverslag weer geen bevindings van die Soudien-verslag as sodanig nie, terwyl wel gerapporteer word dat die UV aksies onderneem het om direk op hierdie betrokke verslag se aanbevelings te reageer – presies die teenoorgestelde van hoe die HEQC se auditverslag hanteer word.

In die lig van hierdie ietwat ongelyke hantering van twee sentrale regulatiewe instrumente, is dit belangrik om weer saaklik na te gaan wat elkeen te sê het oor taalaangeleenthede aan Kovsies.

a. Die HEQC-auditverslag (2008)

Die HEQC-auditverslag identifiseer 'n aantal probleme omtrent die UV se parallelmedium-model:

1. Parallelmediumonderrig het wel daartoe bygedra dat die UV se studenteprofiel nou grootliks ooreenstem met die provinsiale en nasionale demografie, maar het nie tegelykertyd gehelp om die personeelprofiel dienooreenkomsdig te verander nie (HEQC 2008:2).
2. Parallelmediumonderrig plaas 'n beletsel op die werwing van sogenaamde Afrikaakkademici wat nie Afrikaans beheers nie en wat slegs modules in Engels kan aanbied, en het gevvolglik 'n negatiewe uitwerking op die instellings se diensbillikheidteikens (HEQC 2008:3).
3. Parallelmediumonderrig verdeel die studentebevolking op 'n rasbasis, aangesien wit studente hoofsaaklik Afrikaanse lesings volg en swart studente hoofsaaklik Engelse lesings (HEQC 2008:3).

4. Die vraag onstaan of die instelling voldoende ondersoek instel na die implementering van die taalbeleid ten einde die omvang van hierdie probleme en die risiko daarvan verbonde te bepaal, onder meer ook op die sosiale aspekte van studentwees (HEQC 2008:3).
5. Die vraag ontstaan ook of die instelling voldoende bewus is van die langtermyn-finansiële volhoubaarheid van die voorsiening van 'n uitgebreide aantal modules en van die onbedoelde gevolge hiervan vir die akademiese kultuur (HEQC 2008:6).
6. Die instel van 'n Engelsmedium onderrigbeen sonder om voorsiening te maak vir Afrikaanstalige dosente om hulle taalvaardighede te verbeter, benadeel die gehalte van onderrig en leer asook hulle akademiese ervaring vir die meerderheid studente (HEQC 2008:8).
7. Die taalbeleid verswaar die werkslas van permanente personeel (HEQC 2008:13).
8. Probleme bestaan by die implementering van maatreëls om personeel se taalvaardighede in Engels te verbeter ten einde te verseker dat die voorsiening van Afrikaans- en Engelsmediummodules gelykwaardig is (HEQC 2008:13).
9. Die gebreklike vertaling van eksamenvraestelle bring mee dat die Engelse en Afrikaanse weergawes van vraestelle vir dieselfde module verskil. Die HEQC waarsku pertinent dat hierdie soort diskrepansies verreikende gevolge kan inhoud binne 'n omgewing waar swart studente reeds onder die indruk verkeer dat Afrikaanse studente deur klasskedules (Afrikaanse lesings hoofsaaklik gedurende die dag) bevordeel word (HEQC 2008:14).
10. Die taalbeleid word inkonsekwent op nagraadse vlak gevvolg en hou nadelige gevolge in vir die instelling se dubbele strewe om nagraadse inskrywings te verhoog en te internasionaliseer (HEQC 2008:19).

Gevolglik maak die HEQC die volgende konkrete aanbevelings – hoewel die UV se transformasieverslag verkieks om hierdie aspekte te verswyg:

1. Aanbeveling 2:
 - a. Dat die UV ondersoek instel na die mate waartoe die instelling se transformasiestrategie en gekose taalbeleid mekaar ondersteun
 - b. Dat voldoende wyses verken sal word waarop praktyke hanteer kan word wat die instelling se oorhoofse oogmerke (soos om 'n meertalige en multikulturele instelling te word) kan ondermyn (HEQC 2008:4)
2. Aanbeveling 6:
 - a. Dat meganismes ontwikkel sal word om die invloed van taalvaardigheid en ander faktore op studente se leerervaring vas te stel en om te bepaal hoe sulke vraagstukke onderriggehalte beïnvloed (HEQC 2008:8).
3. Aanbeveling 12:
 - a. Dat die instelling so 'n toepaslik as moontlike strategie sal oorweeg om personeel se taalvaardighede in die twee onderrigtale te verryk, maar veral in Engels, ten einde interaksie binne die klassituasie te verbeter en effektiwiteit van onderrig en leer te verseker (HEQC 2008:13).
4. Aanbeveling 13:
 - a. Dat die instelling sal toesien dat voldoende gehaltebeheermeganismes daargestel word om die taalbeleid op die terrein van assessering te kan implementeer ten einde konsekwentheid, regverdigheid en vergelykbaarheid tussen Afrikaanse en Engelse assessering binne dieselfde module te verseker (HEQC 2008:14).

Dit is opvallend dat die HEQC-ouditverslag nie *per se* die parallelmediumbeleid van die UV as problematies uitsonder nie. Inteendeel, die aanbevelings het die verbetering van die stelsel in gedagte en wil veral gelykheid in onderriggehalte vir alle studente verseker. Die probleme wat geïdentifiseer word, hou meestal verband met die onbedoelde gevolge van die beleid, met gebreke by die implementering daarvan en met onvoldoende monitering. Daarom vereis die aanbevelings nêrens 'n grondige beleidshersiening nie maar beslis regstellings wat betref die **bestuur** van die beleid. Ook vra die aanbevelings vir verdere ondersoek na die uitwerking van die beleid. Oor die taal van administrasie, 'n tweede kardinale taalgebruksdomein aan die UV, maak die HEQC geen uitspraak nie.

b. Die Soudien-verslag (2008)

Die verslag van die ministeriële komitee (op 28 Maart 2008 deur die destydse minister van onderwys byeengeroep – MoE 2008), wat gedurende April 2009 bekendgestel is (Hesa 2010:4), spring weg met 'n verwysing na die sogenaamde Reitz-video en stel in die lig van die oorweldigende openbare reaksie daarop die vraag in sterk taal hoe so 'n hoogs onsensitiewe gebeurtenis ná 1994 kon plaasvind (Ministerial Committee 2008:23). Die komitee baseer sy ondersoek na diskriminasie aan tersiêre instellings primêr op 'n kombinasie van dokumentêre analise en interaksie met 'n verskeidenheid belanghebbendes. Dit is opvallend dat die sogenaamde taalvraagstuk deurlopend voorkom en dat 'n hele aantal aanbevelings hieromtrent gemaak word.

Die ministeriële komitee kom tot die gevolgtrekking dat hoëronderwysinstellings hulleself grootliks in 'n onstabiele situasie bevind en dat transformasie 'n kritieke faktor is wat hulle sukses oor die lang termyn gaan bepaal. Ofskoon instellings wel hieromtrent 'n verskeidenheid beleidsresponse daargestel het, bevind die komitee dat daar nogtans beleidsgapings voorkom en dat ontevredenheid oor verskeie aspekte bestaan wat verdere beleidsingepe verg (Ministerial Committee 2008:115-6). Een van die sentrale gevolgtrekkings waartoe die komitee kom, is dat die gevoel onder swart mense voortleef dat hulle steeds net geduld word. Verskeie vorms van diskriminasie kom na hulle mening steeds voor. Dit sluit in vorme van koverte diskriminasie wat veroorsaak word deur "the use of specific forms of language and the actual languages being used" (Ministerial Committee 2008:117). Voorbeeld van laasgenoemde is die feit dat heelwat instellings meertalige beleide aanvaar het, maar meertalighed nogtans nie geïnstitutionaliseer het nie, soos gesien kan word in gevalle waar Afrikaans by vergaderings gebruik word, terwyl sommige deelnemers glad nie die taal verstaan nie (die praktyk van tolking word verswyg). Ook beheers heelwat studente die dominante onderrigtaal (dit wil sê, Engels) nie voldoende om akademiese sukses te kan behaal nie (Ministerial Committee 2008:101).

In die geval van die UV wys die verslag spesifieke probleme omrent die parallelmediumbeleid uit. Skynbaar beleef swart studente die Engelse onderrigbaan as diskriminerend vanweë die ongemaklike skedulering van die Engelstalige lesings (iets wat die UV wel betwis het) en vanweë die praktyk van tolking wat skynbaar soms die persepsie skep dat Afrikaanse studente bevoordeel word (Ministerial Committee 2008:97). Die komitee som die taalbeleiddilemma aan die UV op met 'n aanhaling uit 'n onderhoud met enkele geselekteerde UV-personeellede:

The language policy is the main obstacle to transformation because it divides the students ... (Ministerial Committee 2008:98).

Vervolgens maak die komitee met betrekking tot sy taalbevindinge die volgende aanbevelings:

- (iv) The Minister should initiate a broad review of the obstacles hindering the implementation of effective language policies and practices, including a study of the

application of equitable language policies and practices in other multicultural countries. (Internasionale studies, ook op ons vasteland, oor die taalpraktyk aan tweetalige universiteite sou in hierdie oopsig van groot nut kon wees – sien Veronesi & Nickenig 2009.)

- (v) The Minister should establish a mechanism to monitor the application of language policies and practices.
- (vi) The Minister should request institutions, as part of the institutional planning process, to indicate how they intend to give effect to their commitment to multilingualism and, in particular, the development of African languages as academic languages and as languages of communication, including time frames for implementation (Ministerial Committee 2008:102).

Dit is opmerklik dat, soos in die geval van die HEQC-ouditverslag, die Soudien-verslag nie met betrekking tot parallelmediumonderrig as sodanig en die UV in die besonder enige aanbevelings maak nie. Die klem val weer eens op taalbeleids**implementering** aan die kant van verskeie instellings en op taalbeleids**monitering** aan die kant van die Minister van Hoërondervryheid en Opleiding (hierna: die Minister). Verdere ondersoek na effektiewe taalbeleids**implementering**, die daarstel van 'n taalbeleidsmoniteringsmeganisme en 'n verbintenis tot die uitbou (verdere institusionalisering) van meertaligheid tot voordeel van die Bantoetale (Afrikatale uitgesonder Afrikaans) word vereis.

Ofskoon die ministeriële komitee elders in die verslag wel ander beleidshersienings vereis, onder meer wat betref universiteite se kurrikula, oor die groote en samestelling van universiteitsrade asook oor institusionele forums (Ministerial Committee 2008:102,114,118), word taalbeleidshersienings as sodanig nie vereis nie. Nietemin impliseer die drie geïdentifiseerde taalprobleemareas aan Suid-Afrikaanse tersiêre kampusse dat daar leemtes bestaan by taalbeleids**implementering** wat uiteindelik tog op hersienings sou kon uitloop. Die wesenlike probleemareas wat die Soudien-verslag uitwys en wat indringende aandag verg, is die taalprobleme van studente wat nie Engels-eerstetaalsprekers is nie (met ander woorde die meerderheid studente), die skynbaar diskriminerende aard van parallelmediumonderrig en die gebrekkige institusionalisering van meertaligheid en die Bantoetale as universiteitstale.

Die ooreenkoms tussen dit wat die twee 2008-verslae as problematies omtrent spesifiek die UV se taalbeleid bevind, is opvallend. In werklikheid lê beide ondersoke die vinger op die achilleshiel van universiteitsbeleid oor die algemeen, naamlik gebrekkige evaluering, implementering en monitering (sien Freeman 2012b). Hierdie aksent kom opmerklik nie voor in die UV se transformasieverslag nie. Juis ter wille van perspektief is dit noodsaaklik om na te gaan hoe die UV verder met die betrokke twee verslae omgegaan het.

c. Die nawerking van die HEQC- en Soudien-verslae

In die geval van die HEQC-ouditverslag het die UV (soos prosedureel vereis) gedurende Oktober 2008 'n verbeteringsplan ingedien. Hierdie plan is skynbaar eers 'n jaar na indiening by die HEQC ter tafel geneem (UFS 2009:136). Gedurende Mei 2010 het die UV reeds 'n eerste vorderingsverslag met betrekking tot die verbeteringsplan by die HEQC ingedien. Hierdie verslag (wat ongelukkig nie as openbare dokument beskikbaar is nie) is skynbaar positief ontvang (UFS 2010:66). 'n Ingrypende taalbeleidshersiening het nie deel gevorm van die verbeteringsplan nie.

d. Respons op die HEQC-ouditverslag

Die UV se institusionele verbeteringsplan (UFS 2008:59) bestaan uit twee dele. Die eerste bevat die instelling se amptelike respons op die probleme wat die HEQC-ouditverslag uitgewys het, terwyl die tweede beoogde transformasieprojekte bevat wat hieruit voortvloeи. Dit sluit verskeie taalprojekte in. As gevolg van 'n ruimtebeperking kan ongelukkig nie hierby stilgestaan word nie en word volstaan met 'n bevestiging dat 'n gepaste taalprojek vir elke aanbeveling opgerig is om op institusionele vlak aandag aan die geïdentifiseerde probleme te gee. Hierdie verbeteringsplan word volgens die UV se 2008-jaarverslag (UFS 2008:106) geïntegreer by die UV se strategiese plan vir 2006–2008 asook by sy transformasieplan vir 2007–2010. Die UV se 2009-jaarverslag (UFS 2009:150) bevat 'n besprekingspunt oor 'n nuwe strategiese plan vir 2009–2012, waaronder 'n vorderingsverslag aan die UV-raad met betrekking tot die strategiese plan vir 2006–2008 en die transformasieplan vir 2007–2010 en dus by implikasie ook met betrekking tot die verbeteringsplan.

Afgesien van die integrasie van die verbeteringsplan by die UV se strategiese planne, reflektereer ook ander planne die uitwerking van die HEQC-aanbevelings. Só byvoorbeeld maak die UV se onderrig- en leerplan vir 2009–2012 voorsiening vir onder meer die ontwikkeling van 'n reeks bemagtigende kursusse wat rekening hou met die ontwikkeling van taalvaardigheid asook met die daarstel van 'n tutoriale stelsel vir alle studente oor kulturele grense heen. 'n Opname word ook beoog ten einde die uitwerking van die taalbeleid op studenteleer te bepaal (UFS 2009:157ff.).

Op 1 Julie 2009 neem Jonathan Jansen die leisels oor as nuwe rektor van die UV (UFS 2009:138). 'n Nuwe era met nuwe strategiese prioriteite word ingelui, en ná die UV se 2010-jaarverslag (UFS 2010:65) word daar nie weer van die HEQC-ouditverslag gehoor nie, tot en met die oprakeling van die geïdentifiseerde probleme met die UV se taalbeleid in die 2014-transformasieverslag.

e. Die nawerking van die Soudien-verslag

Prosedureel word daar nie 'n formele respons van die UV vereis na die ontvangs van die Soudien-verslag nie. Nietemin reageer die UV se verbeteringsplan, asook verdere intervensies wat volg, grootliks op die implementeringsprobleme wat uitgewys word. Voorts vorm die UV uiteraard deel van verdere inisiatiewe wat die Minister na aanleiding van die verslag op die been gebring het, soos hieronder uitgewys sal word. Dit sal duidelik word dat die Soudien-verslag se invloed op die nasionale diskous oor transformasie aan tersiêre instellings deurslaggewend was en dat die UV nie hieraan kon ontsnap nie.

Ofskoon dit nie in die UV se transformasieverslag vermeld word nie, moet daar beslis kennis geneem word van Higher Education South Africa (Hesa) – in Julie 2015 herkonstitueer as Universities South Africa (Universities South Africa, 2016) – se sektorrespons van Maart 2010. Hierdie dokument verteenwoordig 'n omvattende gesamentlike respons deur hoëronderwysinstellings op die Soudien-verslag (Hesa 2010). Veral hoofstuk 9 van Hesa se respons, wat handel oor praktyke vir die bevordering van transformasie, het betrekking. Die hoofstuk bevat 'n opsomming oor die hoëronderwysinstellings se relevante aksies en programme. Hierdie intervensies word onder tien hofies georganiseer. Een daarvan handel oor taalaksies en programme.

Hieruit blyk dat die hoëronderwyssektor hom nie blind staar teen die problematiek van parallel- en dubbelmediumonderwysmodelle en die nadele wat hierdie modelle soms mag

inhou nie. Daarom erken die sektor die eitydse debatvoering oor die onderwerp, maar verkies nietemin om nie met simplistiese oplossings vorendag te kom nie. In plaas daarvan om eenvoudig voorheen gemarginaliseerde tale as bykomende onderrigtale toe te voeg of om histories dominante tale goedsmoeds te vervang, aanvaar die sektor eerder die uitdaging om inklusiewe, meertalige omgewings te skep en meertaligheid as bate “te omarm” (Hesa 2010:30). Wat onmiddellike inisiatiewe hieromtrent betref, word daar klem gelê op twee aspekte wat aandag aan hoëronderwysinstellings geniet: ener syds word gefokus op die rol van die Bantoetale – onder meer as tale van administrasie en bemarking en as onderrigmedia, deur middel van glossaria en vertalings in hierdie tale en in die vorm van kommunikasiekursusse vir personeel; en andersyds word gefokus op hulpverlening met betrekking tot Engels, deur middel van addisionele taalkursusse of binne verlengde programme (Hesa 2010:42).

Een van die vernaaamste strukturele gevolge van die Soudien-verslag is die oprigting van die ministeriële transformasie-oorsigkomitee vir hoër onderwys, ’n struktuur waarna die UV se transformasieverslag wel verwys. Op 10 April 2013 kondig die Minister deur middel van ’n kennisgewing in die *Staatskoerant* ampelik die oprigting van die Ministerial Oversight Committee on Transformation in the South African Public Universities aan. Sy aankondiging vloei direk voort uit een van die aanbevelings van die Soudien-verslag hierbo vermeld. Onder die negetal opdragte wat die Oorsigkomitee van die Minister ontvang, is die verpligting om ’n jaarlikse verslag bekend te stel oor die beleide en praktyke wat ’n uitwerking mag hê op transformasie aan universiteite. André Keet, direkteur van die UV se Instituut vir Versoening en Sosiale Geregtigheid (hierna: die Instituut) en later die spesiale adviseur rakende die transformasie van die UV-topbestuur, word as een van die sewe lede van die komitee aangewys.

Nog ’n belangrike en verbandhoudende nasionale inisiatief is die instel van ’n hoëronderwysberaad oor transformasie. Volgens die beraad se eie webtuiste (DHET 2015a) is twee sulke geleenthede reeds aangebied: die eerste (die “Stakeholder Summit on Higher Education Transformation”) vanaf 22–23 April 2010 by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (DHET 2015b) en die tweede (die “Second National Higher Education Transformation Summit”) vanaf 15–17 Oktober 2015 by die International Convention Centre, Durban (DHET 2015c). Afgevaardigdes het na afloop van die eerste beraad aanbeveel dat die byeenkoms ’n permanente instelling word.

By die 2010-beraad word heelwat besprekingstyd gewy aan die posisie van die Bantoetale. Daar word besluit dat hoëronderwysinstellings moet bydra tot die ontwikkeling en institusionalisering van hierdie tale as akademiese tale en dat dit selfs oorweeg kan word om hierdie tale verpligtend te maak op eerstejaarsvlak (DHET 2010:24-5). Taalkwessies het in verhouding minder bespreking by die 2015-beraad ontlok. Die verslag oor hierdie beraad bevat ’n algemene verwysing na taalpraktyke aan universiteite wat ’n hindernis skep vir effektiewe onderrig en leer (DHET 2015d:2). Dit is ’n kwessie wat voortvloeи uit onder meer die Oorsigkomitee se bydrae tot die beraad, waarin die problematiek omtrent die institusionele kultuur van Suid-Afrikaanse universiteite asook heelwat studente se ontevredenheid oor taalbeleid ter sprake kom (DHET 2015e).

Uit die voorafgaande blyk dat die Soudien-verslag betekenisvol daartoe bygedra het dat transformasie aan universiteite ’n allesoorheersende diskous geword het. Die verslag en sy nawerking het inderdaad help skep aan ’n *Zeitgeist* wat dit bemoeilik om sober gesprekke te kan voer oor taalmodelle aan universiteite wat voorsiening maak vir Afrikaans as addisionele voertaal. Debatte oor taalvraagstukke aan tersiêre instellings sal voortaan langs die kontoere van die breër transformasiediskoers loop.

5. TAALBELEIDSHERSIENING AAN DIE UV

Die vraag is nou tot watter mate die behandelde faktore die taalbeleidshersiening aan die UV beïnvloed het. Voor die drastiese hersieningsproses van 2015 is daar sprake van ten minste twee ander formele pogings, een in 2010 en een in 2012. Aangesien die 2003-beleid desondanks onveranderd gebly het, moet 'n mens wat laasgenoemde twee oefeninge betref, eerder praat van 'n wysiging in beleidsimplementering. Volledigheidshalwe sal beide nietemin saaklik behandel word.

a. Die 2010-taalbeleidshersiening

Oor die UV se 2010-taalbeleidshersiening is bitter min in die openbare domein bekend. Du Plessis (2015:11) maak melding van 'n taalbeleidshersieningsdokument wat skynbaar op 19 Oktober 2010 by 'n senaatsvergadering behandel is, maar wat as gevolg van die vertroulikheid daarvan nie in nadere besonderhede bekendgemaak kan word nie. Daar is skynbaar besluit dat veeltaligheid 'n beleidsbeginsel sal bly, en Afrikaans en Engels se posisie as hooftale voorlopig onveranderd sal bly, maar dat die negatiewe aspekte van die taalbeleid "dringend" onder die loep geneem sal word en dat die taalvaardigheid van studente en dosente uitgebou moet word. As sodanig reflektereer die besluit dit wat die instelling reeds grootliks in sy verbeteringsverslag bekendgemaak het.

Twee voorbeeld van belangrike taalverwante besluite hierna suggereer dat die 2010-hersiening 'n meer pragmatiese toepassing van die taalbeleid tot gevolg gehad het, soos die rektor inderdaad tydens die 29ste D.F. Malherbe-gedenklesing laat deurskemer het (Jansen 2010). Dit sluit 'n veranderde rol vir Engels aan die UV in.

'n Eerste voorbeeld van hierdie veranderde aksente is die nuwe drietalige handelsmerk-identiteit wat die UV teen die einde van 2010 bekendmaak (Steyn 2010). Opvallend omtrent die nuwe handelsmerkargitektuur (UV 2015e) is sy veranderde taalhiërargie: Afrikaans (vroeër in die prominente posisie) word afgegradeer na die "tweede posisie" en Engels opgegradeer. Suid-Sotho word (slegs) in die volteks in die derde posisie vertoon, maar die oorhoofse akroniem (UFS/UV) bly tweetalig. Ofskoon al hierdie handelsmerkreëlings breedweg in ooreenstemming is met die 2003-taalbeleid, verteenwoordig dit wel 'n hervertolking van die beleid en 'n gewysigde toepassing.

'n Tweede voorbeeld is die UV se wysiging van sy koshuistoelatingsbeleid. Die beleid van 8 Junie 2007 (UFS 2007b) spesifieer in besonderhede 'n aantal meganismes om taal- en kulturele diversiteit binne koshuisverband te hanteer, onder meer deur voorsiening vir taalfasilitering oor die algemeen en 'n tolkdiens in die besonder. Die nuwe beleid van 19 Julie 2011, daarenteen, is verbind tot "essensiële en voldoende meertaligheid" (voorheen "wesenlike en voldoende meertaligheid") en doen heeltemal weg met hierdie taalreëlings (UFS 2011a).

Dit val op dat die UV se 2010-jaarverslag (UFS 2010) nie sodanige taalbeleidsverwikkelinge rapporteer nie; so ook nie die 2011-jaarverslag (UFS 2011b) nie.

b. Die 2012-taalbeleidshersiening

Dit is besonder insiggewend dat die UV se 2012-geïntegreerde jaarverslag rapporteer dat 'n "taalbeleidswysiging" gedurende die verslagjaar reeds op dreef gekom het (UFS 2012b:12). Ons kom meer hieromtrent te wete in die UV se strategiese plan vir 2012–2016 waar die "institutionele taalbeleid" ter sprake kom. Dit is betekenisvol dat die bestaande taalbeleid

bevestig word, waarin beklemtoon word dat Afrikaans nog altyd 'n belangrike rol op kampus gespeel het en dit benadruk word dat dit 'n voertaal bly, ten spyte van 'n vroeëre verwysing in die plan na die bykomende "taallas" wat parallelmedium meebring as gevolg van die "inherente duplikasie" (UFS 2012b:13). 'n Verrassende wending in die betrokke afdeling van die strategiese plan is drie betekenisvolle hervertolkings van die toepassing van die bestaande taalbeleid se afdeling 3.1, wat handel oor die taal van onderrig (sien (UV-Raad 2003)).

Eerstens word benadruk dat die Raad parallelmediumonderrig in Afrikaans en Engels aanvaar het, maar dit word gekwalifiseer met die betekenisvolle frase "wherever practically possible" (UFS 2012b:36). Hierdie kwalifikasie impliseer 'n wesenlike hervertolking van die bestaande beleid wat amptelike goedkeuring vir sodanige afwykings vereis. Tweedens word voorsien dat Sotho as onderrigtaal ontwikkel en moontlik op dievlak van studieklasses, selfstudieopdragte en buitekurrikulêre betrokkenheid gebruik sal word. Ofskoon die bestaande beleid in beginsel hiervoor voorsiening maak, verkonkretiseer die strategiese plan hierdie aspek van die 2003-beleid. Derdens word voorsien dat bepaalde voorgraadse programme dit kan oorweeg om kursusse vir eerste- en tweedejaars "in al drie dominante Vrystaatse tale" aan te bied – dit is weer eens 'n afwyking van die bestaande beleid. Besonder betekenisvol omtrent laasgenoemde "wysiging" is die insluiting van 'n pedagogies gegronde motivering dat so 'n stap kognitiewe voordeel sal verleen "aan 'n menigte nuwe studente", wetende dat grondige leer in die primêre taal plaasvind (UFS 2012b:36-7).

Die evolusie van die UV se billike-indiensnemingsplan sedert 2007 demonstreer hoe die 2012-"*"hersiening"* verder vertolk is. Drie opeenvolgende planne beklemtoon dat die UV 'n taalbeleid aanvaar het wat taaldiversiteit en multikulturalisme "onderskryf" (in die 2013-plan en in die 2010-plan word die term "bevorder" gebruik; en "omhels" in die 2007-plan) maar die 2013-plan kwalifiseer die betrokke maatreël met die volgende betekenisvolle toevoeging:

Alhoewel taal 'n instrument ter ondersteuning van inklusiwiteit behoort te wees, het dit in baie gevalle 'n hindernis geword. **In sodanige gevalle is die mees uitvoerbare opsie om Engels te gebruik** (UV 2013:32 – eie beklemtoning).

Wesenlik kom laasgenoemde neer op 'n wysiging aan die bestaande taalbeleid. Nietemin vermeld die UV se 2013-geïntegreerde verslag (UFS 2013) niks verder oor sodanige hervertolking of die uitwerking daarvan nie. Die 2014-geïntegreerde verslag beklemtoon die sukses wat behaal word met taalontwikkeling in beide Afrikaans en Engels (UFS 2014b), maar vermeld ook niks omtrent die 2012-"*"hersiening"* nie. Desondanks duif hierdie dokument daarop dat daar voortgebou word op die meer pragmatiese rigting wat in 2010 ingeslaan is en op die groter aanwending van Engels.

c. Die 2015-taalbeleidshersiening

'n Mens kry op basis van die voorafgaande die indruk dat daar teen die einde van 2014 nie werklik 'n dringende ongerustheid op die Kovsie-kampus bestaan het oor die taalbeleids-vraagstukke wat sedert 2008 aanhangig gemaak is nie. In ieder geval, die 2014-transformasie-verslag is die eerste openbare dokument wat die 2008-kwessies weer aan die orde gestel het.

In die UV se strategiese plan vir 2012–2016 word pertinent genoem dat dit die "eerste" onder die nuwe rektor se leierskap is (UFS 2012a:12). Hierdie nuwe plan staan op twee sentrale bene, te wete die sogenaamde Akademiese projek (studenteprestasie, prestasie van akademici, akademiese onderskeiding, akademiese kampuskultuur) en die Menseprojek (teenwerk van vooroordeel, die kultuur van insluiting, openheid oor billikheid en toegang, en gemeenskapsdiensbetrokkenheid). Beide word ondersteun deur 'n steundienstebasis (akademiese effektiwiteit

en operasionele veranderinge wat nodig is om al hierdie oogmerke te laat realiseer) (UFS 2012a:4). Een van die sentrale sentimente van die menseprojek wat beslis betrekking het, is die instelling se nuwe verbintenis, “of transforming itself from a community of segregation and distrust, through a process of understanding and reconciliation” (UFS 2012a:14). ‘n Mens moet dus aanvaar dat die transformasieagenda sedertdien op die voorgrond sou begin tree. Daarom is dit waarskynlik betekenisvol dat André Keet volgens sy eie webwerf vanaf April 2014 as adviseur vir die UV-topbestuur aangewys is (Keet 2014). Dit is nietemin opvallend dat die 2008-taalvraagstuk wat weer in die 2014-transformasieverslag opgediep word, nogtans nie in die 2015–2020 strategiese plan ter sprake kom nie. Trouens, die plan herbevestig die feit dat die UV “a medium-size parallel language institution” is (UFS 2015:2), sonder om dit te problematiseer.

Dit is onvermydelik dat die #RhodesMustFall-beweging wat op 9 Maart 2015 in die vorm van protesaksie aan die Universiteit van Kaapstad begin het, waarskynlik ’n deurslaggewende uitwerking sou hê om die transformasiedebat in hoëronderwys in Suid-Afrika onherroeplik tot die voorgrond te dryf (sien Chaudhuri 2016). Een van die wyses waarop die UV op die veldtog gereageer het, was ’n reeks middagete gesprekke wat die Instituut vanaf 8–9 April 2015 oor die “transformasie van die universiteitsruimte” aangebied het. Hiertydens is oor onder meer standbeelde en simbole (UV 2015a) besin. Verder moet die rol van die noodvergadering tussen die Minister en die rektore (of verteenwoordigers) van voormalige Afrikaanstalige universiteite op 16 April 2015 (Nel 2015) ook nie geringgeskat word nie. Volgens die ministeriële woordvoerder vorm die betrokke gesprek deel van “’n proses van groepskakeling” oor transformasie in hoëronderwys. Sosiale insluiting, taalbeleid en toelatingsbeleid is van die onderwerpe wat bespreek is (Nel 2015).

Voortvloeiend hieruit is die belê van ’n “universiteitsvergadering” op 28 April 2015 vir alle personeel en studente. By hierdie geleentheid word altesaam 12 aanbiedings deur die bemiddeling van die Instituut gemaak, waarvan vier oor standbeelde en simbole handel en vier oor die UV se taalbeleid. Die trant van laasgenoemde was of ander tale ingesluit moet word en of daar slegs in Engels voortgegaan moet word. Volgens die mediaverklaring oor die geleentheid beskou die UV-bestuur die voorleggings “as die begin van ’n omvattende proses om diskouers oor die kwessies aan te wakker” (UV 2015c).

Op 7 Mei 2015 lewer die rektor in sy gereelde *Maandagbulletin* aan die UV-personeel kommentaar op die universiteitsvergadering en die daaropvolgende debat. Die betrokke uitgawe word op versoek en by wyse van uitsondering aan *Volksblad* vir publikasie beskikbaar gestel. Hierin skryf die rektor dit het vir hom duidelik geword “dat die bestaande taalbeleid van die UV vir die meeste van ons studente op kampus en, ek vermoed, vir baie van ons personeelde, ’n probleem is” (Smith 2015b). Jansen noem dat ontevredenheid hieroor na vore gekom het by die 28 April-byeenkoms. Hy sonder drie knelpunte uit: die feit dat parallelmedium in feite segregasie veroorsaak; dat die vermoede onder swart studente bestaan dat Afrikaanse studente bevoordeel word; en dat die herhaling van lesings ’n dubbele werkslading vir dosente meebring (Smith 2015b). Dit is opvallend dat die eerste en derde punte ook deur die 2014-transformasieverslag as knelpunte uitgelig word (uitehaar in navolging van bevindinge uit die HEQC-ouditverslag; ook die derde punt kom in die HEQC-verslag ter sprake, soos vroeër behandel). Insiggewend hieromtrent is dat die rektor niks vermeld oor aksies wat die UV sedert 2008 geneem het nie; dat die UV by twee geleenthede sy taalbeleid heroorweeg het; en dat ’n meer pragmatiese toepassing daarvan sedertdien gevolg word; maar dat die UV steeds tot die bestaande beleidsmodel verbind bly. Ook reflekteer hy nie oor die sukses al dan nie van al die maatreëls wat sedert 2008 in werking gestel is nie.

By sy vergadering van 5 Junie 2015 gee die Raad 'n mandaat aan die UV-bestuur "om deur middel van 'n omvattende konsultasieproses met alle belanghebbendes van die universiteit, 'n formele hersiening van die Taalbeleid te lei" (UV 2015d). In 'n uitnodiging aan die UV-konvokasie gedurende Augustus 2015 om 'n konsultatiewe vergadering omtrent die taalbeleidshersiening by te woon, word konvokasielede ingelig dat 'n "algemene besorgdheid" by die April-byeenkoms uitgespreek is oor "die moontlike ongesiktheid van die UV se huidige parallelle voertaalbeleid om die diepgaande transformasies by die instelling te ondersteun" (UV 2015b).

Uiteindelik aanvaar die UV-raad op 4 Desember 2015 die taalbeleidshersieningskomitee se voortspruitende verslag en aanbevelings (nie as openbare dokument beskikbaar nie). Die Raad lê in sy verklaring riglyne neer vir die ontwikkeling van "'n nuwe" taalbeleid wat gebaseer word op die kernbeginsels van inklusiwiteit en meeretaligheid" (UV 2015f). Soos met die finale beleidskonsep wat op 11 Maart 2016 aanvaar is, wysig die Raad die beleid grondig (reeds in die inleiding opgesom).

Aangesien die aanvaarding van hierdie konseptbeleid tegniek 'n formaliteit was, kan die Desember 2015-verklaring vir die doeleindes van hierdie bespreking as deurslaggewend vir die 2015-taalbeleidshersieningsproses beskou word. As gevallestudie in taalbeleidshersiening sal nog lank gepraat word oor die wyse waarop die hersieningsproses verloop het en oor die opvallende sukses hieromtrent wat deur die transformasiedrukgroep aan die UV behaal is. Daar behoort verder nagedink te word oor die spesifieke redes hiervoor, veral aangesien UV-woordvoerders klem daarop lê dat die hersiening 'n oop proses was en dat almal oorgenoeg tyd gehad het om hulle bydrae te lewer (Van der Merwe 2015).

6. BESPREKING

Een van die verrassende elemente omtrent die UV se reaksie op die twee 2008-verslae is dat die 2003-taalbeleid as sodanig nooit in die ware sin van die woord hersien is nie, selfs nie na 2009 onder 'n nuwe rektor en bestuur nie, desondanks die feit dat leemtes omtrent die implementering van die beleid uitgewys is en veranderende getalletendense in verskillende verslae pertinent vermeld is. Die feit dat verskillende besture hieromtrent vasgeskop het, kan deels toegeskryf word aan die UV se metabeleid wat 'n konserwatiewe benadering tot beleidswysiging vereis. Andersins kan dit ook toegeskryf word aan 'n ontkenende benadering tot voor die hand liggende maar uiteraard sensitiewe probleme. Dalk bestaan daar interne dokumente waarin die taalvraagstuk wel intringend behandel word, maar dit is 'n diskours wat in opeenvolgende jaarverslae nie aan die orde gestel word nie. Geen openbare inligting bestaan wat aandui dat die uitwerking van die maatreëls wat onder die vorige bestuur ingestel is en die meer pragmatiese beleidstoepassing wat sedert 2010 gevvolg is, na behore en reëlmataig geëvalueer is nie.

Uiteindelik skep hierdie toedrag van sake die indruk van 'n bestuur wat vasbeslote was om ten alle koste met die parallelmediumbeleid deur te druk om welke rede ook al. 'n Ietwat siniese lees van hierdie oënskynlike watertrappery is dat daar moontlik gewag is op 'n *deus ex machina*-moment wat verdedigbare gronde sou skep vir 'n grondige beleidshersiening, selfs al sou dit op bedenklike morele gronde wees wat berus op die herontdekking van probleme waarvan die bestuur sedert 2008 deeglik bewus was en wat hulle veronderstel was om daadwerklik te hanteer.

Hoe dit ook al sy, die sigbare versuum om op te tree het 'n omgewing geskep waarin groeiende ontevredenheid oor die taalvraagstuk uiteindelik tot uitbarsting sou kom. 'n Verskei-

denheid faktore sou meewerk dat hierdie punt bereik word, waaruit 'n radikale standpunt oor die posisie van Afrikaans aan die UV ontwikkel het. Die groeiende druk omtrent transformasie aan universiteite wat op die Soudien-verslag gevvolg het, het onvermydelik hertoed bygedra. Veral die aktiewe rol van die Departement Hoër Onderwys en Opleiding deur middel van die oorsigkomitee vir transformasie aan universiteite en die gereelde berade oor die onderwerp, moet verreken word. Verder dra die betrokkenheid van die Instituut – en meer bepaald sy direkteur – by hierdie nasionale aktiwiteite sekerlik by tot die intensivering van die transformasiedebat aan die UV sedert 2014. Uiteraard moet 'n mens ook nie die landswye studentebeweging wat transformasie opnuut 'n nasionale agendapunt gemaak het, ignoreer nie. Om die waarheid te sê, het die #RhodesMustFall-beweging waarskynlik uiteindelik die sinjaal verskaf waarop transformasiegesindes aan die UV gewag het.

In Kovsky se geval het die hernieuwe aandrang op transformasie wat hieruit voortgespruit het, ook 'n soort moraliteitskrisis teweeggebring onder 'n leierskap wat wel al 'n aantal jare lank bewus was van die relatiewe onvanpastheid van die 2003-taalbeleid maar oënskynlik versuim het om die nodige regstellings te maak.

Die UV-geval bevestig dat taalbeleidshersiening geen maklike proses is nie, maar nietemin noodsaaiklik is vir die volhoubaarheid van 'n instelling en deel vorm van verantwoordelike risikobestuur. Hierdie geval wys op die waarde wat periodieke beleidshersiening aan universiteite inhou, gegewe die toenemende onstabiele aard van ons werksomgewing. Dit vereis egter die reëlmataige evaluering van taalbeleidsimplementering – iets wat oënskynlik by die UV agterweé gebly het.

7. SLOTSOM

Die aanvanklike vraag oor hoe dit gekom het dat van 'n staat van oënskynlike verbintenis tot die parallelmediumbeleid teen die einde van 2014 beweeg is na die plotselinge bekendmaking in April 2015 dat die UV se taalbeleid "ongeskik" is om 'n verdieping in transformasie teweeg te bring, is gedeeltelik beantwoord. Ons het gesien hoe etlike faktore meegewerk het om hierdie redelik drastiese verskuiwing teweeg te bring. Hierin het transformasieagente soos die Instituut uiteraard 'n belangrike rol gespeel. Nietemin moes geykte argumente, getooi in 'n nuwe transformasiebaadjie, aangewend word om die nodige oortuigingswerk te doen. Die nuwe leierskap het hieraan meege doen en so waarskynlik help skep aan 'n denkklimaat wat vir Afrikaans as universiteitstaal ongunstig geword het. Wat uiteindelik toegeskryf kan word aan versuim om betyds op te tree omtrent legitieme taalvraagstukke oor etlike jare heen, is suksesvol geprojekteer op die 2003-taalbeleid en deels ook op Afrikaans en die Afrikaanse gemeenskap; Afrikaans het as't ware die sondebok geword vir hierdie versuim. So kon daarin geslaag word om die weg van beleidshersiening en -wysiging te omseil en die vorige beleid van die tafel te vee en gewoon met 'n totaal nuwe en onverwante beleid te vervang: 'n proses wat ons as revolutionêre beleidshersiening kan tipeer.

Weens die feit dat hierdie ondersoek beperk is tot relevante openbare dokumentasie kon daar egter nie dieper gedelf word om te kon vasstel wat agter die skerms gebeur het nie; selfs al bied die aangebode gegewens wel die moontlikheid om as't ware tussen die lyne te kan lees. Die aanvanklike vraag bly daarom deels onbeantwoord. Hopelik kan 'n grondiger opvolgondersoek in die toekoms verdere perspektiewe oplewer omtrent taalbeleidsverandering aan die UV, wat vir 'n paar dekades lank 'n Afrikaanse instelling was en die eerste hoëonderwysinstelling waar Afrikaans as voertaal aangewend is.

BIBLIOGRAFIE

- Blessinger, P. & Anchan, J.P. (Eds.). 2015. *Democratizing higher education: International comparative perspectives*. New York/Londen: Routledge.
- Chaudhuri, A. 2016. The real meaning of Rhodes Must Fall, *The Guardian*, 16 Maart 2016.<http://www.theguardian.com/uk-news/2016/mar/16/the-real-meaning-of-rhodes-must-fall> [25 Mei 2016].
- DHET (Department of Higher Education and Training). 2010. *Report on the Stakeholder Summit on Higher Education Transformation Called by the Minister of Higher Education and Training, Dr Blade Nzimande 22-23 April 2010*.http://www.dhet.gov.za/summit/Docs/General/he_transformation_summit_report.pdf [12 Mei 2016].
- DHET. 2015a. <http://www.dhet.gov.za/summit/ResourceDocuments.html> [12 Mei 2016].
- DHET. 2015b. *Stakeholder Summit on Higher Education Transformation, Cape Peninsula University of Technology (Bellville Campus), 22-23 April 2010. Information Booklet*.<http://www.dhet.gov.za/summit/Docs/General/Final%20HE%20Summit%20Information%20Booklet.pdf> [12 Mei 2016].
- DHET. 2015c. *Second National Higher Education Transformation Summit, International Convention Centre, Durban, KwaZulu-Natal, 15-17 October 2015. Programme*.http://www.dhet.gov.za/summit/Docs/151009_Summit%20Programme_Final.pdf [12 Mei 2016].
- DHET. 2015d. *The 2015 Durban Statement on Transformation in Higher Education, 17 October 2015*.<http://www.dhet.gov.za/summit/Docs/2015Docs/2015%20Durban%20HE%20Transformation%20Summit%20Statement.pdf> [12 Mei 2016].
- DHET. 2015e. *The Transformation of South African Higher Education. Concept paper prepared for the second national Higher Education Transformation Summit, 2015*.http://www.dhet.gov.za/summit/Docs/2015Docs/Annex%208_TOC_Transformation%20of%20SA%20HE.pdf [12 Mei 2016].
- Dror, Y. 1971. *Design for policy sciences*. New York: American Elsevier Publishing Company.
- Du Plessis, T. 2010a. Taalbeleid en onderrigtaalmodus aan die Universiteit van die Vrystaat. In F.W. de Klerk Stigting (Red.). *'n Studie oor Afrikaans op Universiteitesvlak*. Kaapstad: FW de Klerk Stigting, pp. 120-147.
- Du Plessis, T. 2010b. Educational interpreting at the University of the Free State: a language policy analysis. In Verhoef, M. & Du Plessis, T. (Eds.). *Multilingualism and educational interpreting. Innovation and delivery*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 18-31.
- Du Plessis, T. 2015. Is tolking op universiteitsvlak volhoubaar? Die geval Universiteit van die Vrystaat. *Muratho*, 15(1):6-12.
- Freeman, B. 2012a. Innovative approaches, systems and resources for university policy review. In Dobson, I.R., Sharma, R. & Conway, M. (Eds.). *Tertiary Education and Management Conference, 16-19 September 2012, Adelaide Convention Centre, Australia, Refereed Papers*. Adelaide: Association for Tertiary Education Management (Atem) and Tertiary Education Facilities (Tefma), pp. 91-104.
- Freeman, B. 2012b. University policy review: What? Why? How? What's the big elephant? *Referaat gelewer by die Association for Tertiary Education Management (ATEM) Policy development Forum VIII, 26 October 2012, University of Melbourne*.
- Freeman, B. 2014. Benchmarking Australian and New Zealand university meta-policy in an increasingly regulated tertiary environment. *Journal of Higher Education Policy and Management*, 36(1):74-87.
- HEQC (Higher Education Quality Committee). 2008. *Executive Summary. Audit Report of the University of the Free State. Report of the Higher Education Quality Committee to the University of the Free State, March 2008*. Pretoria: Higher Education Quality Committee.
- Hesa (Higher Education South Africa). 2010. *Sector position paper on the report of the Ministerial Committee on transformation and social cohesion and the elimination of discrimination in South Africa's public higher education institutions, March 2010*.http://www.universitiessa.ac.za/sites/www.universitiessa.ac.za/files/2010_HESA_Position%20Paper%20on%20Transformation%20%28Soudien%20Report%29_0.pdf [29 Mei 2016].
- Jansen, J. 2010. Die politiek en vooruitsigte van Afrikaans, asook van Afrikaanse skole en universiteite. Die 29ste DF Malherbe-gedenklesing, 12 Augustus 2010, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. http://humanities.ufs.ac.za/dl/userfiles/Documents/00000/89_eng.pdf [22 Mei 2016].
- Keet, A. 2014. *Prof André Keet*.<http://www.andrekeet.co.za/> [29 Mei 2016].

- Kennedy, M. 2014. *Globalizing knowledge: Intellectuals, universities, and publics in transformation*. Stanford: Stanford University Press.
- Loader, L. 2015. UV se Taalbeleid word hersien. *Bult Nuustydskrif/News Magazine*, 2(2015):12-13.
- Ministerial Committee. 2008. *Report of the Ministerial Committee on Transformation and Social Cohesion and the Elimination of Discrimination in Public Higher Education Institutions. 30 November 2008. Final Report*. Pretoria: Department of Education.
- MoE (Ministry of Education). 2002. *Language policy for higher education*. Pretoria: Department of Education.
- MoE. 2008. Ministerial Committee on Progress towards Transformation and Social Cohesion and the Elimination of Discrimination in Public Higher Education Institutions. *Government Gazette*, 11 April 2008. Notice 441 of 2008, No. 30967 Pretoria: Government Printer.
- Msila, V. & Gumbo, M.T. (Eds.). 2016. *Africanising the curriculum: Indigenous perspectives and theories*. Stellenbosch: SUN Media.
- Nel, C.-A. 2015. Nzimande, universiteite vergader. *Volksblad*, 17 April 2015: 7.
- Retief, H. 2015. US toon maar net simptome van tydsgees. *Rapport Weekliks*, 6 September 2015: 3.
- Smith, C. 2015a. Engels, vra UV se taalskimme. *Netwerk24*, 19 November 2015. <http://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/engels-vra-uv-se-taalskimme-20151118?mobile=true> [5 April 2016]
- Smith, C. 2015b. UV bekyk Afrikaans in klasse. Hersiening van taalbeleid aangeroer. *Volksblad*, 7 Mei 2015:1.
- Stensaker, B. & Harvey, L. (Eds.). 2010. *Accountability in higher education: Global perspectives on trust and power*. New York/London: Routledge.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, P. 2010. UV gaan 'n nuwe baadjie' kry. *Volksblad*, 2 November 2010:2.
- UFS (University of the Free State). 2007a. *Policy for the management of intellectual property*. <http://www.ufs.ac.za/af/oor-die-uv/bestuur/beleidsdokumente> [5 April 2016].
- UFS. 2007b. *Increasing diversity in UFS main campus residences: A new policy and role for residences (Approved by the Council on 8 June 2007)*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/increasing-diversity-in-ufs-main-campus-residences-101-eng.pdf?sfvrsn=0> [31 Mei 2016].
- UFS. 2008. *University of the Free State Annual Report to the Minister of Education 2008*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/annual-report-to-the-minister-of-educatoin/2008-annual-report-94-eng.pdf?sfvrsn=0> [7 April 2016].
- UFS. 2009. *Annual report to the Minister of Higher Education and Training 2009*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/almal-dokumente/2009-annual-report-93-afr.pdf?sfvrsn=0> [7 April 2016].
- UFS. 2010. *Annual report to the Minister of Higher Education and Training 2010*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/belesidsdokumente-dokumente/jaarverslag-846-afr.pdf?sfvrsn=0> [7 April 2016].
- UFS. 2011a. *Policy and additional regulations concerning the placement of students in junior residences, Main Campus*. 19 July 2011. http://residences.ufs.ac.za/dl/userfiles/Documents/00000/103_eng.pdf [7 April 2016].
- UFS. 2011b. *Annual report to the Minister of Higher Education and Training 2011*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/2011-annual-report-1002-eng.pdf?sfvrsn=0> [7 April 2016].
- UFS. 2012a. *University of the Free State Strategic Plan 2012-2016*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/strategic-plan-931.pdf?sfvrsn=4> [25 Mei 2016].
- UFS. 2012b. *University of the Free State Integrated Report 2012. 1 January - 31 December 2012*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/2013-integrated-report-2309-eng.pdf?sfvrsn=0> [5 April 2016].
- UFS. 2013. *University of the Free State integrated report 2013*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/integrated-report-ufs-2013-2540.pdf?sfvrsn=4> [5 April 2016].
- UFS. 2014a. *Transformation report 2004-2014*. http://institute.ufs.ac.za/dl/Userfiles/Documents/00000/74_eng.pdf [5 April 2016].
- UFS. 2014b. *2014 Integrated report University of the Free State*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/2013-integrated-report-2309-eng.pdf?sfvrsn=0> [5 April 2016].
- UFS. 2015. *University of the Free State Strategic Plan 2015-2020*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/all-documents/ufs-strategic-plan-2015---2020.pdf?sfvrsn=0> [30 Maart 2016].
- Universities South Africa. 2016. <http://www.universitiessa.ac.za/> [5 April 2016].

- University of Otago. 2010. *Policy Framework*. <https://www.otago.ac.nz/administration/policies/otago015490.html> [24 Mei 2016].
- University of Victoria. 2007. *Policy on University policies and procedures*. <http://www.uvic.ca/universitysecretary/policies/development/> [23 Mei 2016].
- UV (Universiteit van die Vrystaat). 2005a. *Handleiding ingevolge die wet op bevordering van toegang tot inligting 2 van 2000*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/almal-dokumente/wet-op-toegang-tot-inligting-162-afr.pdf?sfvrsn=0> [5 April 2016].
- UV. 2005b. *Riglyne vir beleidsformulering, -ontwikkeling en -hersiening: Universiteit van die Vrystaat, 10 Junie 2005*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/almal-dokumente/riglyne-vir-beleidsformulering--ontwikkeling-en-hersiening-157-afr.pdf?sfvrsn=0> [5 April 2016].
- UV. 2013. *Beleid oor inligtingsekuriteit vir gebruikers van inligting. IS 1000. Soos gewysig op 2 Oktober 2012 en goedgekeur op 18 Februarie 2013*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/beleidsdokumente-dokumente/beleid-oor-inligtingsekuriteit-vir-gebruikers-van-inligting-854-afr.pdf?sfvrsn=0> [5 April 2016].
- UV. 2014. *Plan vir Billike Indiensneming, 1 Oktober 2013 – 30 September 2016*. [http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/billike-indiensneming-dokumente/2014-02-03---employment-equity-three-year-plan-\(oct-2013---sept-2016\)-2471-afr.pdf?sfvrsn=0](http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/billike-indiensneming-dokumente/2014-02-03---employment-equity-three-year-plan-(oct-2013---sept-2016)-2471-afr.pdf?sfvrsn=0) [1 Junie 2016].
- UV. 2015a. *Diskoers oor standbeeld en simbole plaas transformasiekwessies onder die soeklig 12 Apr 2015*. <http://www.ufs.ac.za/af/template/nuusargief-item?news=6337> [25 Mei 2016].
- UV. 2015b. *Hersiening van die UV se Taalbeleid. Uitnodiging aan lede van die UV-konvokasie*. 20 Apr 2015. <http://www.ufs.ac.za/af/taalbeleid/taalbeleid/uv-taalbeleid>. [2 Junie 2016].
- UV. 2015c. *Universiteitsvergadering fokus op simbole, beleid, praktyke en kurrikulums 30 Apr 2015*. <http://www.ufs.ac.za/af/template/nuusargief-item?news=6337> [25 Mei 2016].
- UV. 2015d. *Sake deur die UV-Raad goedgekeur tydens 'n vergadering op Vrydag 5 Junie 2015, 11 Jun 2015*. <http://www.ufs.ac.za/af/template/nuusargief-item?news=6368> [5 April 2016].
- UV. 2015e. *Handelsmerkidentiteitsriglyne, September 2015*. <http://www.ufs.ac.za/af/media/riglyne/handelsmerkiglyne> [22 Mei 2016].
- UV. 2015f. *UV-Raad keur riglyne vir die ontwikkeling van 'n nuwe Taalbeleid goed, 4 Des 2015*. <http://www.ufs.ac.za/af/template/nuusargief-item?news=6582> [7 April 2016].
- UV. 2016. *UV-Raad keur 'n nuwe Taalbeleid goed*. <http://www.ufs.ac.za/af/template/nuusargief-item?news=6694> [14 April 2016].
- UV-Raad (Raad van die Universiteit van die Vrystaat). 2003. *Taalbeleid van die Universiteit van die Vrystaat. Deur die UV-raad goedgekeur op 6 Junie 2003*. <http://www.ufs.ac.za/docs/default-source/almal-dokumente/taal---beleid-335-afr.pdf?sfvrsn=0> [4 April 2016].
- Van der Merwe, J. 2015. *Leaked language report: UFS sets the record straight. Council to decide next week. The Journalist, 60* (2015). <http://www.thejournalist.org.za/spotlight/leaked-language-report-ufs-sets-the-record-straight> [2 Junie 2016].
- Veronesi, D. & Nickenig, C. 2009. Bi- and multilingual universities: European perspectives and beyond. *Conference proceedings Bolzano-Bozen, 20-22 September 2007*. Bozen/Bolzano: Bozen-Bolzano University Press, pp. 430

Die verhouding tussen vertroue en diversiteitsklimaat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit¹

Investigating the relationship between trust and the diversity climate of a South African tertiary institution

SEAN McCALLAGHAN

Skool vir Sport en Ontspanning

Noordwes-Universiteit

Vaaldriehoekkampus, Vanderbijlpark

E-pos: Sean.McCallaghan@nwu.ac.za



Sean McCallaghan

Marita Heyns

MARITA HEYNNS

NWU Skool vir Besigheid en Korporatiewe Bestuur

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

E-pos: Marita.Heyns@nwu.ac.za

SEAN McCALLAGHAN is 'n MBA-gegradeerde van die Noordwes-Universiteit se Besigheidskool en oud-student van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap) van die voormalige Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en het meer as nege jaar se ervaring in die Sport-administrasie en -bestuur. Hy is tans die sporthoof by die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU Vaal), in Vanderbijlpark, waar hy ook doseer in Sportreg en Komersialisering asook Sportwetenskap (by die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie). Sean het ook verskeie kortkursusse in bestuur, sport-administrasie en regte voltooi, asook geakkrediteerde afrigtingsopleiding ontvang (Suid-Afrikaanse Rugby-unie en Oostelikese Krieketunie). Sy primêre navorsingsbelangstelling sluit in diversiteitsbestuur en diversiteitsklimaat.

An MBA graduate of the North-West University Business School and an alumnus of the Faculty of Health Sciences (School of Biokinetics, Recreation and Sport Science) of the former Potchefstroom University for Christian Higher Education, **SEAN McCALLAGHAN** offers more than nine years of extensive experience within the field of Sport Administration and Management. He is currently employed as the head of Sport and Recreation at the Vaal Triangle Campus of the North-West University (NWU Vaal), in Vanderbijlpark – where he also practises as a lecturer in Sport Law and Commercialisation and Sport Science (within the Faculty of Economic Sciences and Information Technology). Sean has completed numerous courses on management, sport administration and law, as well as training as an accredited coach (South African Rugby Union and Easterns Cricket Union). His primary research interests include diversity management and diversity climate.

MARITA HEYNNS is 'n senior lektor in Organisasiegedrag en Leierskap aan die NWU Skool vir Besigheid en Korporatiewe Bestuur, Potchefstroomkampus. Sy het haar meestersgraad in Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria

MARITA HEYNNS is a senior lecturer in Organisational Behaviour and Leadership at the NWU School of Business and Governance, Potchefstroom Campus. She completed her master's degree in psychology at the University of Pretoria

¹ Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat ingedien is by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir die verkryging van die graad *Meesters in Bedryfsadministrasie*.

voltoo en behaal daarna ook 'n meestersgraad in Besigheidsadministrasie (MBA) en 'n PhD in Sielkunde onder leiding van prof Ian Rothmann aan die Noordwes-Universiteit. Vertroue en die impak daarvan op produktiewe individuele- en organisasie-uitsette is haar sentrale navorsingsfokus. Sy koester ook 'n lewendige belangstelling in die positiewe sielkunde. Haar navorsingsbydraes is reeds by verskeie nasionale en internasionale kongresse voorgedra en in verskillende geakkrediteerde nasionale en internasionale akademiese tydskrifte gepubliseer. Sy is deurlopend betrokke by die begeleiding van nagraadse studente en die evaluering van referate en artikels wat onderskeidelik vir 'n internasionale besigheidskonferensie asook 'n erkende internasionale tydskrif voorgelê word. Sy verrig laasgenoemde funksie ook vir plaaslike joernale op 'n *ad hoc*-basis.

and also studied at the North-West University, where she received a master's degree in Business Administration (MBA) and a PhD in Psychology with Prof Ian Rothmann as her supervisor. Trust and its relationship with productive individual- and organisational outputs represent her central research focus. She also harbours an active interest in the wider positive psychology field. Her research has been widely presented at various national and international conferences and published in a number of leading national and international academic journals. She is on a continuous basis involved in the supervision of postgraduate students and the evaluation of papers and articles for an international business conference and a recognised international journal, respectively. She performs the latter function also for local journals on an *ad hoc* basis.

ABSTRACT

Investigating the relationship between trust and the diversity climate of a South African tertiary institution

This study targeted permanently employed staff of a specific business unit (campus) of a South African university to explore the relationship between employees' perceived levels of trust in their immediate line manager/supervisor and the overall perceptions of the diversity climate within the business unit.

South Africa recently celebrated 20 years of democracy. Although racism and discrimination should have no place in our democracy, current widespread unrest on university campuses suggests that big and enduring challenges of transformation are not easily resolved. Clearly, much still remains to be done in order to accelerate transformation in our higher education system. A critical question that arises is how change can be brought about in a cost effective and sustainable way.

In view of steadily growing incidents of often violent unrest on university campuses, it therefore seems appropriate that researchers should evaluate how far South Africa has really come by considering the extent to which different business units of universities have been able to contribute towards the creation of a prejudice-free and inclusive society and what factors might have an influence within such an environment. Similar to other organisations, a university's diversity climate is a barometer of the extent to which the university has been able to establish an academic environment free of both prejudice and discrimination. A diversity climate of an institution reflects the psychological perceptions, attitudes and beliefs of individuals that also translate into how different groups – which may include but are not limited to gender, age, racial and ethnic groups – interact within a specific organisational context. These psychological and behavioural indicators of a diversity climate affect both individual and organisational performance in a dramatic way and can be either positive or negative in nature.

Some previous research studies in the international arena suggest that, to address the challenge of change, organisations should develop quality relationships -- interpersonally,

organisationally and inter-organisationally – and that these can be enhanced by building and developing trust. This is, however, more easily said than done – especially since the historical context is one where trust between diverse groups has repeatedly been fractured and destroyed over time.

Despite the fact that effective diversity management to create prejudice-free and inclusive workplace environments is becoming a growing concern, empirical research on diversity climate is still limited. Even fewer studies have examined the possible relationship between diversity climate and trust. In fact, within a South African context, research on the relationship between various forms of trust and its potential influence on the diversity climate of an organisation is extremely rare.

This study took on a quantitative approach to explore the relationship between dyadic trust and the diversity climate. A cross-sectional survey ($N = 350$) was used to collect data. The questionnaire used in the study was a combination of three previously validated instruments. Diversity climate was defined as the employees' perceptions of the policies and practices that communicate the extent to which fostering diversity and eliminating discrimination are a priority in the organisation. The diversity climate was measured through a previously validated diversity climate assessment instrument that consisted of nine items. The study employed a definition of trust that is widely accepted across disciplines and according to which trust is defined as the willingness of a party to be vulnerable to the actions of another person based on the expectation that the other will perform a particular action important to the trusting party, irrespective of the ability to monitor or control that other party. Because trust is a multi-dimensional, interrelated and complex concept, the dimensions used to measure trust included predictors of trust as well as evidence of actual risk-taking expressed as trusting behaviours. Two previously validated measures of trust were combined in order to measure the trust component in a comprehensive manner. Predictors included eight items to measure the trusting party's propensity, also known as the innate, generalised inclination to trust others, and 16 items were employed to measure perceived trustworthiness as derived from indications of the trusted party's perceived ability (6 items), benevolence (4 items) and integrity (6 items). Trust itself was also measured (4 items) and confirmed by indicators of trusting behaviours such as the willingness to rely on (5 items) and disclose information (5 items) to the trusted party despite the lack of guarantees that one's trust will not be abused.

Prior to its operationalisation, the measurement instrument had been translated from English to Afrikaans and Sesotho. Possible errors had been identified and corrected by an independent, professional translator who is fluent in all three languages.

Study results indicated that the majority of the employees perceive the diversity climate to be positive and agree that the organisation is committed towards diversity management and eliminating discrimination. A correlation analysis between the dimensions of trust and diversity climate revealed that all of the trust dimensions, except for the propensity towards trust, have some sort of relationship with diversity climate. The results further indicated that the group of employees that only have an education up to matric/grade 12 indicated a higher propensity towards trust compared to the group that has either a diploma or a post-graduate degree. Propensity towards trust and disclosure-based trust dimensions revealed the only noticeable differences between the black and white groups. There was no practical significance within the diversity climate construct for the gender, education, ethnic, employment status or level of employment groups and this should be regarded as a positive result for the institution. The paper concluded with recommendations for future research.

KEY WORDS: Trust, diversity climate, university campus, organisational behaviour, South Africa

TREFWOORDE: Vertroue, diversiteitsklimaat, organisasiegedrag, universiteit, Suid-Afrika

OPSUMMING

Hierdie studie stel ondersoek in na die verwantskap tussen vertroue en die diversiteitsklimaat binne 'n Suid-Afrikaanse tersiëre inrigting. 'n Kwantitatiewe benadering met behulp van 'n nie-waarskynlikheidsgerieflikheidsteekproef ($N=350$) is gevolg. Die vraelys wat in die studie gebruik is, maak gebruik van 'n kombinasie van drie vooraf-gevalideerde instrumente.

Die resultate dui aan dat die werknemers saamstem dat die instelling bereid is tot diversiteitsbestuur en die uitskakeling van diskriminasie. 'n Korrelasie-analise tussen die dimensies *vertroue* en *diversiteitsklimaat* het getoon dat al die vertrouedimensies, met die uitsondering van een – geneigdheid tot vertroue – 'n verwantskap met die belewing van 'n diversiteitsklimaat aantoon. Die resultate het ook verder aangedui dat die groep werknemers wie se opleiding net tot matriek/graad 12 gestrek het, 'n groter geneigdheid tot vertroue gehad het as die groep met 'n diploma of nagraadse kwalifikasie. Geneigdheid tot vertroue en onthullingsgebaseerde vertrouedimensies het die enigste opvallende verskille tussen wit en swart groepe getoon. Daar was geen praktiese betekenisvolheid tussen die diversiteitsklimaatkonstruksie en dit kom by geslag, opvoedingsvlak, etnisiteit, werkstatus of vlak van werkstatusgroepe nie, en ons voer dus aan dat hierdie bevinding as 'n positiewe uitkoms vir die organisasie beskou moet word.

INLEIDING

Diversifikasie van die Suid-Afrikaanse werksmag bring teweeg dat organisasies die demografie van die bevolking progressief verteenwoordigend in terme van mense se verskillende agtergronde, rasse, geslagte, godsdienstige oortuigings en seksuele oriëntasies weerspieël. Hoewel daar groot bedrae geld spandeer word om 'n positiewe diversiteitsklimaat binne maatskappye en instansies te skep, bestaan die indruk dat dit nie in alle gevalle die gewenste resultate lewer nie. Soos onlangse nuusgebeure aangetoon het, word ook Suid-Afrikaanse universiteite intens hierdeur geraak. Alhoewel rassisme en diskriminasie geen plek in ons demokratiese bestel behoort te hê nie, suggereer voortgaande beriggewing rakende gewelddadige betogings en ongewenste insidente op universiteitskampusse dat groot uitdagings rakende transformasie steeds bestaan. Dis duidelik dat daar nog baie transformasie in die hoër onderwyssisteem sal moet plaasvind. 'n Kritieke vraagstuk wat hiermee saamhang is hoe veranderings op 'n koste-doeltreffende manier hanteer kan word ten einde 'n meer gunstige diversiteitsklimaat tot stand te bring.

Dervitiotis (2006:809) beklemtoon dat die implementering van veranderings 'n groter kans op sukses het indien daar gefokus word op die ontwikkeling van goeie kwaliteit persoonlike, organisatoriese en inter-organisasieverhoudinge, en dat hierdie verhoudinge versterk kan word deur onderlinge vertroue te bou en te ontwikkel. Navorsing deur Mayer, Davis en Schoorman (1995:728) toon ter stawing aan dat verhoogde vertroue tussen werknemers in 'n organisasie inderdaad kan lei tot 'n verskeidenheid positiewe uitkomste. Die vraag wat hieruit voortvloeи, is of 'n konstruktiewe diversiteitsklimaat binne 'n organisasie ook as een van die uitkomstes van positiewe onderlinge vertrouensverhoudings gereken kan word.

Die oorhoofse doel van hierdie studie was om te bepaal wat die verhouding tussen interpersoonlike werknemervertroue en die diversiteitsklimaat binne 'n hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika is. 'n Tweede doelwit was om te bepaal wat die verhouding tussen spesifieke dimensies

van die vertrouekonstruksie en waargenome diversiteitsklimaat is en derdens of daar 'n verskil is tussen demografiese groeperings se siening oor die aangeleentheid. Die volgende hipoteses word gestel:

H1: Daar is 'n positiewe verband tussen werknemers se algemene, inherente vertrouens-ingesteldheid en die waargenome diversiteitsklimaat van die tersiêre instansie.

H2: Daar is 'n positiewe korrelasie tussen werknemers se persepsies van hul direkte hoofde se vertrouenswaardigheidseienskappe en die diversiteitsklimaat van die tersiêre instansie.

H3: Daar is 'n positiewe verband tussen werknemers se algemene, inherente vertrouens-ingesteldheid en die waargenome diversiteitsklimaat van die tersiêre instansie.

Empiriese bewyse van 'n positiewe verband tussen vertroue en diversiteitsklimaat sou impliseer dat die uitbouing van interpersoonlike vertroue as 'n sagte vaardigheid 'n sinvolle bydrae kon lewer om op 'n gefokusde, koste-effektiewe wyse 'n positiewe diversiteitsomgewing te help daarstel. Sodanige bevindings lewer 'n teoretiese bydrae tot die bestaande literatuur aangesien geen studies na die beste wete van die outeurs tot dusver nog hierop gefokus het nie. Kennis rakende spesifieke relasies tussen dimensies van vertroue en diversiteitsklimaat kan bestuursleiers ook help om meer ingeligte besluite te neem oor hoe 'n positiewe diversiteitsklimaat op 'n praktiese en meer koste-effektiewe wyse uitgebou kan word.

TEORETIESE AGTERGROND

Vertroue

Die definisie van Mayer et al. (1995) word oor multidissiplinêre grense heen allerweé beskou as een van die mees aanvaarde en mees aangehaalde definisies van vertroue (Gillespie 2012). Mayer et al. (1995:712) omskryf vertroue as die bereidheid van 'n persoon om hom-/haarself kwesbaar te stel teenoor die optrede van 'n ander persoon met die optimistiese verwagting dat die ander party hierdie kwesbaarheid nie sal uitbuit nie, alhoewel eersgenoemde party oor geen waarborges beskik dat misbruik nie sal plaasvind nie.

Uit hierdie definisie blyk dit duidelik dat kwesbaarheid en risikoneming twee kernelemente van vertroue uitmaak. Gebaseer op die definisie van Mayer et al. (1995), onderskei Gillespie (2003) veral twee basiese wyses of dimensies waardeur aanvaarding van kwesbaarheid binne 'n interpersoonlike verhouding kan manifesteer: Die eerste vorm van kwesbaarheidsaanvaarding blyk uit 'n individu se bereidheid om op 'n ander persoon se optrede staat te maak. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die vertrouende party toelaat dat 'n toesighouer sy/haar idees of werk aan 'n derde party voorhou, in die optimistiese verwagting dat die toesighouer dit akkuraat sal reflektereer en regmatige erkenning sal gee aan die oorspronklike outeur, sonder dat die ondergeskikte in werklikheid oor enige waarborges beskik dat die toesighouer inderdaad dienooreenkomsdig sal optree.

'n Tweede wyse waarop die aanvaarding van kwesbaarheid as 'n vorm van vertroue manifesteer, kan beskryf word as onthullingsgebaseerde gedrag (Gillespie 2003). Hierdie sigkant van vertroue vereis meer as 'n relatief passiewe aanvaarding van 'n bepaalde *status quo*, aangesien dit die aktiewe demonstrasie van kwesbaarheid deur bepaalde optredes vereis (Heyns & Rothmann 2015). 'n Illustrasie hiervan is wanneer 'n vertrouende party bereid is om bepaalde uitsprake of onthullings teenoor 'n ander persoon te maak, byvoorbeeld rakende 'n persoonlike mediese probleem, wat moontlik later tot die vertrouende party se nadeel aangewend sou kon word.

Mayer et al. (1995) het verder ook 'n uitgebreide model vir vertroue ontwikkel wat duidelik illustreer dat vertroue 'n multidimensionele, komplekse konstruksie is wat nou verweef is met

die voorlopers en uitkomstes daarvan (Mayer et al. 1995). In Mayer et al. (1995) se model berus die belangrikste voorspellers van vertroue eerstens op die persoon wat vertrou se natuurlike vertrouensingesteldheid, maar tweedens ook op 'n assessering van die teikenpersoon se karaktereienskappe (Mayer et al. 1995; Mayer & Davis 1997). Die vertrouende persoon se stabiele, inherente vertrouensgeneigdheid speel veral aanvanklik 'n rol wanneer die ander party nog relatief onbekend is. Sodra meer inligting egter oor die teikenpersoon beskikbaar raak, word 'n assessering veral van die teikenpersoon se vermoë, welwillendheid en integriteit as deurslaggewende oorweging beskou (Mayer et al. 1995:718). Vermoë kan gedefinieer word as daardie groep vaardighede en eienskappe wat 'n persoon in staat stel om invloed in 'n spesifieke situasie te kan uitoefen (Mayer et al. 1995:717; Davis et al. 2000:566). Welwillendheid verteenwoordig 'n persoonlike verwysingspunt van die vertroueling teenoor die vertrouende (Mayer et al. 1995:718; Davis et al. 2000:566) en integriteit berus op 'n geloof dat 'n persoon 'n aanvaarde stel beginsels aanhang (Mayer et al. 1995:719; Davis et al. 2000:566). Hoewel al drie hierdie eienskappe belangrike oorwegings is, kan die gewig wat binne 'n spesifieke konteks aan 'n bepaalde eienskap verleen word, varieer (Mayer et al. 1995:720; Mayer & Davis 1999:124).

Mayer et al. (1995:724) verduidelik verder dat voorspellers van vertroue die keuse om te vertrou nie beïnvloed nie, maar dat daar in die positiewe evaluasie van 'n teikenpersoon se vermoëns of integriteit as sodanig nog geen risiko verbonde is nie. 'n Mens kan byvoorbeeld iemand in die algemeen as bekwaam of betroubaar beskou, maar nietemin steeds nie bereid wees om so iemand persoonlik te vertrou nie. Dus, alvorens 'n positiewe karakter-assessering nie manifesteer in die aktiewe aanvaarding van kwesbaarheid teenoor sodanige teikenpersoon nie, is daar dus nog nie werklik sprake van vertroue nie (Dietz & Den Hartog 2006:559; Mayer et al. 1995:724). Met ander woorde, vertroue behels 'n gedragsuitdrukking of uitoefening van sogenaamde vertrouende gedrag (Gillespie 2012:176).

Mayer et al. se model beskryf laastens die uitkomste van vertroue as verskillende manifestasievorme van risikonemingsgedrag binne die konteks van 'n spesifieke interpersoonlike verhouding en situasie (Mayer et al. 1995:716). 'n Voorbeeld van risikoneming as uitkoms van 'n vertrouensbesluit is waar 'n toesighouer 'n werknemer toelaat om 'n sensitiewe en belangrike kliënt self te hanteer (eerder as die toesighouer self). Die toesighouer se kwesbaarheid van 'n vertrouenskeuse is daarin geleë dat hy/sy sekere risiko's loop indien die werknemer nie voldoen aan die eise of verwagtinge van die kliënt nie (Mayer et al. 1995:725).

Diversiteitsklimaat en verwante konsepte

Diversiteitsklimaat as onderwerp fokus op hoe werknemers 'n organisasie se diversiteitsverwante beleide, praktyke en procedures ervaar (Ziegart & Hanges 2005). Omdat diversiteitsklimaat nog 'n ontluikende area vir navorsing is (Ziegart & Hanges 2005), is relatief min empiriese studies nog oor die onderwerp gedoen (Pugh et al. 2008:1423; Hicks-Clarke & Iles 2000:325).

Die begrippe "diversiteit" en "diversiteitsbestuur" is nou verweef met die konsep "diversiteit" en word kortliks bespreek om duidelikheid te vergemaklik. Diversiteit is die mate waartoe 'n groep of span se samestellings verskil in terme van enige eienskappe wat gebruik kan word as 'n basis om mense te kategoriseer (Colquitt et al. 2011:319). Daar is verskeie diversiteitskenmerke waarvolgens mense geklassifiseer kan word en sluit onder meer in geslag, ras, geloof, opvoeding, seksuele voorkeure/oriëntering en selfs ouderdom (Colquitt et al. 2011:319).

Die literatuur wys ook uit dat verskillende soorte diversiteit bestaan wat in twee hoofgroep verdeel kan word, naamlik oppervlak- en dieper-vlak-diversiteit (Colquitt et al. 2011:391; McShane & Von Glinow 2010:21). Oppervlak-diversiteit verwys na sigbare kenmerke soos ras, etnisiteit, geslag en ouderdom, en dieper-vlak diversiteit verwys na kenmerke wat minder sigbaar is, maar wat afgelei kan word na afloop van direkte ervaringe tussen spanlede (Colquitt et al. 2011:391; McShane & Von Glinow 2010:21). Hierdie kenmerke sluit houdings, waardes en persoonlikheid in (Colquitt et al. 2011:391; McShane & Von Glinow 2010:21). Met die verloop van tyd behoort persepsies en gedrag wat aanvanklik gebaseer was op uiterlik waarneembare diversiteitsverskille te verander na 'n meer produktiewe scenario danksy die feit dat interaksie tussen individue kennis-uitruiling en 'n leerproses teweegbring (Colquitt et al. 2011:391). Dit is egter ook algemeen dat spanlede wat kennis oor dieper-vlak-diversiteit van mekaar inwin, groter negatiwiteit teenoor mekaar mag ervaar aangesien waardes en doelwitte – ook dié wat verskil – duideliker in die proses sigbaar word (Colquitt et al. 2011:391).

Kulturele diversiteit is 'n ander term wat gebruik word binne die veld van diversiteit. As mens kyk na die betekenis van diversiteit, behoort kulturele diversiteit niks meer te wees nie as die verskillende kulture binne 'n organisasie, span of werkerskorps. Die term kultuur kan op die oppervlak bepaalde aspekte insluit soos eksotiese gebruik, gelowe, kossoorte, klere en leefstyl; en op 'n dieper vlak, waardes en maniere om die wêreld te interpreteer, sosiale strukture en maniere om interpersoonlike verhoudinge te bedryf (Shani & Lau 2000:208). Die groeiende diversiteit van kulturele agtergronde kan individue se gedrag beïnvloed en word beskou as een van die grootste uitdagings vir bestuurders (Shani & Lau 2000:209). Mense met verskillende agtergronde, waardes en gelowe kan 'n bron van misverstande en konflikte wees (Shani & Lau 2000:209).

Diversiteit in Suid-Afrika

Volgens Rosado (1996:2) is diversiteit 'n neiging wat algemeen deur baie instellings en lande onderskryf word. Sekere wetgewing in Suid-Afrika is ook spesifiek ontwikkel om te help met die bevordering van diversiteit en verandering en om transformasie te stimuleer (Robbins, Judge, Odendaal & Roodt 2009:464). Die wetgewing sluit in (maar is nie beperk nie tot) die Grondwet (1996), die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995, die Wet op Basiese Diensvoorraarde 75 of 1997, die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998, en die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 van 2003.

Die besonderhede van die wetgewing sal nie hier bespreek word nie, maar dit moet genoem word dat al die genoemde wetgewing op die een of ander wyse diversiteit aanmoedig en versterk deur middel van 'n transformasie- en bemagtigingsproses. Skrywers soos Peterson (2008:24) suggereer dat diversiteit gewortel is in regstellende aksiewette. Sekere wette wat diversiteit aanmoedig, is uniek aan Suid-Afrika en ondersteun dus die vroeëre argument dat Suid-Afrika 'n unieke diversiteitsmilieu, met gepaardgaande unieke uitdagings, het.

Suid-Afrikaanse universiteite is nie uitgesluit uit die toename in diversiteit deur 'n transformasieproses nie (Cross 2004:387). Die meeste Suid-Afrikaanse universiteite probeer die uitdagings die hoof bied deur toenemende diversiteit op kampusse te vestig (Cross 2004:388). Suid-Afrikaanse universiteite rig ook toenemend hul studente- en personeelkorpses op so 'n manier dat die demografie van die land beter gereflekteer word deur die bewusmaking van sosiale wanbalanse (Cross 2004:406). Dit is ook belangrik om daarop te let dat organisasies ook al sedert 1994 uitdagings wat diversiteit betref in die gesig gestaar het, sowel as die transformasieproses (Denton & Vloeberghs 2003:93). Hierdie uitdagings sluit in toenemende

kompetisie rondom markaandeel en die invloei en kompetisie van internasionale kompeteerders; dus het Suid-Afrika meer en beter diversiteitsbestuurders nodig (Denton & Vloeberghs 2003:93).

Diversiteitsklimaat en kultuur

Volgens Moran en Volkwien (1992) is *klimaat* en *kultuur* terme wat saamhang. Die klimaat van 'n organisasie word tot 'n groot mate deur die organisasie se kultuur en die persepsie van organisatoriese praktyke deur individue binne hierdie organisasies beïnvloed (Hicks-Clarke & Iles 2000:325). Dit is ook belangrik om daarop te let dat die klimaat van 'n organisasie baie afhang van beleide en procedures en ook beïnvloed word deur bestuur se houdings en gedragspatrone (Hicks-Clarke & Iles 2000:325). Goyal en Shrivastava (2013:55) noem ook dat die organisasieklimaat die kultuur van 'n organisasie reflekteer, en dus kan die diversiteitsklimaat die diversiteitskultuur en relevante kenmerke wat met diversiteit geassosieer word, reflektere.

Cox (1994:14) het 'n raamwerk ontwikkel waarvolgens hy mensehulpbrondiversiteit en die klimaat van 'n organisasie gekoppel het. Cox (1994:14) beskou diversiteitsklimaat as verwant aan drie verskillende stelle faktore, wat insluit individuele faktore, groeps-/intergroepsfaktore en organisatoriese faktore (Cox 1994:14). Hierdie faktore kan soos volg verklaar word:

- Individuale faktore: Identiteitstrukture, vooroordeel, stereotipering en persoonlikheid.
- Groeps/intergroepsfaktore: Kulturele verskille, etnosentrisme, en intergroepkonflik.
- Organisatoriese faktore: Kulture en die akkulturasieproses, strukturele integrasie, informele integrasie en institusionele voorkeure in mensehulpbronstelsels.

Die interaktiewe model van kulturele diversiteit (IMCD) wat deur Cox (1994:14) ontwikkel is, beskryf die uitwerking van diversiteitsklimaat in organisatoriese effektiwiteit. Die model illustreer dat diversiteitsklimaat 'n uitwerking het op personeel se teenwoordigheid, omset, produktiwiteit en kwaliteit van werk. In die model verduidelik Cox (1994:14) verder dat die meerderheidsgroeplede gesien kan word as mense met verskillende persepsies as die nie-meerderheidsgroeplede. Nie-meerderheidsgroeplede "are more likely to be aware of the effects of group membership than majority group members" (Cox 1994:15).

Hoewel die faktore wat die diversiteitsklimaat beïnvloed soos deur Cox (1994:14) beskryf steeds realisties en relevant is, is dit belangrik om ook kennis te neem van ander faktore wat die diversiteitsklimaat kan beïnvloed, soos deur ander outeurs geïdentifiseer is. Volgens Price, Gozu, Kern, Powe, Wand, Golden en Cooper (2004:569) kan die diversiteitsklimaat byvoorbeeld ook beïnvloed word deur die organisasie se historiese agtergrond van insluiting of uitsluiting van minderhede. Die strukturele diversiteit van personeel, psigologiese persepsies van ras en gedragsdimensies oor diverse groepe heen word ook beskou as faktore wat die diversiteitsklimaat van 'n organisasie kan raak (Price et al. 2004:569).

Hierdie studie deel die siening dat 'n diversiteitsklimaat omskryf kan word as die gedeelde persepsies oor beleide en praktyke wat aandui tot watter mate 'n organisasie verbind is tot die afskaffing van diskriminasie en 'n aanvaarding en waardering van diversiteit (Pugh et al. 2008:1422). Dit is in lyn met die definisie van diversiteitsklimaat deur McKay, Avery en Morris (2008:352), wat diversiteitsklimaat gedefinieer het as "the degree to which a firm advocates fair human resource policies and socially integrates underrepresented employees". McKay et

al. (2008:352) verduidelik ook dat “diversity climate entails how social context is affected by group membership, as manifested in various forms of demographic differences”.

Diversiteitsklimaat en diversiteitsbestuur

Opsommend gestel kan diversiteit dus beskou word as 'n persepsie van hoe toegewyd 'n organisasie is om diversiteit te bestuur. Dus is dit maklik om te argumenteer dat die werklike bestuur van diversiteit binne organisasies 'n direkte impak sal hê op die persepsies wat werknemers van die aangeleentheid het. Persepsie is die wyse waarop iets beskou, verstaan of geïnterpreteer word; ons kan dus argumenteer dat diversiteitsklimaat die manier is waarop diversiteitsbestuur beskou en/of geïnterpreteer word deur werknemers in daardie spesifieke organisasie. Dit lyk redelik vir bestuurders wat verantwoordelik is vir die bestuur van organisasies om te glo dat as hulle 'n ras-diverse organisasie ontwikkel en in stand gehou het, hul werknemers die persepsie sal hê dat hulle diversiteit ondersteun en uitbou, en diskriminasie uitsluit – as deel van die hoogste prioriteit van die organisasie (Gelfand, Nishii, Raver & Schneider 2005:104).

Vertroue en diversiteit

Soos tevore aangedui, is diversiteit 'n voorloper vir diversiteitsklimaat, en dit moet nie as dieselfde konsep beskou word nie. Dus is dit belangrik dat vorige verhoudinge tussen vertroue en diversiteit ook ontleed moet word om te kan bydra tot die argument wat in hierdie studie gevoer word.

In die akademiese veld het auteurs óf gekyk na die impak van vertroue op diversiteit óf andersom, en veral navorsing binne 'n globale konteks of selfs as deel van 'n ondersoek na virtuele spanne blyk baie gewild te wees. Een van hierdie studies is gedoen deur Peters en Karren (2009:494), wat gevind het dat vertroue en diversiteit 'n uitwerking op spanprestasie in virtuele spanne het, en dat vertroue praktiese diversiteit kan modereer. Volgens Bjornstad, Fostervold en Ulleberg (2011:13) mag vertroue 'n sleutel-mediasierol in internasionaal-verspreide spanne speel, en spanne mag groot voordeel trek uit die inkorporering van vertroue-versterkende oefeninge.

Volgens Dervitsiotis (2006:809) brei besighede hul aktiwiteite dwarsoor die wêreld uit en ervaar dus 'n toename in persoonlike interaksies en transaksies met organisasies wat hulle nie ken nie. Dervitsiotis beklemtoon dat hierdie globale interaksies nie moontlik sal wees sonder vertroue nie, en dat organisasies "outentieke" vertroue moet ontwikkel om organisatoriese prestasie te kan volhou (Dervitsiotis 2006:809). Weber (2002:211) het ook getuienis gevind wat aandui dat vertroue kan lei tot verbeterde spaneffektiwiteit in kruis-funksionele spanne.

NAVORSINGSMETODOLOGIE

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering deur gebruik van 'n nie-waarskynlikheidsgrieflikheidsteekproeftegniek is gevolg om werknemerspersepsies oor die huidige diversiteitsklimaat van die betrokke instelling te meet. Die populasie het bestaan uit alle permanente en tydelike werknemers. 350 vraelyste is versprei waarvan 99 teen die gestelde doeldatum terugbesorg is.

Meetinstrument

Twee meetinstrumente is gebruik om vlakke van vertroue te bepaal. Die eerste instrument was die Organizational Trust Inventory (OTI, Mayer en Davis 1999) wat voorspellers van vertroue assesseer. Die tweede instrument was die Behavioural Trust Inventory (BTI, Gillespie (2003; 2012), wat op die manifestering van vertrouensgedrag fokus.

Die OTI (Mayer & Davies 1999:136) bestaan uit vyf dimensies met 28 skaalitems. Die dimensies meet algemene of ongespesifieerde vertrouensgeneigdheid sowel as vertroue in 'n gespesifieerde teikenpersoon, spesifiek met betrekking tot laasgenoemde se vermoëns, welwillendheid en integriteit. Die OTI maak gebruik van 'n vyfpunt-Likert-skaal, waar 'n telling van 1 gelyk is aan "stem glad nie saam nie" en 'n telling van 5 gelyk is aan "stem absoluut saam" (Mayer & Davies 1999:136).

Die BTI (Gillespie 2003; 2012) gee 'n aanduiding van die mate waartoe 'n persoon gewillig is om hom-/haarself kwesbaar teenoor 'n ander party te stel. Die instrument bestaan uit twee dimensies, naamlik staatmaak-gebaseerde vertroue (vyf items) en onthullingsgebaseerde vertroue (vyf items). Staatmaak-gebaseerde vertroue impliseer dat 'n mens bereid is om hom-/haarself op die vaardighede, kennis, oordeel of handelinge van die ander persoon te verlaat, insluitend die bereidheid om belangrike sake te deleger en outonomie aan die teikenpersoon toe te staan. Onthullingsgebaseerde vertroue behels die deel van werkverwante of persoonlike inligting van 'n sensitiewe aard (Gillespie 2003:10). Die BTI maak gebruik van 'n sewepunt-Likert-skaal, waar 'n telling van 1 gelyk is aan "glad nie" en 'n telling van 7 gelyk is aan "heeltemal" (Gillespie 2012:187).

'n Instrument wat deur McKay et al. (2007) ontwikkel is, is gebruik om die persepsies van individue te bepaal ten opsigte van hoe toegewyd die organisasie is aan die uitskakeling van diskriminasie en die skep van 'n inklusiewe omgewing (McKay et al. 2007:61). 'n Vyfpunt-Likert-skaal is gebruik, waar 'n telling van 1 gelyk is aan "heelwat onder verwagting" en 5 gelyk is aan "ver bo verwagting".

Navorsingsprosedure

Om die kwaliteit van die response wat verkry is, te optimeer, is die vooraf-gevalideerde vraelyste vertaal uit Engels in Afrikaans en Sesotho. Na die aanvanklike vertaling is die vraelyste voorgelê aan 'n taalkundige wat al drie die tale vlot praat. Die taalkundige het bevestig dat al die vroe akkuraat vertaal is sodat aanvaar kan word dat hulle presies meet wat hulle behoort te meet.

Hierdie vraelyste is toe versprei na personeel oor die hele organisasie heen. Vraelysinstruksies is bespreek met die respondentie en klem is geplaas op vertroulikheid. Al die respondentie moes 'n ingelige toestemmingsvorm onderteken as deel van die etiese klaringsproses. Alle inligting is as vertroulik beskou en die vraelys het geen persoonlik identifiserende inligting vereis nie. Respondente is toegelaat om die vraelyste op hul eie tyd te voltooi, waarna dit weer aan die navorsers deurgestuur is vir datavisaslegging.

Die statistiese ontleding sluit in betroubaarheidstatistiek, beskrywende analise en korrelasie-analise.

BEVINDINGE

Biografiese gegewens

'n Analise van die biografiese inligting wat verkry is, het aangetoon dat 57.4% respondente blank en 37.6% swart was. Verreweg die meeste respondenten (80.8%) was permanente werknemers van die instansie. Die meerderheid was vroulik (64.6%) en het oor 'n graad 12 en/of diploma as hoogste kwalifikasie beskik (31.3%), wat suggereer dat die meeste respondenten waarskynlik administratiewe ondersteuningspersoneel was wat op die vraelys reageer het.

Betrouwbaarheid en geldigheid

Die dimensies van die vertrouekonstruk kan as breed geklassifiseer word, terwyl die diversiteitsklimaatkonstruk as 'n smal konstruk geklassifiseer word. Betrouwbaarheidsanalise van die resultate het getoon dat die Cronbach alfa (CA)-waardes van al die tersaaklike konstrukte bo die gestelde minimum perk van 0.6 gemeet het en dus aanvaarbaar was. Gemiddelde inter-itemkorrelasies is ook bereken as 'n bykomende meting van betrouwbaarheid en is ook as aanvaarbaar beskou. Die spesifieke CA-waardes en gemiddelde inter-itemkorrelasies vir elk van die konstrukte was respektiewelik soos volg: Algemene vertrouensingesteldheid = 0.6 en 0.16; vertrouenswaardigheidspersepsies = 0.94 en 0.51; gedragsvertroue = 0.86 en 0.7; totale diversiteitsklimaat = 0.9 en 0.5. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat resultate wat deur die meetinstrumente gemeet is, as betrouwbaar beskou kan word.

Beskrywende statistiek

TABEL 1: Beskrywende resultate vir die hoofkonstrukte

Dimensie of konstruk	Gemiddeld	Standaardafwyking
Geneigdheid tot vertroue	3.20	.49
Vermoë	3.80	.68
Welwillendheid	3.29	1.00
Integriteit	3.39	.73
Algemene vertroue	2.95	.66
Algehele organisatoriese vertroue-inventaris (Mayer & Davis 1999)	3.35	.52
Vertrouenswaardigheidspersepsies (vermoë, welwillendheid en integriteit)	3.52	.70
Staatmaak-gebaseerde vertroue (BTI 1)	4.51	1.50
Onthullingsgebaseerde vertroue (BTI 2)	3.84	1.55
Gedragsvertroue-inventaris (Gillespie 2012)	4.17	1.24
Diversiteitsklimaat (McKay et al. 2007)	3.47	.68

Uit die tabel hierbo blyk dit dat beide organisatoriese vertroue en gedragsvertroue teenwoordig binne die proefgroep was. Die telling vir diversiteitsklimaat was ook binne die "saamstem"-perk met 'n gemiddelde waarde van 3.47.

Korrelasies

Spearman se rangordekorrelasies is gebruik om die aard en sterkte van die korrelasies tussen die vlakke van die OTI, BTI, diversiteitsklimaat en die biografiese inligting van die terugvoere te bepaal. Tabel 2 hieronder som die hoofbevindinge van die korrelasie-analise op.

TABEL 2: Spearman se korrelasies tussen die vertrouekonstrukte en diversiteitsklimaat

Spearman se korrelasies tussen die dimensies van vertrouekonstrukte en diversiteitsklimaat	Geneigdheid tot vertroue	Vermoë	Welwillendheid	Integriteit	Vertroue	Staatmaak-gebaseerde vertroue	Onthullingsgebaseerde vertroue	Diversiteitsklimaat
A) Geneigdheid tot vertroue	1	.17	.25	.27	.10	-.03	.13	.00
B) Vermoë		1	.62	.76	.62	.57	.31	.49
C) Welwillendheid			1	.72	.54	.50	.43	.39
D) Integriteit				1	.62	.50	.36	.51
E) Vertroue					1	.55	.50	.47
F1) Staatmaak-gebaseerde vertroue						1	.35	.39
F2) Onthullingsgebaseerde vertroue							1	.23
3) Diversiteitsklimaat								1

Uit Tabel 2 is dit duidelik dat die meerderheid dimensies binne die vertrouekonstrukt, soos mens van 'n multidimensionele konstrukt kan verwag, 'n verband met mekaar toon.

Wat van belang is om te sien is dat die verhouding tussen die respondentie se geneigdheid tot vertroue en staatmaak-gebaseerde vertroue 'n waarde van -0.03 vertoon het, en 'n meting van 0.13 vir onthullingsgebaseerde vertroue (op Gillespie se 2012 BTI). Soos vroeër genoem, is die BTI ontwikkel om die gedragsmanifestasie van die vertroueling se gedrag binne die vertrouensproses te bevorder (Gillespie 2012:176). Die resultate toon aan dat, sover dit die proefgroep aangaan, individue 'n groter geneigdheid of 'n bereidheid tot vertroue demonstreer, maar dit waarborg nie dat dit hulle noodwendig sal beweeg tot 'n werklike demonstrasie van vertrouensgedrag binne 'n spesifieke interpersoonlike verhouding nie.

Die integriteitsdimensie meet die sterkste verhouding met die diversiteitsklimaat. Hierdie bevinding is ook van belang omdat integriteit gedefinieer is as 'n geloof dat 'n ander persoon 'n stel aanvaarbare beginsels aanhang (Mayer et al. 1995:719; Davis et al. 2000:566), en diversiteitsklimaat gesien word as die gedeelde persepsies van die beleide en praktyke wat aandui tot watter mate die organisasie toegewyd is aan die uitskakeling van diskriminasie en waarde heg aan diversiteit (Pugh et al. 2008:1422). Dus is die korrelasie van 0.51 tussen die integriteitsdimensie en die diversiteitsklimaatkonstruksie 'n aanduiding van die feit dat hoë vlakke van geperspieerde integriteit geassosieer kan word met meer positiewe persepsies van diversiteitsbestuurpogings binne die organisasie.

TABEL 3: Spearman se korrelasies tussen die hoofvertroue konstrukte en diversiteitsklimaat

Spearman se korrelasies tussen die hoofvertroue konstrukte en diversiteitsklimaat		OTI (Mayer & Davis, 1999)	Geperspieerde vertrouenswaardigheid (vermoë, welwillendheid en integriteit)	Gedragsvertroue inventaris (Gillespie 2012)	Diversiteitsklimaat (McKay et al.)
OTI (Mayer & Davis 1999)	1	.97	.58	.50	
Geperspieerde vertrouenswaardigheid (vermoë, welwillendheid en integriteit)		1	.60	.53	
Gedragsvertroue inventaris (Gillespie 2012)			1	.37	
Diversiteitsklimaat (McKay et al. 2007)					1

Uit Tabel 3 is dit duidelik dat al die hoofkonstrukte 'n verhouding met diversiteitsklimaat het. Die geperspieerde vertrouenswaardigheidskonstruksie (vermoë, welwillendheid en integriteit) en OTI het die sterkste persepsies van 'n diversiteitsklimaat gemeet op 'n Spearman-korrelasie van onderskeidelik 0.50 en 0.53 en dus 'n groot effek aan. H2 word aanvaar.

Die resultate toon ook aan dat die BTI 'n mediumeffek het met 'n waarde van 0.37. H3 word aanvaar. Die resultate van Tabel 4 dui ook aan dat waar hoë vlakke van vertroue gevind word, deelnemers ook geneig is om meer gunstige persepsies oor die diversiteitsklimaat te hê.

Vergelykings tussen groep

P-waardes is afgelei van onafhanklike t-toetse. Omdat die proefgroep klein was ($n=99$) en die steekproefneming beskou is as 'n nie-waarskynlikheidsgeslagteeffeksteekproef, moet die resultate van die groepvergelykings versigtig benader word. As mens dus die bogenoemde in oorweging neem, is parametriese effekgrootte bereken en vergelykings word gerapporteer deur Cohen se d-waardes.

Die enigste opmerklike verskil is gevind vir die kwalifikasie- en etniese biografiese elemente. Variansie-analise-toetse (ANOVA) is gedoen om die gemiddelde tellings van die vlak van opleidingsgroepe, gebaseer op die feit dat daar meer as twee groepe betrokke was (matriek/graad 12, diploma, graad en nagraadse kwalifikasie) te bepaal. In die eerste stap van die ANOVA-proses is die resultate bestudeer om te kan bepaal of daar groepe is wat statistiese beduidendheid vertoon (p -waarde ≤ 0.05). Die tweede stap het te doen gehad met die berekening van Cohen se d -waarde vir die groepe wat statistiese beduidendheid vertoon het.

'n Vergelyking tussen die matriek/graad 12-groep en die groep wat aangedui het dat hulle 'n diploma besit het 'n d -waarde van 0.76 gehad vir die geneigdheid tot vertroue-dimensie, wat dus 'n groot effek aandui. Die matriek/graad 12 het 'n gemiddeld van 3.44 gehad en 'n standaardafwyking van 0.48, terwyl die diploma-groep 'n gemiddeld van 3.07 en 'n standaardafwyking van 0.42 gehad het.

'n Vergelyking tussen die matriek/graad 12-groep en die groep wat aangedui het dat hulle oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, het 'n d -waarde 0.78 vir die geneigdheid tot vertroue-dimensie gehad, wat dus 'n groot effek aandui. Die matriek/graad 12-groep het 'n gemiddeld van 3.44 gehad en 'n standaardafwyking van 0.48, terwyl die nagraadse groep 'n gemiddeld van 3.07 en 'n standaardafwyking van 0.48 gehad het.

Die resultate tussen die groepe soos hierbo genoem het ook uitgewys dat die groep werknekmers met slegs matriek/graad 12 'n hoër geneigdheid tot vertroue vertoon het vergeleke met die groep met 'n diploma of nagraadse kwalifikasie. Soos reeds aangedui, toon geneigdheid tot vertroue 'n algemene bereidheid om ander te vertrou. Daarom is dit moontlik om te argumenteer dat die d -waardes wat waargeneem is aandui, in terme van die proefgroep, dat die matriek/graad 12-groep 'n groter bereidheid het om iemand anders te vertrou as werknekmers met 'n diploma of nagraadse kwalifikasie.

As gevolg van die klein proefgroep van die kleurlingdeelnemers ($n=3$) en Indiërs ($n=1$) is die data van hierdie groepe uitgesluit en die analise is beperk tot die wit ($n=57$) en swart ($n=37$) groepe. Die geneigdheid tot vertroue, OTI en onthullingsgebaiseerde vertrouedimensies het die enigste sigbare verskille getoon. Geneigdheid tot vertroue het 'n d -waarde van 0.48 getoon, dus 'n medium praktiese betekenisvolheid, en onthullingsgebaiseerde vertroue het 'n d -waarde van 0.53, wat ook 'n medium praktiese betekenisvolheid beteken. Die OTI het 'n d -waarde van 0.32 gehad, wat 'n klein praktiese betekenisvolheid aandui.

Die swart groep het 'n gemiddeld van 3.38 en standaardafwyking van 0.36 gehad vir die geneigdheid tot vertrouedimensie, terwyl die wit groep net 'n gemiddeld van 3.12 met 'n standaardafwyking van 0.54 gehad het. Die swart groep het 'n gemiddeld van 4.41 en 'n standaardafwyking van 1.60 vir onthullingsgebaiseerde vertroue getoon, terwyl die wit groep 'n gemiddeld van 3.56 en 'n standaardafwyking van 1.39 getoon het. Soos reeds genoem, kan die verskille tussen hierdie twee groepe as 'n groot praktiese betekenisvolheid beskou word. Omdat onthullingsgebaiseerde vertroue impliseer dat 'n persoon bereid is om sensitiewe inligting van 'n persoonlike aard te deel, beteken die waargenome verskil in reële terme dat, sover dit die proefgroep aangaan, die swart groep makliker persoonlike inligting van 'n persoonlike aard as die wit groep sal deel.

BESTUURSTOEPASSINGS

Die beskrywende resultate het aangetoon dat die proefgroep 'n gemiddeld van 3.35 vir die OTI gehad het en 'n gemiddeld van 4.17 vir die BTI. Die resultate vir die OTI is binne die "saamstem"-omvang, en dui dus op die teenwoordigheid van organisatoriese vertroue. Die

resultate van die BTI is binne die “volledig”-omvang, en dui dus op die teenwoordigheid van gedragsvertroue. Dit moet beskou word as ’n positiewe resultaat vir die inrigting, aangesien die resultaat aandui dat vertroue binne die inrigting teenwoordig is, en dan definitief sover dit die proefgroep aangaan.

Die proefgroep het ’n gemiddeld van 3.47 behaal vir die diversiteitsklimaatkonstruk. Hierdie resultaat is binne die “saamstem”-omvang, en dui dus aan dat die proefgroep saamstem dat die instelling diversiteit effektiel bestuur, ’n gevoel van inklusiwiteit bevorder, en toegewyd is aan die uitskakeling van diskriminasie. Dit moet as ’n positiewe resultaat vir die instelling beskou word.

Daar was geen praktiese beduidendheid vir die diversiteitsklimaatkonstruk vir die geslag, opvoeding, etnisiteit, aanstellingstatus ofvlak van werkgroep nie. Volgens Heyns en McCallaghan (2014:315), as gevolg van Suid-Afrika se voorgeschiedenis en huidige situasie, kan verwag word dat daar verskille moet wees tussen etniese groepe met verwysing na diversiteitsklimaat en dus kan die resultate as baie positief in hierdie geval beskou word. Hierdie resultate toon verder aan dat die teiken-instelling in die regte rigting aan die beweg is – in die rigting van die bestuur van diversiteit en die skep van ’n gevoel van inklusiwiteit (Heyns & McCallaghan 2014:315).

Volgens die model van Mayer et al. (1995) word gepersipieerde vertrouenswaardigheid beskou as die voorlopers van vertroue, en Colquit et al. (2007) suggereer ook dat gepersipieerde vertrouenswaardigheid ’n goeie voorspeller van vertroue binne ’n organisasie kan wees. Dus toon die resultate aan dat vertroue bestaan vir sover dit die proefgroep binne die instelling aangaan.

Die resultate suggereer dat die vertikaal-gemete persepsie-gebaseerde vertroue sterk gekoppel is aan ’n bereidheid om op iemand te vertrou en selfs om persoonlike, sensitiewe of skadelike inligting oor iemand oor te dra.

Die gemiddeld van 3.47 vir diversiteitsklimaat is binne die “saamstem”-perk, en kan daar gesê word dat die proefgroep ’n positiewe persepsie het oor die pogings van die instelling om diversiteit meer effektiel te bestuur, diskriminasie uit te skakel en ’n inklusiewe omgewing te skep. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Cox (1994:14) suggereer het dat diversiteitsklimaat affektiewe reaksies beïnvloed, soos hoe werknemers oor hul werk en werkgewer voel, en dit sluit veranderlikes soos werk/loopbaanbevrediging, werkbetrokkenheid en organisatoriese identifikasie in. Dus behoort die uitslae van die empiriese ondersoek ook as baie positief vir die betrokke instelling geag te word.

Die korrelasie van 0.51 tussen die integriteitsdimensie en diversiteitsklimaat dui ook aan dat hoër vlakke van integriteit met positiewe persepsies oor die pogings binne die instelling om diversiteit te bestuur, geassosieer kan word.

Met verwysing na die proefgroep, dui bevindings verder daarop dat individue ’n hoë geneigdheid of bereidheid tot vertroue sal toon, maar dit waarborg nie dat hulle tot werklike vertrouensgedrag of uitvoering sal oorgaan nie.

Die gepersipieerde vertrouenswaardigheidskonstruk (vermoë, welwillendheid en integriteit) het die sterkste verhouding met diversiteitsklimaat getoon. Soos reeds genoem, het Colquit et al. (2007) voorgestel dat gepersipieerde vertrouenswaardigheid beskou moet word as ’n goeie voorspeller van vertroue binne ’n organisasie, en vir hierdie spesifieke studie en proefgroep sou dit suggereer dat ’n positiewe diversiteitsklimaat ook teenwoordig sou wees.

’n Groepvergelyking het ook aangetoon dat ’n groot praktiese beduidendheid bestaan vir die geneigdheid tot vertroue-dimensie vir die matriek/graad 12-, die diploma- en nagraadse groepe. Die matriek/graad 12-groep het ook ’n groter gewilligheid vertoon tot die vertrou van

iemand anders vergeleke met iemand met 'n diploma of nagraadse kwalifikasie. 'n Moontlike verklaring hiervoor kon wees dat die diploma- en nagraadse groepe meer ingelig en bewus is van vertrouensaangeleenthede deur hul opleidingsproses, en dus minder geneig is om iemand anders te vertrou.

Die feit dat geen statisties-beduidende resultaat gesien kon word vir enige van die dimensies wat betref die permanente en nie-permanente werknemers nie, moet as 'n positiewe resultaat gesien word. Dit is positief vir die instelling, veral met verwysing na die diversiteitsklimaatkonstruk, aangesien dit aandui dat die pogings van die instelling om diversiteit effektiel te bestuur en 'n gevoel van inkclusiwiteit te skep deur beide permanente en nie-permanente personeel raakgesien word.

BEPERKINGE

Die klein steekproef is problematies, omdat 'n groter steekproef kon geleei het tot 'n meer in-diepte statistiese analise. Dit is waar dat dit deesdae toenemend gebeur dat navorsers lae terugvoerkoerse kry en hierdie lae terugvoere is waarskynlik simptomaties van almal se besige lewens (Carley-Baxter, Hill, Roe, Twiddy, Baxter & Ruppenkamp 2009). Volgens Muijs (2012) kan 'n spesifieke aspek van 'n vraelys ook 'n impak op die terugvoerkoers hê, en in die geval van hierdie studie kon dit die lengte van die vraelys gewees het (47 items).

Die instrument was 'n selfverslag-meetinstrument en individue kon bevooroordeeld gewees het in terme van hul response. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die teikeninstelling in die Gauteng-provinsie in Suid-Afrika gebaseer is. Persepsies by universiteite in ander provinsies kon waarskynlik ander uitslae opgelewer het.

GEVOLGTREKKINGS

Deur 'n empiriese ondersoek is vasgestel dat die volgende dimensies of kernelemente van vertroue 'n verhouding met diversiteitsklimaat binne die ondersoeksgroep het:

- Vermoeë
- Welwillendheid
- Integriteit
- Vertroue
- Betroubaarheidsgebaseerde vertroue
- Onthullingsgebaseerde vertroue

Die enigste dimensie wat nie enige soort verhouding getoon het nie, was die "geneigdheid tot vertroue"-dimensie.

Die studie het ook bevind dat verhoudinge tussen die OTI, geperspieerde vertrouenswaardigheid, BTI en diversiteitsklimaat bestaan. Hierdie resultaat toon aan dat die geaffekteerde organisasie aanvaarbare vlakke van organisatoriese vertroue toon, soos gemeet deur die OTI, sowel as aanvaarbare vlakke van gedragsvertroue, en dit is daarom hoogs waarskynlik dat werknemers dan ook positiewe persepsies sal hê oor die organisasie se vermoë om diversiteit effektiel te bestuur, diskriminasie te elimineer en 'n inklusiewe omgewing te skep.

Die empiriese ondersoek het aangetoon dat 'n gemiddeld van 3.47 vir diversiteitsklimaat bestaan. Hierdie resultaat val binne die "saamstem"-reikwydte, en dus het die steekproef 'n positiewe persepsie oor die pogings van die instelling om diversiteit te bestuur en om 'n insluitende omgewing te skep.

Die beskrywende resultate dui aan dat die steekproefgroep 'n gemiddeld van 3.35 vir die OTI behaal het, en 'n gemiddeld van 4.17 vir die BTI. Die resultate vir die OTI val binne die "saamstem"-reikwydte, en dui dus aan dat daar organisatoriese vertroue is. Die resultate van die BTI val binne die "heeltemal"-reikwydte, en dui dus op die teenwoordigheid van gedragsvertroue. Dit moet as 'n positiewe resultaat vir die instelling beskou word, aangesien dit suggereer dat vertroue binne die instelling bestaan, en dan baie definitief wat betref die steekproefgroep.

Daar was geen praktiese betekenisvolheid wat betref die diversiteitsklimaatkonstruk vir geslag, opvoeding, etnisiteit, werkstatus of vlak van werknemers nie. Volgens Heyns en McCallaghan (2014:315), in terme van Suid-Afrika se verlede en geskiedenis, kan verwag word dat daar verskille sou wees binne etniese groepe met verwysing na die diversiteitsklimaat en daarom kan die resultate as baie positief beskou word.

BIBLIOGRAFIE

- Bjornstad, A.L., Fostervold, K.I. & Ulleberg, P. 2011. Effects of cultural diversity on trust and its consequences for team processes and outcomes in ad hoc distributed teams. *Scandinavian journal of organisational psychology*, 3(2):9-16.
- Cross, M. 2004. Institutionalising campus diversity in South African higher education: Review of diversity scholarship and diversity education. *Higher education*, 47:387-410.
- Colquitt, J.A., Scott, B. & Lepine, J.A. 2007. Trust, trustworthiness, and trust propensity: A meta-analytic test of their unique relationships with risk taking and job performance. *Journal of applied psychology*, 92(4):909-927.
- Cox, T.H. 1994. *Cultural diversity in organisations: Theory; research & practice*. San Francisco: Berrett-Kochler.
- Davis, J.H., Schoorman, F.D., Mayer, R.C. & Tan, H.H. 2000. The trusted general manager and business unit performance: Empirical evidence of a competitive advantage. *Strategic management journal*, 21:563-576.
- Denton, M. & Vloeberghs, D. 2002. Leadership challenges for organisations in the new South Africa. *Leadership & organisation development journal*, 24(2):84-95.
- Dervitsiotis, K.N. 2006. Building trust for excellence in performance and adaption to change. *Total quality management*, 17(7):795-810.
- Dietz, G. & Den Hartog, D.N. 2006. Measuring trust inside organisations. *Personnel review*, 35(5):557-588.
- Gillespie, N. 2003. Measuring trust in working relationships: the behavioural trust inventory. Voordrag gelewer by die Academy of Management-vergadering, Seattle, Augustus 2003.
- Gillespie, N. 2012. Measuring trust in organisational context: an overview of survey-based measures. (In Lyon, F., Möllering, G. & Saunders, M.N.K., reds. *Handbook of research methods on trust*. Verenigde Koninkryk: Edward Elgar Publishing, pp. 175-188).
- Goyal, S. & Shrivastav, S. 2013. Organisational diversity climate: Review of models and measurement. *Journal of business management & social sciences research*, 2(5):55-60.
- Heyns, M.M. & McCallaghan, S. 2014. An assessment of the diversity climate within a campus of a South African university. 8ste International Business Conference (IBC), Swakopmund, Namibië 18-20 Augustus 2014.
- Hicks-Clarke, D. & Iles, P. 2000. Climate for diversity and its effects on career and organisational attitudes and perceptions. *Personnel review*, 29(3):324-345.
- McShane, S.L. & Von Glinow, M. 2010. Organisational behaviour: Emerging knowledge and practice for the real world. 5de uitgawe. New York. McGraw-Hill.
- Mayer, R.C., Davis, J.H. & Schoorman, F.D. 1995. An integrative model of organisational trust. *Academy of management*, 20(3):709-734.
- Mayer, R.C. & Davis, J.H. 1999. The effect of the performance appraisal system for trust management: A field quasi-experiment. *Journal of applied psychology*, 84(1):123-136.

- McKay, P.F., Avery, D.R., Tonidandel, S., Morris, M.A., Hernandez, M. & Hebl, M.R. 2007. Racial differences in employee retention: Are diversity climate perceptions key? *Personnel psychology*, 60:35-62.
- McKay, P.F., Avery, D.R. & Morris, M. 2008. Mean racial-ethnic differences in employee sales performance: The moderating role of diversity climate. *Personnel psychology*, 61:349-374.
- Moran, E.T. & Volkwien, J.F. 1992. The cultural approach to the formation of organisational culture. *Human relations*, 45(1):19-47.
- Peters, L. & Karren, R.J. 2009. An examination of the roles of trust and functional diversity on virtual team performance. *Group & organisation management*, 34(4):479-504.
- Peterson, L. 2008. The definition of diversity. *Journal of library administration*, 27(1-2):17-26.
- Price, E.G., Gozu, A., Kern, D.E., Powe, N.R., Wand, G.S., Golden, S. & Cooper, L.A. 2004. The role of cultural diversity climate in recruitment, promotion and retention of faculty in academic medicine. *Cultural diversity in academic medicine*, 565-571.
- Pugh, S.D., Dietz, J., Brief, A.P. & Wiley, J.W. 2008. Looking inside out: The impact of employee and community demographic composition on organisational diversity climate. *Journal of applied psychology*, 93(6):1422-1428.
- Robbins, S.P., Judge, T.A., Odendaal, A. & Roodt, G. 2009. *Organisational behaviour: Global and Southern African perspectives*. 2de uitgawe. Suid-Afrika. Pearson Education Inc.
- Rosado, C. 1996. Toward a definition of multiculturalism. Rosado consulting: 1-12.
- Suid-Afrika. 1995. Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.
- Suid-Afrika. 1996. Grondwet van Suid-Afrika.
- Suid-Afrika. 1997. Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995.
- Suid-Afrika. 1998. Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998.
- Suid-Afrika. 2003. Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 van 2003.
- Wette, *sien* Suid-Afrika.

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 4-2, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-2, December 2016

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2):

B.J. (BENNIE) VAN DER WALT

- Onderweg na 'n Christelik-filosofiese analise van evolusie en evolusionisme: Die bydrae van 'n konsekwent probleem-historiese metode / *Toward a Christian-philosophical analysis of evolution and evolutionism: The contribution of a consistent problem-historical method* 1091

OTTO TERBLANCHE

- Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding / *The Dutch academic boycott against South Africa: An analysis* 1113

GERALD STELL EN GERALD GROENEWALD

- 'n Perseptuele verslag van Afrikaans in Namibië: Tussen lingua franca en sosiaal-ekslusiewe taal / *A perceptual account of Afrikaans in Namibia: Between lingua franca and socially exclusive language* 1128

MILTON VAN WYK EN LESLEY LE GRANGE

- Die geleefde ervarings van primêre skoolonderwysers binne 'n kultuur van performatiwiteit / *The lived experiences of primary school teachers within a culture of performativity* 1149

DANIE STRAUSS

- Die geesteswetenskaplike agtergrond van die natuurwetenskappe / *The humanities background of the natural sciences* 1165

SOPHIA DU PLESSIS EN JOHAN FOURIE

- “'n Droewige laslap op die voos kombers van onreg”: 'n Statistiese analise van konsentrasiekampbewoners / “A miserable patch upon a great wrong”: A statistical analysis of concentration camp residents 1178

SUSAN MEYER

- Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens (Schalk Schoombie). Deel 1 / *Nature writing as ecosystem: An analysis of Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens (Schalk Schoombie). Part 1* 1200

SUSAN SMITH

- “Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog / *Landscape endearment as central motive in the poem “tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid” in Mede-wete (2014) by Antjie Krog* 1213

LOUIS VAN STADEN EN CARISMA NEL

- Leerbenaderings en akademiese prestasie van EBW-onderwysstudente / *Learning approaches and academic achievement among EMS-education students* 1227

AKTUEEL: DEBAT**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota.....	1245
---------------------	------

DANIE GOOSE

Hermeneutiek, sisteme en state / <i>Hermeneutics, systems, and states</i>	1246
---	------

Koos MALAN

Anderkant verstaatlike konstitusionalisme	1252
---	------

BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW

Francois Verster – <i>Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand? 'n Stellenbosse slawe-geskiedenis, 1679–1834</i> deur Hans Heese	1266
--	------

Michael le Cordeur – <i>Slaafs</i> deur Bettina Wyngaardt	1269
---	------

Linda Zöllner – <i>Swanesang. Die einde van die Kompaniestyd aan die Kaap, 1771–1795</i> deur Karel Schoeman	1272
--	------

Cobus Ferreira – <i>Verwoerd: Só onthou ons hom</i> (Hersiene uitgawe) deur Wilhelm J. Verwoerd (samesteller)	1275
---	------

TAALRUBRIEK**Tom McLachlan**

Oor die skryfwiese van Afrikaans I	1280
--	------

UITNODIGING

Spesiale uitgawe: Taal- en Letterkundekommissies, 100 jaar	1283
---	------

Boekeprojek: Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge	1284
--	------

Keurders: November 2015 – Oktober 2016	1285
---	------

Inhoudsopgawe: Jaargang 56 Nommer 4-1, Desember 2016 / Volume 56 Number 4-1, December 2016	1287
---	------

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronike en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die oueur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die oueur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: Sistemiese interafhanglikhede in mensstrewes: die waardestructuur.

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhaling wat langer as **drie** reëls is, word gevindenteer en het nie aanhalingsstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeldie.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die oueur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betrek subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die oueur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien oueurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000 words**.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Doele van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kuns, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belangte van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meerale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index